

**DIE ROL VAN TAALAKTIVISME BY DIE HERWAARDERING VAN
MOEDERTAALONDERRIG IN SUID-AFRIKAANSE SKOLE**

DEUR

JOHNY HENRY SNAYERS

PROEFSKRIF

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die

FAKULTEIT

GEESTESWETENSKAPPE

DEPARTEMENT TAALBESTUUR EN TAALPRAKTYK

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

PROMOTOR: PROF. L.T. DU PLESSIS

JULIE 2012

Ek verklaar hiermee dat die proefskrif wat hierby, ter voltooiing van die graad PHILOSOPHIAE DOCTOR aan die Universiteit van die Vrystaat, deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander Universiteit of fakulteit ingedien is nie. Ek doen ook hiermee afstand van outeursreg van hierdie proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

Johny Henry Snayers

Datum

Erkenning

Hiermee wens ek erkenning te verleen en my opregte dank uit te spreek aan die NRF vir die finansiële steun aan my verleen ter voltooiing van hierdie studie. U finansiële bydra word opreg waardeer

DANKBETUIGINGS

Hiermee wil ek graag my opregte dank aan en erkenning uitspreek teenoor die volgende persone wat direk en ook indirek 'n bydrae gelewer het tot die voltooiing van hierdie studie:

1. Prof. L.T. Du Plessis, my promotor, vir sy geduld, aanmoediging en professionele leiding. Daarsonder sou ek beslis nooit hierdie studie kon voltooi nie. U het oor die afgelope dekade 'n rigtinggewende rol gespeel in my persoonlike strewe om 'n bydrae te lewer tot die verstaan en vestiging van 'n demokratiese taalbestel in ons land. Deur u voorbeeld het ek geleer dat 'n mens terselfdertyd akademikus, praktisyn sowel as aktivis kan wees.
2. Die res van die personeel van die Departement Taalbestuur vir hul opregte warmte en ondersteuning. Dit word opreg waardeer.
3. Me Huibre Lombard wat die taal- sowel as die tegniese versorging gedoen het. My opregte dank aan u.
4. My vrou, Mitha, vir haar oneindige liefde, geduld en ondersteuning want daarsonder sou dit nie moontlik wees om hierdie droom te verwesenlik nie. My opregte dank en waardering aan jou vir jou onwrikbare geloof in my vermoë om hierdie projek te voltooi. Hierdie werk is net soveel joune as myne.
5. My kinders, Sean, Janeen en Jayson sowel as Christelle, Allison en Allistare, vir hul liefde, ondersteuning en begrip dat dit vir my nodig was om hierdie studie aan te pak en te voltooi. Mag hierdie werk vir julle as voorbeeld dien dat daar nog baie werk voorlê voordat ons die vrugte van ware demokrasie kan pluk, en dat julle elkeen 'n bydrae kan en moet lewer.
6. Die skoolgemeenskap van die Hoërskool Petrusville wat my bewus gemaak het van die behoefte aan verdere studie in die onderwerp.
7. My oorlede ouers, Jan en Mabel Snayers, vir die rol wat hulle in my lewe gespeel het. Julle het onder moeilike omstandighede geen moeite ontsien om die beste opvoeding aan ons beskikbaar te stel nie. Een van die lesse wat ons uit u voorbeeld geleer het was dat elkeen moet opstaan en 'n bydrae moet lewer om die wêreld 'n beter plek te maak. Mag ek dit nooit vergeet nie.
8. Laastens, maar glad nie die minste nie, aan my Hemelse Vader wat my die krag en deursettingsvermoë geskenk het om hierdie studie aan te pak en te voltooi. Alle lof, eer en dank kom U toe.

INHOUDSOPGAWE

Verklaring	ii
Erkenning	iii
Dankbetuigings	iv
Inhoudsopgawe	vi
Lys van tabelle	xii
Lys van figure	xiii
Lys van afkortings	xiv
Hoofstuk 1 Inleiding en agtergrond tot die studie	1
1.1. Algemene inleiding	1
1.2. Taalaktiwisme in Suid-Afrika	7
1.2.1. Aktiwisme onder Afrikaner nasionalisme	8
1.2.2. Aktiwisme onder die breë demokratiese beweging	9
1.3. Probleemstelling en spesifieke fokus van die studie	10
1.4. Die belang van die studie	11
1.5. Oorsig van die navorsingsmetodologie	11
1.6. Studie uitleg	12
1.7. Slotsom	14
Hoofstuk 2 Literatuuroorsig	15
2.1. Inleiding	15
2.2. Definisies en bespreking van aktiwisme	15
2.2.1. Aktiwisme	15

2.2.2. Taal- en taalregteaktivisme	17
2.2.3. Taalaktivisme en taalregte	20
2.3. Taalaktivisme en taalbeplanning	25
2.4. Taalaktivisme en taalbeplanning in die onderwys	33
2.5. Taalaktivisme en taalbewegings	37
2.6. Instrumente van taalaktivisme	46
2.6.1. Navorsing	47
2.6.2. Mediadekking	50
2.6.3. Klagtelegging	51
2.6.4. Drukgroepvorming	53
2.6.5. Gemeenskapsmobilisering	54
2.6.5.1. Petisionering	55
2.6.5.2. Boikottering	55
2.6.5.3. Dreiging met litigasie	56
2.6.5.4. Druk op die massas	56
2.6.5.5. Demonstrasies	56
2.6.6. Litigasie	57
2.6.7. Geweld	59
2.7. Situasies van taalbeplanning en taalaktivisme in geselekteerde lande	61
2.7.1. Macedonië	61
2.7.2. Verenigde State van Amerika (VSA)	64
2.7.3. Papoea-Nieu-Guinee	71
2.7.4. Australië	75

2.7.5. Bangladesh	79
2.7.6. Indië	80
2.8. Slotsom	83
Hoofstuk 3 Navorsingsontwerp en metodologie	85
3.1. Inleiding	85
3.2. Agtergrond	85
3.3. Navorsingsontwerp	90
3.3.1. Navorsingsprobleem en -doelwitte	91
3.3.2. Dataversameling	93
3.3.2.1. Literatuurstudie	94
3.3.2.2. Dokumentestudie	95
3.3.2.3. Empiriese studie	98
3.3.3. Data-analise	104
3.3.3.1. Besluit oor die vlak van analise	105
3.3.3.2. Besluit oor hoeveel konsepte gekodeer moet word	105
3.3.3.3. Besluit of gekodeer sal word vir voorkoms of vir frekwensie van 'n konsep	106
3.3.3.4. Besluit hoe om te onderskei tussen konsepte	106
3.3.3.5. Ontwikkeling van reëls vir die kodering van konsepte	106
3.3.3.6. Besluit wat om te doen met irrelevante inligting	106
3.3.3.7. Kodering van tekste	107
3.3.3.8. Analise van resultate	107
3.4. Beperkinge van die studie	120
3.4.1. Verteenwoordigheid	120
3.4.2. Tydsraamwerk	120
3.5. Slotsom	122

Hoofstuk 4	Taalaktiwisme en taal in die onderwys in Suid-Afrika	123
4.1.	Inleiding	123
4.2.	Verskillende tydperke	124
4.2.1.	Koloniale Tydperk (1652 – 1910)	124
4.2.1.1.	Hollandse Tydperk (1652 – 1814)	125
4.2.1.2.	Eerste Britse Tydperk (1814 – 1834)	127
4.2.1.3.	Tweede Britse Tydperk (1834 – 1899/1902)	129
4.2.1.4.	Republikeinse Tydperk (1834 – 1899/1902)	133
4.2.1.5.	Derde Britse Tydperk (1899/1902 – 1910)	139
4.2.2.	Statebondstydperk	143
4.2.2.1.	Unifikasie Tydperk (1910 – 1948)	144
4.2.2.2.	Apartheidstydperk (1948 – 1976)	149
4.2.2.3.	Reformistiese Tydperk (1976-1989)	160
4.2.2.4.	Oorgangs tydperk (1989-1994)	162
4.2.2.5.	Demokratiserings tydperk (1994-)	164
4.3.	Slotsom	170
Hoofstuk 5	Taalaktiwisme in die gedrukte media	172
5.1.	Inleiding	172
5.2	Analise van die mediadekking rakende taalaktiwisme en moedertaalonderrig	172
5.2.1.	Aktivistiese navorsing	172
5.2.2.	Aktivistiese mediadekking	177
5.2.3.	Drukgroepvorming	192

5.2.4. Lê van Taalklagtes	197
5.2.5. Gemeenskapsmobilisering	200
5.2.5.1. Petisionering	200
5.2.5.2. Boikotering	203
5.2.5.3. Dreiging met litigasie	205
5.2.5.4. Druk op die massas	207
5.2.5.5. Demonstrasie	217
5.2.6. Litigasie	221
5.2.7. Geweld	225
5.3. Bespreking	227
5.3.1. Politieke agtergrond van die tydperk as rede vir die aktivisme	227
5.3.2. Aktivistiese agente/organisasies betrokke	230
5.3.3. Aksies van die aktivistiese agente	232
5.3.4. Impak van die aktivisme vir die tydperk.	235
5.3.5. Rol van die media	239
5.4. Slotsom	240
Hoofstuk 6 Opsomming, bevindinge en gevolgtrekkings	242
6.1. Inleiding	242
6.2. Oorsig van die navorsingsproses	242
6.3. Sintese van die kernbevindinge	248
6.3.1. Bevindinge ten opsigte van die eerste probleemvraag en doelwit van die studie: <i>Om deur middel van 'n media-inhoudsanalise te ondersoek hoe wydverspreid die verskynsel taalaktivisme in Suid-Afrika voorkom.</i>	248
6.3.2. Bevindinge ten opsigte van die tweede probleemvraag en doelwit	

van die studie: <i>Om deur middel van 'n media-inhoudsanalise die vorme (indien enige) waarin taalaktiwisme figureer onder die verskillende taalgemeenskappe te ondersoek.</i>	257
6.3.3. Bevindinge ten opsigte van die derde probleemvraag en doelwit van die studie: <i>Om deur middel van 'n media-inhoudsanalise te ondersoek of daar inderdaad 'n herwaardering van moedertaalonderrig is.</i>	259
6.3.4. Bevindinge ten opsigte van die vierde probleemvraag en doelwit van die studie: <i>Om deur middel van 'n media-inhoudsanalise te ondersoek watter rol (indien enige) taalaktiwisme speel by die herwaardering van moedertaalonderrig.</i>	265
6.4. Beperkinge van die studie	268
6.5. Moontlikhede vir verdere studie	269
6.6. Slotsom	269
Bibliografie	271
Opsomming	298
Sleutelwoorde	300
Summary	301
Keywords	303

Lys van tabelle

Tabel 1: Raamwerk vir taalbeleid en taalbeplanningsoogmerke	31
Tabel 2: Modelle van die Sosiale Bewegingsteorie.....	39
Tabel 3: Ishida <i>et al.</i> se klassifikasie van lande volgens die teenwoordigheid van die determinante G en D	40
Tabel 4: Lys van taalregtebewegings na die Tweede Wêreldoorlog	40
Tabel 5: Prestigebeplanning/Ontwikkelingsbenadering	45
Tabel 6: Die instrumente van taalaktiwisme	46
Tabel 7: Raamwerk vir taalbeleid en taalbeplanningsoogmerke	69
Tabel 8: 'n Skematiese voorstelling van die kontestering en herformulering van tweetalige onderwys in die Verenigde State van Amerika (VSA) binne verskillende historiese, politiese, sosiale en ekonomiese kontekste	70
Tabel 9: Doelwitte en aktiwiteite van verskillende deelnemers aan die taalbeplanningsaktiwiteit.....	78
Tabel 10: Opperende groepe en hul standpunte volgens Lachman	83
Tabel 11: Trefwoorde gebruik in die reseptering van tersaaklike rekords	103
Tabel 12: Woorde, grepe en begrippe wat in die aanvanklike korpus rekords geïdentifiseer is	109
Tabel 13. Mediarekords geklassifiseer volgens jaar van publikasie en die taal waarin dit verskyn het.....	110
Tabel 14: Onderliggende temas uit die byeengebragte data geïdentifiseer	111
Tabel 15: Woorde, sinne of grepe in die analise van die data gebruik	112
Tabel 16: Raamwerk waarbinne navorsingsvrae beantwoord sal word.....	119
Tabel 17: Die voorkoms van taalaktiwisme volgens jaar en die instrumente gebruik	232

Lys van figure

Figuur 1: Raamwerk, soos ontwikkel deur Skutnabb-Kangas en Philipson, waarvolgens die verskillende posisies rakende taalregte voorgestel kan word	21
---	----

Lys van afkortings

AB	Afrikanerbond
AHI	Afrikaanse Handelsinstituut
ANC	African National Congress
CNO	Christelik-nasionale onderwys
Cosas	Congress of South African Students
DA	Demokratiese Alliansie
DP	Demokratiese Party
FAK	Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings
Fedsas	Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrika
IVP	Inkatha-Vryheidsparty
KP	Konserwatiewe Party
Langtag	Language Taskgroup
Naposa	National Professional Teachers Organisation South Africa
NECC	National Education Crisis Co-ordinating Committee
NEPI	National Education Policy Investigation
NNP	Nuwe Nasionale Party
NP	Nasionale Party
Pansat	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PRAESA	Project for Alternative Education in South Africa
RAU	Randse Afrikaanse Universiteit
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
RNE	Regering van Nasionale Eenheid

SADOU	Suid-Afrikaanse Onderwysersunie
SAOF	Suid-Afrikaanse Onderwyserfederasie
SAOU	Suid-Afrikaanse Onderwysersunie
SAOV	Suid-Afrikaanse Onderwysersvereniging
SASC	South African Students' Congress
SASO	South African Students Organisation
Sasoo	Suid-Afrikaanse Stigting vir Onderwys en Opleiding
SvA	Stigting vir Afrikaans
Tabok	Trust vir Afrikaanse Beheerliggame vir Onderwys en Kultuur

Hoofstuk 1 Inleiding en agtergrond tot die studie

1.1. Algemene inleiding

Op 8 Mei 1996 het die Grondwetlike Vergadering van die Republiek van Suid-Afrika 'n nuwe demokratiese grondwet aanvaar. Die Grondwet maak voorsiening vir 'n redelike aantal klousules betreffende taalkwessies. Dit maak onder meer voorsiening vir elf amptelike tale wat die veeltalige en multikulturele aard van ons samelewing weerspieël. Veral belangrik is dat selfs voorsiening gemaak word (onder bepaalde omstandighede) vir enkelmediumskole en by implikasie dus vir moedertaalonderrig. Die betrokke bepaling van Artikel 29 van die Grondwet volg op 'n bepaling wat 'n keuse van onderrigtaal of -tale toelaat.

Artikel 29, subartikels 1 en 2 bepaal soos volg:

“(1) Elkeen het die reg –

(a) op basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes; en

(b) op verdere onderwys, wat die staat, deur middel van redelike maatreëls, in toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak.

(2) Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg, met inagneming van –

(a) billikheid;

(b) doenlikheid; en

(c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.”

Uiteraard sou die keuse ook onder bepaalde omstandighede moedertaalonderrig kon insluit, maar opvallend genoeg word moedertaalonderrig *per se* nie vermeld nie. Dit is

insiggewend dat die Suid-Afrikaanse regering sedert 1994 in terme van taal in die onderwys baie bedrywig was. Voordat die Taal-in-Onderwysbeleid (1997) aanvaar is, het die volgende besprekingsdokumente byvoorbeeld die lig gesien:

- *Education Clause in the Bill of Rights* (1996)
- *Towards a Language Policy in Education: Discussion Document* (November 1995) van die Departement van Onderwys
- *Language Plan Task Group (LANGTAG) Final report* (Augustus 1996) van die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie
- Tweede Witskrif rakende Onderwys (Februarie 1996)
- *Draft Language Policy* (Maart 1996) van die Departement van Onderwys.

Die Nasionale Regering se standpunt oor taal in die onderwys kom duidelik in die Handves van Menseregte van 1996 na vore. Hieruit blyk dit dat die Departement van Onderwys die ontwikkeling van veeltaligheid binne die raamwerk van toevoegende tweetalige onderwys beklemtoon. Skole word byvoorbeeld sterk aangeraai om ten minste twee tale van onderrig vanaf Graad 1 aan te bied, waarvan een die huistaal van die leerder moet wees. Twee tale moet as vakke aangebied word. Leerders moet in Graad 4 aangemoedig word om 'n derde taal te neem. Ten minste twee tale moet geslaag word. Toevoegende tweetaligheid veronderstel 'n mate van behoud van die moedertaal.

Die taal-in-onderwysbeleid van die Departement van Onderwys (1997) maak voorsiening vir verskeie alternatiewe om veeltaligheid te bevorder. In werklikheid verteenwoordig hierdie alternatiewe verskillende tipes tweetalige onderwys (Du Plessis, 2002:3). Die keuses is die volgende:

- Deur meer as een onderrigtaal te gebruik (met ander woorde sterk of toevoegende tweetalige onderwys wat die *parallele dubbelmedium*-tipe kan wees); en/of
- Deur addisionele tale as volwaardige vakke aan te bied (met ander woorde swak of afnemende tweetalige onderwys wat moontlik van die *hoofstroom + onttrekking vir Vreemde of Tweede taal* kan wees); en/of

- Deur die toepassing van spesiale immersie- of taalhandhawingsprogramme (met ander woorde swak of afnemende tweetalige onderwysprogramme moontlik van die *onderdompeling* of *gestruktureerde immersie*-tipe tweetalige onderwysprogramme); en/of
- Deur middel van ander maniere soos goedgekeur deur die provinsiale Departement van Onderwys.

Met die aanbieding van hierdie verskillende alternatiewe, skep die Departement van Onderwys volgens Du Plessis (2002:4) die indruk van onsekerheid oor watter tipe tweetaligheid geïmplementeer moet word om die doelwitte te bereik nie. Ten minste een van die voorgestelde alternatiewe, naamlik parallelle dubbelmedium, kan sterk tweetalige onderwys ondersteun. Garcia (1997:408) beskou sterk tweetalige onderwys as onderwysprogramme wat toevoegende tweetaligheid bevorder en wat op die moedertaal gebaseer is. Hierdie programme staan teenoor programme wat afnemende tweetaligheid bevorder en as *swak* tweetalige onderwys beskou word. Swak vorme van tweetalige onderwys kom voor wanneer skole ten doel het om slegs die meerderheidstaal in onderrig te gebruik. Hierdie tipe skole staan as tweetalige skole bekend omdat dit deur tweetalige leerders bygewoon word en nie omdat dit tweetaligheid nastreef nie. Hierdie tipe skole is dus assimilerend van aard omdat die minderheidstaalgroep deur die meerderheid geassimileer word. Die doel van die skole is die verplasing van die moedertaal en -kultuur deur die taal en kultuur van die meerderheid.

Die doelwit van toevoegende tweetaligheid word deur twee verdere stelle beleidsbepalings ondersteun, naamlik die bepalinge betreffende taal van onderrig en leer, en die bepalinge betreffende taal as vak.

Die *beleid rakende taal van onderrig en leer* bepaal dat hierdie taal 'n amptelike taal in openbare skole moet wees (artikel 1V.E). Dit bepaal verder dat ouers verantwoordelik moet wees vir die keuse van die onderrigmedium (artikel V.B.1) en dat die ouers ook die taalbeleid van 'n skool sal bepaal (artikel V.C.1). Hierdie taalbeleid moet spesifiek voorskryf hoe die skool veeltaligheid sal bevorder. Hierdie stand van sake kan toegeskryf

word aan 'n tekortkoming in die taal-in-onderwysbeleid dat geen prominensie verleen word aan die moedertaal as taal van onderrig en leer nie. Volgens Du Plessis (2002:4) sou 'n vereiste dat moedertaal die taal van onderrig en leer moet wees, die ontwikkeling van Afrikatale grootliks beïnvloed het.

Desnieteenstaande bly die moedertaalkwessie in Suid-Afrikaanse skole steeds 'n bekommernis en 'n bron van konflik tussen die verskillende taalgroepe. Reeds in 1953 is gerapporteer dat moedertaal die mees effektiewe taal van onderrig is (UNESCO, 1953). Hierdie standpunt word vandag steeds gehuldig en die belangrikheid van aanvangsonderrig in die moedertaal word ook deur verskeie opvoedkundiges benadruk. Heugh (2000) meen dat die mees kritieke ontwikkeling van 'n leerder se bewustheid in sy moedertaal plaasvind. Daar is dus 'n bekommernis oor die ontwikkeling van leerders se hoër funksies van bewustheid, soos begrip en logiese geheue, wanneer hulle in 'n taal anders as hul moedertaal onderrig word. Verder verduidelik Heugh dat 'n leerder bewustelik gereed moet wees voordat 'n tweede taal aangeleer word, wat nie die geval by die meeste leerders in Suid-Afrikaanse skole is nie. Gunning (2002) voer verder aan dat leerders wat te vroeg in 'n ander taal as hul moedertaal onderrig ontvang 'n groot agterstand het teenoor leerders met die voorreg van moedertaalonderrig.

Engels geniet tans nasionale en internasionale status en daarom is dit soms die enigste taal waarin die meerderheid Suid-Afrikaanse ouers hul kinders wil laat onderrig. Ander argumente ten gunste van Engels as onderrigtaal is dat Engels toepasliker in die huidige globalisering is (Joubert, 2000), of dat Engels nuttiger is en kinders in staat sal stel om internasionaal te kommunikeer. Volgens Pretorius (2001) het Engels 'n nuwe statussimbool geword en word dit as die taal van die toekoms beskou.

Alhoewel Artikel 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet no.108 van 1996, elf amptelike tale erken, is daar 'n gaping tussen die teorie en die praktyk. Die beginsel van taalgelykheid word dus erken, maar in die praktyk nie konsekwent uitgevoer nie. Hierdie toestand bevoordeel Engels ten koste van al die ander minderheidstale. Volgens Rossouw (1999:1) was die taalmediumkwessie in Suid-Afrika uit die staanspoor

'n emosionele en politieke aangeleentheid wat veral op eerstetaalonderrig en toevoegende tweetaligheid (veeltaligheid) van toepassing was. Die ontwikkeling van die taalbeleid is deurgaans gekenmerk deur “contestations around the dominance of English and Afrikaans, interwoven with the subjugation of other languages in varied and complex ways”. Hartshorne (1992:18) som die geskiedenis van die taal-in-onderwysbeleid soos volg op:

“In South Africa, the history of the use of language has revolved around the relative positions and status of English, Afrikaans and the African languages, and has been determined by the political and economic power of those using the various languages ... the interests and wishes of the users ... were subordinated to the political and economic purposes and ideologies of various white groupings. The conflicts between these groupings also spilt over into black schooling, and in particular found expression in the language policies laid down from time to time”.

Gedurende die apartheidsera is die onderwysstelsel gekenmerk deur 'n kurrikulum wat slegs die belange van die wit minderheidsgroepe in ag geneem het. Swart onderwys was minderwaardig en die taal-in-onderwysbeleid het slegs Afrikaans en Engels bevorder. Hierdie beleid het deels tot die 1976-opstande bygedra, wat die gevolg van die afdwinging van Afrikaans in hierdie skole was. Dit het weer aanleiding gegee tot die vinnige opgang en vestiging van Engels as medium van onderrig in swart skole.

Die vestiging van 'n demokrasie in Suid-Afrika in 1994 het ook ander terreine van die samelewing getransformeer (Mutasa, 2007:1). Volgens Duvenhage (2004) impliseer transformasie 'n totale herskikking van 'n samelewing, met veranderinge op bykans elke terrein, aangevuur deur 'n politieke en/of ideologiese uitgangspunt. Een van hierdie terreine van verandering was die taal in die onderwysituasie. Desnieteenstaande bly die kwessie van die onderrigtaal in Suid-Afrika steeds 'n groot bron vir debat. Alhoewel die huidige taalbeleid duidelik veeltaligheid ten doel het (maar nie duidelike riglyne vir

moedertaalonderrig voorskryf nie) kom al meer klagtes na vore, veral uit die geleedere van die minderheidstaalgroepe (Afrikaans en die Afrikatale), dat hul tale gemarginaliseer word en dat Suid-Afrika vinnig besig is om in 'n eentalige land met Engels as voertaal te ontwikkel. 'n Positiewe ontwikkeling is dat moedertaalonderrig toenemend ondersteun word, veral ook deur gemeenskappe wat tradisioneel beskou is as ten gunste van Engels as onderrigtaal.

Van Coller en Steyn (2005) redeneer in hul studie oor taalaktiwisme in Suid-Afrika dat dit nie vreemd is dat, in tye van verandering, poolshoogte geneem word van die stand van sake nie, en dat taalaktiwisme dan weer op die voorgrond tree. Martel (1999), sowel as Du Plessis (2006), voel dat taalregte-aktiwisme selfs onontbeerlik is in enige poging om demokratisering van 'n veeltalige land te bewerkstellig. Tollefson (1991:211) laat hom soos volg oor hierdie onderwerp uit:

“A commitment to democracy means that the use of the mother tongue at work and in school is a fundamental human right. This perspective differs from the use of the mother tongue as an expression of ethnicity, which separates language from questions of power of power and domination. Instead, this perspective views language as parallel to race, gender and other factors as deserving of legal protection, and it measures social justice by the extent to which societies ensure that individuals may use their mother tongues for education and employment”.

In die lig van bogenoemde kan die studie van taalaktiwisme dus volgens Du Plessis (2006) as 'n barometer dien vir die nasie se toewyding tot demokrasie. Aktivistiese inisiatiewe moet dus in 'n positiewe lig beskou word en mag nie as 'n blote herverskyning van Afrikanernasionalisme afgemaak word nie.

1.2. Taalaktiwisme in Suid-Afrika

Taalaktiwisme is nie 'n onbekende verskynsel in Suid-Afrika nie. Twee hooftradisies het binne die Suid-Afrikaanse opset ontwikkel. Die een het betrekking op taalaktiwisme onder Afrikanernasionalisme en word sterk met die Afrikaner en die Afrikaanse taal vereenselwig. Die ander het betrekking op taalaktiwisme onder die Breë Demokratiese Beweging en word met Engels en ook deels met die ander gemarginaliseerde tale vereenselwig. Beide tradisies het, alhoewel op verskillende maniere, die taksering van moedertaalonderwys in Suid-Afrika beïnvloed.

Taalaktiwisme onder Afrikanernasionalisme het tot gelyke taalregte vir Afrikaners gelei wat uiteindelik die beginsel van gedwonge moedertaalonderrig onder die uniale regering en ook daarna tot gevolg gehad het. Hierdie uitbreiding van moedertaalonderrig en tweetaligheid vir wit leerders het vanaf 1948, onder die bewind van die Nasionale Party, beleid geword en is mettertyd ook na swart skole uitgebrei. 'n Direkte gevolg hiervan was dat swart mense die beginsel van moedertaalonderrig as 'n openlike politieke poging tot verdere segregasie en onderdrukking beskou het. Hierdie situasie was die oorsprong van taalaktiwisme onder die Breë Demokratiese Beweging, wat moedertaalonderrig verwerp en Engels as onderrigmedium verkies het.

Taalaktiwisme ten tyde van die Breë Demokratiese Beweging het tot die aanvaarding van die beginsel van vryheid van keuse betreffende die medium van onderrig aanleiding gegee. Dit het die taalartikel in die Grondwet (Wet 108 van 1996) sowel as die Taal-in-Onderwysbeleid (1997) van die Departement van Onderwys direk beïnvloed. Moedertaalonderrig word wel hierin geag, maar is nie verpligtend nie.

Daar is tans weer 'n beweging ten gunste van moedertaalonderwys. Afrikaners speel 'n groot rol hierin, maar positiewe steun ten gunste van die moedertaalbeginsel uit die swart en bruin geleedere is betekenisvol. Bruin ondersteuning in terme van die debat oor die posisie van Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch is veral betekenisvol. Nuwe rolspelers soos die Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans speel in dié verband 'n

groot rol. Te midde van hierdie aktiwiteite is die owerheid tans oënskynlik bereid om die taal-in-onderwysbeleid (1997) ten opsigte van moedertaalonderwys te hersien. Dit wil voorkom asof die rol van moedertaalonderrig heroorweeg word.

1.2.1. Aktivisme onder Afrikanernasionalisme

Aktivisme ten gunste van Afrikaans het veral na die Anglo-Boereoorlog, in reaksie op Lord Milner se beleid van verengelsing, 'n nasionalistiese aanslag gekry. Milner se beoogde transformasiebeleid was volgens Giliomee (2004:192) daarop gerig om Suid-Afrika met Australië, Kanada en Brittanje in 'n superstaat te verenig ter uitbreiding van die Britse Ryk. Hierdie taaltransformasie was volgens Van Coller en Steyn (2011:3) die kern van die transformasieproses. Milner het die belang van die onderwys as instrument in die totale verengelsing van die samelewing beklemtoon. Die vernaamste meganisme in dié proses was om Engels as die enigste onderwysmedium in skole te vestig (Zietsman, 1992:23). Hierdie beweging van Milner, saam met die verlies aan politieke vryheid, het volgens Alexander (2003:8) die rassistiese kant van Afrikanernasionalisme na vore laat kom. Alexander stel dit ook dat die Afrikaner se stryd om erkenning van sy taal, nou verweef was aan die stryd om “hul” land. Agitasie vir taal was dus deel van die groter politieke aktivisme onder die Afrikaner en dit het uiteindelik tot die Nasionale Party se beleid van apartheid aanleiding gegee. Aktivisme vir die gelykstelling van Afrikaans aan Engels het hierna toegeneem. Onder die uniale regering het Afrikaans amptelike status verkry en is Afrikaans as medium van onderrig erken. Na 1948, met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party, het dit uiteindelik voorgekom of Afrikaans en die Afrikaner veilig was. Die Nasionale Party het egter onmiddellik hul beleid van apartheid ingestel. Hierdie beweging het tot die volgende groot bedreiging van die Afrikaner se politieke mag en die sterk posisie van Afrikaans gelei. Dít was die beweging waaruit die swart politieke weerstandsbewegings ontstaan het, wat later as die Breë Demokratiese Beweging bekend geword het.

1.2.2. Aktiwisme onder die Breë Demokratiese Beweging

Aktiwisme vanuit die swart gemeenskappe was téén Afrikaans en ten gunste van Engels gerig. Dit is deur die apartheidsbeleid van die Nasionale Party en veral deur die Wet op Bantoe-onderwys aangevuur en het in 1976 'n hoogtepunt bereik met die Nasionale Party se 50:50 Afrikaans/Engels-beleid in swart skole. Volgens hierdie beleid is onderrig op 'n gelyke basis tussen Engels en Afrikaans verdeel, met moedertaalonderrig in nie-akademiese vakke. Hierdie beleid het ongelukkigheid onder onderwysers en leerders tot gevolg gehad en teen 1968 het slegs 26% van skole die beleid geïmplementeer (Martin, 1997:2). Die ongelukkigheid met betrekking tot die belangrikheid wat aan Afrikaans toegeken is, het toegeneem, totdat dit in 1976 in die vorm van onluste in swart skole tot uitbarsting gekom het. Hierdie stryd word deur gewelddadige aksies teen die swak onderwys in swart skole gekenmerk, sowel as eise vir toegang tot gehalte-onderwys (wat in hierdie stadium in wit skole beskikbaar was). Dreigemente van besetting van hierdie skole was algemeen. Hierdie weerstandsbewegings het ook 'n nasionalistiese aanslag gehad want dit het onder die vaandel van die groter politieke bewegings soos die PAC en die ANC plaasgevind. Die ANC is vanaf 1994 polities in beheer. Dit is interessant om te noem dat selfs bruin mense, wat hoofsaaklik Afrikaanssprekend was, hulself by hierdie groepe geskaar het. Alhoewel hul taal nooit bedreig was nie, was hul lojaliteit teenoor Afrikaans na 1948 deur apartheidswetgewing geskaad (Van Coller & Steyn, 2005).

Teen hierdie agtergrond kan die gevolgtrekking gemaak word dat, alhoewel taalaktiwisme nie 'n onbekende verskynsel in Suid-Afrika is nie, die bedreiging van moedertaalonderrig steeds 'n realiteit is. Die twee tradisies van taalaktiwisme, soos hierbo bespreek, is steeds aan die orde van die dag en dit wil volgens Lubbe (2006:1) voorkom asof die regering meer simpatiek gesind is teenoor aktiwisme uit die geledere van die Breë Demokratiese Beweging. Lubbe (2006:10) stel dit dat 'n verandering in die houding van die bewindhebbers jeens Afrikaans, en dus by implikasie moedertaalonderrig, nie vanself sal plaasvind nie. Hy redeneer dat voorstanders vir Afrikaans en moedertaalonderrig dus met meer ywer vir moedertaalonderrig moet agiteer.

1.3. Probleemstelling en spesifieke fokus van die studie

Met die aanbreek van die demokratiese era is die nuwe regering onder meer met twee uiteenlopende standpunte gekonfronteer: die Afrikaner wat ten alle koste Afrikaans en Afrikaanse skole wou behou, en die Afrikataalsprekende gemeenskap wat toegang tot wit skole en onderrig in Engels wou hê, en wat Afrikaans as instrument van uitsluiting beskou het.

Alhoewel die Grondwet 'n balans probeer vind tussen die aandrang van Afrikaanssprekendes op moedertaalonderrig, en die eis van die meerderheid Afrikataalsprekers op gehalte-onderrig in Engels in voormalige wit skole, blyk dit dat die regering hoër waarde heg aan laasgenoemde eis. Volgens Lubbe (2006:3) kom dit duidelik na vore in die uitsprake van regeringslui wat Afrikaanssprekendes se voorkeur aan moedertaalonderrig deurgaans verdag wil maak. Gebaseer op die studies van Schlemmer (2001) asook Giliomee en Schlemmer (2005) spreek Lubbe (2006) sy kommer uit dat Suid-Afrikaners grootliks apaties teenoor hierdie toedrag van sake staan.

Teen hierdie agtergrond fokus die studie op taalaktiwisme vir moedertaalonderrig, en in besonder (a) hoe wydverspreid die verskynsel van taalaktiwisme in Suid-Afrika voorkom, (b) die vorme (indien enige) waarin taalaktiwisme onder die verskillende taalgemeenskappe figureer (c) of daar inderdaad 'n herwaardering van moedertaalonderrig is en (d) watter rol (indien enige) taalaktiwisme by die herwaardering van moedertaalonderrig speel. Die studie is gedoen aan die hand van die tipologie van die instrumente van taalaktiwisme wat deur Martel (1999) bekendgestel en deur Lubbe *et al.* (2004) asook deur Du Plessis (2006) verder ontwikkel is. Die tipologie onderskei die hoofinstrumente van taalaktiwisme wat deur taalaktiviste aangewend word, en gee ook 'n waardering van watter instrumente meer sukses kan behaal. Die analise word dan aan die hand van die definisies van taalaktiwisme gedoen, soos in Hoofstuk 2 uiteengesit.

1.4. Die belang van die studie

Deur die studie is gepoog om vas te stel watter rol taalaktiwisme in die beweging na moedertaalonderwys in Suid-Afrika speel, en die vestiging van 'n demokratiese taalbestel in die land. Die siening dat Afrikaners en die breër Suid-Afrikaanse publiek apaties teenoor kwessies van linguistiese menseregte in die onderwys staan en meer geïnteresseerd is in perifere kwessies soos die aandrang van leerders tot gehalte-onderrig deur middel van Engels, is ondersoek. Die studie kan lei tot 'n herwaardering van taalaktiwisme as faktor in die ontwikkeling van 'n taalbeleid en taalbeplanning, en 'n prominente siening in die literatuur oor die sosiaal-konstruktiewe aard van taalbeplanning bevestig (Williams, 2003). Die studie kan verder 'n perspektief op taalaktiwisme as faktor in die taalbeplanningsproses daarstel.

1.5. Oorsig van die navorsingsmetodologie

Die navorsingsvraag en -doelstellings van hierdie studie is die grootste oorweging by die keuse van 'n navorsingsontwerp en -metodes. Verskillende navorsingsinstrumente is in die studie gebruik om die tersaaklike data te versamel. Die ondersoek is begin deur 'n literatuurstudie te doen ten einde 'n basis te skep waarteen die empiriese data geïnterpreteer kon word. In hierdie afdeling van die studie is die begrip taalaktiwisme, as een van die kragte wat 'n samelewing nader aan demokrasie kan bring, ondersoek. Die doel van die literatuuoroorsig is om begrip vir taalaktiwisme as verskynsel te ontwikkel en die verband met taalbeplanning en taalbeleid te ondersoek. Tweedens is 'n gevallestudie gedoen oor die manifestering van taalaktiwisme in geselekteerde lande. 'n Dokumentêre oorsig is oor die stand van moedertaalonderrig in Suid-Afrikaanse skole gedoen. Hierdie dokumente is met behulp van resente studies wat reeds oor die onderwerp gedoen is, ontleed. Die empiriese studie behels 'n kwalitatiewe inhoudsanalise van geselekteerde mediarekords vir die tydperk 1995 tot 2005. Ter voltooiing van die studie is die data aan die hand van die geïdentifiseerde navorsingsvrae geanaliseer.

1.6. Studie-uitleg

Die studie bestaan uit ses hoofstukke wat elk 'n spesifieke onderwerp dek.

Hoofstuk 1

Hierdie hoofstuk dien as inleiding en bied as sodanig die agtergrond en rasionaal vir die studie. Dit dien as algemene oorsig wat betref die doelwitte en illustreer die probleme en vrae wat die studie poog om te beantwoord. 'n Oorsig van die twee hoofradisies van taalaktiwisme kenmerkend aan die Suid-Afrikaanse opset word verskaf.

Hoofstuk 2

Hierdie hoofstuk bied 'n uiteensetting van die teoretiese agtergrond waarteen die studie onderneem is. Dit bied 'n literatuuroorsig oor taalaktiwisme as verskynsel (en die rol daarvan binne die taalbeplanningsveld) en hoe dit in moedertaalstryde in die wêreld manifesteer, veral met betrekking tot die onderwys. Die verskynsel van taalaktiwisme, word as een van die kragte wat 'n samelewing nader aan demokrasie kan bring, bespreek. Omdat taal- en taalregte-aktiwisme deur linguistiese menseregte aangevuur word, word die begrip linguistiese menseregte onder die loep geneem. Aandag word aan die determinante van taalregteaktiwisme geskenk. Taalaktiwisme as determinant binne die taalbeplanningsproses sowel as die rol daarvan in taal-in-onderwysbeplanning word bespreek. Die doel van hierdie hoofstuk is om begrip vir taalaktiwisme as verskynsel te ontwikkel en die verband met taalbeplanning en taalbeleid te ondersoek. Die hoofstuk ondersoek ook die instrumente van taalaktiwisme soos deur Martel (1999) en later ook deur Du Plessis (2006) geïdentifiseer.

Hoofstuk 3

Hierdie hoofstuk bied 'n oorsig van die kwalitatiewe navorsingsontwerp en -metodologie wat in die studie gevolg is. Vir die doel van hierdie ondersoek word 'n literatuur-,

dokumente- en empiriese studie uitgevoer wat die ontleding van mediaknipsels behels. Dit verskaf 'n uiteensetting van die metodes wat gevolg is om inligting uit die literatuur (beide nasionaal en internasionaal), tersaaklike dokumente en mediarekords wat vir die doeleindes van die studie geselekteer is, te verkry. Dit gee ook 'n uiteensetting van die strategieë wat gevolg is ten einde die geldigheid en betroubaarheid te verseker. Die studie fokus op (a) hoe wydverspreid die verskynsel van taalaktiwisme in Suid-Afrika voorkom, (b) die vorme (indien enige) waarin taalaktiwisme onder die verskillende taalgemeenskappe figureer (c) of daar inderdaad 'n herwaardering van moedertaalonderrig is en (d) die rol (indien enige) wat taalaktiwisme in die herwaardering van moedertaalonderrig speel.

Hoofstuk 4

Die doel van hierdie hoofstuk is om as agtergrond te dien tot die analise van die rol van taalaktiwisme vir die tydperk 1994 tot 2005 wat in Hoofstuk 5 aangebied word. Die hoofstuk belig die hoofmomente binne die politieke konteks van taalbeleidsontwikkeling in Suid-Afrika. Hier word gepoog om, deur 'n studie van die tersaaklike literatuur, die rol van taalaktiwisme by beleidsvorming en taalbeplanning in Suid-Afrika aan te toon. Die tydperk 1652 (die begin van die Koloniale tydperk) tot na 1994 (die demokratiseringstydperk) word gedek.

Hoofstuk 5

In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die navorsing aangebied en geïnterpreteer. Die resultate word in terme van Martel se instrumente van taalaktiwisme in tabelvorm uiteengesit en die bevindinge word teen die agtergrond daarvan, asook hoe dit met ander teoretiese insigte skakel, bespreek.

Hoofstuk 6

Gevolgtrekkings word gemaak gebaseer op die bevindings, en aanbevelings word dan rakende ondersoek na verdere probleemareas en moontlike oplossings aangebied.

1.7. Slotsom

Die studie ondersoek die rol van taalaktiwisme vir die tydperk 1994 tot 2005 by die herwaardering van moedertaalonderrig in Suid-Afrika. Deur die studie is gepoog om vas te stel watter rol taalaktiwisme in die beweging na moedertaalonderwys in Suid-Afrika en die vestiging van 'n demokratiese taalbestel in die land speel. 'n Dokumente- en literatuurstudie, wat as basis vir die empiriese studie dien, is gedoen oor die historiese rol van taalaktiwisme by beleidsvorming en taalbeplanning in Suid-Afrika vir die tydperk 1652 (die begin van die Koloniale tydperk) tot na 1994 (die demokratiseringstydperk). Die studie kan tot 'n herwaardering van taalaktiwisme as faktor in taalbeleid en taalbeplanning lei en 'n prominente siening in die literatuur oor die sosiaal-konstruktiewe aard van taalbeplanning bevestig (Williams, 2003). Die studie kan ook tot 'n beskouing van taalaktiwisme as faktor in die taalbeplanningsproses lei.

Hoofstuk 2 Literatuuroorsig

2.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die begrip taalaktiwisme, as een van die kragte wat 'n samelewing nader aan demokrasie kan bring, bespreek. Omdat taal- en taalregte-aktiwisme deur linguistiese menseregte aangevuur word, word die begrip linguistiese menseregte onder die loep geneem. Aandag word geskenk aan die determinante van taalregte-aktiwisme. Taalaktiwisme as determinant binne die taalbeplanningsproses sowel as taal-in-onderwysbeplanning word bespreek. Die doel van die hoofstuk is om begrip vir taalaktiwisme as verskynsel te ontwikkel en die verband met taalbeplanning en taalbeleid te ondersoek. Omdat taal- en taalregte-aktiwisme deur linguistiese menseregte aangevuur word, word ook op die definiëring van die konsep *linguistiese menseregte* gekonsentreer. Die totstandkoming van taalregte-organisasies, sowel as die rol wat sulke organisasies volgens gedokumenteerde internasionale studies in die onderwys speel, word ondersoek. Die hoofstuk ondersoek ook die instrumente van taalaktiwisme soos deur Martel (1999) en later deur Du Plessis (2006) geïdentifiseer. Die hoofstuk word afgesluit met 'n gevallestudie-oorsig oor die rol van taalaktiwisme in geselekteerde lande.

2.2. Definisies van aktiwisme en 'n bespreking

Volgens Martel (1999:47) is dit 'n teken van die tyd wanneer 'n enkele woord, naamlik *aktiwisme*, 48 120 trefslae via 'n internetsoekenjin oplewer. Munir (2009:4) is dit eens dat daar 'n groter belangstelling in die onderwerp bestaan en skryf dit toe aan gemeenskappe se groter bewuswording van hul menseregte en die gevolglike verskyning van wêreldwye regtegeoriënteerde bewegings. Die begrippe aktiwisme, taalaktiwisme en taalregte-aktiwisme word vervolgens bespreek.

2.2.1. Aktiwisme

Martel (1999:47) beskryf die verskynsel van aktiwisme as gelyktydig divers en deurlopend. Sy onderskei tussen die volgende vorme van aktiwisme: burgerlike aktiwisme,

aktivisme teen sensorskap, gay/lesbiese aktivisme en selfs aandeelhouersaktivisme. Sommige aktivistiese bewegings is streeksgebonde, terwyl andere nasionaal of internasionaal voorkom. “They signal sociopolitical mutations; unprecedented demands for participation and influence in political life; the increasing powers that groups can gain by their discourse and actions; the longing to effect social change around the world; the collective bonding of individuals in order to make their voices heard” (Kontra, 1999:47).

Aktivisme kan beskou word as enige bewustelike aksie wat daarop gemik is om verandering te bewerkstellig. Hierdie verandering kan sosiaal of polities wees. Die aksie kan vir of téén ’n gewoonlik kontroversiële argument wees. Die *Patriot Union of America* (PUA) bied die volgende definisies vir aktivisme aan:

- “The use of direct, often confrontational action, such as a demonstration or strike, in opposition to or support of a cause.
- Activism, in a general sense, can be described as intentional action or inaction to bring about social or political change. This action is in support of, or opposition to, one side of an often controversial argument.
- The use of peaceful and organized direct and indirect citizen action, by special interest or public interests groups, in opposition to, or support of, a cause or proposed solution (typically relating to law).
- The organization of a democratically principled citizenry toward providing benefit to a cause or ensuring a solution that government is either unwilling or incapable of providing without direct intervention from the citizenry”.

Schugurensky (2007:1) beskryf aktivisme as enige bewustelike aksie, individueel of gesamentlik, wat die skep van ’n beter wêreld ten doel het. Dit is ’n wêreld waar elke burger tot sy volle potensiaal kan ontwikkel en wat gekenmerk word deur demokrasie, vrede, regverdigheid en vooruitgang. Schugurensky erken egter ook dat daar ’n ander tipe aktivisme bestaan wat in die teenoorgestelde rigting beweeg. Hy noem eersgenoemde sosiaal-reggeoriënteerde aktivisme of aktivisme vir demokrasie. Hy noem verder dat, wanneer die woord aktivisme ter sprake kom, beelde van proteste, demonstrasies,

geweldpleging, traangas, burgerlike ongehoorsaamheid, konfrontasies en botsings met die polisie en weermag opduik. Daar is egter volgens Schugurensky ook ander belangrike tipes aktivisme wat 'n groot verskil in die verandering van beleide en praktyke kan bewerkstellig. Hy noem hierdie tipes aktivisme die stiller tipes aktivisme wat die volgende aktiwiteite kan insluit: die skryf van briewe, ondertekening van petisies, uitvoering van navorsing, opheffingswerk en die organisering van gemeenskappe, die skepping van gemeenskapskoerante, deur-tot-deur veldtogte, asook onderwysers en skoolhoofde wat inisiatiewe begin om skole te demokratiseer. Dit is die aktiwiteite van individue en groepe onderneem wat verder strek as hul daaglikse take.

Volgens Martel (1999:49) is daar verskillende verduidelikings om die verskynsel van aktivisme te verklaar. Vanuit 'n sosio-kulturele perspektief word aktivisme beskou as die behoefte om van verdrukking na emansipasie te beweeg. Polities beskou, is aktivisme 'n poging om vanaf beheer na soewereiniteit te beweeg. Vanuit 'n ekonomiese uitgangspunt is die doel van aktivisme om vanaf sentralisasie na desentralisasie te beweeg.

Aktivisme word dus op verskeie maniere gerealiseer en kom op verskeie terreine en om verskillende redes voor. Die een gemeenskaplike faktor is dat aktivisme daarop gemik is om verandering te bewerkstellig.

2.2.2. Taal- en taalregte-aktivisme

Enige proses van transformasie het noodwendig 'n invloed op die taalstatus, taalkorpus en taalbemaatigingsmoontlikhede van al die taalgemeenskappe binne die omgewing waarin dit plaasvind. Cooper (1989), wat van mening is dat taalbeplanning in wese ten nouste met enige vorm van sosiale transformasie gemoeid is, bevestig dit. Sover dit die rol van taalaktiviste betref, kan hulle deur hul reaksie op sodanige transformasie tot die vestiging van taaldemokrasie bydra ('n situasie wat die multikulturele en veeltalige aard van 'n samelewing erken en waarin ruimte geskep word vir die taalkeuses van die burgers) of andersins daarteen werk.

'n Gemeenskap wat aan die beginsels van demokrasie toegewyd is, moet ook bereid wees om vir taalregte te beywer (Tollefson, 1991:211). Martel (1999:47) meen dat taalregte-aktivisme in werklikheid onafwendbaar en noodsaaklik is in die demokratisering van 'n veeltalige land. Volgens du Plessis (2006:75) moet tussen taalaktivisme en taalregte-aktivisme onderskei word. Taalaktivisme het volgens Steyn (1980:74) en later Du Plessis (1986) selde te make met taal as sodanig, en het eerder te make met die rol van 'n politieke- of taaldrukgroep. In die geval van taalregte-aktivisme, poog rolspelers om verandering in sosiale praktyke, ideologieë en strukture, wat 'n invloed op die handhawing en ontwikkeling van taalgemeenskappe het, te bewerkstellig. Martel (1999:49) definieer taalregte-aktivisme as 'n manifestasie van 'n opkomende bewustheid, en verwerping van toestande van onderdrukking/beheer/dominansie/otoriteit/sentralisering en monopolie.

Martel (1999:47) huldig die mening dat, soos wat sosio-politieke praktyke en strukture onder druk kom om te verander, die aktivistiese fenomeen sekere kwessies uitlig waarvoor nagedink moet word. Dit sluit in:

- Die samelewings- en etiese betekenis daarvan. Die visie van geregtigheid, van emansipasie of van plaaslike belange wat dit voed.
- Die instrumente wat gebruik word om vir verandering te agiteer. Litigasie, werwing, navorsing, gemeenskapsmobilisering, mediadekking en selfs geweld.
- Die terrein van aktiwiteit. Buite/binne/teen staatsgrense, ondersoek van 'n nuwe geografiese dinamika in die tydvak van globalisering.
- Die resultate. Doeltreffende beïnvloeding van verandering.

Hierdie kwessies moet voortdurend aandag geniet wanneer taal- of taalregte-aktivisme analiseer word. Meer kwessies kan bygevoeg word. Martel noem dat elke aktivistiese beweging sy eie linguistiese doelwitte asook sy eie spesifieke streeks-, nasionale- en internasionale dinamika besit. Elkeen het 'n eie gebruik van die wet as instrument van verandering en 'n eie vermoë of onvermoë om die wanbalans in mag te neutraliseer. Die

grootste toets vir taalaktiwisme vanuit 'n etiese benadering is dat dit in staat moet wees om gemeenskappe te bemagtig.

Volgens Freeland en Patrick (2004:29) handel 'n taalstryd nie noodwendig oor taal nie, maar vorm gewoonlik deel van 'n groter politieke, ekonomiese en kulturele stryd ten opsigte van die verkryging van amptelike erkenning, die manier waarop dit verkry word en die materiële en ideologiese wins waarmee dit gepaard gaan. Alhoewel daar meer steun vir eentaligheid in die meerderheidstaal is, redeneer May (2004:48) dat die doel van taalregte-aktiwisme steeds is om sosiale en politieke strukture so te beïnvloed dat pariteit tussen meerderheids- en minderheidstale bereik kan word. Volgens May is dit 'n gedugte taak omdat die sosiale en politieke magte wat teenoor minderheidstale opgestel is stewig gevestig is.

Volgens Florey (2008:9) het taalaktiwisme uit die “nuwe linguistiek” ontstaan. Die “nuwe linguistiek” verwys na 'n meer deelnemende en gepolitiseerde linguistiek met taalaktiwisme as kern, gekenmerk deur betekenisvolle veranderinge aan die etiek, metodes en aksies in die praktyk van taalaktiwisme. Alliansies word tussen eksterne en interne taalaktiviste gevorm wat tot 'n gedeelde doelwit van dokumentering en ondersteuning van minderheidstale en kulture saamwerk. 'n Taalaktivis sal volgens Florey iemand wees wat kwessies rakende taalontwikkeling energiek aanspreek. 'n Taalaktivis inisieer aksies of aktiwiteite ter ondersteuning van 'n taal- en sprekersgemeenskap.

Florey bespreek *taalaktiviste* ook aan die hand van die aktivistiese rolle wat hulle speel, die agtergrond waarteen hulle optree en die kundigheid wat in die onderskeie stelsels vereis word. Sy onderskei die volgende kategorieë taalaktiviste:

- Interne taalaktiviste. Dit behels gemeenskapslede met 'n persoonlike belang in hul erfenistale.
- Eksterne taalaktiviste. Dit behels mense buite die gemeenskap wat geen persoonlike band met die inheemse tale het nie.

- Inheemse-eksterne taalaktiviste. Florey bespreek twee tipes inheemse-eksterne taalaktiviste. Dit is eerstens, inheemse mense wat verkies om nie hul aktivisme op hul eie tale te fokus nie, maar wat eerder met ander tale in hul lande saamwerk, en tweedens, eksterne taalaktiviste wat verkies om hul aktiwiteite in hul eie lande te baseer.

Inheemse-eksterne taalaktiviste en interne taalaktiviste deel kennis, byvoorbeeld van politieke- en onderwysstelsels, sosiale en kulturele eienskappe, en ander tale soos die *lingua franca* en nasionale tale.

- Uitheemse-eksterne taalaktiviste. Dit is aktiviste wat verkies om projekte en aktiwiteite in 'n land anders as hul eie aan te pak. Hierdie kategorie sluit volgens Ishida die volgende in: 1) linguiste wat internasionale navorsing en/of opleidingsprogramme onderneem; 2) inheemse taalaktiviste wat by konferensies optree en daardeur gespesialiseerde kennis internasionaal oordra; en 3) lede van organisasies met internasionale bande (soos finansiële agentskappe, nie-winsgewende organisasies, onderwysinstellings, ens.).


Met inagneming van bogenoemde kan taal- en taalregte-aktivisme beskou word as inherent deel van, en dus onontbeerlik vir, die vestiging van demokrasie in 'n veeltalige samelewing.

2.2.3. Taalaktivisme en taalregte

Die kwessie van taalregte het belangriker geword soos wat taal toenemend as 'n bepalende faktor in nasieskap beskou word. Die meeste van die aanvanklike literatuur rakende taalregte het in lande ontstaan waar tale ten koste van minderheidstale of -dialekte op mense afgedwing is. Skutnabb-Kangas en Philipson (in Garcia & Baker, 1995:27) verskaf 'n raamwerk waarop die verskillende posisies rakende taalregte in verskillende lande geklassifiseer kan word. Volgens Philipson kan diskriminasie teen taal 1) openlik ('n taal word in skole verbied), 2) verborge (sekere tale word net eenvoudig nie in skole gebruik nie), 3) bewustelik (onderwysers verbied hul leerders om hul

moedertaal te gebruik omdat dit in die aanleer van die tweede taal kan inmeng) of 4) onbewustelik (Engels word sondermeer aanvaar as die beste taal vir onderrig) wees.

Figuur 1. Raamwerk soos ontwikkel deur Skutnabb-Kangas en Philipson waarvolgens die verskillende posisies rakende taalregte voorgestel word.



Ten einde taalbalans te behou het individue en groepe hulle tot hul taalregte gewend (Kymlicka & Pattern, 2003). Volgens Brutiaux (2008) was dit egter eers teen die 1900s dat taalregte amptelike erkenning binne die politiek begin geniet het. Taalregte is eers in 1948 as internasionale reg in die *Universal Declaration of Human Rights* opgeneem. Ander belangrike internasionale dokumente sluit in: die *European Charter for Regional or Minority Languages* en die *Framework Convention for the Protection of National Minorities*.

Verskeie definisies van taalregte het reeds die lig gesien.

Skutnab-Kangas en Philipson (1995:1-2) beskou die volgende as voorbeelde van linguistiese menseregte:

- Elke sosiale groep het die reg om positief met een of meer tale te identifiseer en dat sodanige identifisering aanvaar en gerespekteer sal word deur ander groepe.

- Elke kind het die reg om die taal van sy groep ten volle aan te leer.
- Elke persoon het die reg om die taal/tale van sy groep in enige amptelike situasie te gebruik.
- Elke persoon het die reg om ten minste een van die amptelike tale van die land waarvan hy 'n burger is, volgens sy keuse ten volle aan te leer.

Hierdie sienings van Skutnab-Kangas en Philipson (1995:1-2) impliseer volgens Ishida (2003:2) dat die bevordering en beskerming van linguistiese menseregte 'n poging is om die konsep van menslike gelykheid op taal toe te pas, en om daardeur enige taaldiskriminasie aan die kaak te stel.

Skutnab-Kangas en Philipson (1995:1-2) bepleit die posisie van taalregte vir minderheidsgroepe soos volg:

“Linguistic rights should be considered basic human rights. Linguistic majorities, speakers of a dominant language, usually enjoy all those linguistic human rights which can be seen as fundamental, regardless of how they are defined. Most linguistic minorities in the world do not enjoy these rights. It is only a few hundred of the world's 6-7,000 languages that have any kind of official status and it is only speakers of official languages who enjoy all linguistic human rights”.

Die dilemma vir taalregteaktiviste is volgens Blommaert (2004:55) dat “we believe we know what is right, but what is right does not work in practice, either because it is just not the way in which reality works, or because the people don't believe it is right”. In die geval van taalregte word aktiviste met die situasie gekonfronteer dat niemand ooit daarteen beswaar maak nie, maar dat 'n praktiese benadering gebaseer op taalregte nie in die praktyk werk nie. 'n Benadering wat op taalregte gebaseer is, is volgens Blommaert (2004:55) in 'n web van teenstrydige faktore vasgevang. Gebaseer op die werk van Skutnabb-Kangas en Philipson lys hy die volgende:

- Dit is grootliks simbolies, ten minste op die kort- en mediumtermyn, en is van die elite en ekonomiese ontwikkeling afhanklik.
- Dit bots dus met mense se begrip van wat hulle wil hê en hul behoefte oor die kort- en mediumtermyn.
- Dit is gewoonlik teenstrydig met aanvaarde opwaartse sosiale mobiliteit.
- Dit word dus deur die teikengroep ervaar as weerhouding van opwaartse mobiliteit.

Blommaert (2004:62) stel twee benaderings voor, naamlik

- dat die regte redes vir taalbeplanning gebaseer op taalregte weergegee moet word en dat die beste moontlike wetenskaplike metodes gebruik moet word om implementering moontlik en aanvaarbaar vir veral die teikengroep te maak; en
- dat ons siening van taalbeplanning gebaseer op taalregte uitgebrei moet word sodat dit tereg as 'n instrument tot sosiale mobiliteit beskou kan word.

Edwards (1985:45) waarsku dat aktivisme vir taalregte nie in onverstaanbare wetenskaplike diskoerse moet ontaard nie, maar dat die belange van die minderheidsgroepe deurgaans beklemtoon moet word. Die dilemma met so 'n standpunt is dat 'n volledige sosiale raamwerk in werklikheid daarmee saam ondersteun moet word ten einde groepbelange te ondersteun. Die ondersteuning van een groep se belange impliseer dan weer die ontkenning van 'n ander groep se belange. O'Brien (in Edwards, 1985:45) doen as oplossing vir hierdie probleem aan die hand dat menseregte, in plaas van groepsregte, die fokus moet wees.

Patrick (2004:178) beweer dat die diskoers oor taalregte, teenstrydighede en onregte tot gevolg het. Om vir regte te veg moet gekoloniseerde groepe volgens haar kultureel in die diskoerse en prosedures van die staat getransformeer word. Hierdie strukture is dikwels teenstrydig met plaaslike gebruike en gelowe. Een van die voorvereistes in die erkenning van inheemse tale is dus dat die tale dieselfde vlak as nasionaal erkende tale moet beklee.

Aanvaarding hiervan lei tot vervreemding van die eie kultuur en dus tot spanning. By sommige groepe kan dit tot weerstand en die gevolglike agitering vir die behoud van die *status quo* aanleiding gee. Volgens Patrick mag daar by ander groepe min of geen weerstand of openbare afkeur vir die standaardisering van hul tale wees nie. Hoewel dit dus mag lyk of die proses van implementering van 'n taalbeleid glad verloop, impliseer dit nie noodwendig dat daar geen teenstand daarteen is nie. Dit kan bloot apatie teenoor die proses wees. Patrick (2004:181) lig ook 'n derde scenario uit. Sodra 'n inheemse taal regte in onderwys en ander instellings verkry, beweeg hierdie taal in 'n ander sfeer waar dit met dominante tale kompeteer wat weer aantrekliker vir die sprekers van die inheemse tale lyk. Die rede is omdat die dominante tale met sosiale mobiliteit en kulturele prestige vereenselwig word. Hieroor verklaar Dorian (in Edwards, 1985:93) dat taalloyaliteit voortbestaan terwyl die ekonomiese en sosiale omstandighede voordelig vir die betrokke taal is. Sodra dit egter lyk of 'n ander taal groter waarde het, vind daar 'n verskuiwing na daardie taal plaas. Edwards (1985:93) is ook van mening dat ekonomiese redes die kern vorm van taalkeuses. Patterson (1985:95) beklemtoon ook die mag van ekonomiese oorwegings bo ander oorwegings, soos byvoorbeeld identiteit en etnisiteit. Patterson (1985:95) stel dit soos volg:

“There is no *a priori* reason to believe that individuals always choose ethnic identification over other forms of identification. The primacy of economic factors over all others has been demonstrated ... people never make economic decisions on the basis of ethnic allegiance, but, on the contrary ... the strength, scope, viability, and bases of ethnic identity are determined by and are used to serve the economic and general class interests of individuals”.

Taalregte, vanuit die perspektief van ‘taal as hulpbron’, is volgens Hornberger (1998:454) nie 'n outomatiese “concession of demand” nie, maar eerder 'n kwessie van gebalanseerde beheer en die keuse tussen potensiële alternatiewe. Hornberger redeneer daarom dat dit uiters belangrik is dat taalminderhede bemagtig moet word om besluite te neem rakende watter tale en watter lees- en skryfkennis ontwikkel moet word, asook die

redes daarvoor. Taalminderhede moet bemagtig word om te beseef dat hierdie keuses nodig is vir balans in die verskillende dimensies van taalregte ten einde gesamentlike beskerming aan almal te bied. Balans moet byvoorbeeld gekry word tussen verdraagsaamheid- en bevorderingsgeoriënteerde regte, individuele en gemeenskaplike vryhede, vryheid om jou eie taal te gebruik en die vryheid van diskriminasie omdat jy jou keuse uitoefen, en ‘aanspraak op iets’ en ‘aanspraak teen iemand anders’. Hierdie is volgens Hornberger moeilike etiese keuses en die mense wat die beste keuses kan maak, is die minderheidstaalsprekers self.

Desnieteenstaande die moeilike keuses wat gemaak moet word, mag taalontwikkeling nie aan die voorsienigheid oorgelaat word nie. As verteenwoordigers van minderheidstaalgroepe is taalaktiviste die beste in staat om insette oor hul eie tale te lewer. Taalbeplanning moet dus nie as ’n monolitiese aktiwiteit van bo hanteer word nie, maar moet die belang van al die rolspelers in die linguistiese omgewing, waarvan taalaktiviste ’n integrale deel vorm, in ag neem.

2.3. Taalaktiwisme en taalbeplanning

Sedert die ontstaan van die studieveld taalbeleid en taalbeplanning in die 1950s en vroeë 1960s, word die terme taalbeleid en taalbeplanning op verskeie maniere gedefinieer en geïnterpreteer. Terwyl taalbeleid gewoonlik met die staat en met politieke besluitneming vereenselwig word (Kaplan & Baldauf, 1997), vind taalbeleidsontwikkeling- en taalbeplanningsinisiatiewe ook op grondvlak binne gemeenskappe plaas. Hierdie inisiatiewe staan bekend as grondvlak-taalbeleide (Hornberger, 1996), mikro-taalbeplanning, populêre aktiwisme (Okano, 2006:263) en/of taalbeplanning van onder. Kaplan en Baldauf (1997) beskou dit ook as taalbeplanning van onder teenoor taalbeplanning van bo. Hatoss (2006:288) redeneer dat mikro-beplanning, en dus die rol van plaaslike gemeenskappe, in taalbeplanning nie slegs beskou moet word as ’n poging om leemtes wat deur amptelike beplanning gelaat word te vul nie, maar dat dit in werklikheid ’n noodsaaklike aanvulling vir makro-taalbeplanning is. Volgens Alexander (1992) is die Soweto-opstand teen die implementering van Afrikaans as onderrigtaal in

swart skole in Suid-Afrika, 'n voorbeeld van taalbeplanning van onder. Hiermee plaas Alexander die studie van taal- en taalregte-aktiwisme dus binne die domein van taalbeplanning as studieveld.

Volgens Rubin (1973:v) kan taalbeplanning beskou word as 'n benadering tot die studie van verandering in taal en taalgebruik met die doel om vooruitskouings te maak ten opsigte van die wyse van verandering. Die kern van taalbeplanning is die gedagte van taal as 'n veranderlike samelewingshulpbron vir gesamentlike, beplande aksies deur politieke, opvoedkundige, ekonomiese en linguistiese owerhede. Indien ons kan verstaan hoe natuurlike verandering in 'n taal plaasvind, kan ons uitvind hoe om doelbewuste verandering te bewerkstellig. Cooper (1989:31) definieer taalbeplanning as enige “sistematiese, teorie-gebaseerde, rasionele, en georganiseerde samelewingsbydrae tot taalprobleme”. Volgens Eastman (1992:96) verwys taalbeplanning oor die algemeen na pogings om taalprobleme in 'n sosio-politieke konteks op die lange duur op te los deur middel van die proses van taalverandering.

Luke *et al.* (in Kaplan & Baldauf, 1997:195) is van mening dat die ironie in taalbeplanning juis daarin lê dat “while language planning sets out to study and control various sociological factors which influence language change, its very character as a form of ‘interest bound’ modern social planning has led, in many cases, to a failure to tackle the hidden agendas – political, social, educational and otherwise – of particular forms of government, economic relations, politics and social organisation ...”. Kaplan en Baldauf (1997) redeneer verder dat taalbeplanners in diens staan van “social elites” met politieke, sosiale en ekonomiese mag waardeur hulle die taalbeplanningsprosesse tot hul opdraggewers se voordeel beheer. Volgens Kaplan en Baldauf (1997) is die vraag dus: in wie se belang word taal beplan – individue, die staat of agentskappe en organisasies?

In antwoord op bogenoemde noem Kaplan en Baldauf (1997:196) dat die meeste tradisionele rolspelers in taalbeleid en -beplanning uit situasies van taalbeplanning van bo-na-benede kom. Hierdie persone het die mag en gesag om namens groepe taalverwante besluite te neem, met gewoonlik min of geen konsultasie met hierdie groepe

nie. Vanuit hierdie oogpunt word taalbeplanning as objektief en ideologies neutraal beskou. Dit is nie ter sake wie die taalbeplanning doen nie, solank die verlangde tegniese kundigheid beskikbaar is. Volgens Kaplan en Baldauf (1997:196) was Baldauf egter een van die eerste linguïste wat genoem het dat die taalbeplanner in werklikheid een van die belangrikste veranderlikes in die taalbeleid en -beplanningsituasie is.

Edwards (1985:89) het reeds vroeër genoem dat die taalbeplanner nooit neutraal kan staan nie, omdat die taalbeplanner eerstens aangestel is om hulp te verleen in 'n proses wat sosiale verandering wil bewerkstellig. In dié opsig is taalbeplanning dus nie 'n geïsoleerde aktiwiteit nie, maar in werklikheid slegs 'n instrument vir groter magte en is dit ook sekondêr tot basiese sosio-ekonomiese, politieke en kulturele strominge in 'n samelewing. Eastman (in Edwards, 1985:90) glo dat taalplanne eerstens die produk van regerings is en dat taalbeplanners dan in opdrag van die regerings optree.

Christian (in Garcia & Baker, 1995:34) omskryf taalbeplanning as “interventionist, goal-orientated, and institutional”. Christian noem verder dat taalbeplanning “explicit and, ideally, systematic” behoort te wees. Larrivé (2003:iv) omskryf taalbeplanning as 'n gemeenskaplike aksie wat kenmerkend is van alle menslike groepe. Hy noem verder dat “language planning may concern any aspects of the social realm, including education, public services, work and commercial life. It can target aspects of languages themselves or the circumstances in which a language can be used, and takes a variety of implicit or explicit forms”. Williams (2003:1) beskou taalbeplanning as 'n vorm van sosio-politieke ingryping. As sulks bevraagteken hy dus die siening van taalbeplanning as 'n objektiewe wetenskaplike aktiwiteit. Hy glo dat taalbeplanning in wese 'n verlengstuk is van sosiale beleid wat op gedragsverandering gemik is. Dit is dus belangrik om die breër sosiale en politieke konteks waarin taalbeplanning plaasvind, in ag te neem. Williams is ook van mening dat taalbeplanning in baie opsigte 'n instrument is waardeur ander kwessies aangespreek word. Taalkwessies kan ook in baie opsigte tot 'n verskerping van ander sosio-politieke spanninge binne 'n gemeenskap lei. Taalbeplanning kan dus volgens Williams 'n bepalende rol in die strewe na politieke eenheid, asook die ekonomiese sukses van 'n land, speel.

Taalbeplanning kan volgens McConnell (in Coulmas, 1997:348) met verskillende uitgangspunte gedefinieer word. Dit kan linguisties, sosiaal of polities georiënteerd wees. Hoewel hierdie verskillende benaderings elk op unieke eienskappe fokus, is dit tog interafhanklik en onafskeidbaar verbind tot verandering en ontwikkeling. Indien taalbeplanning volgens McConnell dus verandering en ontwikkeling verteenwoordig, kan dit as 'n manier beskou word waarop linguistiese, sosiale en politieke probleme wat negatief op taalverandering en -ontwikkeling inwerk, oorkom kan word.

McConnell (in Coulmas, 1997:348) verskaf die volgende drie definisies as voorbeelde van die verskillende benaderings:

(1) Die linguisties georiënteerde definisie van Kloss (1967):

“The term Ausbausprache may be defined as ‘language by development’. Languages belonging to this category are recognized as such because of having been shaped or reshaped, molded or remolded – as the case may be – in order to become a standard tool of literary expression.

(2) Die sosiaal georiënteerde definisie van Fishman (1987):

“For me, language planning remains the authoritative allocation of resources to the attainment of language status and language corpus goals, whether in connection with old functions that need to be discharged more adequately”

(3) Die polities georiënteerde definisie van Abou (1987):

“The object of any planned linguistic change is to reduce competition between languages or language varieties and to rationally structure their coexistence within a society”.

Volgens McConnel beklemtoon die definisie van Kloss (1967) korpusdoelwitte (vorm) en benader taal as 'n geskrewe instrument van die moderne samelewing. In die definisie van Fishman (1987) is daar sprake van beide korpus- en statusdoelwitte met spesifieke sosiale funksies. Abou (1987) se definisie het betrekking op politieke probleemoplossing en

beklemtoon 'n funksionele toekenning van tale of variëteite van tale binne 'n sosio-politieke orde.

Direk hierteenoor is die siening van Joseph (in Rajagopalan, 2007). Volgens Rajagopalan (2007:1) beskou Joseph taal as “political from top to bottom”. Politiek is dus nie slegs een van die dimensies van taal nie, dit is “constitutively and hence indissociably political” en verder ook “language is a political-linguistic-rhetorical construct”. Vir Joseph is taal dus nie polities van aard omdat dit op spesifieke geo-politieke belange reageer nie. Dit is polities omdat dit selfs in die generiese sin polities is. Die onmiddellike implikasie van die benadering van Joseph is, volgens Rajagopalan, dat 'n professionele linguïst nie maklik in 'n politieke debat oor taal kan ingryp nie. So 'n linguïst sal, behalwe vir sy taalkennis, ook in ander areas kundig moet wees, veral politieke teorie. Rajagopalan noem verder dat Joseph daarop aandring dat die verskillende taalteorieë wat deur linguïste ontwikkel is net soos taal polities-linguïsties-retoriese konstruksies is. Hierdie teorieë maak taal dus nie minder polities nie, maar poog inderwaarheid slegs om die politieke aard van taal te verbloem. Al hierdie teorieë is in werklikheid, volgens Joseph, polities en ideologies gemotiveerd. Die keuse van een teorie bo 'n ander, word dus binne 'n gemeenskap van linguïste deur die politieke dinamika van die spesifieke gemeenskap op die spesifieke tyd in die geskiedenis bepaal.

In reaksie op die kritiek teen taalbeplanning as 'n eensydige benadering van bo, werk verskeie taalbeplanners, volgens Kaplan en Baldauf (1997:206) vanuit 'n diskoersbenadering. Chaundensen (in Kaplan & Baldauf, 1997:206) noem taalbestuur as voorbeeld van 'n inklusiewe benadering wat taalbeleidsontwikkeling sowel as taalbeplanning insluit. Taalbestuur moet egter nie met korpusbeplanning verwar word nie. Taalbestuur is 'n kompleksere proses wat alle tersaaklike faktore in die besluitnemingsproses integreer.

Vir Kaplan en Baldauf (1997:196) is die vrae oor wie die taalbeplanning doen en ook wie die ontvangers van taalbeplanning is, belangrik. Volgens Hatoss (2006:290) is dit op die oog af eenvoudige vrae om te beantwoord, maar dit is in werklikheid moeiliker om die

invloed van taalbeplanning te bepaal. Hatoss voer verder aan dat verskeie navorsers die effek van tradisionele bo-na-benede beplanning bevraagteken. Kaplan stel 'n ommekeer in die rol van regeringsinstansies voor: in plaas daarvan om bo-na-benede beleide (wat in elk geval nie werk nie) op gemeenskappe af te dwing, beklemtoon hy dat benede-na-bo benaderings uit die gemeenskappe 'n groter kans op sukses het.

Wat ook al die benadering tot taalbeplanning, Hatoss (2006:288) voer aan dat

- 1) indien die doel van taalbeplanning is om die taalgedrag van plaaslike gemeenskappe te beïnvloed, die taalgemeenskappe die beste geplaas is om daardie rol te vul;
- 2) plaaslike gemeenskappe beide 'plaaslik' en 'globaal' is en daarom is plaaslike beplanning, ondersteun deur nasionale beleid en ideologie, essensieel; en
- 3) gemeenskappe se taalgedrag slegs tot voordeel van so 'n gemeenskap beïnvloed kan word indien die gemeenskap self gemotiveerd is om dit te doen.

Volgens Stroud (2001:340) is die oplossing vir die mislukkings in taalbeplanning, ook wat betref die bevordering van Afrikatale, onder meer gesetel in die houdings van die plaaslike gemeenskappe. Die gemeenskappe se negatiewe houdings omtrent hul tale moet verander.

Die rol van gemeenskappe in taalbeplanningsbesluite is in verskeie internasionale beleidsdokumente ingesluit. Die voorgestelde *Universal Declaration of Linguistic Human Rights (1996)* maak die volgende stelling:

“All language communities have the right to organise and manage their own resources so as to ensure the use of their language in all functions within society, ... (and) ... all language communities are entitled to have at their disposal whatever means are necessary to ensure the transmission and continuity of their language” (in Hatoss, 2006:289).

Die verklaring is gebaseer op die beginsel dat die regte van alle taalgemeenskappe gelyk en onafhanklik is van die wetlike en politieke status van die betrokke tale as amptelik, regionaal of minderheidstaal.

Ten spyte daarvan dat taalbeleid en taalbeplanning uit die praktiese behoefte om taaloplossings vir nuwe opkomende state te ontwikkel, ontstaan het, beweer Baldauf (2004:377) dat teoretisering oor die veld, *taalbeleid en taalbeplanning*, reeds geruime tyd al aan die gang is.

As gevolg hiervan het verskeie kundiges soos Baldauf (2005:960) en Hornberger (2006) raamwerke saamgestel wat poog om die aktiwiteite vir die oplossing van taalprobleme te verduidelik. Hierdie raamwerke is uit die klassieke verklarings vir die *modus operandi* in die taalbeplanningsveld, sowel as die aktiwiteite wat daaruit kan voortvloei, ontwikkel. Lubbe en Truter (2007:559) verskaf 'n raamwerk, gebaseer op dié van Hornberger (2006), wat spesifiek vir Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas is.

Tabel 1: Lubbe en Truter se raamwerk vir taalbeleid en taalbeplanningsoogmerke soos gebaseer op die van Hornberger (2006)

Tipes	Oogmerke ter bevordering	
	Beleidsbeplanning (op taalvorm)	Ontwikkelingsbeplanning (op taalfunksie)
Statusbeplanning	Statusstandaardisering <ul style="list-style-type: none"> • Amptelike taal • Nasionale taal 	Hervitalisering Taalhandhawing Verspreiding Intertalige kommunikasie
Korpusbeplanning	Korpusstandaardisering <ul style="list-style-type: none"> • Grammatikalisering • Leksikalisering Hulpkodesstandaardisering <ul style="list-style-type: none"> • Grammatikalisering • Leksikalisering 	Leksikonbeplanning Stilistiese modernisering Modernisering (nuwe funksies) Vernuwning (nuwe vorm, ou funksie)
Verwerwingsbeplanning (onderwys)	Toelatingsbeleid Leerplanbeleid Hulpbronbeleid Evalueringsbeleid	Herverwerwing Taalhandhawing Eerste/tweede/vreemde taal Verskuiwing
Prestigebeplanning	Taalbevordering <i>Amptelik</i> Media-(semi-staat) <i>Nie-amptelik</i> <ul style="list-style-type: none"> • Institusioneel (NRO) • Drukroepe (kultuurorganisasies) • Individueel 	Taalhandhawing Intellektualisering <ul style="list-style-type: none"> • Wetenskapstaal • Taal van professies • Hoë funksies • Onderwystaalbevordering • Taalerkenning Literêre pryse

	<ul style="list-style-type: none"> • Besigheidsorganisasies • Media • Gedruk • Elektronies 	<ul style="list-style-type: none"> • Reklame pryse • Polarisering
--	--	---

Bogenoemde raamwerk onderskei tussen verskillende tipes taalbeplanning, en elke tipe onderskei weer tussen twee benaderings, naamlik 'n beleidsbenadering en 'n ontwikkelingsbenadering. Indien 'n taal byvoorbeeld as 'n amptelike taal verklaar word, maar geen insentiewe of geleentehede verskaf word vir die taal om 'n skooltaal te wees nie, sal 'n bepaalde oogmerk moeilik bereik word. Positiewe taalbeplanning is dan nodig om die oogmerke te bereik. 'n Tweede verdeling bestaan tussen stappe wat deur 'n amptelike of statutêre liggaam ingestel word, en deur privaat of nie-amptelike organisasies soos besighede, die media (in privaat besit), kultuurorganisasies, drukgroepe en individue, dit wil sê tussen bo-na-benede en benede-na-bo stappe.

Tabel 1 toon verder aan dat taalbeplanning verskeie doelwitte nastreef, elk met verskillende uitkomst, byvoorbeeld standaardisering, hervitalisering, modernisering, handhawing en bevordering. Lubbe en Truter (2007:560) onderskei verder tussen positiewe taalbeplanning en negatiewe taalbeplanning. Kaplan en Baldauf (1997:230) identifiseer die poging in die Verenigde State van Amerika (VSA) om Engels as die enigste amptelike taal te erken, 'n stap wat die veeltalige en multikulturele aard van die samelewing ontken, as 'n voorbeeld van negatiewe taalbeplanning. Teenoor negatiewe taalbeplanning word pogings wat erkenning aan die veeltalige en multikulturele aard van 'n samelewing gee as positiewe taalbeplanning beskou.

Die definisie van taalbeplanning deur Annamalai (1979:35) as “organized intervention to influence the nature and pace of language development”, som hierdie bespreking van taalbeplanning as 'n insluitende proses goed op. Dit is wyd in die sin dat die agent van beplanning poog om die beplanning nie tot 'n regering of 'n sentrale agentskap te beperk nie. Dit is egter terselfdertyd eng omdat die doel van beplanning beperk moet word tot taalontwikkeling. In dié sin is taalbeplanning dus 'n instrument van sosiale ontwikkeling en/of verandering.

Uit bogenoemde bespreking kan die gevolgtrekking gemaak word dat taalbestuur nie slegs 'n monolitiese aktiwiteit van bo-na-benede is nie, maar dat dit die gesamentlike produk van die totale ekologie van die linguistiese omgewing behels. Hierdie linguistiese ekologie sluit in: alle tale en taalgemeenskappe in die omgewing; die verskillende rolspelers (byvoorbeeld die regering, nie-regeringsorganisasies, taalaktiviste) sowel as die politieke, ekonomiese en sosiale omgewing waarin die verandering moet plaasvind.

2.4. Taalaktiwisme en taalbeplanning in die onderwys

Die volgende afdeling fokus op daardie aspekte van taalaktiwisme en taalbeplanning wat betrekking het op taal-in-onderwys. Dit word word gedoen met inagneming van die feit dat “all aspects of language planning are potentially relevant to education, and *vice versa*” (Paulston & McLaughlin, in Fettes, 1997:14).

'n Taal-in-onderwysbeleid het 'n betekenisvolle uitwerking op sowel die prestasies van leerders as die daaglikse take van onderwysers. Daarbenewens het dit ook op sosiale en ekonomiese gebied 'n invloed. Baie veeltalige lande spook steeds met die vraagstuk oor watter taal of kombinasie van tale as medium van onderrig ingespan moet word ten einde te verseker dat vakinhoud effektief oorgedra word en leerders aan die einde van hul skoolloopbane vaardig genoeg sal wees om in 'n globale omgewing te kan kompeteer. Taal-in-onderwysbeplanning is veral van belang omdat dit as gevolg van die direkte invloed op individue, een van die areas is wat die openbare domein van taalbeplanning verteenwoordig. Opvoedkundiges van verskeie lande poog volgens Tucker (in Rossouw, 1999:99) steeds om innoverende taalonderrigprogramme te ontwikkel. Daar is verskeie redes hiervoor, onder meer “a desire to provide universal, free, primary (and often secondary) education; to regionalize educational systems which were previously controlled by, or modelled after, those of colonial powers; to foster a sense of self-esteem, ethnic awareness, or national unity”. Dit is volgens Kaplan en Baldauf (1997:134) belangrik om in ag te neem dat taalonderrig nie in 'n vakuum plaasvind nie. Leerders en onderwysers lewe in 'n gemeenskap wat verder strek as die klaskamer. Die sienings van die gemeenskap oor taalonderrig en kurrikuluminhoud kan die sukses van

die onderrig bepaal. Die betrokke gemeenskap se siening van diegene wat die kurrikulum beheer speel ook 'n belangrike rol. 'n Belangrike aspek van taal-in-onderrigbeplanning is dus om meganismes te skep om die sienings binne geteikende gemeenskappe te bepaal en te akkommodeer.

Volgens Edwards (1985:119) is dit duidelik dat onderwysprogramme potensiële instrumente in diens van kulturele pluralisme is, ongeag suiwer opvoedkundige faktore. Skole kan instrumente vir etniese of nasionale beleid wees wat tot interessante gevolge kan lei. Kedourie (in Edwards, 1985:119) maak die stelling dat:

“On nationalist theory ... the purpose of education is not to transmit knowledge, traditional wisdom, and the ways devised by a society for attending to the common concerns; its purpose rather is wholly political, to bend the will of the young to the will of the nation. Schools are instruments of state policy, like the army, the police, and the exchequer”.

Inheemse tale loop volgens Hornberger (1998:439) wêreldwyd die gevaar om heeltemal te verdwyn omdat dit nie aan die volgende generasies oorgedra word nie. Hierdie tale en hul sprekers verkeer onder geweldige druk van oënskynlik onweerstaanbare sosiale, politieke en ekonomiese faktore. Daar is egter volgens Hornberger toenemende bewyse dat taalbeleid en taalonderwys as instrumente gebruik kan word om die lewenskragtigheid en stabiliteit van hierdie tale te bevorder.

In sy bespreking van die invloed van globalisering op die taal-in-onderrigbeleid, beklemtoon Okano (2006:263) die belangrikheid om tussen globalisering van bo en globalisering van onder te onderskei. Globalisering van bo behels besluite deur nasionale regerings (en selfs internasionale magte soos die Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds). Die gevolglike probleme is kompleks en wentel grootliks om die verspreiding van mag wat weer demokrasie, gelykheid en toegang tot politieke besluitneming vir sprekers van minderheidstale beïnvloed. Globalisering van onder is volgens hom gesetel in populêre aktivisme. Dit sluit plaaslike politieke groepe,

professionele onderwyspraktisyns, ouers, studente en ander minderheidsgroepe in. Globalisering van onder sluit protesaksies deur hierdie groepe in wat 'n reaksie is op druk van bo in sake wat hulle direk raak. Daardeur beïnvloed hulle beleide en praktyke wat eensydig op nasionale vlak geïnisieer word. Daar is volgens Stroud (2001:343) genoeg bewyse dat programme vanaf plaaslike gemeenskappe positief tot die handhawing van taalvariëteite bydra. Kurrikulums wat die behoeftes van plaaslike gemeenskappe in ag neem word byvoorbeeld as tersaakliker ervaar as kurrikulums wat nasionaal gedrewe is.

García en Bartlett (2007:5) voer verder aan dat antropologiese en sosiologiese studies “the utterly social nature of second language acquisition” bewys. Navorsers beklemtoon ook dat tweedetaalleerders “(is) situated in specific social, historical and cultural contexts and how learners resist or accept the positions those contexts offer them”. Die onderrig van Engels as tweede taal moet dus die spesifieke sosiale, historiese en kulturele konteks in aanmerking neem. Linguistiese imperialisme in Engelse onderrig moet dus ten alle koste vermy word (García & Bartlett, 2007:6).

Stroud (2001:339) wys daarop dat die vraag oor die amptelike gebruik en status van nasionale tale in al meer lande in Afrika op die voorgrond tree. Die redes vir hierdie hernude fokus is volgens Stroud

- die toenemende kommer oor die uitbreiding en konsolidering van die burgers se demokratiese deelname en menseregte; sowel as
- 'n toenemende bewuswording van die probleme wat ontstaan omdat metropolitaanse tale vir alle amptelike funksies gebruik word.

Die diskoers oor amptelike tale wat deur die retoriek van nuwe Afrika-identiteite en die Afrika-renaissance aangevuur word, word tans oor die hele Afrika herevalueer. Dit kan die stigmas oor hierdie tale verwyder en hulle binne die diskoers van moderniteit posisioneer.

Die lewendigste en hardnekkigste vorm van taalbevordering vind volgens Stroud (2001:340) in die onderwys plaas. Alhoewel daar in die verlede gedebatteer is oor watter tale in die onderwys gebruik moet word, het dit egter nooit die aandag van politici en opvoedkundige instellings aangegryp nie. Hoewel die debat tans meer op die voorgrond tree en wye deelname uitlok, is dit egter steeds met probleme deurspek. 'n Algemene probleem is dat moedertaalprogramme selde lewer wat dit veronderstel is om te bied. Stroud noem in hierdie verband voorbeelde van bepaalde uitkomstes soos kognitiewe versterking en taalhandhawing wat dikwels totale mislukkinge is.

Volgens Del Valle (2003:218) is tweetalige onderwys

“perhaps, the defining issue for determining the extent and scope of what ‘empowerment’ will mean for language-minority communities. To advocate for bilingual education is to argue for the value of heterogeneity and the intrinsic worth of diversity for their own sakes while realizing that such an attitude, if properly reflected in national policy, will be a fertile ground from which respect for and amongst language-minority communities can grow”.

Del Valle redeneer verder dat tweetalige onderwys een van die moeilikste kwessies is om te verdedig omdat dit ongelukkig die kern uitmaak van die emosioneel gelaaiete arena van taalregte. Subtile kwessies, onder meer nasionalisme, moet bespreek word, asook die proses om 'n nasionale identiteit te definieer. Ander komplekse kwessies soos die rol van openbare onderwys, taalverwerwing en assimilasië moet ook aandag geniet. Die algemene publiek is as gevolg hiervan agterdogtig teenoor tweetalige onderwys.

Tweetalige onderwys het volgens García en Bartlett (2007:2) histories nooit in Amerika voorrang geniet nie. Eers in die laat 1960s is finansiering vir tweetalige onderwysprogramme as gevolg van die toename in die aantal leerders van Mexico en Puerto Rico, beskikbaar gestel. Hierdie proses, naamlik die erkenning van die leerders se

inheemse tale as noodsaaklik vir suksesvolle onderrig, sowel as die aanleer van Engels, is deur die burgerregtebeweging se druk op die regering aangehelp.

Hierdie burgerregtebewegings en ander rolspelers soos taalbewegings moet aan sekere vereistes voldoen ten einde suksesvol te wees in hul strewe om aan die politieke- en taalbestel van 'n samelewing deel te neem. Vervolgens dan 'n bespreking van taalbewegings aan die hand van die sosiale bewegingsteorie.

2.5. Taalaktiwisme en taalbewegings

'n Organisasie se sukses kan volgens Claysmith (2007:9) die beste verstaan word binne die konteks van die hedendaagse sosiale bewegingsteorie (social movement theory). Henderson en Jeydel (2007:15) beskryf 'n sosiale beweging as “a group of people with a common interest who work together to change a policy of government and/or to change how society perceives something”. Castells (1997:3) definieer hedendaagse bewegingsteorie as “purposive collective actions whose outcome, in victory or in defeat, transforms the values and institutions of society”. Voorstanders beweer dat sosiale bewegings as gevolg van die toename in die vlak van gegriefdheid binne groepe of gemeenskappe ontstaan het, of omdat verwagtinge met betrekking tot die vlakke van ontneming toegeneem het. Sosiale bewegings ontstaan dus as gevolg van drie redes, soos blyk uit die sielkundige model, die politieke proses/politieke geleentheidsmodel, en die hulpbronnemobiliseringsmodel.

Volgens die sielkundige model ontstaan sosiale bewegings as gevolg van gemeenskappe se reaksie op 'n grootskaalse versteuring in die alledaagse lewe. As gevolg hiervan word organisasies gevorm, gebaseer op so 'n gemeenskap se sielkundige reaksie tot die versteuring en die poging om betreklik normale toestande te herstel. So byvoorbeeld ontstaan sosiale bewegings as gevolg van oorloë of ekonomiese depressie. Die sielkundige model verduidelik egter nie die sukses van die bewegings nie. Die blote ontstaan van 'n beweging is nie noodwendig 'n waarborg vir die sukses daarvan nie.

Die tweede model, naamlik die politieke geleentheidsmodel veronderstel dat sosiale bewegings nie slegs binne die politieke struktuur moet funksioneer nie, maar dat spesiale pogings aangewend moet word om prosedures en magte wat die beweging mag bedreig, teen te werk (Claysmith, 2007:10). Die algemene struktuur van die bewegings, formele en informele prosedures, sowel as die mag van die bewegings, bepaal die sukses. In die Amerikaanse demokratiese stelsel speel sterk belangegroep, gerugsteun deur magtige finansiële instansies, 'n groter rol as die bewegings wat daarsonder moet klaarkom. Samewerkingsooreenkomste met magtige rolspelers binne die finansiële en politieke sektor is dus belangrike bepalers vir die sukses van bewegings.

Volgens die derde model, naamlik die hulpbronnemobiliseringsmodel, kan bewegings nie begin of suksesvol wees sonder die ondersteuning van sekere politieke, sosiale, en ekonomiese komponente nie. Die basis of standpunt van 'n beweging sal bepaal of 'n beweging invoelende netwerke met bewegings wat dieselfde doelwitte nastreef kan bou. Hulpbronne kan op hierdie wyse gedeel word. Khari Brown (2006:2) handhaaf die gedagte dat individue en organisasies buite die groep, sowel as splinterpartye met toegang tot beleidsbepalers, invloed oor beleidsbesluite en fondse om die beweging te finansier, die kern is vir die sukses van hulpbron-intensiewe handelinge soos die vorming van drukgroepe, boikottering, petisionering en ander vorme van demonstrasies.

Ander konsepte wat volgens Claysmith (2007:11) die sukses van sosiale bewegings bepaal is leierskap, doelwitstelling en taktiek. Claysmith noem die volgende algemene aksies:

In terme van leierskap glo Klandermans (in Claysmith, 2007:12) dat die sukses van bewegings sterk op leierskap steun. Leiers en organiseerders moet verskillende teorieë en taktieke bestudeer sodat hulle die regte kombinasies kan gebruik om positiewe resultate te verseker.

Dit is belangrik dat die bewegings die beste taktiek gebruik. Een taktiek is die wyse waarop enige beweging bepaal hoe die samelewing, die media en die politiek hul

doelwitte beskou. Claysmith noem die volgende handeling as die algemeenste taktieke wat gebruik word: stakings, protesaksies, boikotte van produkte of dienste, optogte, petisionering, advertensies, saamtrekke en demonstrasies. Na gelang van die doelwit van die organisasie sal 'n taktiek of kombinasies daarvan die sukses bepaal.

Leiers se doelwitte moet so gestel word dat dit duidelik sal wees wie die deelnemers sal wees, wie die kern van die beweging sal vorm en watter ander rolspelers betrek sal word. Dit is ook belangrik dat daar duidelikheid oor die vyand sal wees. Die doelwit moet eng genoeg omskryf word om die handeling te rig, maar ook breed genoeg om die beste steun te verwerf. Dit is belangrik om 'n gemeenskaplike identiteit te skep.

Skematies kan die drie modelle soos volg voorgestel word:

Tabel 2: Modelle van die sosiale bewegingsteorie

Model	Beskrywing
Sielkundige model	'n Sosiale beweging ontstaan uit die samelewing se reaksie op 'n groot versteuring in hul alledaagse bestaan.
Politiese geleentheidsmodel	'n Sosiale beweging ontstaan en behaal sukses deur samewerking met die algemene struktuur van politieke instellings, formele en informele prosedures van die regering sowel as magsvorming van politieke partye en belangegroepes.
Hulpbronnemobiliseringsmodel	Volgens hierdie model kan sosiale bewegings nie ontstaan of suksesvol wees sonder dat die ondersteuning van sekere politieke, sosiale en ekonomiese komponente nie reeds verseker is nie.

Die skep van taalregtebewegings is een van die maniere waarop groepe op taalregte kan aandrang. Faktore wat na verwagting die voorkoms van taalregtebewegings kan bepaal, is volgens Ishida *et al.* (2003:1) die volgende: 1) taaldiversiteit binne 'n land (D), 2) geletterdheidspeil (L), 3) bevolkingsgrootte (P), 3) nasionale inkomste as indeks van welvaart (G) sowel as 4) die bestaan van grondwetlike ondersteuning vir taalregte (C). Ishida *et al.* (2003:10) voer aan dat daar vier tipes voorwaardes vir die voorkoms van taalregtebewegings is. Elke tipe bevat hoofsaaklik 'n kombinasie van G en D wat bewys

dat die kombinasie van ekonomiese en linguistiese faktore aanleiding gee tot taalregtebewegings in 'n land.

Ishida *et al.* (2003:11) klassifiseer die volgende lande dan volgens die teenwoordigheid van die determinante G en D.

Tabel 3: Ishida *et al.* se klassifikasie van lande volgens die teenwoordigheid van die determinante G en D

G en D	CDGP	Maleisië, Italië, Kanada, België, Suid-Afrika
G en d	GLPd	Rusland, VK, Frankryk, Japan, Duitsland
g en D	DPgl	Pakistan, Indië, Kameroen
g en d	CLdg	Sri Lanka, Roemenië, Bulgarye
	Cdgl	Bangladesj, Mauritanië

'n Hoofletter dui op 'n sterk teenwoordigheid van 'n determinant.

Die teenwoordigheid van die determinante dui nie slegs op die teenwoordigheid van menseregtebewegings nie. Die kombinasie waarin die determinante binne 'n land voorkom, kan ook bepaal watter soort taalregtebeweging in die betrokke land sal voorkom. So byvoorbeeld kan bewegings in lande met G en D, wat Suid-Afrika insluit, vertolk word as bewegings waar die jong geslag met hoë vlakke van geletterdheid en nuwe waardes, hul etniese- en streeksidentiteit as alternatiewe identiteit herontdek. In Japan vind 'n herlewing van die Ainu-taal onder die jonger geslag plaas.

Ishida *et al.* (2003) lys die volgende taalregtebewegings wat na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het as voorbeelde waar die kombinasie G en D in wisselende kombinasies met C en L voorkom.

Tabel 4: Lys van taalregtebewegings na die Tweede Wêreldoorlog

Beweging	Land	Jare
Ainu Beweging vir Outonomie	Japan	1992
Indigenous People's Demand for Rights	Taiwan	1984
Demonstrasie deur Chinese Junior Hoërskoolleerders	Maleisië	1973

Staking deur Chinese onderwysers	Maleisië	1987
Taalonluste in Assam	Indië	1960
Taalonluste in Assam	Indië	1972
Taalonluste in Karnataka	Indië	1984
Bengali Taalbeweging	Pakistan	1948
Bengali Taalbeweging	Pakistan	1952
Taalonluste	Pakistan	1972
Studentedemonstrasie teen die instelling van die Arabiese taal	Bangladesh	1982
Tamil Weerstandsbeweging	Sri Lanka	1965-1957
Rasse-onluste	Sri Lanka	1961
Onluste teen die instelling van van die Arabiese taal	Mauritanië	1966
Studentedemonstrasies	Kameroen	1983
Taalkonfrontasie	Kameroen	1993
Demonstrasie in Soweto	Suid-Afrika	1976
Beweging vir outonomie in Occitan	Frankryk	1959
Northern Frisian Speakers Movement for Rights	Duitsland	1948-1949
Movement for Making Sardinian the official language	Italië	1977-1978
Taalkonfrontasie	België	1960-1963
Taalkonfrontasie aan Katolieke Universiteit	België	1967-1968
Taalkonfrontasie	België	1968
Taalkonfrontasie	België	1976
Taalkonfrontasie in Fourons/Voeren	België	1986-1988
Movement for the Foundation of the National Assembly for Wales	Verenigde Koninkryk	1950-1979
Walliese Taalbeweging	Verenigde Koninkryk	1982
Samibeweging vir Regte	Noorweë	1968-1978
Samibeweging vir Regte	Denemarke (Groenland)	1975-1987
Etniese onluste in Georgië	Rusland	1978
Beweging vir die Beskerming van Georgië	Rusland	1981
Demonstrasie in Uzbek	Rusland	1989

Gagauz-beweging vir outonomie in Moldavia	Rusland	1989-1994
Assimilasiebeleid vir Turk teen Turkse Onluste	Bulgarye	1970-1989
Etniese konfrontasie	Roemenië	1990
Quebec-probleem	Kanada	1968-1985
Demonstrasie deur Italianers	Kanada	1969
Lugvaartstaking teen die gebruik van Frans in lughawens in Quebec	Kanada	1076

Vanuit 'n Indiese uitgangspunt, poog Annamalai om 'n tipologie van taalbewegings vanuit 'n sosiale bewegings- en taalbeplanningsuitgangspunt aan te bied. Annamalai (1986:7) beskryf sosiale bewegings as nie-regeringsgeorganiseerd. Sosiale bewegings ontstaan uit die mense. Dit is nie georganiseerd nie en het nie 'n stelsel van beloning en straf nie. Minimale organisasie is egter 'n basiese element vir 'n sosiale beweging. Sosiale bewegings is egter ook nie “mob action” nie. Dit het 'n langer leeftydperk en is meer geïntegreerd as bende-aktiwiteite. 'n Belangrike eienskap van 'n sosiale beweging is “a sense of belonging and of solidarity among members ... although it occurs in various degrees, which is absent in mobs”. Nog 'n belangrike eienskap waaroor sosiale wetenskaplikes volgens Annamalai eens is, is dat sosiale bewegings verbind moet wees tot verandering in sosiale instellings en sosiale norme. Mahapatra (1986:7) voer egter ook aan dat 'n sosiale beweging teen verandering kan wees. 'n Beweging kan geklassifiseer word as reformatories of oorlewingsgerig, afhangend van die tipe verandering wat die beweging nastreef, naamlik sosiale verhoudings, instellings, of norme. Oorlewingsgerigte bewegings streef na “the good old days and have a strong urge to do away with whatever is alien to a society's culture”. Dit wil selektief herstel wat geglo word in die verlede goed was. Die model vir oorlewing is inheems. Die model van die reformiste vir verandering is vreemd tot hierdie groep. Hierdie groep ontstaan onder meer as gevolg van kontak met ander kulture. Ander oorsake vir die ontstaan van sosiale bewegings sluit interne veranderinge in wat weer die gevolg kan wees van ekonomiese faktore soos industrialisasie en verstedeliking. In hierdie geval sal daar geen model wees nie. Die twee groepe verskil in die hoeveelheid verandering wat bewerkstellig kan word. Die uiterste vorme op die kontinuum van reformatoriese verandering staan bekend as reformatoriese

of revolusionêre verandering. Herlewingsverandering fokus op die verandering of die gedeeltelike verandering van 'n bestaande stelsel.

Sosiale bewegings kan ook geklassifiseer word op grond van die deel van die samelewing wat spesifiek deur die beweging geaffekteer word, asook deur die deelnemers. Dit kan byvoorbeeld 'n werkersklas-, vroue-, studentebeweging, ens. wees.

Sosiale bewegings kan verskeie kragtige kulturele simbole gebruik om die massas te mobiliseer. Wanneer taal die primêre simbool is, word dit 'n taalbeweging.

Volgens Annamalai (1979) het verskillende tipes taalbewegings in Indië en elders ontstaan. Die bewegings kan geklassifiseer word na aanleiding van die status of korpus van 'n taal. Bewegings wat in die status van 'n taal geïnteresseerd is se doel behels die handhawing van die taal. Redes hiervoor is uiteenlopend en kan wees om: 'n aparte identiteit te behou of te verkry; erkenning vir sekere statutêre voorregte te verkry; en aanvaarding vir die gebruik daarvan in sekere gebiede te verkry. Die kwessie van identiteit speel ook 'n belangrike rol in taalbewegings. Die strewe om as afsonderlike groep met 'n eie identiteit erken te word, kan ook die rede wees waarom sekere groepe binne 'n taalgemeenskap verkies om 'n bepaalde dialek te praat en te bevorder.

Taalbewegings, soos ander sosiale bewegings, word ook geklassifiseer op grond van die tipe veranderinge wat dit bewerkstellig. Hierdie veranderinge is nie net linguïsties nie, maar ook sosiaal van aard. Bewegings om van die gebruik van 'n koloniale taal te verander na die gebruik van 'n inheemse taal, van 'n nasionale taal na 'n regionale taal, en van 'n dominante- of meerderheidstaal na minderheidstale in openbare instellings soos die administrasie, wetgewer, regstelsel, onderwys, en massakommunikasie, is reformatories. Voorbeelde hiervan in Indië is die bewegings om Engels op nasionale vlak met Hindi te vervang. Bewegings om Engels op nasionale- en streeksvlak te behou, sowel as die unitêre gebruik van die streekstale op staatsvlak is behoudend. Die voorstel daarenteen om Engels in die administrasie van die land met Sanskrit te vervang en om Sanskrit verpligtend in skole te maak, is herlewingsgerig (revivalistic).

Taalbewegings is nie, soos in die geval van sosiale bewegings, tot 'n spesifieke deel van die samelewing beperk nie. Annamalai (1979) beweer dat studies aandui dat dit onder leiding van die elite ontstaan het. Dit het egter oor alle klasse en sektore heen ontwikkel as gevolg van die deurdringende aard van taal as 'n simbool.

Taalbewegings deel dieselfde eienskappe as sosiale bewegings wat betref hul doelwitte en gevolge, asook wat betref die toestande wat bevorderlik is vir hul bestaan. Rao (in Annamali, 1986:13) noem dat relatiewe ontneming die kritiese toestand is vir die verskyning van enige sosiale beweging want “it places the perception of contradiction, conflict and protest at the center of social movements”. Dit is ook die geval met taal waar 'n gevoel van ontneming op sosiale vlak sowel as die funksionele verspreiding van tale, 'n groot rol speel.

Die intensiteit van 'n taalbeweging hou verband met die intensiteit van ontneming en ander sosiale toestande. Variasies sal plaasvind na gelang van hoe dit as bewegings, agitatie, eise, en aanduidings op sukses omskryf word.

Sosiale wetenskaplikes (Rao, 1979) toon aan dat gemeenskaplike mobilisering een van die definiërende kenmerke van 'n sosiale beweging is. Die mate van kollektiewe mobilisering mag in verskillende gevalle varieer. Alle gevalle van sosiale mobilisering kan ook nie noodwendig as sosiale bewegings beskou word nie. Al die gevalle kan wel beskou word as openbare aksies om sosiale verandering deur middel van taal te bewerkstellig.

Annamalai (1986:14) kom in haar studie tot die slotsom dat die belange van taalbewegings ook die belange van taalbeplanning is. Hierdie bewegings beïnvloed taalbeplanning deur middel van twee teenoorgestelde wyses. Een is om taalbeplanners te dwing om op so manier kennis van die oorsake en gevolge van bewegings te neem dat hulle beleid formuleer wat implementeerbaar is. Die ander wyse is om die hersiening of verandering van die taalbeleid wat reeds bestaan, maar nie deur bewegings goedgekeur is nie, te beïnvloed. Alhoewel openbare aksie om beleid te beïnvloed, van petisies tot

geweld insluit, en die invloed daarvan verband hou met die intensiteit daarvan, is taalbeplanning vir Annamalai steeds 'n proses van versoening tussen die beplanners en die publiek deur middel van aksie en reaksie. Ander taalverandering, soos taalsuiwering of taalsimplifikasie kan deur openbare aksie bewerkstellig word sonder dat enige regeringsaksie nodig is.

Ten einde die pogings van taalaktivistiese bewegings te analiseer, met inagneming dat taalaktivisme vir en téen moedertaalonderrig teenwoordig kan wees, kan die volgende raamwerk (gebaseer op die werk van Lubbe & Truter, 2007) belangrike insigte lewer. Hierdie raamwerk onderskei tussen amptelike en nie-amptelike stappe wat ter ondersteuning van moedertaalonderrig binne 'n demokratiese taalbestel aangewend word. 'n Demokratiese taalbestel word dan omskryf as 'n situasie waarin die veeltalige en multikulturele aard van die samelewing erken word. Daar word verder onderskei tussen pogings deur amptelike en nie-amptelike bewegings ter bevordering of benadeling van moedertaalonderrig en taaldemokrasie. Die verskil tussen taalregte-georiënteerde aktivisme en taalaktivisme wat in 'n teenoorgestelde rigting beweeg, dien as basis vir hierdie onderskeid.

Tabel 5: Prestigebeplanning/Ontwikkelingsbenadering

Benadering tot taaldemokrasie			
Amptelik (bo-na-benede)		Nie-amptelik (benede-na-bo)	
Positiewe benadering	Negatiewe benadering	Positiewe benadering	Negatiewe benadering
Positiewe beleids-aanpassings.	Negatiewe beleids-aanpassings.	Positiewe benadering van taalbewegings en individue.	Negatiewe benadering van taalbewegings en individue.
Uitsprake van regeringslui.	Uitsprake van regeringslui.	Positiewe aksies van taalbewegings en individue.	Negatiewe aksies van taalbewegings en individue.
Aksies.	Aksies.	Positiewe rapportering deur die media.	Negatiewe rapportering deur die media.

Onder amptelike benaderings tot moedertaalonderrig kan onderskei word tussen positiewe sowel as negatiewe aanpassings op amptelike beleid rakende moedertaalonderrig in skole, sowel as op positiewe uitsprake deur regeringsamptenare.

Onder nie-amptelike benaderings tot moedertaalonderrig kan ook weer onderskei word tussen positiewe sowel as negatiewe benaderings en aksies van taalbewegings en individue rakende moedertaalonderrig.

Taalbewegings en ander rolspelers soos individue wat hulle vir taalregte beywer, het instrumente nodig om op 'n georganiseerde en effektiewe wyse (van onder) deel te kan word van die taalbeplanningsprosesse in hul gemeenskappe.

2.6. Instrumente van taalaktiwisme

Martel (1999:47) identifiseer die volgende instrumente van aktiwisme, naamlik litigasie, drukgroeppvorming, navorsing, gemeenskapsmobilisering, mediadekking en selfs geweld. Laasgenoemde is volgens Du Plessis die uiterste vorm daarvan, maar dit kom nietemin voor (Du Plessis, 2004:169-70). Gebaseer op die werk van Martel onderskei Du Plessis die volgende sewe instrumente van taalregte-aktiwisme en plaas dit in 'n hiërargiese orde vanaf gematigde vorme van taalregte-aktiwisme tot 'n taalregte-aktiwisme wat meer konfronterend van aard is:

Hierdie instrumente van taalaktiwisme kan skematies soos volg voorgestel word.

Tabel 6: Die instrumente van taalaktiwisme

Instrumente van taalaktiwisme	
Ggematigd	Navorsing
	Mediadekking
	klagtelegging
	Drukgroeppvorming (Lobbying)
	Gemeenskapsmobilisering
	Petisionering
	Boikot
Konfronterend	Dreiging met litigasie
	Druk op die massas
	Demonstrasies
	Litigasie
	Geweld

Die instrumente van taalaktiwisme kan soos volg bespreek word:

2.6.1. Navorsing

In die hiërargiese orde van Martel word navorsing beskou as die gematigste instrument in taalaktiwisme. Bless *et al.* (2006:iii) glo dat die belangrikste doelwit van navorsing moet wees om die daaglikse lewens van mense en hul omstandighede te verbeter. Verder moet navorsing ook 'n volledige analise van die belangrikste kwessies bied sodat dit volledig verstaan kan word (Bless *et al.*, 2006:iv). Bless *et al.* redeneer verder dat navorsers bewus moet wees van “the real needs of their countries and by the conviction that they will undertake research promoting the genuine development of their countries”. Sen (2004:4) wys daarop dat hoewel daar spanning in die verhouding tussen aktiwisme en navorsing teenwoordig is, navorsing tog belangrike insigte oor die aard van die politiek wat beleid beïnvloed lewer. Sen (2004:8) toon aan hoe 'n kombinasie van aktiviste en navorsers suksesvol kan wees in die identifisering van en dokumentering van ervarings en hoe samewerking tussen die groepe uiteindelik kan lei tot die oordrag van die ervarings in regsterminologie en -konsepte kan oordra wat uiteraard in die onderhandelingsprosesse noodsaaklik is. Die ontwikkeling van terminologie of die intellektualisering van tale is nog 'n terrein waar navorsers en akademici 'n belangrike rol kan speel. Dit kan egter nie in isolasie gedoen word nie. Individue soos predikante, tolke, skrywers en gewone sprekers van 'n taal speel 'n belangrike rol in die proses van intellektualisering (Finlayson & Madiba, 2002:41; Liddicoat, 2002:1).

Hale (2001:1) noem in sy artikel getiteld *What Is Activist Research?* dat aktivistiese navorsing nie beperk is tot, of handel oor, mense wat as aktiviste beskou word nie. Dit beteken ook nie dat die navorser noodwendig as 'n aktivis beskou kan word nie. Hale beskryf dan aktivistiese navorsing as dat dit help om die grondoorsake van sosiale ongelykheid, verdrukking, geweld en verwante toestande van menslike lyding beter te verstaan; vanaf begin tot verspreiding in direkte samewerking met 'n georganiseerde groep mense wat aan hierdie toestande onderwerp is, uitgevoer word; en gebruik word

om strategieë vir die transformasie van hierdie toestande te ontwikkel en om die nodige mag te bekom sodat hierdie strategieë effektief kan wees. As sodanig betwis aktivistiese navorsing die diepgewortelde tweeledigheid tussen *suiwer* en *toegepaste* wetenskappe. Volgens Hale poog aktivistiese navorsing nie om die teoreties gedrewe strewe na begrip vir basiese prosesse in toegepaste probleemoplossing te vervang nie, maar om eerder 'n derde kategorie van navorsing te vestig, wat beide teoreties gedrewe is en terselfdertyd in die praktyk gebruik kan word.

Volgens Ovando (2003:16) sit taalnavorsers met 'n dilemma om eerstens hul navorsing onpartydig uit te voer en daardeur die gevaar staan om skietgoed aan hul teenstanders te verskaf, of tweedens om bevindinge te rapporteer wat hul standpunte sal steun. Volgens Ovando sou eersgenoemde die ideaal in 'n onverpolitiseerde wêreld gewees het. Navorsers sou dan op empiriese navorsing gekonsentreer het met die uitsluitlike doel om pedagogiese teorieë en praktyke uit te lig. Omdat taal in onderwys egter 'n ideologiese kwessie geword het wat groepe met uiteenlopende agendas betrek, het minderheidstaalonderwysers nie 'n keuse nie as om beter ingelig te wees sodat hulle hulself in taalbeleidsdebate kan handhaaf. Om dit reg te kry, moet hulle egter 'n duidelik geformuleerde strategie besit om taalkwessies binne 'n politieke konteks aan te spreek.

'n Belangrike element is dat linguïste konstant moet verseker dat die kennis van hul onderwerpsveld 'n groter invloed op die alledaagse opvattinge van mense in terme van die belangrikheid van taal moet hê. Linguïste het volgens Patrick (2004) die verantwoordelikheid om die belangrikheid van korrekte analitiese metodes en beredenering te bevorder. Dit is volgens Patrick algemeen dat mense verkeerde opvattinge oor taal het en dat hierdie verkeerde opvattinge in taalwetgewing, -beleid, diskriminerende praktyke en eensydige diskoerse opgeneem word. Hierdie praktyke werk uiteindelik beperkend op linguïstiese (en ander) regte in.

Ten opsigte van die spanning tussen navorsers en grondvlakaktiviste, voer Boudourides (2006:2) aan dat aktivisme se uitgebreide betekenis verwys na konkrete kontensieuse aktiwiteite, organisasie en leierskap, eise, vrae, besprekings en besinning oor doelwitte,

strategieë, taktieke, middele en gevolge, ideologiese bevestigings, deurlopende toewyding tot die stryd en bewustelike betrokkenheid by die rigting waarin beweeg word. Al hierdie praktiese aktiwiteite behels in 'n groot mate teoretisering, maar mag nie deur navorsers gemonopoliseer word nie. Boudourides redeneer dat grondvlakaktiviste, in die plekke waar hulle betrokke is, in werklikheid ook teorie genereer (op verskillende vlakke van abstraksie en verfyning). Hierdie teorieë moet die nodige erkenning kry en navorsers moet dus daarna streef om dit in die tradisionele wetenskap te integreer. Blomley (1994:31) sluit sy bespreking van die rol van akademici soos volg af:

“... I am still left with a search for an alternative model, one that navigates between the opposed perils of academic elitism and political disengagement. How can we contribute to and learn from progressive struggles without reinforcing the hierarchies of privilege, silencing those with whom we work? What do grass roots activists stand to lose from such an exchange? Does my status and economic power necessarily create distance? Is our role that of catalyst, facilitator, or student? How much of my angst entails a quest for self-validation or ‘holier than-thou status’? how much of ourselves are we willing to put on the line, given an institutional system that rewards docility and obedience?”

Rice (2009:1) beklemtoon dat daar wedersydse erkenning tussen linguïste en grondvlak taalaktiviste moet wees ten einde sukses te behaal. Sy stel dit soos volg: “It takes a community of people to revitalize an Indigenous language, and in order for linguists and language activists to truly work together, general principles such as relationships, respect, reciprocity and recognition are critical”.

Blomley (1994:29) huldig die siening dat progressiewe aktivisme en die akademie meer gedebatteer moet word. Volgens hom kan een van die redes vir die stilte wees omdat baie progressiewe akademici glo dat aktivistiese werk nie regtig intellektuele werk is nie. “If people engage in external struggle, they do so on their own time as citizens”. Sommige universiteite bestempel aktivistiese betrokkenheid van akademici, volgens Blomley, bloot

as gemeenskapsdiens wat as 'n klein persentasie van 'n akademikus se waarde vir die universiteit beskou word.

2.6.2. Mediadekking

Die rol van mediadekking is tweevoudig. Dit kan eerstens dien as instrument vir taalaktiwisme en tweedens as bron van inligting oor taalregte-aktiwisme. In dié opsig kan mediadekking dus as barometer vir die voorkoms van taalaktiwisme binne 'n gemeenskap dien. Massamedia verteenwoordig enige metode van kommunikasie waarmee groot groepe mense vinnig en effektief bereik kan word. Verskeie vorme van kommunikasie kan dus as massamedia beskou word. Televisie, radio, die pers, internet, advertensie, fotografie, dokumentêre programme, en selfs die teater, films, musiek, dans, kuns en storievertelling kan as vorme van massamedia beskou word. Een van die uitstaande kenmerke van die media is dat dit mense se opvattinge oor sosiale norme kan beïnvloed. Dit speel 'n belangrike rol in die vorming van menslike gedrag en houdings.

Met betrekking tot media-aktiwisme noem Munir (2009:1) dat niemand die rol van die media in die verspreiding van inligting kan ontken nie. Hy stel dit soos volg:

“If the communities about whom policies are made are not aware of what is going to affect their lives and their trends of livelihoods, economy and environment, they could not generate a response good or bad. This is the media, which owing to its basic responsibility of protecting the people’s Right to Know, intervenes telling the people the real story behind any development activity”.

Die doel van media is dus onder meer om mense bewus te maak van kwessies wat hul lewens raak en om hulle daaraan te herinner dat hulle nie net passiewe ontvangers van beleide hoef te wees nie, maar dat hulle in werklikheid 'n rol kan speel om beleidsformulering te beïnvloed. Munir voer aan dat veral die segment van die media wat met ontwikkelingskwessies te doen het, die belange van aandeelhouers en gemeenskappe

aanraak deur wat hy *professionele aktivisme* noem. Media-aktivisme plaas druk op beleidmakers en implementeringsagentskappe om 'n regtegebaseerde benadering te volg. Media-aktivisme waarsku ook gemeenskappe teen die negatiewe gevolge van beleide. Munir redeneer dat hierdie rol van die media tans veral tersaaklik is aangesien daar 'n oplewing in regtegebaseerde bewegings is. Groter bewuswording van menseregte en 'n wydverspreide regtegebaseerde benadering tot dispuutoplossings en die beskerming van weerlose groepe en gemeenskappe, beklemtoon die belangrike rol van die media.

Kritzinger (2004:12) glo dat die media in staat is om mense se opvattinge oor die werklikheid oor 'n tydperk te beïnvloed. Die media beïnvloed nie net wat mense dink nie, maar ook waaroor hulle dink. Deur media-inhoud subtiel te bestuur is die media in staat om mense se opvattinge oor konsepte soos *objektief* en *gebalanseerd* te beïnvloed.

Zabaleta *et al.* (2010:205) bevind in hul studie "A complementary journalistic function among European minority-language newspeople" dat die konsep en definisie van professionele joernalistiek in minderheidstaalmedia hersien moet word om vir 'n spesifieke pro-taalfunksie voorsiening te maak. Die studie toon dat joernaliste ten gunste is van die opvatting dat professionele joernalistiese aktiwiteite ook voorsiening vir taalondersteuning moet maak. Twee derdes van minderheidstaaljoernaliste beskou professionele joernalistiek as 'n aktiwiteit waarin 'n ondersteunings- en/of agiteringsfunksie geïnkorporeer behoort te word. Die studie toon verder dat joernaliste hul aktivistiese/militante funksie verhoog of verlaag na aanleiding van die situasie waarin hul tale verswak of verbeter.

2.6.3. Klagtelegging

Die lê van taalklagtes, as instrument in taalaktivisme, is deur Du Plessis (2004:170) voorgestel. Dit behels die formele indiening van klagtes by 'n amptelike instelling wat spesifiek vir hierdie doel tot stand gebring is. Volgens Lubbe en Truter (2006: 168) verwys taalregteklagtes na klagtes deur lede van taalgroepe of sektore vanuit taalgemeenskappe wat ervaar dat hul taalregte verontagsaam word. Die *Oslo*

Recommendations Regarding the Linguistic Rights on Minorities maak voorsiening vir die verwesenliking van onafhanklike nasionale instellings waarheen minderhede hulle kan wend indien hulle voel dat hul taalregte misken word.

Artikel 16 lees soos volg:

“States in which persons belonging to national minorities live should ensure that these persons have, in addition to appropriate judicial recourses, access to independent national institutions, such as ombudspersons or human rights commissions, in cases where they feel that their linguistic rights have been violated”.

Artikel 16 lees verder dat

“human rights acquire real meaning for their intended beneficiaries when the public authorities of the State establish mechanisms to ensure that the rights guaranteed in international conventions and declarations, or in domestic legislation, are effectively implemented and protected. As a complement to judicial procedures, independent national institutions usually provide quicker and less expensive recourses and are as such more accessible”.

Die lê van taalklagtes is op sigself ’n instrument vir taalaktiwisme en hoef nie noodwendig tot litigasie te lei nie. Du Plessis (2004: 174) is van mening dat taalregte-aktiwisme as verskynsel in Suid-Afrika steeds nie genoegsaam ontwikkel is nie. Sedert 1997 is die totale aantal taalklagtes (168) wat aan Pansat gerig is, volgens Du Plessis byvoorbeeld die helfte (140) van die gemiddelde aantal taalklagtes wat aan die Kommissaris van Amptelike Tale in Kanada gerig was. In 1997 is daar byvoorbeeld slegs een klagte aan Pansat gerig in vergelyking met die 1 762 klagtes wat in Kanada ingedien is.

2.6.4. Drukgroepvorming (Lobbying)

Drukgroepvorming kan van gemeenskapsmobilisering onderskei word deurdat 'n poging aangewend word om, deur middel van drukgroepvorming, invloedryke individue of groepe oor te haal om 'n spesifieke standpunt in te neem (Du Plessis, 2006:76). Hierdie invloedrykes kan politici, koerantredakteurs en/of staatsamptenare wees. Die waarde van drukgroepvormers is hul gespesialiseerde kennis oor spesifieke beleidskwessies. Drukgroepvorming, as taalaktiwisme-instrument, is dus 'n doelgerigte poging om invloedryke, openbare figure oor te haal tot, of teen, 'n spesifieke opvatting. Die uiteindelijke doel is om beleid of wetgewing te beïnvloed. Drukgroepvorming word reeds vir bykans twee eeue as instrument vir die oorrading van politici gebruik. Gelak (<http://www.alldc.org/>) haal die volgende uit die New Hampshire Sentinel van 1820 aan: “Other letters from Washington affirm, that members of the Senate, when the compromise question was to be taken in the House, were not only ‘lobbying about the Representatives’ Chamber,’ but were active in endeavoring to intimidate certain weak representatives by insulting threats to dissolve the Union”. Uit hierdie omskrywing kan afgelei word dat daar ook negatiewe elemente soos afdreiging en intimidering in drukgroepvorming as instrument van aktivisme kan voorkom. Oor kritiek dat drukgroepvorming stelsels potensieel kan skend, verdedig Bill Clinton (<http://thedailyshow.com/video/index.jhtml?videoid=103174&title=bill-clintonuncut>) sy vrou se ontvangs van drukgroepfondse soos volg: “Lobbyists are registered, they register with the federal government and can give the same amount of money, \$2300, that anybody else can. That’s not going to influence you. What gives the lobbyists influence is the people who hire them to work for them. It’s all the people they represent”. Die ekonoom Thomas Sowell verdedig drukgroepvorming as “simply an example of a group having better knowledge of its interests than people at large do of theirs”.

Cruickshank en Moore (2005:5) lys die volgende aktiwiteite of pogings om openbare beleid te beïnvloed, as voorbeelde van drukgroepvorming:

- Pogings om die uitkomste of rigting van voorgestelde of bestaande wetgewing te beïnvloed.
- Pogings om die wyse waarop reguleerders van beleid sodanige beleid toepas, te beïnvloed.
- Pogings om die breë rigting van openbare beleid, hetsy plaaslik, nasionaal of internasionaal van toepassing, te beïnvloed.
- Pogings ter ondersteuning (direk of indirek) van eksterne organisasies insluitende nywerhede, verenigings, handelskamers, dinkskrums, nie-regeringsorganisasies, ens. wat openbare beleid wil beïnvloed.
- Pogings om die organisasie se verhouding met regeringsamptenare te verbeter.
- Pogings om politieke kandidate te ondersteun deur byvoorbeeld finansiële bydraes te maak.

2.6.5. Gemeenskapsmobilisering

Gemeenskapsmobilisering behels 'n poging om verandering te bewerkstellig deur massas te beïnvloed ten einde 'n bepaalde doel te bereik. Die mag van getalle word gebruik om 'n spesifieke doel te bereik (Du Plessis, 2006:72). Mobilisering is meer konfronterend as drukgroepvorming. Die krag van mobilisering is volgens Morgan (2006:1) gesetel in die suksesvolle skepping van 'n kollektiewe identiteit in die teikengroep. Morgan en ook Barbour (1998:196) noem taal as een van die bruikbaarste merkers om 'n identiteit te bou. Nasionalisme is 'n verdere krag wat 'n rol in die mobilisering van mense speel. Volgens Barbour is nasionalisme 'n belangrike faktor in menslike gedrag. Hy voer aan dat die belangrikheid van nasionalisme gesetel is in "... its power to arouse passionate loyalties and hatreds which motivate acts of extreme violence and courage; people kill and die for their nations."

Gemeenskapsmobilisering as instrument van taalaktiwisme verteenwoordig vyf sub-instrumente. Hierdie sub-instrumente is nie waterdigte verskillende kategorieë wat altyd ten volle los van mekaar sal staan nie. 'n Mate van oorvleueling kom dikwels voor. Die vyf sub-instrumente is die volgende:

- Petisionering – of die versameling van handtekeninge vir ’n petisie.
- Die weerhouding van finansiële ondersteuning – of boikottering.
- Dreiging met litigasie.
- Druk op die massas ten einde ’n spesifieke doel te bereik.
- Die werklike aktiewe en verbale proteste of demonstrasies (Lubbe *et al.* 2004).

2.6.5.1. Petisionering

Dit behels die mobilisering van eendersdenkende mense om ’n saak te ondersteun deur ’n petisie te onderteken. ’n Petisie is ’n versoek om ’n kwessie wat gewoonlik kontroversieel is te verander en word gewoonlik aan ’n regeringsamptenaar of openbare entiteit gerig. Die *Petition Clause of the First Amendment to the U.S. Constitution* waarborg die reg van die mense “to petition the Government for the redress of grievances”. Die reg tot petisionering sluit ook die reg tot regsaksies teen die regering in.

Alhoewel petisies nie regseffek het nie, verteenwoordig die handtekeninge ’n morele mag wat nie sonder meer geïgnoreer kan word nie. Die menigte handtekeninge op petisies vir die vrylating van Nelson Mandela het definitief ’n groot rol in sy uiteindelijke vrylating uit die gevangenis gespeel.

2.6.5.2. Boikottering

Boikottering verwys na die weiering om ’n spesifieke wet of beleid uit te voer. Dit kan ook die terughouding en/of weerhouding van finansiële ondersteuning vir ’n saak wat nie gesteun word nie, insluit. Dit is ’n alternatief tot geweld en word normaalweg as ’n verbruikersaksie beskou. Wanneer dit deel is van ’n groter program wat op bewusmaking of transformasie van ’n beleid gerig is, word boikottering deel van morele handel.

2.6.5.3. Dreiging met litigasie

Litigasie is een van die instrumente van aktivisme wat gebruik kan word om aanspraak op menseregte te maak. Om met litigasie te dreig beteken om te dreig met 'n regsaksie teen 'n liggaam wat van die skending van menseregte beskuldig word. Litigasie is volgens Du Plessis (2006:90) een van die effektiefste vorme van aktivisme. Litigasie verwys gewoonlik na 'n kontroversie wat in die vorm van 'n regsaksie in die hof eindig. Indien dit nie deur onderlinge ooreenstemming opgelos kan word nie, moet die hof 'n beslissing neem wat dan wetlik afdwingbaar is. Dreiging met litigasie kan as 'n belangrike roete teen 'n instelling beskou word indien 'n taalgroep voel dat sodanige instelling hul taal bedreig. Indien die gewenste uitkomst nie bereik word nie, kan met litigasie voortgegaan word. Dit kan ook terselfdertyd gebruik word om ondersteuning vir die saak in die betrokke gemeenskap te mobiliseer. Litigasie of selfs die dreiging met litigasie kan 'n kragtige instrument vir agitasiedoeleindes wees.

2.6.5.4. Druk op die massas

Lubbe *et al.* (2004) verwys na druk op die massas as die organisering van 'n groot aantal eendersdenkende, ontevrede mense ten einde besluite wat deur die staat of ander liggame op hulle afgedwing is, teen te staan. Druk word op die massas geplaas ten einde 'n spesifieke doel te bereik. Tweetalige onderwys in die Verenigde State het eers werklik in die laat 1960s aandag begin geniet na aanleiding van druk deur die Burgerregtebeweging. Dit het volgens García en Bartlett (2007:2) gepaard gegaan met die toestroming van groot getalle Puerto Ricaanse en Meksikaanse leerders na die Amerikaanse skole.

2.6.5.5. Demonstrasies

Demonstrasies is gewoonlik aktiwiteite wat fisiese en verbale protesaksies vir of teen 'n saak behels. Dit kan optogte en ander openbare aktiwiteite, soos die oorhandiging van petisies, insluit. Dit is 'n nie-gewelddadige handeling deur 'n groep eendersdenkende mense wat gebruik word om hul gemeenskaplike belange ten toon te stel. Dit is veral

gedurende die Indiese onafhanklikheidsbeweging deur Mahatma Ghandi, asook gedurende die Amerikaanse burgerregtebeweging deur Martin Luther King, Jr. as 'n magtige vorm van aktivisme gebruik.

Demonstrasies kan gebruik word om 'n standpunt (negatief of positief) rakende 'n openbare kwessie wat as sosiaal onregverdig beskou word, te stel. 'n Demonstrasie is gewoonlik meer suksesvol indien baie mense daaraan deelneem. Dit kan die volgende vorme aanneem:

- Optogte, waar mense in 'n groep van een plek na 'n ander beweeg. Die doel daarvan kan wees om 'n petisie of memorandum te oorhandig of om hul boodskap aan die publiek bekend te maak.
- Saamtrekke, waar mense in groepe saamtrek om na toesprake te luister.
- Betoging (picketing), waar mense buite 'n bepaalde ruimte bymekaarkom en plakkate vertoon. Dit is gewoonlik 'n poging om andere te verhoed om in te gaan of om die publiek se aandag op hul saak te vestig.
- Sit-betogings, waar mense 'n bepaalde ruimte vir 'n bepaalde tydperk beset, totdat daar byvoorbeeld na hul griewe geluister word.

2.6.6. Litigasie

Naas geweld is litigasie een van die mees konfronterende van die sewe vorme van aktivisme. Dit is ook, volgens Du Plessis (2006:90), een van die effektiefste instrumente wat aktiviste kan gebruik. Dit verwys na 'n proses waardeur aktivisme na die hof gebring word. Dit gebeur gewoonlik wanneer alle ander minder konfronterende vorme van aktivisme uitgeput is. Die term *litigasie* moet onderskei word van ander vorme van dispuutoplossings soos *arbitrasie* wat na 'n geding verwys waar 'n privaat arbiter 'n beslissing maak, of bemiddeling wat na 'n gestruktureerde vergadering verwys waar die partye en 'n onafhanklike derde party saamwerk om 'n ooreenkoms te bereik. Gloppen (2005:1) noem die volgende voorwaardes vir suksesvolle litigasie: 1) effektiewe uitdrukking van griewe oor sosiale regte; 2) simpatieke reaksie van geregshowe ten

opsigte van griewe oor sosiale regte; 3) geregshowe se vermoë om gepaste oplossings vir griewe te vind; 4) nakoming van geregshofbevindings; en 5) die implementering deur sosiale beleide. Rice voer verder aan dat bekwame, openbare belang prosedeerders 'n vereiste is in die proses van litigasie. Litigasie sal egter waardeloos wees indien daar nie organisasies of sosiale bewegings is wat dit as instrument tot politieke mobilisasie wil gebruik nie. Litigasie in isolasie kan nie kwessies op grondvlak verander nie, maar skep volgens Gloppen geleenthede vir agente, onder andere taalaktiviste, om steun vir 'n saak te werf. Finegan (1997:426) en Crawford (1996:1) bespreek die uitspraak van die Hooggeregshof van die Verenigde State van Amerika (VSA) in die saak *Lau v. Nichols* as 'n mylpaaluitspraak rakende tweetalige onderwys. Hierdie saak, wat uit die ontevredenheid van Chinese ouers in San Francisco gespruit het, het daartoe gelei dat beleid amptelik aanvaar is dat tweetalige onderwys as basis vir Engelsonderrig as tussentydse maatreël aangebied moet word. Slegs wanneer litigasie as 'n instrument van taalaktiwisme gebruik word (Martel, 1999:63), word dit vir taalregte-aktiwisme moontlik om die doel te bereik. Litigasie bly egter 'n laaste keuse (Martel, 1999:65) en kan as die spreekwoordelike swaard van Damokles in onderhandelinge met die staat dien (Lubbe *et al.*, 2004).

Smulovitz (2004:3) bied 'n ander siening van litigasie en verwys daarna as 'n vorm van juridiese mobilisering. Volgens Smulovitz kan litigasie toeneem alhoewel geen waarborge bestaan dat dit positiewe gevolge vir die eisers sal hê nie. Litigasie kan dus ook as instrument gebruik word om simboliese legitimering, institusionele erkenning van die eise en politieke en sosiale mag vir 'n saak te verkry. Smulovitz glo dus dat 'n toename in die gebruik van litigasie in 'n gemeenskap nie noodwendig beteken dat daardie gemeenskap in die vermoë van die regstelsel om die probleme op te los glo nie, maar dat dit 'n aanduiding van die proses van mobilisering in die betrokke gemeenskap kan wees. Litigasie bied 'n stem aan minderheidsgroepe. Smulovitz (2004:3) stel dit soos volg “legal mobilization (is seen) as the paradigmatic form of political involvement in a democracy: it gives actors a voice, it allows them to expand the visibility and scope of their conflicts, and it allows them –at times- to readdress the orientation of certain policies”.

2.6.7. Geweld

Geweld is die mees ekstreme en radikale instrument van aktivisme. Voorbeelde van geweld, as instrument van aktivisme, het in Ierland en België plaasgevind, sowel as in Suid-Afrika in die vorm van die Soweto-opstand in 1976. Nasionalisme as basis vir die gebruik van geweld as instrument vir taalregteaktivisme kom veral tot uiting wanneer nasieskap, in die huidige polities-dominante gemeenskappe, beskou word as eenheid wat ten alle koste verdedig moet word. Nasionalisme word dan 'n beweging vir die verdediging van die belange van 'n nasie. Die gebruik van geweld word dan volgens Barbour (1998:194) gelegitimeer.

Met verwysing na Noord-Ierland en Quebec bespreek Mc Andrew (1987:44-119) die volgende determinante van geweld as instrument van aktivisme:

- **'n Geskiedenis of tradisie van geweld**

Ierland se geskiedenis gedurende die Middeleeue is gekenmerk deur geweldpleging waar verskeie faksies oor beheer van die eiland gebots het. Dit is gevolg deur die botsing tussen Protestante en Katolieke om politieke beheer. Alhoewel die Franse ook 'n geskiedenis van geweld het (onder meer die Franse Revolusie), het die Franse Kanadese van Quebec se strewe na politieke onafhanklikheid grootliks sonder geweld verloop. Dit kan toegeskryf word aan twee faktore:

- Die federale regering se benadering en die groot toegewings wat die Britse regering aan hulle gemaak het.
- Die feit dat Quebec 'n relatief homogene samelewing was.

- **Politieke strukture en verteenwoordiging.**

Twee faktore speel hier 'n rol:

- 'n Gevoel van nasionalisme wat 'n verenigende rol by spesifieke groepe mense speel wat hulself subjektief as 'n eiesoortige en verenigde samelewing beskou.
- Hierdie groep beskou hulself as slagoffers van diskriminasie deur 'n sterker groep op sosio-ekonomiese gebied.

Geweld kan wel vermy word indien regerings die gevoel van diskriminasie kan besweer.

- Geweld en die ekonomie

Alhoewel ekonomiese diskriminasie aangedui word as determinant vir geweld is dit volgens Mc Andrew onduidelik hoe die gebruik van geweld so 'n situasie kan omkeer. In die geval van Noord-Ierland is ekonomiese teikens aangeval in 'n poging om die Britse beheer van die Noorde onmoontlik te maak en nie om ekonomiese beheer te verkry nie.

Mc Andrew (1987:82) kom tot die slotsom dat hoewel ekonomiese kwessies belangrik is vir onderdrukte groepe, die probleme nie deur geweld opgelos kan word nie. Die ekonomie as faktor in geweld is dus sekondêr tot die ander geïdentifiseerde determinante. Dit kan in werklikheid tot groter probleme en chaos aanleiding gee.

- Gemeenskapsdeterminante

'n Finale aspek in die bepaling van geweld is die invloed van verskeie gemeenskapsagente wat nie direk in die situasie betrokke is nie. Mc Andrew (1987:83) is van mening dat hoewel daar verwag kan word dat die Rooms-Katolieke Kerk 'n groot rol in 'n beweging teen geweld sou speel, daar baie min verwysings na die rol van die kerk in die literatuur beskikbaar is. Dit blyk verder, volgens Mc Andrew, dat die Noord-Ierse gemeenskap hul stryd as politiek beskou het en dat die PIRA se strategie van geweld 'n groter aantrekkingskrag vir hulle gehad het. Anders

as in Quebec waar burgers tevrede was om deel van die regeringsprosesse te wees, het die Katolieke gemeenskap in Noord-Ierland geweier om deel van enige regeringsforum te wees omdat hulle geglo het dat dit legitimiteit aan die *status quo* sou verleen het.

In hierdie afdeling is die instrumente van taalaktiwisme soos deur Martel (1999) en later Du Plessis (2006) geïdentifiseer, bespreek. As uitdaging tot sosio-politieke magte wat ten doel het om ondemokratiese strukture te vestig, kan taalaktiwisme beskou word as 'n manifestasie van die pogings van taalaktiviste om van hulle te laat hoor in besluitneming rakende die formulering van taalbeleid wat hulle direk raak. Die instrumente van taalaktiwisme is op 'n kontinuum van gematigde vorme tot meer konfronterende vorme bespreek. In uiterste gevalle kan taalaktiwisme manifesteer in die totale verwerping van 'n taalbeleid wat eensydig op minderheidsgroepe afgedwing word sonder inagneming van die taalregte van so 'n minderheidsgroep.

2.7. Situasiies van taalbeplanning en taalaktiwisme in geselekteerde lande

In hierdie afdeling is 'n gevallestudie-oorsig gedoen van die voorkoms van taalaktiwisme in geselekteerde lande en hoe dit bygedra het tot die skep van 'n taalregtegebaseerde bestel. Die gevalle is so geselekteer dat dit voorbeelde insluit van gevestigde state soos Australië en die VSA asook jonger ontwikkelende state wat na kolonisasie en verdrukking onafhanklikheid verkry het.

2.7.1. Masedonië

Alhoewel die Europese Unie volgens Deprez (2001:59) reeds so vroeg as 1957 besluit het op 'n beleid van veeltaligheid, word die Unie tans, volgens Spasov (2003:1) met 'n situasie in die voormalige USSR, Tsjeggo-Slowakye en Joego-Slawië gekonfronteer waar kleiner en onbekender tale op die voorgrond tree. Hierdie uitdagings het ontstaan as gevolg van die verdeling van die voormalige state in kleiner nasionalistiese state asook as gevolg van die territoriale uitbreiding van die Europese Unie. Die Europese Unie se

verbinten is tot die regte van alle Europese nasies en hul kulture waarborg volgens Spasov die status van hul tale. Hierdie beskerming is verder uitgebrei om ook voorsiening te maak vir alle tweedetaalgemeenskappe binne die Unie wie se tale nog nie amptelike status verkry het nie. Die Europese Unie Deklarasie vir die Beskerming van Minderheids- en Streekstale het ontstaan om lidstate te verplig om linguistiese en kulturele verskille te respekteer. Die probleem met die verklaring was egter dat lidlande, sowel as aspirant lidlande, nie verplig was om dit te onderteken nie. Dit is deur 'problematiese' lande wat nie die verklaring onderteken het nie en valslik voorgegee het dat geen minderheidsgroepe binne hul grense bestaan nie, uitgebuit. In die voormalige Joego-Slawië was die poging om die *Gheg Albaniese* dialek vir gebruik deur Albanese in Kosovo en Masedonië te standaardiseer, onsuksesvol. Dit kan volgens Spasov (2003:2) as waarskuwing dien dat die Masedoniese taal in lande waar Masedoniërs 'n minderheidsgroep is, die gevaar loop om van die toneel te verdwyn. In Nederland, as Europese Unie lidstaat en dus verbind tot die verklaring, is die studie van die Masedoniese taal, literatuur en kultuur egter deel van die wettige raamwerk. 'n Leerder wie se moedertaal Masedonies is, kan nie laer- of hoërskool deurkom sonder dat hulle die verpligte kursusse in die Masedoniese taal, literatuur en kultuur geslaag het nie. Dit is egter nie die geval in state buite die Europese Unie nie, waar Masedoniese kinders in lande soos Pole, die voormalige USSR sowel as die voormalige Joego-Slawië bloot in hierdie lande se hoofstroomtale en kulture geassimileer word.

Die volgende aktivistiese aktiwiteite word volgens Spasov (2003:3) deur Masedoniese linguïste sowel as die Raad vir Masedoniese Tale in die Republiek van Masedonië voorgestel:

- Die vernuwing van die aktiwiteite van die sogenaamde Matica ('n oerliggaam) ter ondersteuning van die Masedoniese taal en kultuur van emigrante in ander dele van die wêreld.
- Die stigting van 'n spesiale akademie vir Masedoniese gemeenskappe in diaspora waar Masedoniese nasionalisme lewendig gehou kan word en waar die

Masedoniese taal beklemtoon kan word. So 'n akademie sal alle ouderdomsgroepe toelaat.

- Die gebruik van alle moontlike organisasie-metodes en aktiwiteite wat die beskerming, onderrig en handhawing van die Masedoniese taal in die diaspora ten doel het.
- Die organisering van 'n aparte opvoedkundige program deur middel van die satellietkanaal van die Masedoniese nasionale televisie om gemeenskappe buite Masedonië te bereik. 'n Webwerf en -skakel moet ook deurlopend in stand gehou word.
- Die skep van 'n nasionale liggaam wat die totale handhawingsnetwerk van die Masedoniese taal, kultuur en literatuur in stand kan hou moet 'n prioriteit-taak wees.
- Die aandrang op die reg dat Masedoniërs in die buiteland hul taal, kultuur en literatuur kan bestudeer. Hierdie aandrang moet openlik en direk gedoen word en moet deur die Europese Unie ondersteun word. In nie-Europese Unie-lande soos die VSA, Kanada, Australië, Nieu Seeland, ens. moet die aandrang deur middel van bilaterale vergaderings op alle vlakke geskied.

In die Republiek van Masedonië self is die geleentheid volgens Venovska-Antevska (2003:1) vir die vrye ontwikkeling van alle tale en kulture geskep. Hierdie geleentheid het binne die media sowel as die onderwysstelsel bestaan. Geen gemeenskap in Masedonië is toegelaat om andere uit te sluit nie. Die enigste voorwaarde wat egter bestaan het, was dat erkenning gegee moes word aan die Masedoniese taal as amptelike taal van kommunikasie en dat in gedagte gehou moes word dat hierdie voorreg vir die taal slegs in Masedonië van toepassing was. Masedonies is die taal van nasionale eenheid en moet nie vir disintegrasië misbruik word nie.

Wat taalbeplanning in Masedonië betref kan tot die slotsom gekom word dat die transformasie van die land tot 'n onafhanklike staat vrese vir taalmiskening tot gevolg gehad het. Die land is egter 'n goeie voorbeeld van positiewe taalbeplanningsinisiatiewe, beide van bo-na-benede en benede-na-bo wat ingestel is om taaldemokrasie te bevorder.

Beleid ter bevordering van die Masedoniese taal, sowel as minderheidstale, is deur die regering gevestig en dit is deur taalaktivistiese bewegings ondersteun. Taalaktivisme in Masedonië word uit die land self bedryf en is nie slegs op die plaaslike behoud van hul taal gemik nie, maar ook internasionaal. Hierdie beweging is in lyn met Anamalai (1999) se siening dat dit belangrik is dat taalbewegings uit die gemeenskap self moet ontstaan, dat dit oor 'n geskiedenis van taalaktivisme moet beskik en dat die beweging oor die nodige hulpbronne moet beskik. Die leiding word deur plaaslike linguïste geneem wat hulle tot hul reeds gevestigde taalbewegings wend, byvoorbeeld Matica wat oor 'n geskiedenis van taalaktivisme beskik, om hul doel te verwesenlik. Hulle span die nasionale televisie sowel as ander elektroniese media effektief in as instrument in om voorbrand vir hul taalregte te maak en om 'n nasionale trots te ontwikkel. Gemeenskapsmobilisering word ook deur aktiviste as instrument gebruik ten einde 'n handhawingsnetwerk vir die instandhouding van hul taal, kultuur en literatuur te skep. Masedoniese taalaktivisme is sterk taalregte georiënteerd omdat dit daarop gemik is om geleenthede vir die vrye ontwikkeling van alle tale binne die land te skep, asook om te verseker dat Masedoniese emigrante se reg om hul taal aan te leer en te bestudeer, gerespekteer word. Masedonië beskik nie oor groot aktivistiese taalbewegings nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die bedreiging vir die Masedoniese taal nie binne die land self bestaan het nie. Ten einde hul taalregte in die buiteland te verseker verkies Masedoniese taalaktiviste 'n meer gematigde instrument van aktivisme, naamlik bilaterale vergaderings met bewindhebbers.

2.7.2. Verenigde State van Amerika (VSA)

In teenstelling met taalaktivisme in Masedonië word taalaktivisme in die VSA hoofsaaklik deur minderheidstaalgroepe gevoer wat aandrang op die reg om in hul moedertaal onderrig te word. Hierdie reg word deur die bewindhebbers teengestaan en deur anti-tweetalige onderwysdrukgroepe soos *U.S. English*, *English Only*, en *English First*, wat voorstanders van eentalige Engelonderrig was, ondersteun. In Steyn (1980:74) en later Du Plessis (1986) se onderskeid tussen taal- en taalregte-aktivisme vind ons dus 'n botsing tussen aktiviste wat na 'n demokratiese taal in die onderwysbedeling streef

teenoor groepe wat eerder die assimilasië van minderheidstaalgroepe in die bestaande bestel van Engelsonderrig ten doel het.

Ovando (2003:1) redeneer dat betwisting en herformulering van tweetalige onderwys in die Verenigde State van Amerika (VSA) in verskillende historiese, politiese, sosiale en ekonomiese kontekste plaasgevind het. 'n Historiese oorsig van die ontwikkeling van die multikulturele onderwysbeleid beklemtoon die invloed van die veranderende sosio-politieke konteks op die burgerskapvoorwaardes, toegang tot openbare onderwysinstellings en die insluiting van diverse kulturele kennis en tale in die kurrikulum. Die definisie van 'n Amerikaanse burger en wie se taal en kultuur in die skole 'tel' het oor die verskillende tydperke gevarieer (Johnson, 2003:108). Ovando onderskei die volgende tydperke:

- Permissiewe Tydperk: 1700s – 1880s

Gedurende hierdie tydperk het groot getalle immigrante-gemeenskappe in groepe saamgetrek en hul taal, godsdiens en kultuur aggressief bevorder. Hulle het hul eie kultuur bewaar maar ook terselfdertyd aan die bedrywigheid van die nasie deelgeneem. 'n Redelike toeganklikheid en verdraagsaamheid het tussen verskillende groepe bestaan. Hoewel die tydperk beskryf kan word as vergunnend van aard, en tweetalige- of nie-Engels-eentalige onderrig in baie skole voorsien was, was daar nie amptelike beleide in plek om tweetaligheid te bevorder nie. Die beleid wat gevolg was, kon eerder beskryf word as linguisties assimilerend en *laissez-faire*.

- Inperkende Tydperk: 1880s – 1960s

Hierdie tydperk kan beskou word as 'n draaipunt in linguistiese- en immigrasiebeperkings. Vroeg in die 1880s is 'n aantal onderdrukkende beleide geformuleer wat veral daarop gerig was om die Indiaanse taal en kultuur te onderdruk. Die strewe na homogeniteit het gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu 'n goed gevestigde patroon in skole bewerkstellig. Die behoefte aan nasionale eenheid het tot die bevordering van eentalige

Engelse skole gelei wat geen verdraagsaamheid teenoor die behoeftes van immigrante getoon het nie. Die superioriteit van die Amerikaanse ‘beskawing’ en die demokrasie is in taalbeleide opgehemel, terwyl dit in werklikheid ten doel gehad het om minderheidstale en -groepe te vernietig om sodoende koloniale oorheersing te behou.

Alhoewel die Inperkende Tydperk eentalige Engelsonderrig beklemtoon het, het agitatie vir nie-Engelse moedertaalonderrig tog plaasgevind. Die Hooggeregshof het byvoorbeeld in 1923 in die saak *Meyer v. Nebraska* die besluit van Nebraska om onderrig in vreemde tale te verbied, ongrondwetlik verklaar.

- Opportunistiese Tydperk: 1960s – 1980s

Hierdie tydperk volg op die Tweede Wêreldoorlog wat as ’n wekroep vir die VSA oor die tekortkominge in vreemdetaalonderrig gedien het. Hierdie besef het in 1958 aanleiding gegee tot die aanvaarding van die *National Defense Education Act*. Hoewel die wet ten doel gehad het om die vlak van vreemdetaalonderrig te verhoog, het dit tog nie daarin geslaag om linguistiese diversiteit te bevorder nie.

Hierdie toedrag van sake het vanaf die 1960s begin verander as gevolg van die burgerregtebeweging en die *1964 Civil Rights Act*, wat ook tot die totstandkoming van die *Office for Civil Rights* gelei het. Die herinstelling van tweetalige onderrig is ook te danke aan die Kubaanse Revolusie van 1959. Groot getalle Kubane wat in Florida gewoon het, het daarna gestreef om hul moedertaal, Spaans, te behou. In 1963 het hulle ’n suksesvolle tweetalige onderwysprogram te *Coral Way Elementary School* begin. Dit is moontlik gemaak deur die ondersteunende rol van professionele Kubaanse ouers. Beskikbare, goed gekwalifiseerde Kubaanse onderwysers, federale ondersteuning deur die *Cuban Refugee Act*, en lae vlakke van rassisme teenoor Kubane het ook bygedra tot die sukses wat hulle met hul tweetalige onderwysprogramme behaal het. Die sukses van *Coral Way* het weer as stimulus gedien vir ander tweetalige onderwysprogramme in Florida en ander dele van die land. Die meeste van hierdie programme is deur plaaslike gemeenskappe geïnisieer en gefinansier.

Ter versterking van moedertaalonderrig en Engels is die *Bilingual Education Act* in 1986 aanvaar. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Amerika het die federale regering 'n onderwysstelsel begin wat die waarde van leerders se kulture, tale en vorige ervarings in suksesvolle onderrig erken het. As gevolg van die *Bilingual Education Act* van 1986, gemeenskapsaktiwisme en litigasie deur Spaanssprekende inwoners in die Suidweste, is baie tweetalige programme deur die hele land geïmplementeer. Die volgende belangrike gebeurtenis in die herlewing van tweetalige onderwys was die 1974 Hooggeregshof-uitspraak in die saak van *Lau v. Nichols*. Die *Lau*-saak was die gevolg van 'n klas-aksie deur 1 800 Chinese studente wat aangevoer het dat hulle nie op hul beste kan presteer nie omdat hulle nie toegang tot moedertaalonderrig gehad het nie. Hierdie uitspraak kan beskou word as die belangrikste en blywendste simbool waarop die burgerregte van minderheidstaalgroepe vir 'n lang tyd geskoei sal word. Die *Lau*-uitspraak is opgevolg deur die saak van *Castañeda v. Pickard* (1981). Dit het aan die taalgemeenskappe spesifieke riglyne verskaf waarvolgens bepaal kon word of 'n skooldistrik by die gees en letter van die *Lau*-uitspraak hou.

Die opportunistiese tydperk het baie geleenthede vir die ontwikkeling van tweetalige onderwys deur middel van federale wetgewing, litigasie en gemeenskapspogings geskep. Hierdeur is die burgerregte van minderheidstaalgroepe verstewig.

- Uitsluitingstydperk: 1980s –

Hierdie tydperk word gekenmerk deur massiewe maatreëls om immigrasie vanaf ontwikkelende lande teen te werk. Die stryd teen tweetalige onderwys het in hierdie tydperk momentum gekry. Die politiek van taalonderrig tydens Ronald Reagan en George H.W. Bush se termyn het die konteks vir die anti-tweetalige sade wat gedurende die 1980s gesaai is, voorsien. Dit het selfs tot 'n verskuiwing in regeringsfinansiering ten gunste van eentalige Engelsonderrig gelei. Die *Lau*-onderworpenheidstandaarde, wat hoofsaaklik op die *Castañeda v. Pickard*-riglyne gebaseer was, is nooit as amptelike

riglyne gepubliseer nie. Daardeur is die riglyne wat as mandaat vir tweetalige onderwys kon dien in die kiem gesmoor.

Politieke aktiviste het landswyd begin druk uitoeven vir 'n terugkeer na die *sink-of-swem*-dae en die smeltkroesideologie. Anti-tweetalige onderwysdrukgroepe soos *U.S. English*, *English Only*, en *English First* het op die toneel verskyn. Hierteenoor het groepe soos *English Plus*, 'n groep wat tweetalige onderwys voorgestaan het en as alternatief tot eersgenoemde groepe ontstaan het, swak gevaar omdat hulle nie soveel openbare steun en mediadekking kon genereer nie.

Die debat ten gunste van eentalige Engelsmediumskole is gedurende hierdie tydperk verskerp. Die debat het 'n hoogtepunt bereik met die aanvaarding van *Proposition 227*, dat Engels die primêre taal van onderrig vir minderheidstaalleerders moes wees. Onderwysers, professors, navorsers en programbestuurders, wat in die waarde van tweetalige onderrig geglo het, moes nou 'n program implementeer wat nadelig vir minderheidstaalleerders sou wees.

Aktivisme vir tweetalige onderrig het egter steeds in hierdie moeilike omstandighede voortgegaan. In 1999, tydens die Clinton-regering, is besnoeiings in regeringsfinansiering vir tweetalige onderrig byvoorbeeld herstel. Skematies kan die bespreking van Ovando soos volg voorgestel word:

Tabel 7: 'n Skematiese voorstelling van die betwisting en herformulering van tweetalige onderwys in die Verenigde State van Amerika (VSA) in verskillende historiese, politiese, sosiale en ekonomiese kontekste

	Die Permissiewe Tydperk: 1700s - 1880s	Die Inperkende Tydperk: 1880 - 1960s	Die Opportunistiese Tydperk: 1960s - 1980s	Die Uitsluitingstydperk: 1980s -
Politieke agtergrond	Linguisties assimilerend en laissez-faire.	Koloniale dominansie. Strewe na Nasionale eenheid.	Periode volg op die Tweede Wêreld Oorlog.	Maatreëls word implementeer om immigrasie uit ontwikkelende lande te stop. Regeringsfinansiering vir eentalige Engelsonderrig.
Beleid	Redelike openheid en verdraagsaamheid.	Vernietiging van minderheidstale en -groepe. Behoud van koloniale dominansie.	Eerste keer erkenning aan die waarde van leerders se kulture, tale vir suksesvolle onderrig.	Onverdraagsaamheid teenoor tweetalige onderwys.
Betrokkenes	Groot getalle immigrante.		Burgerregtebewegings. Goed gekwalifiseerde Kubaanse onderwysers. Kubaanse immigrante.	Anti-Tweetalige groepe soos <i>U.S. English</i> , <i>English Only</i> , en <i>English First</i> baie aktief. Groepe soos <i>English Plus</i> vaar swak.
Aktiwiteite	Bevorder aggressief hul tale, godsdienste en kulture.		Regerings finansiering. Stigting van gemeenskap-skole. Gemeenskaps-aktiwisme en litigasie Spaanssprekers.	Aktiwisme vir Twee-talige onderwys kry weer momentum onder Clinton regering.

Die geskiedenis van taalbeplanning in die VSA word gekenmerk deur die teenwoordigheid van beide positiewe en negatiewe benaderings. Die intensiteit van taalaktiwisme in die VSA is hoofsaaklik deur die politieke klimaat van die land tydens verskillende tydperke in die land se geskiedenis beïnvloed. Twee uiteenlopende groepe kan onderskei word, naamlik diegene wat ten gunste van moedertaalonderrig agiteer teenoor diegene wat vir Engelsonderrig agiteer het. Aktiwisme vir veeltalige onderrig is veral vanuit die geleedere van die minderheidsgroepe, wat hoofsaaklik immigrantegroepe was, gevoer. Hul motivering was die handhawing van hul taal, godsdienste en kulture. Die sosiale bewegings wat hier betrokke was, was hoofsaaklik burgerregte-organisasies, sowel as ouer- en onderwysersorganisasies. Hul doeltreffendste instrument was litigasie. Die *Lau v. Nichols*-saak, die belangrikste en blywendste simbool waarop die burgerregte van minderheidstaalgroepe vir 'n lang tyd geskoei sou word, was byvoorbeeld die gevolg van Chinese ouers se aandrang op hul reg tot onderwys wat aan hul kinders die beste moontlike kans sou gee om ten beste te presteer. Teenoor hierdie groep was die Anti-

tweetalige groepe soos *US. English*, *English Only*, en *English First* baie aktief. Onder die liberale Clinton-beleid het die teenstanders van tweetalige onderwys veld verloor.

2.7.3. Papoea-Nieu-Guinee

Taalregteaktiwisme in Papoea-Nieu-Guinee het net soos in die VSA ook 'n meer demokratiese taal in die onderwysbestel teenoor die Australiese beleid van sentralisasie en assimilasië van minderheidstale ten doel gehad. Litteral (2000:1) bied 'n uiteensetting van taalbeleidsontwikkeling in Papoea-Nieu-Guinee waarin hy veral op die tydperk na onafhanklikheid van die land fokus. Gedurende hierdie tydperk het die inheemse tale 'n groter rol in die kurrikulums van veral landelike skole begin kry. Vroeëre bo-na-benede beheer van onderwys, waar slegs Engels as onderrigtaal gebruik is, is omgekeer namate die gedesentraliseerde grondvlakbeleide meer suksesvol was.

Volgens Litteral (2000:1) kan vier tydperke in die geskiedenis van taalbeleidsontwikkeling in Papoea-Nieu-Guinee onderskei word, gebaseer op beleid, verantwoordelikheid, kulturele doelwitte en taalverwante aktiwiteite. Hy illustreer die tydperke verder met beduidende gebeure en organisatoriese aktiwiteite tydens elke tydperk. Skematies kan sy indeling soos volg voorgestel word:

Tabel 8: 'n Skematiese voorstelling van die vier periodes in die geskiedenis van taalbeleidsontwikkeling in Papoea-Nieu-Guinee gebaseer op beleid, verantwoordelikheid, kulturele doelwitte en taalverwante aktiwiteite.

	60s	70s	80s	90s
Proses	Verwestering	Lokalisering	Inheemse aanpassing	Inheemse ontwikkeling
Beleid	Gesentraliseerd Koloniaal	Gesentraliseerd Nasionaal	Gedesentraliseerd	Multivlak
Perspektief	Westerse ingevoerde kultuur	Gematigd Westers	Plaaslike kultuur vir geletterdheid	Plaaslike kultuur vir onderwys
Taal	Engels	Engels, beperkende plaaslike tale	Plaaslike taal in nie-formele opset	Plaaslike taal formele opset
Universiteit	Engels Beskrywende linguistiek	Toegepaste Linguistiek deur NRO Tok Pisin, Hiri Motu Waigani Seminaar Dutton: Tok Pisin	UPNG ERU Geletterdheid Oro en Enga Provinsies Geletterdheids-kursusse	Geletterdheid
SIL	Beskrywende en toegepaste linguistiek Volwasse geletterdheid	Toegepaste Linguistiek te UPNG Nasionale Opleiding	Ondersteun provinsies en gemeenskappe met moedertaalskole Geletterdheid, produksie metodes Tok Ples werkers seminaar Sekondering na NDOE	Kultuur-gebaseerde kurrikulum-ontwikkeling Moedertaalonderwys opleidings-program
Beduidende Persone & Gebeure	G Kilalang J Gunter	Tok Pisin Konferensie NSP Navorsing Moedertaal in Onderwys Kolleges	VTPS: NSP, ENB, Enga Onderwys Filosofie Taal en geletterdheidsafdeling Taal en geletterdheidsbeleid Geletterdheid & Bewusmakings-programme	Onderwys Hervorming Geletterdheid Indiens Kurrikulum Hervorming

Vervolgens ’n bespreking van die vier tydvakke:

- Die 1960s

Gedurende die 1960s het die koloniale regering ’n gesentraliseerde, bo-na-benede beleidstelsel gevolg met alle besluitneming en verantwoordbaarheid by die regering in Australië. Engels was die enigste taal van onderrig. Die Papoea-Nieu-Guinee-gemeenskap was slegs passiewe ontvangers van die beleid en het geen insae in die uiteindelijke formulering daarvan gehad nie. Die uiteindelijke doel van die stelsel was die verwestering en die handhawing van die koloniale regeringstelsel. Die inheemse taal is slegs beperk tot geletterdheidsklasse vir volwassenes. Twee gebeure staan in hierdie tydperk uit: John Gunther (in Litteral, 2001:1), ’n koloniale administrateur, skryf ’n artikel in 1969 getiteld “*More English, more teachers*” waarin hy aanvoer dat die behoefte van Papoea-Nieu-Guinee se onderwysstelsel nie inheemse tale is nie, maar meer Engels. Daarenteen bepleit Ernest Kilalang (in Litteral, 2001:1), ’n jong laerskool-onderwyser, ’n nuwe benadering tot onderwys in Papoea-Nieu-Guinee. Sy voorstel is “Why don’t we teach children initially in their own language like the missions used to do?”

- Die 1970s

Die 1970s verteenwoordig die inleiding tot onafhanklikwording van Papoea-Nieu-Guinee. Die stelsel was steeds bo-na-benede maar die gesag het nou vanaf Australië na Papoea-Nieu-Guinee verskuif. Die westerse kulturele invloed is betekenisvol versag deurdat voorsiening gemaak is vir gemeenskapskoolstelsels. Die Engels-voorbereidende jaar is in 1972 laat vaar. Die konsep van die *1976-80 vyf jaar onderwysplan* (in Litteral, 2001:2) het voorsiening gemaak vir basiese moedertaalonderrig. Hoewel die moedertaal amptelik slegs vir die verduideliking van moeilike terme gebruik kon word, is Tok Pisin gereedelik in die laerprimêre grade in landelike skole gebruik.

Hierdie tydperk is gekenmerk deur uitgebreide debatte rakende taalbeleid. Gedurende ’n konferensie aan die Universiteit van Papoea-Nieu-Guinee (UPNG) in 1973 is aanbeveel

dat Tok Pisin en ander inheemse tale in onderwys gebruik moet word. Gedurende die tydperk 1974-79 het die UPNG Tok Pisin en Hiri Motu as tale tot hul taaldepartement toegevoeg en dit met die hulp van personeel wat deur die *Summer Institute of Linguistics* (SIL) verskaf is, aangebied (in Litteral, 2001:3).

Die betekenisvolste gebeurtenis vir die toekomstige rigting van taalbeleid was die besluit van die *North Solomons Provincial Government* in 1979 om die *Viles Tok Ples Skul*-stelsel in 1980 in gebruik te neem. Dit was die begin van die gedesentraliseerde, benedena-bo proses in taalbeleidsbesluitneming. Dit sou uiteindelik nasionale besluitneming in minder as 'n dekade totaal verander.

- Die 1980s

Die proses van gedesentraliseerde, grondvlakgeoriënteerde beleidmaking vir die onderwys het gedurende hierdie tydperk verder uitgebrei. Die besluitnemers was nou provinsiale- en gemeenskapsleiers. Die fokus was hoofsaaklik op plaaslike tale vir geletterdheid van kinders, terwyl aandag ook aan Wiskunde, Wetenskap en Sosiale Studies geskenk is. Litteral (2000:3) noem die proses *inheemse aanpassing* aangesien 'n inheemse taal gebruik is vir die onderrig van basiese akademiese vaardighede. In 1985 het die provinsiale ministers van onderwys aanbeveel dat voorskoolse moedertaalonderwys aangemoedig moet word.

Die begroting van die Nasionale Onderwysdepartement het in 1989 voorsiening gemaak vir inheemse tale en geletterdheid sowel as vir fondse vir opleiding en materiaalontwikkeling. Uiteindelik het 'n inisiatief wat op grondvlak begin is dus tog nasionale beleid begin beïnvloed. Nog later het die Parlement in 1989 'n bewusmakingsprogram wat gespesifiseer het dat leerders in hul moedertaal moet leer lees en skryf, goedgekeur.

Die tydperk is gekenmerk deur veelvuldige aktiwiteite ter ondersteuning van moedertaalonderwys. Die dekade eindig met die aanvaarding van nasionale beleid vir die

gebruik van die moedertaal in die beginfasies van onderrig, sowel as met die ontwikkeling van infrastruktuur ter ondersteuning daarvan. Die uitdaging vir die volgende dekade was om die beleid te implementeer sodat die voordele van moedertaalonderwys vir almal beskikbaar kon wees.

- Die 1990s

Die dekade begin met die inwerkingstelling van die nuwe transformerende stelsel, bekend as Elementêre Onderwys, waarvolgens inheemse tale erkenning geniet as tale van onderrig in die formele skoolstelsel. Litteral (2000:4) noem die proses *inheemse ontwikkeling* omdat hy dit as die formaliseringsproses van moedertaalonderwys beskou. Volgens hom is dit nie net 'n aanpassing wat tot geletterdheid beperk sal wees nie, maar dat dit 'n totaal nuwe stelsel behels wat gebaseer sal wees op die ontwikkeling van inheemse kulture en dat die hele onderwysstelsel uiteindelik verander sou moes word. Die ontwikkeling van die kurrikula sou volgens Litteral by die gemeenskap moes berus omdat hulle die kulturele spesialiste is.

In 1990 het 'n sektorale oorsig 'n herstrukturering van die onderwysstelsel aanbeveel. Dit het die instelling van 'n driejaar-moedertaalfase tot Graad 2 (insluitend die voorbereidingsjaar) ingesluit. Institusionele ondersteuning vir die infasering van moedertaal is versterk. Organisasies wat hierin 'n groot rol gespeel het was die *PNG Integral Human Development Trust* sowel as die *Staff Development Unit* van die *Port Moresby Inservice College*. Die *Summer Institute of Linguistics* (SIL) was ook deel van die ontwikkelingsproses (Litteral, 2001:3).

Volgens Litteral (2000:4) het taalbeleid oor die vier dekades 'n totale gedaanteverwisseling ondergaan. Wat as nie-amptelike gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe vir 'n demokratiese taalbestel ontstaan het, het uiteindelik tot die verandering van nasionale beleid gelei en die bo-na-benede stelsel in die onderwys het begin plek maak vir amptelike gemeenskapsgebaseerde beleide. Akademici het veral 'n leidende rol hierin gespeel. Die uitdaging vir die gemeenskap van Papoea-Nieu-Guinee was om 'n

professionele, formele onderwysstelsel in die moedertaal te ontwikkel wat deur die gemeenskap beheer kon word en wat burokratiese vryheid kon geniet.

2.7.4. Australië

Baldauf (2004:379) bespreek Australië as voorbeeld van 'n staat waar verborge taalbeplanning reeds sedert die Aborigines die land binnegekom het plaasgevind het. Taalbeplanning en taalbeleidsontwikkeling, in die formele sin (openlike), het egter eers in die 1970s, 1980s en 1990s posgevat. Dit het saamgeval met die die Australiese Gemenebes se besluit om beleid te ontwikkel wat met multikulturalisme en veeltaligheid verband hou. Die doel was om die beplanning later na geletterdheid en uiteindelik na taal-in-onderwysbeplanning uit te brei.

Baldauf (2004:379) voer aan dat die motivering vir taalbeplanning uit die volgende bronne ontstaan het:

- Politieke partye se behoefte om steun uit die groot en vooruitstrewende polities-georiënteerde immigrantebevolking in die land te werf.
- Die toenemende samewerking van 'n verskeidenheid professionele liggame en drukgroepe, wat inheemse gemeenskappe insluit, om vir regeringsaksie ter ondersteuning van hul behoeftes te koukus.
- Ekonomiese motivering (die politici). Vir politici moes beleid daarop gemik wees om Australië as deel van die Stille Oseaan-streek erken te kry. Hulle wou dit bereik deur die aanleer van Asiatiese-Stille-Oseaantale aan te moedig. Hierdie gedagte het egter later vervaag en dit is vervang deur 'n fokus op Engelse geletterdheid.

Volgens Baldauf (2004:379) kan daar afgelei word dat die sukses van taalbeplanning en taalbeleidsontwikkeling in hierdie tydperk moontlik was as gevolg van die samewerking van die politici en taalregteaktiviste (wat individue en organisasies ingesluit het). Taalbeleidsontwikkeling en taalbeplanning in Australië het in die laat 1980s en vroeë

1990s 'n bloeitydperk beleef. Dit het sedert die middel van die 1990s egter weer afgeplat omdat daar polities min voordeel vir politici en die regering was. Dit bevestig Baldauf en Kaplan (in Baldauf, 2004:380) se siening dat taalbeleid en taalbeplanning 'n intense politieke proses is.

Baldauf (2004:383) gebruik die Australiese model as voorbeeld om die noodsaaklikheid van samewerkende taalbevordering te illustreer. Soos wat die taalaspek van die ekonomiese fokus egter vervaag het, het die behoefte aan beleidsimplementering vir veeltaligheid vervaag en uiteindelik het dit teen die middel van die 1990s tot stilstand gekom.

Indien die staat poog om taalbeplanning te monopoliseer, tree verskeie rolspelers gewoonlik na vore, naamlik intellektuele, taalpraktisyns en gemeenskapsaktiviste. Intellektuele uit die akademie word heel dikwels gedwing om die politieke terrein te betree ten einde die praktiese gevolge van hul teoretiese- en navorsingswerk te verdedig. Volgens Ovando is dit nodig omdat navorsingswerk gesien word “as a kind of activity, a multi-logue, in which arguments are assembled to bolster alternative courses of action”. Gemeenskapsaktiviste word ook gedwing om “expert theorists in language policy” te word aangesien gemeenskapskennis in gevalle van bedinging, interpretasie en vertalings deur hulle oorgedra moet word.

Ovando voer aan dat uitdruklike beleid in Australië as gevolg van drie interaktiewe belange ontstaan het. Eerstens die mobilisering van taalkenners. Dit was die gevolg van 'n krisis in vreemdetaalonderrig nadat universiteite in 1968 'n taalvereiste vir toelating tot universiteitstudies verwyder het. Tweedens, as gevolg van die beslissende rol van etniese en inheemse gemeenskapsgroepe. Vanaf die vroeë 1970s het etniese en inheemse gemeenskapsgroepe 'n koalisie van taalbelangegroepes gemobiliseer wat vir uitdruklike beleid oor taal kon agiteer. As gevolg van die tussenkoms van hierdie gemeenskapskoalisie is 'n Senaatsondersoek in 1982 – 1984 (SSCEA 1984) gedoen. Die derde stel gemobiliseerde belange wat taalbeleid op nasionale vlak beïnvloed het, was die handelsgevolge van Brittanje se opname in die destydse Europese Ekonomiese

Gemeenskap in die middel 1970s. Omdat Australië alternatiewe markte vir hul produkte moes soek het die 'Australië as deel van Asië'-diskoers ontstaan. Hierdie derde oorweging het tot die uitskuif van intellektuele en gemeenskapsgroepe as rolspelers gelei sowel as die totale oornome van gesaghebbende beamptes in handel en diplomatie met regeringsbande as die hoof rolspelers.

Gebaseer op die bespreking van Baldauf (2004:382-83) kan die doelwitte en die aktiwiteite van die verskillende deelnemers soos volg voorgestel word:

Tabel 9: Doelwitte en aktiwiteite van verskillende deelnemers aan die taalbeplanningsaktiwiteit

	Status beplanning	Taal-in-onderwys beplanning	Korpus beplanning
Individuele doelwitte en aktiwiteite	Die pogings deur die Minister van Onderwys in 1987 aangewend om onderwys sentraal in ekonomiese hervormings te plaas.	Die pogings deur David Ingram aangewend om vaardigheidsvlakke van taalonderwysers te verhoog.	Die pogings deur Rob Amery en lede van die Kaurna gemeenskap aangewend om hul taal te laat herleef.
Drukgroep doelwitte en aktiwiteite	Die aktiwiteite van die <i>Aboriginal and Torres Strait Islander Languages</i> sowel as die <i>PlanLang Committee</i> om hernuwing, handhawing oorlewing van hul tale te bevorder.	Die kookus deur die <i>Australian Federation of Modern Language Teachers Associations</i> vir die implementering van 'n taalbeleid.	Die pogings deur die <i>Australian Institute of Aboriginal and Torres Strait Islander Studies</i> om materiaal in stand te hou wat vir navorsing gebruik kan word.
Institusionele doelwitte en aktiwiteite	Die ontwikkeling van standaard en aktiwiteite wat as basis moet dien vir taal en kultuur onderrig in Queensland.	Die ontwikkeling van die Australiese Tweedetaal Vaardigheidskale vir die assessering van die tweedetaal vaardigheid van onderwysers en leerders.	Die pogings van die <i>Macquarie Dictionary Research Centre</i> en die <i>Australian National Dictionary Centre</i> in die publiserings Australiese Engelse woordeboeke sowel as verwante taalmateriaal.
Regerings doelwitte en aktiwiteite	Die ontwikkeling van belangrike Gemeenebes regeringsbeleidstukke insluitend die <i>National Policy on Languages</i> (NPL) en die <i>Australian Language and Literacy Policy</i>	Die implementering van die <i>National Asian Languages and Studies in Australian Schools</i> wat 'n belangrike teken was van die regering se plan om prestige aan die studie van sekere Asia-tiese skole te verleen.	Die finansiering van die Gemeenebesregering van belangrike kurrikulumprojekte om die tekort aan leermateriaal in sleutelareas uit te wis sodat dit suksesvol onderrig kan word.

Volgens Baldauf is bogenoemde 'n voorbeeld dat die sukses van taalbeleid (beplande aktiwiteit) en taalbeplanning (implementering) deur verskeie aspekte beïnvloed word. Dit is ook 'n bewys dat die grense tussen die drie vakke van taalbeplanning, naamlik statusbeplanning, taal-in-onderwysbeplanning en korpusbeplanning, nie altyd baie duidelik is nie. Volgens Baldauf moet aanvaar word dat baie van die prestige beplanningsaktiwiteite vereis dat daar samewerking tussen die behoeftes van die gemeenskappe en die breër politieke doelwitte van die regering moet wees.

2.7.5. Bangladesh

Bangla, wat die amptelike taal van Bangladesh en terselfdertyd ook die vyfde wydverspreide gesproke taal ter wêreld is, het volgens Siddiquee (2003:1) 'n lang en gewelddadige stryd om amptelike status te verkry agter die rug. Die taalstryd in Bangladesh was nou verweef met die politieke stryd van die Bengaalse bevolking om erkenning as onafhanklike etno-linguistiese groep sowel as om die erkenning van Bangla as amptelike taal. Etniese identiteit en 'n sterk gevoel van nasionalisme het dus 'n bepalende rol gespeel in die taalstryd van Bangladeshers. Barbour (1998:196) beskou taal as een van die bruikbaarste merkers om 'n identiteit te bou. Nasionalisme is 'n verdere krag wat 'n rol in die mobilisering van mense speel. Hy voer aan dat die belangrikheid van nasionalisme gesetel is in "... its power to arouse passionate loyalties and hatreds which motivate acts of extreme violence and courage; people kill and die for their nations."

Voor Britse beheer was Bangla 'n taal wat hoofsaaklik in die oostelike deel van Indië gepraat is. Tydens Britse beheer het Engels die amptelike taal geword hoewel Bangla steeds as onderrigtaal tot op meestersgraadvlak gebruik is. In 1947 is die Indiese subkontinent in Pakistan en Indië verdeel. Aanvanklik was Engels die amptelike taal van die nuwe Pakistan, totdat Muhammed Ali Jinnah, wat as die vader van Pakistan beskou word, Engels met Urdu as amptelike taal vervang het. Dit is positief deur die westelike deel van Pakistan ontvang, maar deur die meerderheid (60% van die Pakistanse bevolking), wat in die oostelike deel gewoon het, verwerp. Op 21 Februarie 1952 is 'n groot demonstrasie in die strate van Dhaka gehou om Bangla as nasionale taal in te stel. Die demonstrasie is gewelddadig deur die Pakistanse regering onderdruk met die doel om die eise van die gemeenskap finaal te ontmoedig. Vyf mense is in die optrede gedood. Dit was die eerste geval van bloedvergieting in die geskiedenis van die stryd om taalerkenning in die wêreld. Dié konflik het egter nie die gemeenskap se aandrag om taalregte laat taan nie en die Pakistanse regering moes uiteindelik ingee en Bangla saam met Urdu as amptelike tale erken.

In 1970 het 'n politieke party in Oos-Pakistan (tans Bangladesh), die *All Pakistan Awami League*, die meerderheid setels in Pakistan gewen. Hulle is egter verhoed om 'n federale regering saam te stel. Dit is opgevolg deur massamoorde op Bangladesjers van Oos-Pakistan. Dit het die Oos-Pakistani's laat besef dat daar vir hulle geen alternatief was as 'n bevrydingsoorlog wat deur Indië, die voormalige USSR en die Verenigde Koninkryk ondersteun is nie. Bangla as taal het 'n belangrike rol in die motivering van die vryheidsvegters gespeel. Die onafhanklike Bangladesh radiodiens het regdeur die bevrydingsoorlog die belangrikheid van die Bangla-taal en hul kulturele geskiedenis beklemtoon. Op 16 Desember 1971 het Bangladesh onafhanklikheid verkry en is Bangla as die amptelike taal van die nuwe Republiek van Bangladesh verklaar. Dit was 'n historiese oorwinning vir Bangladesjers in die vestiging van hul moedertaal as die amptelike taal van die land. Hierdie oorwinning in Bangladesh is ten koste van 30 miljoen lewens behaal.

Die oorwinning is opgevolg deur verdere korpusbestuur van die taal deur middel van massavertaling uit Engelse, Franse, Duitse, Italiaanse, Tsjeggiese, Griekse, Russiese, Noorweegse en Sweedse literatuur na Bangla. Bangla bestaan uit verskeie dialekte en pogings om hierdie dialekte in stand te hou word deur die staat ondersteun. Die hoof medium van onderrig is Bangla, terwyl Engelsonderrig ook hoog aangeslaan word. Bangladesh volg dus 'n Banglagedebaseerde tweetalige onderwysstelsel. Volgens Siddiquee (2003:2) word linguistiese regte binne die Republiek van Bangladesh hoog aangeslaan.

Van die ses instrumente van taalaktiwisme is ten minste vier deur die taalbewegings ingespan: geweld, demonstrasies, boikotte en gemeenskapsmobilisering. Taalaktiwisme in Bangladesh toon 'n nou verband met Bengaalse nasionalisme en dus politieke aktiwisme en Bangladesjers se strewe na politieke onafhanklikheid. In terme van die teorie kan dus verklaar word waarom die meer konfronterende instrumente van taalaktiwisme in die geval van Bangladesh figureer.

2.7.6. Indië

Belangegroepes in Indië kan breedweg in twee opponerende faksies verdeel word, naamlik die gevestigde elite teenoor die opkomende groepe (Lachman, 1975:151). Gadelii (1999:19) beskryf die Indiese taalmodel as indrukwekkend omdat soveel tale geakkommodeer word. Indië het twee nasionale amptelike tale, Engels en Hindi, en hulle erken amptelik ook twaalf streekstale. Uit 'n totaal van meer as vierhonderd Indiese tale het veertien dus amptelike status. Wat taal-in-onderwys betref voorsien die Indiese grondwet volle vryheid aan die onderskeie state om 'n taal of tale binne 'n streek as amptelike taal te kies (Lachman, 1975:151). Dit maak ook voorsiening dat taal-minderheidsgroepes in hul moedertaal onderrig word en om skole te stig wat aan hul vereistes kan voldoen. In 'n land met so baie tale is dit vanselfsprekend dat groot verskille in taal-in-onderwysbenadings in verskillende geografiese gebiede sal bestaan wat betref medium, inhoud en tydsduur.

In 'n land waar geen enkele taal in die behoeftes van al die inwoners kan voorsien nie, beklee die die pan-Indiese tale soos Hindi en Engels nasionaal bevoorregte posisies. Die drie strata van Indiese onderrig sien dus soos volg daaruit:

1. *Primêre fase*

Dominante streekstale

Pan-Indiese Tale (Engels en Hindi)

Ander hooftale

Nuut herontwikkelde tale (as voorbereidende media)

2. *Sekondêre fase*

Dominante streekstale

Pan-Indiese tale (Engels en Hindi)

Ander hooftale

3. Hoëronderwysfase

Engels as ontwikkelde medium, of

Hindi- en streekstale as opkomende media

Volgens Lachman (1975:161), is daar prakties 'n wye gaping tussen die aanvaarde taalbeleid en -praktyk in die klaskamer. Dit is byvoorbeeld nie ongewoon dat die leerder en onderwyser in een taal kommunikeer, maar dat onderrig binne die klas in 'n ander taal aangebied word en leermateriaal in 'n totaal ander taal beskikbaar is nie. Die linguïstiese behoeftes van die leerders is dus die werklike slagoffers in die proses.

Die voorbereiding van handboeke vir die onderrig van tegniese vakke vir hoëronderwys is in die hande van die elite en word nie deur individue, professionele persone en/of die ontvangers van die onderwys bestuur nie. Baie navorsers word ontmoedig om betekenisvolle bydraes tot hul inheemse tale te lewer. Opponerende aktivistiese groepe staan dus teenoor mekaar en elke groep dring aan op wat hulle uit die proses wil bereik. Lachman stel die opponerende opvattinge soos volg voor:

Tabel 10: Opponerende groepe en hul standpunte volgens Lachman

Kwessies in konflik	Uiterste standpunte deur die gevestigde elite	Uiterste standpunte deur die opkomende elite
1. Doelwitte van onderwys	Universele waardes en kennis	Kennis in ooreenstemming met kulturele agtergrond
2. Die rol van taal in Onderwys	Outonomie vir moedertaal as volwaardige medium (vanaf primêre tot gevorderde stadia)	Taal hiërargie met multifase media (voorbereidend, byvoegend en hoofmedia wat relevant is aan die onderwys)
3. Keuse van die medium	Een medium (nasionaal of universeel)	Plurale media (streeks- en minderheidstale)
4. Vereistes vir die kwalifisering van medium tale	(a) gevorderde tale met tradisie geïnspireerde literêre standaarde (b) gekultiveerd met elegante terminologie en vertalers	Moedertale met bestaande situasiegebonden implisiete besitters beheer Aanvaarde gevolge pidginisering, vermenging en kodeverwisseling
5. Pas van verandering	<i>Status quo</i> of, indien dit moet verander dan slegs na genoegsame voorbereiding	Vinnige verandering vanaf dominante tale deur die skepping van vakuums ten gunste van moedertale

Taalaktiwisme in Indië word gekenmerk deur die opponerende standpunte van die plaaslike taalbewegings. Hierdie bewegings ondersteun óf die outonomie van die moedertaal as volwaardige medium van onderrig (vanaf primêre tot gevorderde stadium) óf die vinnige oorskakeling na Engelsmediumonderrig. Die gevestigde elite kan volgens die indeling van Annamalai (1999) as reformisties beskou word omdat hulle die ontwikkeling van plaaslike tale as medium van onderrig bepleit. Teenoor hulle staan die nuwe elite wat die *status quo* wil behou deur die sterker tale, insluitend Engels, as onderrigtale te gebruik. Na gelang van die klassifikasie van Ishida (2003:1) is die teenwoordigheid van groot welvaart onder die bevolking gekombineer met die teenwoordigheid van groot taaldiversiteit dié bepalende faktore vir ontstaan van taalbewegings. In Indië met sy verskeidenheid van tale is dit egter betekenisvol dat sterk aktivistiese bewegings grootliks afwesig is. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die afwesigheid van 'n groot welvarende middelklas.

2.8. Slotsom

Oor die jare het taalbeplanning as studiegebied ontwikkel van 'n veld waar primêr op die beplanning van meerderheidstale gefokus is, tot 'n meer volwasse veld wat ook die totale taalekologie in ag neem. Een aspek wat volgens Baldauf (1994:1) agterweë gelaat is, is die 'onbeplande' kant van taalbeplanning. Hieronder kan die rol wat taalgemeenskappe in die ontwikkeling en behoud van hulle eie tale speel, of dit op die agenda van amptelike taalbeplanners verskyn al dan nie, sorteer. Hierdie aspek, naamlik die rol van taalgemeenskappe, is om verskeie redes belangrik. Eerstens bestaan taalaktiwisme en taalbeplanning binne dieselfde arena. Die een beïnvloed die ander. Tweedens, waar twee of meer tale langs mekaar bestaan, kan een van die tale nie net geïgnoreer word wanneer die ander verhef word nie. Baldauf (2004:83) skryf die algemene mislukking van aanvanklike taalbeplanningsaksies vir Engels as enigste onderrigtaal in Papoea-Nieu-Guinee toe aan die miskennings van aktiwisme vir die minderheidstale as taal van onderrig en leer. Vroeëre bo-na-benede beheer van onderwys, waar slegs Engels as onderrigtaal gebruik is, is omgekeer namate die gedentraliseerde grondvlakbeleid meer suksesvol was. Dertens moet onthou word dat taalbeplanning en taalbeleidsbesluite magsverwant

is. Indien makrotaalbeplanning sonder inagneming van sprekers van minderheidstale plaasvind, kan dit tot vervreemding en weerstand vanuit die minderheidstaalgroepe lei. Bangla, wat die amptelike taal van Bangladesh en terselfdertyd ook die vyfde wydverspreide gesproke taal ter wêreld is, het volgens Siddiquee (2003:1) 'n lang en gewelddadige stryd om amptelike status te verkry agter die rug. Laastens, omdat taal 'n vaardigheid is wat mense se sosiale mobiliteit beïnvloed, aarsel veral aktiviste nie om by mikrovlak beplanningsaktiwiteite betrokke te raak nie. In Amerika het die immigrante-gemeenskap, wat daarop ingestel was om hul eie taal en kultuur te handhaaf, reeds so vroeg as die 1700s op tweetalige onderwys aangedring.

Taalaktiwisme moet dus erken word as 'n inherente element van taalbeplanning. Hoewel taalbeplanning gewoonlik beskou word as aksie van bo en met die staat en politieke besluitneming geassosieer word, vind aktiwiteite ter beskerming en ontwikkeling van tale ook op grondvlak (mikrotaalbeplanning) plaas. Hierdie aktiwiteite is op populêre aktivisme gegrond. Die plaaslike konteks sluit politieke partye, onderwysersorganisasies, werkersunies, ouers, leerders, individue en grondvlak burgerlike organisasies en kultuurorganisasies in. Dit is belangrik dat hierdie gemeenskapgebaseerde organisasies as wettige deelhouers in die taalbeplanningsprosesse erken moet word.

Taalbeplanning moet dus nie as 'n monolitiese aktiwiteit hanteer word wat spesifiek op die bestuur van een taal gerig is nie, maar moet die totale ekologie van die linguistiese omgewing in ag neem. Dit sluit in: alle tale in die omgewing, die verskillende rolspelers (byvoorbeeld die regering, nie-regeringsorganisasies, taalaktiviste, en andere) sowel as die politieke, ekonomiese en sosiale omgewing waarin die verandering moet plaasvind.

Mikrotaalbeplanning, as taalbeplanning van onder (uit die gemeenskap self), moet dus nie slegs as 'n uitvloeisel van makrotaalbeplanning geïnterpreteer word nie. Dit is taalbeplanning in eie reg. Dit kan egter ook nie van regeringsinisiatiewe geïsoleer word nie. Intendeel, die intense wisselwerking tussen regerings- en gemeenskapsorganisasies speel 'n uiters belangrike rol in die behoud, en ontwikkeling, van die kulturele en linguistiese erfenis van enige gemeenskap.

Hoofstuk 3 Navorsingsontwerp en metodologie

3.1. Inleiding

Die voorafgaande hoofstukke in hierdie studie vorm ’n belangrike agtergrond tot die ondersoek. In Hoofstuk 1 is ’n inleidende fokus op die navorsingsvraag, -doelwitte en -ontwerp geskets. In Hoofstuk 2 is verslag gedoen oor die literatuurstudie wat oor taalaktiwisme gedoen is, beide plaaslik en internasionaal. In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp en enkele navorsingsdilemmas beskryf. Die navorsingsmetode, dit wil sê die wyse waarop data ingesamel en ontleed is, word ook uiteengesit.

3.2. Agtergrond

Verskeie kwalitatiewe studies oor die rol van die media, en spesifiek die gedrukte media, oor taalkwessies het reeds die lig gesien.

Een van die omvangrykste werke is die werk van Steyn (1995) wat oor die gesindhede teenoor Afrikaans handel, soos in die gedrukte media vanaf 2 Februarie 1990 tot 27 April 1994 weerspieël. Hiermee bied Steyn ’n gedetailleerde dokument van die stryd vir die behoud van die status van Afrikaans tydens die politieke oorgangsfase van die land. Hy doen dit vanuit ’n taalpolitieke oogpunt, en kwessies soos die amptelike taaldebat, die taal van onderrig en wetenskap en taalsake in die openbare uitsaaiwese, kom onder die loep. Taalaktiwisme, spesifiek taalaktiwisme vir moedertaalonderrig, word egter nie ondersoek nie. Hierdie studie fokus ook slegs op die stryd van Afrikaanssprekendes.

Lubbe en Du Plessis (2001) het ’n inhoudsanalise van die debat in die gedrukte media oor die interpretasie van die amptelike taalbeginsels van die Tussentydse Grondwet gedoen. Hulle vertrekpunt was die drie oriëntasies van Ruiz (1988) naamlik taal-as-probleem, taal-as-reg, en taal-as-hulpbron. Binne elk van die drie oriëntasies het hulle twee verdere oriëntasies onderskei, naamlik “taal-as-sentimentele-geneentheid”, en “taal-as-bron” (language as means). In hulle analise word onderskei tussen 1) rapportering van die gebeure, 2) redaksionele kommentaar rakende die gebeure, 3) kommentaar van vryskut medewerkers in rubrieke en diepgaande artikels, en 4) spontane kommentaar in briewe

van lesers. Twaalf kategorieë of argumente word onderskei en 'n aantal tendense word vasgestel. Op grond van hulle analise kon 'n verband tussen taal-oriëntasie en taalbeleid vasgestel word.

Truter (2002) weer, doen 'n kwantitatiewe ontleding van die reaksie van Afrikaanssprekendes op die veranderinge in die taalbeleid en die vermeende agterstelling van Afrikaans in die Vrystaat vir die periode 1994 tot 1998. Die leemtes en meriete in taalwetgewing op provinsiale en munisipale regeringsvlak word bespreek. Truter (2003) doen ook 'n kwantitatiewe analise van moedertaalsprekers van Afrikaans se reaksie in mediaberiggewing oor taalbeleidsveranderinge van die *South African Broadcasting Corporation* (SABC) vir die tydperk 1994 tot 1996. Kwessies soos die amptelike taaldebate, die taal van onderrig en wetenskap, en taalsake in die openbare uitsaaiwese kom hierin onder die loep. Die analise is aan die hand van Schermerhorn (1970) se minderheidsteorie gedoen. In ooreenstemming met hierdie teorie is die gevolgtrekking dat indien die dominante groep, in hierdie geval die swart meerderheid, wil konvergeer, maar die minderheidsgroep, in hierdie geval die Afrikaanssprekende, nie daarmee gediend is nie, weerstand en konflik moontlik kan ontstaan. Soos ook uit die studie blyk, het die SAUK se taaluitsprake in 'n poging tot assimilasië, hewige reaksie by Afrikaanssprekendes ontlok. Na gelang van die teorie van Schermerhorn kom Truter tot die slotsom dat die dominante groep, naamlik die regering, die Afrikaanssprekendes se guns kon verwerf indien hulle die taalaspirasies van dié groep tegemoet gekom het. Truter se waarneming is dat daar in 2001, tydens die skryf van die artikel, wel 'n styging in die aantal Afrikaanse TV-programme was en dat dit waarskynlik nie die geval sou gewees het indien die SAUK-raad se besluite aanvaar is nie. Hoewel die studie dus wel toon dat die ontneming van die taalaspirasies van 'n minderheidsgroep tot weerstand aanleiding kan gee, is die studie slegs vanuit 'n Afrikaansgeoriënteerde uitgangspunt gedoen. Weereens figureer aktivisme vir moedertaalonderrig nie in die studie nie.

Truter en Lubbe (2005) het 'n ontleding aan die hand van taalregteklagtes van minderheidsgroepe oor die toepassing van die taalbeleid in Suid-Afrika gedoen. Die ondersoek is op die gedrukte media se dekking van taalsake gerig. Die persentasies van

onderwerpe waaroor berig is, is onder meer bepaal, asook die verspreiding van beriggewing per taalmedium van die koerante, die tipes beriggewing oor klagtes oor taalregte, en die bronne van taalregte-insidente. Ten einde die geldigheid van die gevolgtrekkings vas te stel, word vergelykings met die amptelike taalregteklagtes wat aan Pansat gerig is, getref. Daar word vasgestel dat die media 'n betroubare barometer van die gevoelens en gesindhede van sy lesers is, en dat dit dus die regering sal baat om toe te sien dat elke burger se grondwetlike regte gehandhaaf word. Konflik kan vermy word deur genoeg aandag aan taalprobleme te skenk om sodoende te verhoed dat dit styg. 'n Verdere slotsom is dat die gedrukte media 'n belangrike rol kan speel om die marginalisering van Afrikatale te voorkom deur die ideologie van vernakulisering in plaas van internasionalisering te bevorder.

Fourie (1994), en D'Alessio en Allen (2000) het onder meer ook kwantitatiewe taalanalises van aspekte in die Suid-Afrikaanse gedrukte media gedoen. Fourie (1994) het bevind dat koerante se waarde nie onderskat mag word nie. Die Suid-Afrikaanse pers, met meer as 5 000 geregistreerde koerante, vaktydskrifte, tegniese- en verbruikerspublikasies, verteenwoordig die grootste persentasie gedrukte media in Afrika. Dit is dus 'n belangrike bron van inligting vir die leserspubliek. D'Alessio en Allen (2000) het 'n kwantitatiewe ondersoek oor die media se vooroordeel in die aanloop tot die presidensiële verkiesings in die Verenigde State van Amerika (VSA) na 1948, uitgevoer. Hulle doen 'n meta-analise van 59 kwantitatiewe studies deur middel van data rakende partydige mediavoroordeel in presidentskapsveldtogte sedert 1948. Verskillende tipes vooroordeel wat in ag geneem word, is: *toegangbeheervooroordeel* (gatekeeping bias) wat in die praktyk beteken dat die een of die ander party voorkeur geniet ten opsigte van die kies van berigte; *dekkingsvooroordeel* (coverage bias) wat 'n ondersoek van die volumedekking oor verskillende partye behels; en *verslaggewingvooroordeel* (statement bias) wat die een of die ander party in die berig beskerm. Die resultaat van die studie was dat daar geen noemenswaardige vooroordeel in die perswese gevind kon word nie. In terme van die nuus op televisie toon dieselfde studies dat daar wel tekens van dekking- en verslaggewingvooroordeel gevind kon word.

Heidemann (2010) maak ook gedeeltelik gebruik van 'n media-analise in sy studie getiteld *Giving voice to Language: Basque Language Activism and the Politics of Education Reform in France, 1969-1994*. Hierin ondersoek hy die rol wat minderheidsgroepe kan speel om taalbeleid te beïnvloed. Sy analise is gebaseer op die metode van “political claims analysis” (Koopman & Statham, 1999). Volgens Heidemann is dit 'n produktiewe manier om te bepaal tot watter mate sosiale bewegings geslaag het om openlik bekend te wees, sowel as om diskursiewe inhoud aan die bekendstelling te gee.

Verskeie studies het ook in kritiese taalkunde die lig gesien. Daarin word aangedui hoe die media op subtile wyse ideologie deur middel van taal adverteer. Thetela (2001), ondersoek byvoorbeeld mediaberigte oor die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) se militêre ingryping in 1998 in Lesotho. Die artikel ondersoek die kwessie van kritiek in die koerante, met die klem op blaam. Dit ondersoek verskillende sienings (opinies, gevoelens, opvattinge, ens.) oor Suid-Afrika se betrokkenheid in die konflik en hoe hierdie sienings in die ideologiese gebaseerde diskursiewe patrone van die beriggewing gekodeer is. Dit dui aan hoe die skepping van twee teenstrydige sosiale identiteite (teen ingryping vs. vir ingryping) in die media neerslag vind.

Uit bogenoemde studies is dit duidelik dat inhoudsanalises baie gewild is in die bestudering van die rol van die gedrukte media in taalkwessies. Omdat die status van die onderskeie tale in Suid-Afrika veral na 1994 'n belangrike besprekingspunt geword het, het die kwessie noodwendig wye dekking in die gedrukte media geniet. Die gedrukte media is verder toegerus om 'n belangrike rol in die uitbouing van tale te vervul. Die Afrikaanse pers het juis ontstaan as instrument teen die afskaling van Afrikaans gedurende die verengelsing van die koloniale tydperk. Die gedrukte media speel daarom 'n belangrike rol in die politieke diskoers van enige samelewing en kan daarom tereg beskou word as 'n betroubare barometer van die gevoelens en opvattinge van hul lesers. Die meeste van bogenoemde studies volg egter 'n kwantitatiewe benadering terwyl hierdie studie kwalitatief van aard is.

In hierdie ondersoek word 'n literatuur-, dokumente- en empiriese studie, wat die ontleding van mediaknipsels behels het, uitgevoer. Daar word voortgebou op bostaande studies en veral op die studie van Lubbe en Truter (2007) wat 'n gevallestudie oor positiewe taalbeplanning, soos in die gedrukte media gerapporteer, gedoen het. Waar bogenoemde studie egter ook soos in die reeds genoemde studies op aktivisme vanaf 'n Afrikaanse uitgangspunt fokus, en 'n betreklike kort tydperk dek, poog hierdie studie om deur middel van 'n kwalitatiewe inhoudsanalise 'n oorsig van taalaktivisme vir moedertaalonderrig in Suid-Afrika en die invloed daarvan op taalbeleid aan te bied. Die tydperk wat gedek word strek ook oor 'n baie langer tyd naamlik vanaf 1994 tot 2005. Ten einde groter betroubaarheid te verseker word die empiriese studie deur 'n uitgebreide literatuurstudie oor taalaktivisme, soos wat dit internasionaal voorkom, versterk, sowel as met 'n dokumentestudie waarin amptelike dokumente rakende die taal in die onderwys in die land indringend ondersoek is. Dit word aan die hand van teorieë in die literatuur gedoen wat aandui dat taalaktivisme inderwaarheid onontbeerlik vir die totstandbring van 'n demokratiese taalbestel is. Waar bogenoemde studies hoofsaaklik op taalaktivisme vanuit Afrikanergeleedere konsentreer, bied hierdie studie ook 'n oorsig van taalaktivisme uit die geleedere van diegene wat hulle vir eentalige Engelsonderrig beywer. Heugh voer aan dat niks eendimensioneel is nie en dat daar teenstrydige kragte bestaan wat 'n samelewing óf nader aan demokrasie bring, óf verder daarvan verdryf. Nie net word die aandrywers van moedertaalonderrig ondersoek nie, maar ook watter aandrywers van aktivisme op die oog af die Suid-Afrikaanse samelewing van 'n demokratiese taalbestel weerhou, en of hierdie skynbaar wyduiteenlopende standpunte in 'n ware demokratiese onderwysbestel by mekaar kan uitkom. Die studie se uitgangspunt is dus die besef dat daar wyer sienings oor probleme in terme van taal in die onderwys bestaan, en dat 'n omvattende studie wat beide uitgangspunte insluit, tot 'n beter begrip van die probleem sal lei.

Ter verdere versterking van die empiriese ondersoek is 'n konseptuele inhoudsanalise as uitgangspunt gebruik vir die beskrywing van taalaktivisme tydens die spesifieke tydperk. Richardson (2007:18-21) se kritiek dat kwessies oor kritiese inhoudsanalise nie indringend genoeg ondersoek word nie, en dat baie vrae dikwels onbeantwoord bly, is

ook in ag geneem. Hierdeur is gepoog om 'n indringende ondersoek oor die kompleksiteit van die taalsituasie uit te beeld eerder as om slegs die oppervlakkige betekenis van 'n kwantitatiewe analise te verskaf.

3.3. Navorsingsontwerp

Die navorsingsvraag en -doelstellings van hierdie studie was die grootste oorweging in die keuse van 'n navorsingsontwerp en -metodes. Aktiwisme word in Hoofstuk 2 beskryf as enige bewustelike aksie, individueel of kollektief, wat die skep van 'n beter wêreld ten doel het. Dit is 'n wêreld waar elke burger tot sy volle potensiaal kan ontwikkel en wat gekenmerk word deur demokrasie, vrede, regverdigheid en vooruitgang. Taalaktiwisme word daarom beskryf as rolspelers se pogings om verandering in sosiale praktyke, ideologieë en strukture, wat die handhawing en ontwikkeling van taalgemeenskappe beïnvloed, te bewerkstellig. Martel (1999) definieer taalregte-aktiwisme as 'n manifestasie van 'n opkomende bewustheid, en 'n verwerping van toestande van onderdrukking /beheer/dominansie/outeiteit/sentralisering en monopolie. Hierdie studie fokus op die rol van taalaktiwisme in die herwaardering van moedertaalonderrig in Suid-Afrikaanse skole.

Soos ander soortgelyke studies wat hierbo genoem word, is 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp vir hierdie studie gekies. Die ondersoek beklemtoon nie die kwantifisering van data kragtens syfers of statistiek nie. Omdat die studie op bepaalde sosiale aspekte van 'n bepaalde leefwêreld en hoe dit deur die bepaalde individue of groepe beleef en ervaar word fokus, speel 'n kwantitatiewe uitgangspunt 'n mindere rol. Die bevindinge van die studies hierbo dui op die belang van kwalitatiewe insigte in die problematiek wat in die studie ondersoek is. Soos ook uit die studies hierbo geleer is, vorm inhoudsanalise as navorsingsmetode die kern van die tipe kwalitatiewe studies wat onderneem word. Dit geld ook vir hierdie studie.

3.3.1. Navorsingsprobleem en doelwitte

Hoewel Artikel 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet no. 108 van 1996, die veeltalige en multikulturele aard van ons samelewing weerspieel deur elf amptelike tale te erken, en selfs voorsiening maak (onder bepaalde omstandighede) vir enkelmediumskole en by implikasie dus vir moedertaalonderrig, bestaan daar steeds 'n groot gaping tussen teorie en praktyk. Hierdie toestand bevoordeel Engels as medium van onderrig ten koste van al die ander minderheidstale. Verskeie argumente vir die stand van die taalsituasie word in verskillende studies uitgelig. Van hierdie redes is dat

- geen voorkeur verleen word aan die moedertaal as taal van onderrig en leer nie en dat dit 'n tekortkoming in die huidige taal-in-onderwysbeleid is;
- Engels tans nasionale en internasionale status geniet en daarom soms die enigste taal is waarin die meerderheid van die Suid-Afrikaanse ouers hul kinders wil laat onderrig;
- Engels in die tyd van globalisering groter betekenis en nut het (Joubert, 2000) en kinders in staat sal stel om internasionaal te kommunikeer;
- Engels 'n nuwe statussimbool geword het en dus as die taal van die toekoms beskou word (Pretorius, 2001); en
- moedertaalonderrig geassosieer word met apartheidsonderrig en dus as minderwaardig beskou word.

Lubbe (2006) skryf die taan van (Afrikaans) moedertaalonderrig toe aan

- die houding van die bewindhebbers jeens Afrikaans (en dus by implikasie moedertaalonderrig);
- taalregtekwesties wat in die onderwys ondergeskik aan perifere kwessies gestel word; en
- die apatie van Afrikaanssprekers (en sekerlik ook ander minderheidstaalsprekers) om vir moedertaalonderrig te agiteer.

Lubbe en Truter (2007:1) kom tot die slotsom dat hoewel gevalle van taalmiskening, algemeen voorkom, daar tog wel gevalle van positiewe taalbeplanning van tale van veral minderheidsgroepe voorkom. Die kernvraagstuk wat in hierdie studie na vore kom, is watter rol taalaktiwisme by die herwaardering van die rol van moedertaalonderrig in Suid-Afrika aan die hand van toepaslike koerantdata speel. Hierdie vraag word teen die agtergrond van sieninge in die literatuur gestel wat taalaktiwisme as deel van 'n groter aktivistiese verskynsel benader wat op veranderinge in sosiopolitieke praktyke en strukture gerig is ten einde 'n demokratiese onderwystaalbestel te vestig (Truter *et al.* 2005:104).

Teen hierdie agtergrond fokus die studie op:

- Hoe wydverspreid die verskynsel van taalaktiwisme in Suid-Afrika voorkom. 'n Onderskeid word hier tussen taalregteaktiwisme (dit wil sê aktiwisme wat op die bevordering van sprekers se taalkeuse gerig is) en taalaktiwisme (dit wil sê aktiwisme wat op die vermindering van sprekers se taalkeuse gerig is) gemaak.
- Die vorme (indien enige) waarin taalaktiwisme onder die verskillende taalgemeenskappe voorkom. Daar word gelet op die instrumente van taalaktiwisme soos deur die onderskeie taalgemeenskappe gebruik, sowel as op die doelwitte wat daarmee beoog word.
- Of daar inderdaad 'n herwaardering van moedertaalonderrig is. Hierdie vraag word beantwoord teen die agtergrond dat alles teen 1994 daarop gedui het dat die moedertaalideaal nie hoog op die prioriteitslys van die regering sou wees nie en dat die regering eerder op die oopstelling van voormalige wit skole en Engels as onderrigmedium sou fokus. Soos wat sosio-politieke praktyke en strukture onder druk is om te verander, moet aktiviste belangrike kwessies uitlig (Martel, 1999). Taalaktiwiste sal byvoorbeeld hul eie agenda en doelwitte onder die aandag van die regering wil bring. Hierdie navorsingsvraag is beantwoord met inagneming van die siening dat daar ook 'n ander tipe aktiwisme bestaan wat in die teenoorgestelde rigting beweeg. Tekens van positiewe- sowel as negatiewe

taalbenaderings, soos deur beide amptelike- as nieamptelike agentskappe geïnisieer, is in die data geïdentifiseer en bespreek.

- Watter rol (indien enige) taalaktiwisme in die herwaardering van moedertaalonderrig speel. Die rol van taalaktiwisme gedurende hierdie tydperk, soos in die media weerspieël, is geanaliseer na aanleiding van Schugerensky (2007) en andere se beskouing dat taalaktiwisme enige bewustelike aksie is wat die skep van 'n demokratiese bestel ten doel het. Die sukses van aktivistiese bewegings sal sal afhang van die mate van sukses wat hulle daarin behaal.

3.3.2. Dataversameling

Waar die navorsingsontwerp op die aard van die eindproduk fokus, het die navorsingsmetode te doen met die proses en soort middele en prosedures wat in die studie gebruik word om die korrekte inligting te bekom. Daarom hou navorsingsmetodologie verband met die sistematiese, metodiese en akkurate uitvoering van navorsing. In die uitvoering van die navorsing is daar 'n spesifieke verloop van gebeure. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is 'n literatuur-, dokumente- en empiriese studie deur middel van 'n ontleding van mediaknipsels uitgevoer.

Deur hierdie metodes te gebruik word die navorser in staat gestel om genoeg tersaaklike en onbevoordeelde data te versamel ten einde die studie se betroubaarheid en geldigheid te verhoog. 'n Kombinasie van verskillende metodes bied volgens Patton (1990) die voordeel van kruis-databevestiging en verminder dus die moontlikheid van foute wat kan voorkom wanneer van slegs een metode gebruik gemaak word. Dit word vervolgens kortliks bespreek.

3.3.2.1. Literatuurstudie

Die literatuurstudie is 'n integrale deel van die navorsingsproses en die belangrikheid daarvan word soos volg deur Neuman (1997:89) gemotiveer:

“Scientific research is not an activity of isolated hermits who ignores others’ findings. Rather, it is a collective effort of many researches who share their results with one another and who pursue knowledge as a community.”

Die navorsingsproses is dus net deel van 'n groter proses om kennis te konstrueer. Deur 'n oorsig van wat bekend is in die literatuur te verkry, word die studie gekontekstualiseer en word die geldigheid daarvan gedemonstreer deurdat dit in 'n betrokke kennisgebied ingebed is. Gevolglik dien die literatuurstudie as 'n opsomming van wat reeds oor die betrokke kennisgebied bekend is. Dit vestig 'n basis vir die res van die navorsingsproses en stel die navorser in staat om die resultate te interpreteer in vergelyking met ander beskikbare literatuur, teorie en navorsing (Bless *et al.*, 2004:19-21; Fouche & Delport, 2005:84). In hierdie afdeling van die studie is die begrip taalaktiwisme, as een van die kragte wat 'n samelewing nader aan demokrasie kan bring, bespreek. Aandag is aan die determinante van taalregteaktiwisme geskenk. Taalaktiwisme as determinant binne die taalbeplanningsproses en spesifiek taal-in-onderwysbeplanning is bespreek. Die doel van die literatuurstudie is om begrip vir taalaktiwisme as verskynsel te ontwikkel en die verband met taalbeplanning en taalbeleid te ondersoek. Omdat taal- en taalregteaktiwisme deur linguistiese menseregte aangespoor word, is ook op die definiëring van van die konsep linguistiese menseregte gekonsentreer. Die totstandkoming van taalregteorganisasies, sowel as die rol wat sulke organisasies in die onderwys speel, is ondersoek na aanleiding van gedokumenteerde internasionale studies. Die instrumente van taalaktiwisme soos geïdentifiseer deur Martel (1999) en later deur Du Plessis (2006), is ook ondersoek. Ten slotte is 'n raamwerk saamgestel na aanleiding van die insig wat uit bogenoemde studies verkry is en waarteen die empiriese studie se data geanaliseer word. Hierdie raamwerk is by uitstek geskik vir hierdie studie omdat dit voorsiening maak vir die analise van beide amptelike taalbeplanning (bo-na-benede) en nie-amptelike

taalbeplanning (benede-na-bo); dit wil sê taalbeplanning wat deur die regering, wetgewers en plaaslike owerhede geïnisieer is teenoor taalbeplanning wat deur byvoorbeeld die gedrukte media in privaatbesit, kulturele- en taalorganisasies sowel as individue geïnisieer is. Verder onderskei die raamwerk ook tussen positiewe taalbeplanning en negatiewe taalbeplanning. Positiewe taalbeplanning word omskryf as pogings om die taalkeuses van sprekers uit te brei. Die primêre doel van positiewe taalbeplanning is die intellektualisering van 'n taal, dit wil sê om toe te sien dat die taal in situasies wat die status of beeld daarvan verhoog, gebruik word. Negatiewe taalbeplanning daarenteen word omskryf as taalbeplanning wat nie die verhoging van die taalkeuses van sprekers ten doel het nie, maar dit juis wil verminder. Hierdie tipe taalbeplanning ontken die veeltalige en multikulturele aard van 'n samelewing en kort die taalkeuses van sprekers in.

3.3.2.2. Dokumentestudie

Nadat 'n deeglike literatuuroorsig oor wat oor die betrokke kennisgebied bekend is, beskik die navorser oor 'n agtergrond waarop die literatuurstudie gedoen kon word. 'n Hoofstuk word aan die studie van die rol van taalaktiwisme vir die tydperk 1652 tot na 1994 gewy. Die doel van hierdie hoofstuk is om as agtergrond te dien tot die analise van die rol van taalaktiwisme vir die tydperk 1994 tot 2005 wat in Hoofstuk 5 aangebied word. Die hoofstuk belig die hoofmomente binne die politieke konteks van taalbeleidontwikkeling. Daar word gepoog om deur 'n studie van die tersaaklike literatuur, sowel as die tersaaklike amptelike beleidsdokumente, die voorkoms en rol van taalaktiwisme in beleidsvorming en taalbeplanning in Suid-Afrika aan te toon. Die tydperk 1652 (die begin van die Koloniale tydperk) tot na 1994 (die demokrasieseringstydperk) word hier gedek.

Die bestaande literatuur oor die tydperk is bestudeer. Die tipe ontwerp is gekies omdat dit volgens Mouton (2001:179) “provide an overview of scholarship in a certain discipline through an analysis of trends and debates.” Die navorsingsontwerptipe is nie-empiries van aard en daar word hoofsaaklik op sekondêre data gekonsentreer. Die sekondêre data

wat in die studie gebruik word is tersaaklike studies rakende taalbeleidontwikkeling en taalaktiwisme gedurende die betrokke tydperk. Die doel is om deur 'n kritiese ondersoek van die tersaaklike literatuur insig te verkry in die voorkoms van aktiwisme vir moedertaalonderrig en die rol daarvan in taalbeleid tydens die betrokke tydperke.

Die modus operandi in die tipe navorsingsontwerp maak dit veral geskik vir die spesifieke ondersoek deurdat dit in die woorde van Mouton (2001:179) "(it) is essentially an exercise in inductive reasoning, where you work from a sample of texts that you read in order to come to a proper understanding of a specific domain of scholarship." Dit is dus belangrik dat die bronne wat in die studie gebruik word, verteenwoordigend sal wees.

'n Literatuurstudie het egter ook volgens Mouton (2001:180) sekere beperkinge. Dit kan ten beste slegs as 'n opsomming en organisering van bestaande literatuur dien. Selfs 'n kritiese oorsig van die literatuur kan nie nuwe empiriese insigte meebring nie. Dit kan ook nie bestaande insigte staaf nie. Nuwe insigte wat verkry word moet steeds deur verdere empiriese ondersoek gestaaf word.

Die hooforsake van foute in 'n literatuurstudie is in die keuse van die bronne, onregverdige behandeling van outeurs, wanbegrip van die bronne, selektiewe interpretasie en swak organisering en integrasie. Daarom is gepoog om die literatuuroorsig so uitgebreid en geïntegreerd moontlik te maak.

Die tersaaklike data soos verkry uit gedokumenteerde studies wat oor taalbeleidsontwikkeling en taalaktiwisme in onderwys in Suid-Afrika handel, word dan aan die hand van die instrumente van taalaktiwisme geëvalueer soos deur Martel (1999) en later deur Du Plessis (2006) geïdentifiseer. Daar word veral gekonsentreer op die voorkoms van die verskillende instrumente van taalaktiwisme en onder watter omstandighede dit gebruik is. Vervolgens word 'n oorsig verskaf van die historiese aanloop tot taalaktiwisme en die rol daarvan in die huidige stand van moedertaalonderrig, soos weerspieël in die tersaaklike beleidsdokumente wat tans op Suid-Afrikaanse onderwys van krag is.

'n Dokumente-oorsig is een van die navorsingsmetodes wat in hierdie studie gebruik is ten einde belangrike inligting rakende die stand van die taal-in-onderwysbenadering, en spesifiek moedertaalonderrig in Suid-Afrika, te bekom. Die dokumentnavorsingsmetode wat in die studie gebruik is, is 'n erkende kwalitatiewe navorsingsmetodologie (De Vos, Strydom, Fouché & Delpont, 2005:322). Wanneer dokumente in 'n dataversamelingstegniek gebruik word, fokus die navorser op al die geskrewe dokumentasie wat lig op die fenomeen wat ondersoek word mag werp. Dokumente wat as primêre bronne beskou word en wat in hierdie studie gebruik is, sluit in: wette, amptelike publikasies en beleidsdokumente van staatsdepartemente. Uit die aard van die navorsing is amptelike dokumente van groot belang vir hierdie studie. Vir hierdie studie is die volgende dokumente geanaliseer:

- *Education Clause in the Bill of Rights* (1996).
- Departement Onderwys. *Towards a Language Policy in Education: Discussion Document* (November 1995).
- Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie. 1996. *Language Plan Task Group (LANGTAG) Final report*.
- Die Tweede Witskrif rakende Onderwys (Februarie 1996).
- *Constitution of the Republic of South Africa*. Bill 108 of 1996.
- DACTST, 2000. *Language Policy for South Africa Bill, 2000*. March 2000. Pretoria. Department of Arts, Culture, Science and Technology.
- Department of Education. 1997. *Language in Education Policy 14 July 1997*. Government Gazette 18546: 19 December 1997.
- Department of Education. 2000. *National Colloquium. Language in the classroom*. Department of Education. Pretoria.
- Department of Education. 2000. *Language in the classroom. Towards a framework for intervention*. Department of Education. Pretoria.

3.3.2.3. Empiriese studie

Vir die empiriese studie is besluit op 'n konseptuele inhoudsanalise van die mediadekking rakende taalaktiwisme en moedertaalonderrig vir die tydperk 1994 tot 2005. Mouton (2002:165) beskryf inhoudsanalise as studies wat die *inhoud* van tekste of dokumente (soos briewe, toesprake, jaarverslae) analiseer. *Inhoud* verwys hier na woorde, betekenis, foto's, simbole, temas of enige boodskap wat gekommunikeer kan word. Volgens Garbers (1996:135) behels inhoudsanalise dat die navorser op 'n objektiewe en sistematiese wyse toepaslike artikels in die media (bv. koerante en televisie) ontleed om vas te stel wat die openbare agenda oor 'n bepaalde probleemveld is. Hierdie tegniek is waardevol wanneer die voorgestelde navorsing oor 'n aktuele aangeleentheid wat die publiek raak handel, soos politiek, ekonomie, misdaad en geweld, godsdiens, onderwys ens. Garbers meen verder dat hoewel die tegniek baie veelsydig is, dit veral vir die omskrywing en omvangsbepaling van die navorsingsprobleem tydens die inisiërende fase nuttig is. Dit kan ook nuttig tydens die evalueringsfase gebruik word. Krippendorf (1980:22) noem die proses van inhoudsanalise die soeke na "the symbolic meaning of messages". Hy beskryf inhoudsanalise as 'n instrument om nuwe insigte en kennis uit data af te lei, 'n "practical guide to action". Inhoudsanalise is 'n navorsingsmetode wat verskillend deur verskillende navorsers op verskillende tipes data gedefinieer en toegepas word. Desnieteenstaande bly die basis van die metode dieselfde, ongeag waar dit gebruik word, dit wil sê 'n poging om "symbolic phenomena ... concerning themselves with the relationship between data and their context" te vind. Volgens Babbie en Mouton (2001:491) stem inhoudsanalise baie ooreen met kwantitatiewe analise en daarom word dit nie baie in die sosiale wetenskappe gebruik nie. Nieteenstaande die kritiek daarteen is dit in sekere kontekste bruikbaar soos byvoorbeeld in linguistiese studies. Palmquist (in Babbie & Mouton, 2001:491) definieer inhoudsanalise as 'n navorsingsmetode wat

“... examines words or phrases within a wide range of texts, including books, book chapters, essays, interviews and speeches as well as informal conversation and headlines. By examining the presence or repetition of certain words and phrases in these texts, a researcher is able to make

inferences about the philosophical assumptions of a writer, a written piece, the audience for which a piece is written, and even the culture and time in which the text is embedded.”

Volgens Palmquist, kan inhoudsanalise daarom effektief in ’n wye reeks studievervelde gebruik word.

Mouton (1987:26) se siening van inhoudsanalise is ook insiggewend. Hy voer aan dat inhoudsanalise ’n “methodology for transforming various kinds of documents, speeches, presentations, video and film material and other recorded phenomena into a form that social scientists can analyse by means of statistical tests” is.

Inhoudsanalise kan in beide kwantitatiewe as kwalitatiewe navorsing gebruik word. Hierdie studie steun meer op die kwalitatiewe aard van inhoudsanalise. Volgens Yan en Wildemuth (2006:1) gebruik baie hedendaagse navorsers kwalitatiewe inhoudsanalise wat die tekortkominge van die kwantitatiewe benadering uitlig. Hulle haal dan die volgende definisies aan, wat kwalitatiewe analise beskryf as

- “a research method for the subjective interpretation of the content of text data through the systematic classification process of coding and identifying themes or patterns” (Hsieh & Shannon, 2005:1278),
- “an approach of empirical, methodological controlled analysis of texts within their context of communication, following analytic rules and step by step models, without rash quantification” (Mayring, 2000:2), en
- “any qualitative data reduction and sense-making effort that takes a volume of qualitative material and attempts to identify core consistencies and meanings” (Patton, 2002:453).

Hierdie drie definisies toon dat kwalitatiewe inhoudsanalise ’n hoë premie op ’n geïntegreerde siening van tekste en die inhoud daarvan plaas. Dié benadering behels meer as net die blote tel van woorde of die objektiewe ekstrahering van inhoud uit tekste ten

einde betekenis, temas en patrone vas te stel. Dit stel navorsers in staat om die sosiale werklikheid op 'n subjektiewe, dog wetenskaplike manier te verstaan.

Geskrewe bronne, as data, hou verskeie voordele vir die navorser in. Die meeste sosiale prosesse vind deur middel van simbole plaas (Krippendorf, 1980:29). Dit, voeg hy by, is die rede waarom geskrewe bronne die meeste in die sosiale wetenskappe gebruik word. Dit beteken egter nie dat ander tegnieke soos onderhoude en vraelyste minderwaardig is nie. Die reaktiewe aard van onderhoude kan as een van die nadele daarvan beskou word. Omdat die subjek in die navorsing bewus is dat hy waargeneem word, sowel as gevolg van die stereotipering en voorkeure van die navorser en die respondent, mag die kredietwaardigheid van die navorsingsproses onder verdenking geplaas en selfs ondermyn word. In teenstelling hiermee het geskrewe bronne nie hierdie nadele nie.

Die ander voordeel van geskrewe bronne is dat dit die geestesinstelling en waardes van die spesifieke tydperk waarin dit geskryf is weerspieël. Geskrewe bronne bied ook 'n stewige basis vir historiese interpretasie. Soos primêre bronne is dit nuttig om sosiale verskynsels histories te plaas. Geskrewe bronne word baie minder deur empiriese meting beperk. Dit is ook die mees presiese instrument wat betref tyd, plek en outeurskap (Tosh, 1991:33-34). In hierdie studie word die historiese bronne (mediarekords) hanteer as die rou materiaal waaruit insigte rakende taalaktiwisme en die invloed daarvan op die herwaardering van moedertaalonderrig in Suid-Afrikaanse skole verkry word.

Volgens Hansen *et al.* (1998:92) het sosioloë sedert die vroeë twintigste eeu in media-inhoudsanalise as tegniek vir sosiale navorsing begin belangstel. Hierdie belangstelling is deur Max Weber begin wat media-inhoud as 'n belangrike manier beskou het om die “kulturele temperatuur” van die samelewing te monitor. Hiervolgens vorm media-inhoudsanalise 'n belangrike onderdeel van inhoudsanalise, wat 'n goed gevestigde en erkende navorsingsmetodologie is. Volgens Koopman en Statham (1999:222) kan media-inhoudsanalise ook beskou word as “political claims analysis” en is dit 'n produktiewe manier om te bepaal tot watter mate sosiale bewegings daarin geslaag het om openlik bekend te wees, sowel as wat die inhoud van hul agendas is. Neuendorf (2002:9) beskryf

inhoudsanalise as “dié primêre boodskap-gesentreerde navorsingsmetodologie” en haal studies van Riffe en Freitag (1997) en Yale en Gilly (1988) aan wat aanvoer dat inhoudsanalise die navorsingstegniek is wat in die laaste twintig jaar die vinnigste in die veld van massa-kommunikasie gegroei het. In die 1950s was media-inhoudsanalise baie voorspoedig, veral met die verskyning van televisie, en dit was die eerste keuse as navorsingsmetode in die bestudering van verskynsels soos byvoorbeeld rassisme en geweld. Lasswell, Lerner en Pool (1952:34) noem dat inhoudsanalise

“operates on the view that verbal behaviour is a form of human behaviour, that the flow of symbols is a part of the flow of events, and that the communication process is a part of the historical process content analysis is a technique which aims at describing, with optimum objectivity, precision, and generality which is said on a given subject in a given place at a given time. ”

Richardson (2007:1) voer aan dat gedrukte mediatekste anders interpreteer moet word as ander genres van diskoers. Joernalisme voorsien in bepaalde sosiale funksies en

“has been created by men and women in accordance with particular production techniques and in specific institutional settings; is marked by particular relationships between other agencies of political, judicial and economic power; is characterized by particular interpersonal relations between writer and and reader; and is consumed, interpreted and enjoyed in ways that are specific.”

Blommaert (1999:5) voer aan dat

“texts generate their publics, publics generate their texts and the analysis of ‘meanings’ now has to take into account a historiography of the context of production ...” en verder dat tekste “... have their own ‘natural history’ – a chronological and sociocultural anchoring which produces meaning

and social effects in ways that can not be reduced to text-characteristics alone.”

Een van die nadele van media-inhoudsanalise is die egtheid van die inligtingsbronne sowel as die tersaaklikheid van die tekste wat in die navorsing gebruik is. Dit mag die geldigheid van die bevindinge van die navorsing beperk. Daarom is verskeie instrumente ontwikkel om die probleem van subjektiwiteit in kwalitatiewe navorsing en spesifiek inhoudsanalise, in hierdie studie teen te werk.

Die tydperk is gekies omdat dit met die totstandkoming van die nuwe demokratiese regering in 1995 saamval en verskeie hoofmomente rakende taal-in-onderwysontwikkeling in Suid-Afrika dek. Dit sluit die aanvaarding van die amptelike dokumente in soos in die dokumentestudie hierbo bespreek, sowel as die verskillende taalgemeenskappe se reaksie daarop. Hierdie tydperk verteenwoordig ook belangrike ontwikkelinge in die stryd om die behoud van Afrikaansmoedertaal-onderrig aan Suid-Afrikaanse tersiêre instellings. Gedurende hierdie tydperk tree litigasie as instrument van aktivisme ook na vore. Omdat die status van die verskillende tale in Suid-Afrika veral na 1994 as 'n belangrike besprekingspunt op die voorgrond getree het, is die taalvraagstuk wyd in die media gedek. Bronne vir die ontleding van taalverwante onderwerpe wat in die gedrukte media vir die tydperk 1 Januarie 1994 tot 31 Desember 2005 verskyn het, is van knipsels van SA Media (voorheen deel van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis) aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) verkry. Die mediadienste van die Universiteite van Stellenbosch (US), die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) (tans die Universiteit van Johannesburg (UJ)) en die Universiteit van die Witwatersrand (WITS) is aan die van die UV gekoppel en funksioneer nie onafhanklik daarvan nie.

SA Media ontsluit die belangrikste hoofstroomkoerante, -tydskrifte en vaktydskrifte wat in Suid-Afrika verskyn. In hierdie studie is altesame 45 mediabronne betrek, waarvan 13 Afrikaanse bronne was, terwyl die res Engels bronne was. Die volgende 45 koerante is as bronne benut:

Afrikaner, Argus, Beeld, Burger, Business Day, Cape Argus, Cape Times, City Press, Citizen, Daily Dispatch, Daily News, Daily Sun, Democracy in Action, Diamond Fields Advertiser, Diverse Publikasies, Financial Mail, Finansies en Tegnies, Frontnuus, Herald, Impak, Independent on Saturday, Insig, Journal for Contemporary History, Leader, Mail and Guardian, Natal Witness, New Era, News week, Patriot, Pretoria News, Rapport, Saturday Weekend Argus, Soweton, Soweton Sunday World, Star, Suid-Afrikaan, Sunday Independent, Sunday Times, Sunday Tribune, Teacher, Volksblad, Vrydag, Weekend Post, Witness, Weekend Star.

Om die tersaaklike mediarekords te trek, is die grootste aantal moontlike trefwoorde rondom die verskillende kategorieë soos deur SA Media geklassifiseer, gebruik. Die rekords sluit die volgende in: berigte, redaksionele kommentaar, briewe van die leserspubliek, rubrieke, artikels (bydrae van kundiges), resensies, spotprente en advertensies. Elke individuele rekord is as 'n eenheid van analise gebruik. Die volgende tabel toon die trefwoorde wat gebruik is, sowel as die aantal raakpunte wat dit opgelewer het.

Tabel 11: Trefwoorde gebruik in die reseptering van tersaaklike rekords

Trefwoorde	Afrikaans	Engels	Totaal
Onderrigmedium	338	167	505
Afrikaans en onderrigmedium en (weerstand, opstande, boikotte, stakings, protesveldtogte)	37	52	89
Eentaligheid	41	625	666
Meertaligheid	54	933	987
Moedertaal en Engels en onderrigmedium	33	32	65
Moedertaal en onderrigmedium	326	179	505
Moedertaal en onderrigmedium en (weerstand, opstande, boikotte, stakings, protesveldtogte)	2	5	7
Moedertaal en onderrigmedium en Afrikaans	71	14	85
Moedertaal en Afrikaans nie onderrigmedium	86	419	505
Moedertaal en Engels nie onderrigmedium	30	38	68
PanSAT	431	177	608
Taal en (onderwys, opvoeding, skole)	296	354	650
Taal en (probleme, kwelvrae, krisis)	149	118	267
Taal en (regte, menseregte)	55	32	87
Taal en aktiviste	11	16	27
Taalhandhawing	36	15	51
Taalmiskiening	965	259	1224
Taalregte	1001	314	1315
Taalstryd	633	101	734

Taalvoorkeur	427	182	609
Tale en (howe, reg, verhoer)	184	124	308
Tale en (klagtes, aanklagte)	75	52	127
Tale en boikotte	6	1	7
	5287	4209	9496

Inaggenome die beperkinge van die databasis is dit nietemin moontlik om 'n wye spektrum van aktivistiese sienings, standpunte en optredes rakende taalaktiwisme en moedertaalonderrig aan die orde te stel. Die spektrum beriggewing kom uit ver-regse media soos *Die Afrikaner* en *Die Patriot*; meer konserwatiewe koerante soos *Die Volksblad*, *Die Burger*, *The Citizen* en *Beeld*; minder konserwatiewe dagblaaie soos *Rapport*, *The Cape Times*, *The Star* en *The Natal Witness*; liberale koerante soos *Sunday Times*, *Weekly Mail and Guardian*, *New Nation* en *Business Day* asook uit meer linkse bronne soos *City Press* en *Sowetan*.

Daar word dus omvattend in die gedrukte media oor taalverwante onderwerpe gerapporteer. Berger (1991:28) wys daarop dat dit altyd problematies is om te bepaal hoe verteenwoordigend die steekproef (berigte) is. Om die probleem te oorkom, poog inhoudsanaliste om 'n redelike groot getal berigte te analiseer. Berigte met 'n vergelykingspotensiaal het voorkeur geniet, want naas waarneming, kontekstualisering en sensitisering is vergelyking 'n belangrike kriteria in kwalitatiewe navorsing (Christians & Carey, 1981:347-362). Weens die groot getal mediaberigte oor die onderwerp is die duplikate (identiese rekords) van koerante uit dieselfde mediagroep geïdentifiseer en slegs een rekord is dan gebruik. Duplisering het veral in *Beeld*, *Die Burger* en *Die Volksblad*, wat almal Afrikaanse dagblaaie is, voorgekom.

3.4. Data-ontleding

Kwalitatiewe inhoudsanalise behels 'n proses waardeur rou data omskep word in kategorieë of temas gebaseer op afleidings en interpretasie. In hierdie proses word induktiewe afleiding gebruik, waarvolgens temas en kategorieë uit die data deur die navorser se versigtige ondersoek en konstante vergelykings voortgebring word

(Patton,2002). Om konsepte of veranderlikes uit teorieë of vorige studies te vorm is veral aan die begin van kwalitatiewe navorsing baie nuttig (Berg, 2001).

Babbie en Mouton (2011:492) bied die volgende verduideliking oor wat inhoudsanalise behels:

“On the most general level content analysis is any technique for making inferences by objectively and systematically identifying specified characteristics of messages.”

Tradisioneel kan twee tipes inhoudsanalise onderskei word, naamlik konseptuele analise en relasionele analise (Babbie & Mouton, 2011:492). Konseptuele analise staan ook soms bekend as tematiese analise, maar hierdie term word nie juis deur kwalitatiewe analiste gebruik nie. Volgens Palmquist (in Babbie & Mouton, 2011:492) bestaan die proses van konseptuele analise uit agt stappe.

3.4.1. Besluit oor die vlak van analise

Hierdie stap behels die besluit of die vlak van analise een spesifieke woord, ’n sleutel frase of ’n string woorde sal wees.

3.4.2. Besluit oor hoeveel konsepte gekodeer moet word

Konseptuele analise vereis gewoonlik dat vooraf besluit moet word hoe die kodestel gaan lyk deur belangrike, tersaaklike sleutel terme of kodes te identifiseer nadat die literatuur oor die onderwerp bestudeer is. Nadat al die kodes vir die studies bepaal is, volg die proses van kodering. Op hierdie punt kan nuwe konsepte uit die data egter na vore kom. Die navorser kan dan besluit of nuwe kodes in die studie ingesluit sal word al dan nie. Die besluit om nie nuwe kodes in te sluit nie kan voordelig wees in die sin dat dit die navorser kan help om op die navorsingsvraag te bly fokus. Dit kan die navorser egter ook

daarvan weerhou om nuwe en verrassende aspekte wat uit die data mag voorkom, in te sluit.

3.4.3. Besluit of gekodeer sal word vir voorkoms of vir frekwensie van 'n konsep

Indien besluit word om te kodeer vir voorkoms sal die frekwensie van voorkoms nie ter sake wees nie. Die navorser sal dan net aandui of iets wel gebeur het of nie.

3.4.4. Besluit hoe om tussen konsepte te onderskei

Dit is ook belangrik om te besluit of slegs gebeure wat presies met die kodes ooreenstem gekodeer sal word en of die navorser ook bereid sal wees om te veralgemeen in terme van die inhoud van die data ten einde alle betekenisvolle gevalle van 'n spesifieke kode se data in te sluit. Indien op eersgenoemde besluit word het die navorser die voordeel dat subjektiwiteit beperk kan word. Omdat kwalitatiewe navorsing egter primêr op die abstrahering van betekenis uit die data ingestel is, kan so 'n keuse dus meer nadeel as voordeel inhou.

3.4.5. Ontwikkeling van reëls vir die kodering van konsepte

Hierdie stap behels die vaslegging van grense vir elke kode, dit wil sê die vaslegging van reëls vir wat as segment of teks gekodeer kan word of nie. In die proses van besluitneming sal so 'n stel reëls vir kodering outomaties na vore kom.

3.4.6. Besluit wat om met ontoepaslike inligting te doen

Na die afhandeling van die stappe soos reeds bespreek, sal die navorser moontlik oor data beskik wat nog nie gekodeer is nie. Hierdie data kan dan vernietig word indien die navorser seker is dat dit nie die studie sal beïnvloed nie.

3.4.7. Kodering van tekste

Kodering behels die proses waardeur sekere segmente van tekste aan bepaalde betekenisvolle etikette of kodes verbind word.

3.4.8. Analise van resultate

Hierdie proses behels die lees en herlees van tekste met die doel om sin te maak uit die patrone en temas wat uit die data mag opduik. Die analise van die gedrukte mediarekords wat vir die doel van hierdie studie versamel is, lewer konsepte, betekenis en definisies in terme waarvan hedendaagse taalaktiwisme verstaan word.

Hierdie studie fokus primêr op 'n analise van gedrukte mediarekords oor taal in Suid-Afrika wat tussen 1994 en 2005 opgelewer is. Die hoofrede hiervoor is die hoë frekwensie van beriggewing oor taalaktiwisme in die gedrukte media. Dit is algemeen bekend dat die gedrukte media, in 'n groter mate as ander media soos televisie en radio, die kwessies wat met taalaktiwisme en moedertaalonderrig verband hou, dek. Die analise begin met tersaaklike rekords vanaf 1994, met die aanbreek van die nuwe demokratiese bedeling, en eindig in 2005. Die tydperk bied dus die basis vir 'n historiese siening van die verskynsel van taalaktiwisme tydens die sogenaamde demokratiseringstydperk.

Die mediarekords is deur joernaliste geskep en in die geval van briewe, deur lesers van die onderskeie koerante, dikwels in reaksie op mediaberigte, rubrieke, artikels, lesersbriewe, ens. Aangesien wetenskaplike ondersoek die kredietwaardigheid van bronne hoog ag, is dit nodig om te noem dat joernaliste nie slegs vir die leserspubliek skryf nie, maar dat hulle werk ook krities deur hulle kollegas geanaliseer kan word. Hedendaagse joernaliste se werk word op die werk van hul voorgangers gebaseer en hulle konseptualisering van die geskiedenis van moedertaalonderrig en taalaktiwisme.

Die kategorieë of temas wat in die studie gebruik is, gebaseer op die sewe instrumente van taalaktiwisme, is die volgende: aktivistiese navorsing; mediadekking (neutraal en

aktivisties); drukgroepvorming; taalklagtes; gemeenskapsmobilisering; litigasie en geweld. Onder gemeenskapsmobilisering kan vyf verdere indelings gedoen word, naamlik petitionering, boikotte, dreiging met litigasie, druk op die massas en demonstrasies.

Vir elke rekord is afleidings gemaak rakende taalaktiwisme en die effek daarvan op taalbeleid (beide nasionaal, provinsiaal of ook op skoolvlak) en/of die standpunte van die regering, beheerrade van skole, universiteite en ander belangegroepe soos ouers. Die teorie waarop die afleidings gebaseer is, moet voldoen aan die vier kriteria van Straus en Corbin (1990) naamlik dat dit gepas, tersaaklik, werkbaar en kontroleerbaar moet wees. Die kategorie *gepas* behels dat die teorie by die fenomeen wat dit verteenwoordig moet pas. Om tersaaklik te wees moet die teorie die werklike belang van die deelnemers in die studie verteenwoordig. Die teorie moet werkbaar wees wat beteken dat dit in staat sal wees om te verduidelik hoe die probleem, met variasie, opgelos kan word. Laastens moet die teorie beheer of verander kan word indien nuwe tersaaklike data na vore kom.

Die rede waarom die totaal van 9 496 rekords veel hoër is as die 1 111 rekords wat uiteindelik in die studie gebruik is, is veelvoudig. Van die berigte het oorvleuel, dit wil sê verskillende trefwoorde het dieselfde rekord tot gevolg gehad. Slegs een van die rekords is dan gebruik. Die belangrikste rede vir die wegdoen van rekords is omdat slegs op taalaktiwisme rakende taal van onderrig en leer gekonsentreer is. Die grootste persentasie rekords het oor taalaktiwisme in die breë of moedertaalonderrig gehandel, maar het geen melding van aktiwisme gemaak nie. Verskeie voorbeelde van duplisering het ook voorgekom omdat dieselfde berig in verskillende publikasies verskyn het. Dit is dieselfde berig met geringe verskille, byvoorbeeld 'n ander opskrif of tipografie.

Weens die aanvanklike groot getal rekords wat onttrek is, is bepaalde woorde, grepe en begrippe in rekords geïdentifiseer wat as riglyn gedien het sodat dit vir die navorser moontlik was om van ontoepaslike rekords ontslae te raak. Dit is egter slegs 'n breë riglyn en nie geslote nie. Dit is gedoen ooreenkomstig die beskouing dat kwalitatiewe navorsing primêr ingestel is op die abstrahering van betekenis uit die data en dat 'n besluit om slegs

gebeure te kodeer wat presies met die kodes ooreenstem, meer nadeel as voordeel mag inhou. Tabel 12 dui die woorde, grepe en begrippe aan wat in die aanvanklike korpus rekords geïdentifiseer is wat dit vir die navorser moontlik gemaak het om rekords te behou.

Tabel 12: Woorde, grepe en begrippe wat in die aanvanklike korpus rekords geïdentifiseer is

Voorbeelde van grepe en begrippe in mediarekords wat betrekking het op dade van aktivisme
aandrang op dié onderrig is rassisties; Afrikaans laager retreats into church; Afrikaans word erg benadeel; Afrikaanse kinders uit skool gehaal; optog na skool; Afrikaanse skole onder druk; ANC accepts Afrikaans at schools and universities; ANC backs Afrikaans as teaching medium; ANC wil Afrikaanse universiteite bykom; ANC wil wegdoen Afrikaanse skole; anderstaliges gebruik in veldtog teen Afrikaans; baring black children; bepleit; bereid om hulle te wend tot hof; beurse vir Afrikaanse skole; binne parlement; boikot; botsings met die polisie; boycott looms over Afrikaans; brandbomme maak plek vir vrede; Constitutional Court; CVO skole; dae dat Afrikaners agteroor kon sit is verby; dae getel van net Afrikaanse skole; disguise for racism; don't deny others education; dreig dat druk sal uitloop op botsings; dring aan op; druk op skole; gaan kla; gesprek oor taal; help pupils with English; help skool hou en bou; hewige konflik; ignoreer bepalings; ignoreer oproepe; in hof verdedig; khaki-clad white parents; konflik; kruitvat; vra hulp; living in the new era; massa-aksie; Merensky feels the heat; model C days are numbered; must guarantee rights; myn en Escom los steun aan skool oor taalbesluit; offer matric papers in Xhosa; onderhandelinge; onderwys gevaar; ons Afrikaanse skole; oplossings gou nodig vir rus en vrede; ouers kla; overcoming old barriers; pikstele is gebruik; plan vir Afrikaanse skole; protes; raadpleging; raak van Engels ontslae; reaksie op druk; reaksie op ideologiese denke; regters vra vrae; representation; sakelui vir oopstelling; sal veg vir onderrig in Afrikaans; school apartheid; scrap model schools; sensitiewe skoolbenadering; shows sensible to go; shows the way around SA's language barriers; skolestryd; skrikbewind deur die gepeupel; stel gesprek af; taal onreg; taalstappe kom; taalversoening; test case; toetszaak; tough opposition; tuisskole; val regering aan; veg vir taal; verbruikersboikotte; versette; sakelui vir oopstelling; Vesos sal hof toe oor taal in skool; voertuie en eiendom is beskadig; voorlegging; vordering met moedertaal geëis; wend tot Pansat; withdrawing children;

Uiteindelik is 1 111 rekords geïdentifiseer wat direk op die studie van toepassing was. Uit hierdie rekords is 651 (58,6%) uit Afrikaanse publikasies verkry terwyl die ander 460 (41,4%) uit die Engelse media verkry is.

Tabel 13. Mediarekords geklassifiseer volgens jaar van publikasie en die taal waarin dit verskyn het

Jare	Mediarekords				Totaal
	Afrikaans		Engels		
1994	47	58,0	34	42,0	81
1995	110	58,5	78	41,5	188
1996	162	61,8	100	38,2	262
1997	79	62,7	47	37,3	126
1998	47	52,2	43	47,8	90
1999	22	56,4	17	43,6	39
2000	20	51,3	19	48,7	39
2001	28	50,9	27	49,1	55
2002	31	57,4	23	42,6	54
2003	38	57,6	28	42,4	66
2004	40	66,7	20	33,3	60
2005	27	52,9	24	47,1	51
Totaal	651	58,6	460	41,4	1111

Breë kategorieë en temas ter toeligting van die navorsingsvrae kon op hierdie stadium reeds uit die byeengebragte data blootgelê word. Dit word soos volg opgesom:

Tabel 14: Onderliggende temas uit die byeengebragte data geïdentifiseer

Onverbiddelike standpunte
Must guarantee rights; withdrawing children; ons Afrikaanse skole; Afrikaans laager retreats into church; khaki-clad white parents; barring black children; scrap model C-schools; Afrikaanse kinders uit skool gehaal; raak van Engels ontslae; tuisskole; voertaalprobleme hou swart kinders uit dié skole; VF steun kultuur-homogene skole; now its fists raised for English language; Tzaneen in opstand oor swart eise
Versoenende standpunte
Onderhandelinge; binne parlement; living in the new era; sensitiewe skoolbenading; shows sensible way to go; shows the way around SA's language barriers; overcoming old barriers; bold move to embrace new order; education minister has taken reconciliatory step towards Afrikaansspeaking community
Inklusiewe standpunte
Aandrang op moedertaalonderrig nie rassisties; don't turn away pupils; skole aangemoedig om in meer as een taal te onderrig; Afrikaanssprekers moet in vennootskap tree met Afrikataalsprekers
Verdagmakery
Disguise for racism; clinging to the old; school apartheid; Afrikaans laager retreats into church; taalbeleid vir skole 'n suikerklontjie
Positiewe uitsprake deur regeringslui
ANC backs Afrikaans as teaching medium; ANC accept Afrikaans at schools and universities; schools allowed to choose own language policy; Hindle erken dat moedertaalonderrig onontbeerlik is
Negatiewe uitsprake deur regeringslui
ANC wil wegdoen met Afrikaanse skole; ANC wil Afrikaanse universiteite bykom; ANC dreig skole: praat Engels, of jul subsidie waai

'n Onderskeid, gebaseer op Martel (1999) se klassifikasie, is daarna tussen twee breë kategorieë van taalaktiwisme gemaak, naamlik meer gematigde vorme van aktivisme teenoor aktivisme wat meer konfronterend van aard is. Die aard en die toon van hierdie twee tipes mediadekking bepaal die verskil tussen die twee. Dekking wat woorde gebruik soos *ontevredenheid*, *kommer*, *gesprekvoering*, *raadpleging*, *voorlegging*, *onderhandeling*, *binne parlement*, *insluitende plan vir skole* en *beurse vir Afrikaanse skole* dui op gematigde aktivistiese beriggewing. Die meer aktivistiese benadering dui op die gebruik van metafore soos *protes*, *stryd*, *oorlog*, *boikot*, *onttrek kinders*, *dreig*, en *weerstand*.

Ter verfyning van die studie en ten einde groter akkuraatheid te verseker, is die metodologie verder vereenvoudig. Die uiteindelijke korpus rekords wat as databasis vir hierdie studie aangewend is, is volgens die verskillende instrumente van taalaktiwisme geklassifiseer. Ruimte is vir nuwe konsepte gelaat wat uit die data mag voortkom. Daar is ook besluit om vir voorkoms te kodeer omdat frekwensie van 'n konsep in hierdie studie van mindere belang geag is. Verder is daar besluit dat hoewel die vasstel van kernkodes belangrik is, ruimte gelaat sal word vir veralgemenings omtrent die inhoud van die data sodat alle betekenisvolle gevalle se data wel ingesluit sal word.

Die volgende tabel dui die woorde, sinne of grepe aan wat gebruik is om die data volgens die verskillende instrumente van taalaktiwime te ontleed.

Tabel 15: Woorde, sinne of grepe in die analise van die data gebruik

Instrumente van taalaktiwisme		
	Instrument	Woorde, sinne, grepe, begrippe, suggesties
Gematig	Navorsing	Kundiges; bestudeer
	Mediadekking	Stryd; twis; mobiliseer; protes(teer); demonstreer; tree op; weerstand; waarsku; moedig aan; staan vas oor moedertaal
	Taalklagtes	gaan kla; Pansat
	Skepping van drukgroepe	Onderhandeling; vra hulp; gesprekvoering/
	Gemeenskapsmobilisering	
	Petisionering	Handtekeninge; memorandum; petisies aan owerhede; voorleggings; protes
	Boikotte	Boikot; Ignorering van oproepe deur departement; weiering om beleide te verander; onttrekking van kinders uit skole; weerhouding van (geldelike)steun; onttrek steun
	Dreiging met litigasie	sal hof toe gaan; gaan kla; toetsaak
	Druk op massa	Verset; samewerking; massa-aksie; wees inklusief; moet saamstaan; dae van agteroor sit verby; maak provinsie onregeerbaar
	Demonstrasies	Betogings; plakkate; demonstrasies van ongelukkigheid; weerhouding van kinders; versetaksie; optog; maak provinsie onregeerbaar
Konfronterend	Litigasie	Hofsake; hooggeregshof; litigeer; taalgeveg in hof; in hof verdedig
	Geweld	Konflik; botsings met polisie; voertuie en eiendom beskadig; maak provinsie onregeerbaar

Hierdie analise het die volgende resultate, volgens die instrumente van taalaktiwisme, tot gevolg gehad:

1. Rekords wat inligting oor (aktivistiese) navorsing bevat

Altesaam 89 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Na aanleiding van die eerste rondte inhoudsontleding is rekords waarin inligting oor navorsing voorkom, uitgesonder. Slegs taalnavorsing wat deur taalorganisasies of taalaktiviste ter bevordering van moedertaalonderrig geïnisieer is, is in ag geneem. Navorsing wat sprekers eksplisiet of implisiet aanmoedig om moedertaalonderrig in te span, is ook as relevant beskou. Na verdere verfyning van die studie is slegs nege werklike gevalle van aktivistiese navorsing as instrument van taalaktiwisme uiteindelik geïdentifiseer.

2. Rekords wat inligting oor (aktivistiese) mediadekking bevat

Altesaam 256 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Mediarekords waarin lesers gewaarsku en aangemoedig word oor, of herinner word aan, hul reg tot moedertaalonderrig, word in hierdie studie geklassifiseer as rekords wat aktivistiese mediaberiggewing bevat. Verskillende tipes rekords kan as sodanig geklassifiseer word. Ander tersaaklike mediarekords is die waarin taalgemeenskappe aangemoedig word tot aksie of waarin sekere aksies voorskryf of aanbeveel word ten einde taalregte te beskerm. Van die mediaberigte prys ook sekere aktivistiese dade. Opskrifte van berigte soos *Hensop eskapade* of *moet sterk staan* dui gewoonlik reeds op aktivistiese media-inhoud. Na verdere verfyning van die studie is slegs 90 werklike gevalle van aktivistiese mediadekking uiteindelik geïdentifiseer.

3. Rekords wat inligting oor taalklagtes bevat

Altesaam 83 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Die media berig soms ook oor ontevredenes wat hul misnoeë uitspreek of wat kla oor taal in onderwyskwessies. Dikwels word die media as klagteforum aangewend maar soms word ook in die media

oor klagtelegging by amptelike instansies soos Pansat berig. Verskeie rekords bevat inligting oor sulke klagtes wat by Pansat en ander organisasies aanhangig gelê is. Dit is as tersaaklik beskou en by hierdie studie ingesluit. Na verdere verfyning van die studie is slegs ses werklike gevalle van taalklagtes uiteindelik geïdentifiseer.

4. Rekords wat inligting oor die skepping van drukgroepe bevat

Altesaam 156 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Inligting oor gesprekke wat deur taalaktiviste met invloedrykes (gewoonlik politici) gevoer is om hul saak te versterk, is in hierdie studie as voorbeelde van drukgroepvorming hanteer. Na verdere verfyning van die studie is slegs 28 werklike gevalle van die skepping van drukgroepe as instrument uiteindelik geïdentifiseer.

5. Rekords wat inligting oor gemeenskapsmobilisering bevat

Altesaam 527 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Inligting oor oproepe tot aksie ten einde 'n bepaalde doel te bereik, in hierdie geval moedertaalonderrig, word as gemeenskapsmobilisering geklassifiseer. Na verdere verfyning van die studie is slegs 109 werklike gevalle van gemeenskapsmobilisering as instrument van taalaktiwisme uiteindelik geïdentifiseer.

Onder hierdie opskrif sorteer die volgende vyf sub-instrumente

5.1. Rekords wat inligting oor petisionering bevat

Altesaam 84 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Petisionering kan op die insameling van handtekeninge, memorandumms en petisies aan die owerhede dui. Na verdere verfyning van die studie is slegs 11 werklike gevalle van petisionering as instrument van taalaktiwisme uiteindelik geïdentifiseer.

5.2. Rekords wat inligting oor boikotte bevat

Altesaam 93 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Oproepe deur organisasies of individue wat op die ignorering van oproepe deur departemente, die weiering om beleide te verander, die onttrekking van kinders uit skole of die weerhouding van steun aan skole dui is vir die doeleindes van hierdie studie as boikotering beskou. Na verdere verfyning van die studie is slegs 10 werklike gevalle van boikotering as instrument van taalaktivisme uiteindelik geïdentifiseer.

5.3. Rekords wat inligting oor dreiging met litigasie bevat

Altesaam 28 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Onder hierdie kategorie sorteer gesprekke oor litigasie, waarskuwings dat tot litigasie oorgegaan sal word of die aanmoediging van individue en organisasies om litigasie ten gunste van moedertaalonderrig te oorweeg. Na verdere verfyning van die studie is slegs ses werklike gevalle van dreiging met litigasie as instrument van taalaktivisme uiteindelik geïdentifiseer.

5.4. Rekords wat inligting oor druk op massas bevat

Altesaam 177 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Oproepe tot samewerking of aktivistiese groeperinge wat na mekaar uitreik ten einde groter bedingingsmag te verkry is as druk op die massas geklassifiseer. Anders gestel is dit organisasies wat samewerking by eendersdenkende organisasies soek ten einde groter getalle te bekom. Na verdere verfyning van die studie is slegs 65 werklike gevalle van druk op die massas as instrument van taalaktivisme uiteindelik geïdentifiseer.

5.5. Rekords wat inligting oor demonstrasies bevat

Altesaam 145 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Dit is betogings, swaai van plakkate, demonstrasies van ongelukkigheid, die weerhouding van kinders uit skole om hul misnoeë te toon en die stigting van privaatskole as demonstrasie van hul afkeur aan gedwonge integrasie en die gevolglike verandering aan die taalbeleide van skole. Na verdere verfyning van die studie is slegs 17 werklike gevalle van demonstrasie as instrument van taalaktiwisme uiteindelik geïdentifiseer.

6. Rekords wat inligting oor litigasie bevat

Altesaam 53 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Rekords wat inligting oor hofsake ten gunste moedertaalonderrig of moedertaalskole is onder hierdie opskrif behandel. Na verdere verfyning van die studie is slegs 10 werklike gevalle van litigasie as instrument van taalaktiwisme uiteindelik geïdentifiseer.

7. Rekords wat inligting oor geweld bevat

Altesaam 38 rekords is binne hierdie kategorie geklassifiseer. Enige vorm van geweldpleging of dreiging met geweld as middel tot die verkryging van moedertaalonderrig is as relevant in die studie geselekteer. Na verdere verfyning van die studie is slegs agt werklike gevalle van die gebruik van geweld as instrument van taalaktiwisme uiteindelik geïdentifiseer.

Altesaam 260 werklike gevalle van die gebruik van die instrumente van taalaktiwisme is uiteindelik geïdentifiseer en geanaliseer. Hierdie bevindinge van die studie is aan die hand van die volgende teoretiese skema bespreek. Die skema is ontwikkel aan die hand van die teoretiese insigte soos in Hoofstuk 2 bespreek.

1. Die politieke agtergrond van die tydperk as rede vir die aktivisme

Mediarekords wat op die reaksie van taalbewegings en individue op die politieke *status quo* van die betrokke tydperk dui is berekening gebring. Die analise is aan die hand van die beskouing van aktivisme as enige bewustelike aksie wat daarop gemik is om

verandering te bewerkstellig, gedoen. Die Suid-Afrikaanse gemeenskap se toewyding aan die beginsels van demokrasie, soos deur Tollefson (1991:211) bespreek en of hulle bereid is om hulself te beywer vir taalregte, dien as verdere riglyn.

2. Aktivistiese agente/organisasies betrokke

Ten einde aktivistiese agente/organisasies uit die rekords te identifiseer, sal die definisies van onder andere Florey (2008:9), Schugurensky , Steyn (1980:74) en later Du Plessis (2006:75) sowel as die van Okano (2006:263) as riglyn gebruik word. 'n Taalaktivis sal volgens Florey (2008:9) iemand wees wat energieke aksie op kwessies rakende taalontwikkeling rig. 'n Taalaktivis inisieer aksies of aktiwiteite ter ondersteuning van 'n taal en sprekersgemeenskap. Schugurensky erken egter ook dat daar 'n ander tipe aktivisme bestaan wat in die teenoorgestelde rigting beweeg. Hy noem eersgenoemde sosiaal-regsegeoriënteerde aktivisme of aktivisme vir demokrasie. Volgens Du Plessis (2006:75) moet onderskei word tussen taalaktivisme en taalregte-aktivisme. Taalaktivisme het volgens Steyn (1980:74) en later Du Plessis (1986) selde te make met taal as sodanig, en het eerder te make met die rol van 'n politieke- of taaldrukgroep. In die geval van taalregte-aktivisme, poog rolspelers om verandering in sosiale praktyke, ideologieë en strukture wat die handhawing en ontwikkeling van taalgemeenskappe beïnvloed, te bewerkstellig.

Taalaktivistiese bewegings sluit volgens Okano (2006:263) plaaslike politieke groeperinge, professionele onderwyspraktisyns, ouers, studente en ander minderheidsgroeperinge in.

3. Aksies van die aktivistiese agente

Hoeweldie woord aktivisme, volgens Schugurenski, beelde van protesaksies, demonstrasies, geweldpleging, traangas, burgerlike ongehoorsaamheid, konfrontasies en botsings met die polisie en weermag laat opduik, is dit nie noodwendig die aksies van taalbewegings nie. Hierdie bewegings het in ooreenstemming met wat Martel (1999:47) beskryf elk sy "eie gebruik van die wet as instrument van verandering en sy eie vermoë

of onvermoë om magswanbalanse te neutraliseer.” Die instrumente van taalaktiwisme soos deur Martel (1999) en later Du Plessis (2006) geïdentifiseer, sal as riglyn dien.

4. Invloed van aktiwisme vir die tydperk.

Die invloed van taalaktiwisme vir die betrokke tydperk is aan die hand van wat May (2004:48) en Du Plessis (2006:75) as die doel van taalaktiwisme beskou, geanaliseer. Wat die geslaagdheid van taalaktiwisme betref redeneer May dat hoewel eentaligheid in die meerderheidstaal meer ondersteuning geniet, die doel van taalregteaktiwisme steeds is “to influence, and if possible change the wider social, cultural and political processes that have seen the construction of, and distinction between, so called minority and majority languages in the first place.” May meen dat dit ’n formidabele taak is omdat die sosiale en politieke magte wat teenoor minderheidstale opgestel is, stewig gevestig is. Du Plessis (2006:75) stel dit dat die doel van taalaktiwisme is om ’n verandering in die sosiale praktyke, ideologieë en strukture wat die handhawing en ontwikkeling van taalgemeenskappe beïnvloed, te bewerkstellig.

Ten einde die navorsingsvrae te beantwoord is die volgende raamwerk, gebaseer op literatuuroorsig in Hoofstuk 2, gebruik.

Tabel 16: Raamwerk waarbinne navorsingsvrae beantwoord sal word

Vraag 1: Hoe wydverspreid die verskynsel taalaktiwisme in Suid-Afrika voorkom
<i>Teorie wat die vraag onderlê</i>
Onderskeid word hier tussen taalregteaktiwisme (dit wil sê aktiwisme wat gerig is op die bevordering van sprekers se taalkeuse) en taalaktiwisme (dit wil sê aktiwisme wat gerig is op die vermindering van sprekers se taalkeuse) gemaak. In die beantwoording van die vraag word uitgebrei op die teenwoordigheid van beide vorme van aktiwisme en deur watter taalgemeenskappe die onderskeie vorme gedryf word sowel as die redes daarvoor
Vraag 2: Die vorme (indien enige) waarin taalaktiwisme onder die verskillende taalgemeenskappe voorkom
<i>Teorie wat die vraag onderlê</i>
Daar word gelet op die instrumente van taalaktiwisme soos deur die onderskeie taalgemeenskappe gebruik sowel as op die doelwitte wat daarmee beoog word.
Vraag 3: Of daar inderdaad 'n herwaardering van moedertaalonderrig is.
<i>Teorie wat die vraag onderlê</i>
Hierdie vraag word beantwoord teen die agtergrond dat alles teen 1994 daarop gedui het dat die moedertaalideaal nie hoog op die prioriteitslys van die regering sou wees nie en dat die regering eerder op die oopstelling van voormalige wit skole en Engels as onderrigmedium sou fokus. Soos wat sosio-politieke praktyke en -strukture onder druk is om te verander, is dit die taak van aktiviste om kwessies waarop gelet moet word uit te lig (Martel, 1999). Taalaktiwiste sal byvoorbeeld hul eie agenda en doelwitte onder die aandag van die regering wil bring. Hierdie navorsingsvraag is beantwoord inaggenome die siening dat daar ook 'n ander tipe aktiwisme bestaan wat in die teenoorgestelde rigting beweeg. Tekens van positiewe sowel as negatiewe taalbenaderings soos geïnisieer deur beide amptelike en nie-amptelike agentskappe is in die data geïdentifiseer en bespreek.
Vraag 4: Watter rol (indien enige) taalaktiwisme in die herwaardering van moedertaalonderrig speel.
<i>Teorie wat die vraag onderlê</i>
Die rol van taalaktiwisme gedurende hierdie tydperk soos in die media gereflekteer is teen Schugerensky (2007) en andere se beskouing dat taalaktiwisme enige bewustelike aksie is wat die skep van 'n demokratiese bestel ten doel het geanaliseer. Die sukses van aktivistiese bewegings sal in die mate van sukses wat hulle daarin bereik gesetel wees.

Hierdie raamwerk is ontwikkel om as basis te dien vir die beantwoording van die probleemvrae. Dit is egter slegs 'n basis en die volledige literatuuroorsig word in berekening gebring.

3.5. Beperkinge van die studie

3.5.1. Verteenwoordigendheid

Daar moet gemeld word dat SA Media nie toegang bied tot kleiner Afrikaanse of Engelse streekspublikasies nie, en ook nie vir Afrikataal koerante, byvoorbeeld *Ilanga lase Natal* ('n Zoeloekoerant wat in Kwa-Zulu-Natal verskyn) sowel as *Unokhethwako* ('n Seswatikoerant wat in Limpopo en Mpumulanga verskyn). Dieselfde geld ook vir ander koerante wat eksklusief in die behoefte van eentalige groeperinge voorsien, byvoorbeeld die *African Jewish Newspaper* (Yiddish), en die *Chinese Express* (Chinees). Die lys sluit ook nie die twee koerante *Vuka SA* en *Mayibuye*, wat beide Engelse koerante is, maar op die oog af as Afrikataal publikasies voorkom, in nie. Ander koerante wat ook uitgesluit word, is die nuwe ponie-formaat publikasies wat die laaste jare op die toneel verskyn het en in die behoeftes van 'n beduidende mark voorsien. Alhoewel slegs 13 uit die 45 publikasies wat in die studie gebruik is, Afrikaans is, kom die meeste van die gerapporteerde gevalle van taalaktiwisme uit die Afrikaanse bronne, wat aanduidend kan wees van 'n groter gevoel van bedreiging uit die Afrikaanse gemeenskap. Alhoewel aktivisme uit die Afrikataalsprekende gemeenskap deur beide Afrikaanse en veral die Engelstalige media gedek word, is dit te betwyfel dat alle aktivistiese aktiwiteite en die gevolge daarvan, veral uit die grondvlak Afrikataalsprekende gemeenskappe, vermeld word. Geen koerante in die Afrikatale is in die studie gebruik nie. Geen aanspraak kan dus op volledigheid van die studie gemaak word nie.

3.5.2. Tydsraamwerk

Omdat die analise slegs tot 2005 strek, is dit nie moontlik om 'n meer hedendaagse verslag oor die groei en invloed van aktivistiese organisasies na hierdie datum te lewer nie. Verla die werk van die SBA en die invloed daarvan op die herwaardering van moedertaalonderwys verdien verdere navorsing. Belangrike hofuitsprake soos in die geval van die Hoërskool Ermelo, sowel as gevolge van die skole in Kuruman in die

Noord-Kaap en die Laerskool Mikro in die Wes-Kaap val ook buite die tydsraamwerk (Hoofstuk 5).

3.6. Slotsom

In hierdie hoofstuk is die empiriese fase van die studie bespreek. Dit gee 'n beskrywing van die basiese navorsingsontwerp, die etiese maatreëls, maatreëls om geldigheid en betroubaarheid te verseker en 'n beskrywing van die data-insameling en metode van data-ontleding.

Van die probleme eie aan dokumente-/mediarekordnavorsing is die kwessies van kredietwaardigheid en betroubaarheid. Hoewel 'n relatiewe groot aantal koerantberigte vir die doel van hierdie studie onder oë geneem is, kan die algemene geldigheid en betroubaarheid van die studie moontlik bevraagteken word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar slegs op die treffende en dominante temas in die media se diskoers oor taalaktiviste vir taalaktiwisme en moedertaalonderrig gekonsentreer is. Hisa (1988:318) se opmerking oor die dilemma van inhoudsanalise moet ook in ag geneem word: "When content analysis are free to choose the content, we may fault them for their biases; when they use random selection procedure, we may blame them for missing something important."

Die navorser se taak is dus om seker te maak dat die bronne wat in die studie gebruik is eg is en nie blote historiese namaaksels nie. In hierdie studie is geen probleme daarmee ondervind nie omdat die rekords wat gebruik is teruggespoor kan word na die koerante wat dit oorspronklik geproduseer het. Dit kan ook gerekonsilieer word met die algemene kennis rakende moedertaalonderrig en taalaktiwisme soos wat dit ten tyde van die verskyning daarvan bestaan het. Dit stem ook breedweg ooreen met inligting uit boeke, artikels en wetenskaplike vaktydskrifte verkry soos bespreek in die literatuur- en dokumentestudie. Daarby behoort nuusberigte, ooreenkomstig die Internasionale Organisasie vir Joernaliste se gedragskodes vir joernaliste onbevooroordeelde nuus te bevat (Merrill, Lee & Friedlander, 1990:403-405) en bestaan daar regsbeginsels insake die publisering van valse berigte en naamskending (Carey, 1999:72-77).

Hoofstuk 4 Taalaktiwisme en taal in die onderwys in Suid-Afrika

4.1. Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is tweeledig. Eerstens poog dit om 'n oorsig te bied van die voorkoms van taalaktiwisme as verskynsel in Suid-Afrika en hoe dit onder die verskillende taalgroepe oor verskillende historiese tydperke manifesteer. Dit is veral belangrik om die impak daarvan op beleid na te speur. Tweedens is dit die doel van die hoofstuk om breedvoerig aan te toon dat taalaktiwisme nie vreemd is aan die geskiedenis van Suid-Afrika nie en dat die huidige taalaktivistiese pogings teen die agtergrond hiervan analiseer moet word.

Veranderinge in 'n land se politieke en ekonomiese situasie bring noodwendig veranderinge in die taalpatrone van daardie land te weeg. Die invloed van die taalsituasie is op alle terreine merkbaar, soos byvoorbeeld die administrasie, politiek en selfs in die wyse waarop mense op verandering, veral in die onderwys, reageer. Blommaert (1999:425) staan die analise van taalontwikkeling as bloot 'n organisasieproses waar tale natuurlik en onafhanklik ontwikkel, sonder enige eksterne beïnvloeding, teen. Hy stem saam met die siening van taal as materiële objek in teenstelling met die denkrigting wat taal graag definieer as 'n organiese liggaam wat op natuurlike reëls reageer en onafhanklik van menslike invloed bestaan. Hy verwerp die siening dat taal onafhanklik kan bestaan. Die geskiedenis van taal is inderwaarheid 'n geskiedenis van die mense wat dit gebruik, manipuleer, skep en benoem.

Elke moment van taaldebate en taalstryd, soos dit in die geskiedenis van 'n taal manifesteer, is nou verweef met, en ontwikkel teen, die agtergrond van vorige ontwikkelings oor 'n langer tydperk. Die 'storie' van taal is dus nie slegs 'n abstrakte reeks gedagtes waarin ontwikkelings verduidelik word as opeenvolgende fases, waar die een fase noodwendig die volgende fase impliseer nie. Dit moet inderwaarheid 'n storie wees van verskillende, teenstrydige, ongebalanseerde praktyke uitgevoer deur identifiseerbare agente op spesifieke maniere en deur die gebruik van spesifieke instrumente (Blommaert, 1999:425). Du Plessis (2003:99) stem saam en redeneer dat

indien ideologiese konflik as 'n belangrike impetus in taalbeleidsverandering beskou kan word, 'n benadering vanuit hierdie rigting belangrike insigte oor taalbeleidsontwikkeling in Suid-Afrika kan lewer. Prah (2007:1) herinner dat taal 'n bepalende rol in die historiese spanning tussen groepe in Suid-Afrika gespeel het. Dit was beslis die geval in die geskiedenis van Afrikaans en Engels. Daarom verwys Afrikaners, volgens Prah, dikwels na die Anglo-Boereoorlog as 'n taalstryd.

Suid-Afrika se linguistiese situasie was nooit staties nie, maar die land se taalpatrone het oor die eeue heen opvallende veranderinge ondergaan wat met politieke veranderinge, saamval. Elke politieke groep wat aan bewind gekom het, het sy magposisie gebruik om sy taalbeleid te implementeer. Dit word dikwels ten koste van die taalregte van minderheidsgroepe gedoen. Die norm was in die verlede dat die voorheen onderdrukte groep die magposisie gebruik het om weer ander groepe linguisties te onderdruk. Hierdie situasie het weer aanleiding gegee tot verskeie versetaksies vanuit die verskillende taalgemeenskappe.

4.2. Die verskillende tydperke

4.2.1. Koloniale Tydperk (1652 – 1910)

Die tydperk tussen Jan van Riebeeck se vestiging van 'n verversingstasie vir die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) aan die Kaap en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, word as die koloniale tydperk in die algemene geskiedenis van Suid-Afrika beskou. Hierdie tydperk val saam met wat Huigen (2004) aandui as die tydperk (243 jaar) in die geskiedenis van Suid-Afrika toe Nederlands as 'n skryftaal gebruik is en ook amptelike status geniet het. Die gebruik van Nederlands is uiteindelik in 1925 beëindig toe Afrikaans Nederlands as een van die twee amptelike tale van die Unie van Suid-Afrika vervang het (die ander taal synde Engels). Die Koloniale era word gekenmerk deur vier teryne van kolonialisering, naamlik 1) deur die Hollanders, 2) deur die Britte, 3) deur die Hollandssprekende Afrikaners en 4) weereens deur die Britte (Du Plessis, 2003:109). Elke koloniale regering het tydens sy termyn sy taal as die

dominante taal in die gemeenskap gevestig. Gedurende hierdie tydperk het die regering ook slegs op die wit minderhede van die bevolking gekonsentreer en die Afrikatale het geen regeringsteun geniet nie.

Toe die koloniale heerskappy van die Kaapkolonie finaal in 1806 deur Brittanje oorgeneem is, is 'n aggressiewe beleid van verengelsing gevolg. Hierdie beleid was so suksesvol dat die Nederduits-Gereformeerde Kerk na 1865 die enigste instelling was wat steeds Nederlands as voertaal gebruik het (Kannemeyer, 1978:14). 'n Belangrike teenontwikkeling van die verengelsingproses was egter die drukpers wat teen 1800 in die Kaap geïnstalleer is. Dit het die totstandkoming van Nederlandse uitgewers en die verspreiding van koerante, tydskrifte en boeke in Nederlands gedurende die negentiende eeu regdeur die kolonie moontlik gemaak. Op hierdie wyse het “imagined communities” buite die amptelike Engelse instellings ontstaan (Anderson, 1983), naamlik koloniste wat Nederlandse/Afrikaanse sentimente gehuldig het (Huigen, 2004:9-13). Hierdie infrastruktuur van uitgewers en publikasies sou later 'n baie belangrike rol in die vestiging van Afrikaans as 'n amptelike en kultuurtaal in Suid-Afrika speel (Huigen, 2004:14).

4.2.1.1. Hollandse Tydperk (1652 – 1814)

Die Hollandse Tydperk het begin met die aankoms van Jan van Riebeeck en die Hollanders aan die Kaap en het 'n verreikende invloed op sowel die tale van die inheemse bevolking as van die koloniste gehad. Die aankoms van die Hollanders aan die Kaap het die gebied onmiddellik deel van die Hollandse politieke en ekonomiese sfeer gemaak (Kamwendo, 2006:3). Volgens Raid (1971) en Van der Merwe (1968:20) het die streng maatreëls van die Hollandse bewindhebbers, wat beklemtoon het dat hulle moedertaal (Nederlands) deur almal gepraat moet word, nadelig op die tale van die inheemse groepe ingewerk. Die maatreëls het die Hollanders verbied om Hottentots, of enige ander taal, te praat. Die Hottentotte was dus verplig om hul taal prys te gee.

Dieselfde inperkende maatreëls het ook negatief op die slawe ingewerk. Die meeste van hulle het minstens een van die Maleis-Polinisiese tale gepraat en was ook Portugees magtig. Slawe kon nie in Portugees aangespreek word nie en hulle (slawe) moes dus noodgedwonge 'n soort Nederlands aanleer. Dit was volgens Van der Merwe (1968:67) die begin van die ontstaan van Afrikaans.

Benewens die taalverskuiwings by die Hottentotte en die slawegemeenskap, is taalverskuiwings ook by ander groepe, naamlik die Franse en die Duitse immigrante waargeneem. Om te verhoed dat die kolonie sy Nederlandse karakter verloor, is die Franse immigrante tussen die reeds gevestigde Nederlandse boere gevestig. In opdrag van die Here XVII het Simon van der Stel probeer om die Franse so gou as moontlik te verhollands.

Gedurende die Hollandse bewind aan die Kaap (1652-1806) was daar slegs Hollandse enkelmediumskole vir die Hollandse nedersetters, slawe, Hottentotte en Franse Hugenate (Reinecke, in Rossouw, 1999). Kamwendo (2006:3) beskryf die tydperk as 'n fase van Hollandse politieke en ekonomiese uitbreiding. Dit was vir die Blanke setlaars aan die Kaap belangrik om die inheemse bevolking te kersten en te onderrig. Op 11 April 1658 is die eerste skool in die Kaap geopen. Die skool is spesiaal vir die Hottentotte en die jong slawe van die VOC gestig. Die doel van die skool was om Hottentotte en slawe Hollands te leer praat (Mawasha, 1982:3). Die slawe was nie hiermee gediend nie en het gereeld gevlug. Die skool moes uiteindelik sluit omdat, volgens Mawasha, die leerders nie behoorlik Hollands kon praat nie en ook omdat die onderwysers nie die taal van die leerders kon praat nie. In 1663 is die eerste skool vir die kinders van die nedersetting gestig. Die skool is bygewoon deur Blanke-, slawe- en Hottentotkinders. In 1666 het die Politieke Raad verslag gedoen dat die Hottentotkinders wat die skool bywoon, reeds kennis van Hollands opgedoen het.

Die onderwystoestande het in die 18de eeu nie veel verbeter nie en pogings om dit te verbeter was onsuksesvol. Daar is selfs gepoog om 'n Latynse skool te begin. Dit het egter ook misluk omdat welgestelde ouers hul kinders vir verdere onderrig na Europa

gestuur het. Veeboere wat dieper in die binneland gewoon het, moes huisonderwysers, wat meestal oudsoldate was, gebruik. Van die opvatting om **wit en swart** kinders in afsonderlike skole op te voed het niks gekom nie.

Tydens die Bataafse bewind het Kommissaris De Mist probeer om die skoolstelsel te verbeter deur moedertaalonderrig in te stel. Volgens Malherbe (1925:52-54) het De Mist onderwys, veral deur die beskerming van moedertaalregte, as instrument beskou wat vir die bewaring van nasionale solidariteit gebruik kon word.

In 1799 is die eerste skool vir swart leerlinge in die binneland deur dr. J.T. van der Kemp van die Londense Sendinggenootskap naby King Williamstown geopen (Nel, 1942:78). Daarna is soortgelyke skole aan die buitewyke van Blanke setlaarsgebiede gestig. Dit is deur die sendelinge gestig, maar is sterk deur die setlaars teengestaan.

Enkele spore van weerstand teen die taalmaatreëls van hierdie tydperk verskyn in die gedokumenteerde geskiedenis. Die vestiging van drukperse deur Hollandse uitgewers in 'n poging om hul taal in 'n tydperk van grootskaalse verengelsing in stand te hou, is 'n voorbeeld van weerstand. Die feit dat skole vir die Khoi en slawe misluk het omdat hulle dit nie bywoon nie as gevolg van Hollandse onderrig, kan ook as 'n vorm van weerstand beskou word. Truter (2004:8) beweer dat taal reeds sedert die sewentiende en agtiende eeue 'n omstrede kwessie in Suid-Afrika was, maar dat taalreëlings eers in die negentiende eeu 'n politieke probleem geword het. Hierdie weerstand kan as vroeë vorme van taalaktiwisme vertolk word.

4.2.1.2. Eerste Britse Tydperk (1814 – 1834)

Die Britse regering het volgens Le Cordeur (1986:78-79) aanvanklik 'n redelik insiklike beleid teenoor Hollands gehandhaaf en daar was geen aansporing om administratiewe of ander veranderinge aan te pak nie. Dit was byvoorbeeld steeds moontlik om Hollands in die howe te gebruik. Hoewel dit dus nie Britse beleid was om die Kaap te verengels nie, was daar egter verskeie amptenare in die Kaap, sowel as in die ministerie van die

Kolonie, wat vasbeslote was om die beleid van verengelsing deur te voer (Le Cordeur, 1986:86-87). Sir John Cradock wat in 1811 as goewerneur van die Kaap aangestel is, was van die begin af vasbeslote om plaaslike instellings en beleide te verengels. In 1814 is hy deur lord Charles Somerset opgevolg wat opdrag van die Britse Minister van Kolonies gekry het om Engels so gou as moontlik tot die enigste amptelike taal in die Kolonie te verhef (Kannemeyer, 1974:8). Ten spyte van hewige protes onder die landelike Hollands-Afrikaanssprekendes het daar in die Kaapkolonie 'n taalverskuiwing van Afrikaans na Engels plaasgevind.

In 1820 is ongeveer 1 000 Britse gesinne met die hulp van die Britse regering in die Kaapkolonie gevestig. Op 5 Julie 1822 het Somerset sy taalproklamasie uitgevaardig waarvolgens Engels die amptelike taal van die Kaapkolonie geword het.

Die tweede Britse besetting van die Kaap het die hele politieke magstruktuur in die Kaapkolonie verander. Daarmee is ook die taalsituasie in die regering, sowel as in die skole verander (Mawasha, 1982:6). Kommer is uit verskillende oorde uitgespreek oor die ongeletterdheid van die slawe asook die gebrek aan georganiseerde gratis onderwys vir behoeftige wit kinders. Cradock, wat onderwys as die belangrikste instrument beskou het waarmee die inwoners verengels kon word, het dadelik aandag aan die onderwys gegee (Nienaber, 1967:6). In 1812 het hy toestemming gegee dat 'n Engelsmediumskool vir slawe opgerig moet word. Somerset het hierop voortgebou en die ou Hollandse kusterskole met 'n stelsel van gratis staatskole vervang. Op 5 Julie 1822 het Somerset 'n proklamasie uitgevaardig dat Engels die enigste amptelike taal in die Kaapkolonie sal wees. Engels en Latyn was die enigste tale wat in die regeringskole onderrig kon word. Vir hierdie doel het Somerset Britse onderwysers ingevoer. Die skole was ook slegs vir die kinders van Europese koloniste toeganklik. Dit het die praktyk van afsonderlike skole vir wit en swart kinders gevestig. Hollandse ouers het egter hierteen beswaar gemaak, op grond daarvan dat Hollands nooit amptelik as vak of onderrigtaal erken is nie. Hulle het gevolglik al hul kinders onttrek en die skole het begin leegloop. Ouers kon slegs in sendingskole, wat onder beheer van die kerk was, die onderrigtaal van die skool kies. Hierdie situasie het volgens Mawasha (1982:6) egter ook spoedig verander.

Met die Britse oornam van Suid-Afrika in 1806 is sekere regte in die *Artikels van Oorgawe* gewaarborg. Die burgers het aanvaar dat dit ook hul taalregte sou insluit. Somerset het dit egter nie eerbiedig nie en het *Proklamasie 17 van 1822* uitgevaardig, waarvolgens Engels die amptelike taal sou word en dus ook die enigste taal van onderrig en leer sou wees. Die burgers het hul weerstand hierteen getoon deur hul kinders uit die staatskole te onttrek en hulle na die “Koster Scholen” te stuur. Hoewel Somerset as teenvoeter hierdie skole met gratis staatskole vervang het, was dit slegs ’n tydelike oorwinning vir sy verengelsingsbeleid van die skole. Teen 1837 het die aantal gratis staatskole so gedaal dat hul getalle feitlik niksseggend geword het. Die direkte oorsaak hiervan was die stigting van Hollandse privaatskole. Hierdie Hollandse privaatskole het tussen 1830 en 1839 van 39 tot 94 vermeerder.

4.2.1.3. Tweede Britse Tydperk (1834 – 1899/1902)

Hierdie tydperk het verskeie belangrike gebeure opgelewer wat taalontwikkeling in Suid-Afrika sou beïnvloed. 1) Die verengelsingsbeleid van Somerset is verskerp en het toenemende ontevredenheid vanuit die gelede van die Hollands-Afrikaanse gemeenskap ontlok. 2) Die Groot Trek, wat deels as verset teen die verengelsing plaasgevind het, het begin. 3) Die stigting van die Boererepublieke as poging om onafhanklik van die Britse regering te staan.

In 1854 het Somerset ’n verteenwoordigende regering ingestel. Die gebruik van Engels was verpligtend in die nuwe parlement. Britse vorme van sosiale lewe, opvoeding, argitektuur en vryetydsbesteding is volgens Le Cordeur (1986:87) op die kolonie oorgeplant. Sir George Grey, wat in 1854 goewerneur geword het, se taktvolle bestuurstyl het volgens Scholtz (1964:87-88) tot ’n tweespalt onder die koloniste gelei. Aan die een kant was ’n groep Afrikaanse koloniste wat die *status quo* wou handhaaf en wat getroue onderdane van die Britse Ryk wou word. ’n Tweede groep Afrikaanse koloniste, veral op die platteland, was egter glad nie met die toedrag van sake gediend nie. Twee petisies, een in 1857 en ’n tweede in 1858, ten gunste van Afrikaans, is aan die parlement gerig.

Die Groot Trek kan as 'n versetbeweging teen Britse kolonialisme en verdrukking beskou word. Tussen 1834 en 1840 het sowat 15 000 Afrikaanse grensboere die Kaapse Oosgrensgebied verlaat. Die Groot Trek het belangrike taalgevolge gehad. Omdat die Voortrekkers Afrikaans was, het hulle trek die posisie van Afrikaans in die Oos-Kaap verswak. Na die Trek het die gebied 'n sterker Engelse karakter begin ontwikkel. Swart stamme wat in die gebied was, is deur die Engelse sendelinge bearbei. Engels is as voertaal in die skole wat vir hierdie doel opgerig was, gebruik. Engels, in plaas van die moedertaal of Afrikaans, het dus nou 'n vastrapplek onder swart mense gekry. Die tweede gevolg van die Groot Trek was positief vir Afrikaans in die sin dat Afrikaanssprekendes nou oor 'n groter gebied van Suid-Afrika verspreid was. Waar die Groot Trek dus as versetbeweging teen die onderdrukking begin het, was dit ironies genoeg ook 'n daad van kolonisasie wat die ontstamming van die binnelandse swart mense verhaas het.

Teen 1854 was die meeste Voortrekkers se ideale verwesenlik. Hulle was nie meer Britse onderdane nie en die Britse regering was blykbaar nie daarin geïnteresseerd om verder noordwaarts uit te brei nie. Die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) het in 1852 met die ondertekening van die Sandrivierkonvensie tot stand gekom. Die Bloemfonteinkonvensie het in 1854 soewereiniteit aan die Vrystaat verleen. Alhoewel Hollands die amptelike taal in die republiek was, het Engels tog nog 'n beduidende rol gespeel, veral op die gebied van die onderwys en in sekere sektore van die staatsdiens.

In 1839 is James Rose-Innes as die eerste Superintendent-Generaal van Onderwys in die Kaap aangestel. Die verantwoordelikheid vir die onderwys is van die kerk na die staat oorgedra. Met die mislukking van die gratis staatskoolstelsel het die regering van taktiek verander en met die invoering van die Herschel-skole ook in 'n beperkte mate voorsiening gemaak vir onderwys in Hollands (Truter, 2004:12). Volgens 'n memorandum deur die Superintendent-Generaal van Onderwys, in 1844, sou sendingskole slegs onder sekere voorwaardes regeringssubsidies ontvang. Een daarvan was dat Engels belangrik in skole moes wees. Die posisie van Engels is verder versterk ten koste die ander tale, veral Hollands, met die uitvaardiging van *Onderwyswet no.13*

van 1865. Die doel van hierdie wetgewing was om die Hollandse taal deur middel van 'n uitsluitend Engelse onderwysstelsel uit te roei (Scholtz, 1964:110). Hierdie situasie is nie deur die Hollandssprekende plattelanders geduld nie. Die bepaling is gevolglik in 1882 herroep en skoolbesture het die reg gekry om Hollands as voertaal te gebruik. 'n Verdere bepaling was dat die hoof of 'n assistent in staat moes wees om Hollands te onderrig. Ten spyte van die waarskuwings van taalstryders soos Mansvelt en Hofmeyr het die swak posisie van Hollands in staatsondersteunde skole nie veel verander nie.

Volgens Mawasha (1982:6) het die Britse Tydperk ongetwyfeld 'n groot invloed op swart onderwys, sowel as op die latere ontwikkeling van swart Suid-Afrikaners oor die algemeen gehad. Engels het Hollands as die amptelike taal vervang en ook die amptelike taal in sendingskole geword. Volgens Mawasha is die volgende taalsituasie geskep:

- Engels as onderrigtaal is gedurende hierdie tydperk stewig gevestig, soseer dat Engels en onderwys feitlik sinoniem geword het. Engels het voorts ook die *lingua franca* van die opkomende swart intelligentsia geword.
- Om Westers 'beskaafd' of 'verlig' te wees, het sinoniem met vaardigheid in Engels geword.
- Afrikaans, wat die stigma van 'kombuistaal' verloor het, het Hollands as spreektaal vervang. Afrikaans-Hollands het wel sy verskyning as vak in skole gemaak, omdat dit die brood-en-botter-taal vir baie swart mense geword het.
- Selfs Afrikatale is in 'n stadium deur die medium van Engels onderrig.

Taalaktiwisme in die Kaapkolonie het op verskillende maniere gerealiseer. Die voortgesette verontagsaming van Hollands as taal van onderrig en leer het veral vanuit die Hollandse gemeenskap tot 'n antagonisme teenoor Engels gelei. Die boikot van Engelse skole en die stigting van Hollandse privaatskole het veral in die dertigerjare voortgegaan. Dit het tot 'n drastiese afname in staatskole en 'n groot toename in privaatskole vir Hollandssprekende leerders gelei. Gedurende hierdie tydperk verskyn die nuusblad, *De Zuid-Afrikaan*, as mondstuk vir Hollandse belange. Op 17 Oktober 1853 berig die blad dat die aanleer van Engels goed is, maar dat dit nie ten koste van die

moedertaal, Hollands, moet wees nie. In 1841 beveel die kommissie onder Watermeyer (Truter, 2004:12) aan dat die medium van onderrig in plaasskole Hollands moes wees. Die aanbeveling is in *Onderwyswet 13 van 1865* vasgelê wat saam met *Schedule of Regulation* vir die volgende jare die basis van onderwys sou vorm. Die gevoel onder Hollandssprekende burgers was egter dat die onderwysstelsel soos dit was, nie in hul behoeftes voorsien het nie en het voortgegaan met die stigting van privaatskole in die westelike distrikte van die kolonie. Die Hollandse kerke het 'n groot rol hierin gespeel deur finansiële steun aan hierdie skole te bied. Die Nederduits-Gereformeerde Kerk was in hierdie verband een van die invloedrykste instansies. Die ontwaking van die 'Hollandse Idee' of 'Gedagte' in die sewentiger- en tagtigerjare het tot hernude agitatie vir beter toestande in Hollandse skole gelei. As gevolg hiervan is *Proklamasie 113 van 1882* herroep en die keuse van voertaal is aan die plaaslike besture oorgelaat. Teoreties het Hollands dus gelyke regte met Engels, as amptelike taal, verkry.

Dié tydperk verteenwoordig ook die begin van meer sigbare weerstand vanuit die swart gemeenskappe. Abu Bekir Effendi stig in 1862 die *Moslem Theological School* in die Kaap. Die voertaal in die skool was Afrikaans. Soortgelyke skole word later deur sy seuns in Kimberley en Port Elizabeth gestig. 'n Afrikaanse handleiding wat in Arabiese skrif gedruk is word in die skole gebruik. Vir die grootste gedeelte van die 19de eeu was daar ook vanuit swart (Afrikataalsprekende) geleedere weerstand teen Afrikaansonderrig. Molteno (1984:52) meen dat dit onder meer was omdat swart ouers gevoel het dat die onderwysstelsel hul gebruike en kultuur sou verswak. Swart onderwys het steeds ver afgesteek teen wit onderwys en hierdie tydperk word wyd beskou as die tydperk wat die basis vir apartheidsonderwys gelê het (Molteno, 1984:59-61). Hoewel die sendingonderwys 'n groot geskiedkundige rol in swart onderwys gespeel het, het koloniale beleidmakers gevrees dat onderwys swart mense sou voorberei vir "a future social world to which they would be unable to gain entry" en dat dit tot frustrasie en weerstand teen die regering sou lei (Molteno, 1984:53-55; Thomson, 1981:34). Hierdie vrees vir weerstand vanuit swart geleedere was 'n herhalende tema dwarsdeur die geskiedenis van onderwys in Suid-Afrika met opskrifte soos "adapted education" in die 1920s, "manpower planning" in die 1980s en "vocational educational" in die 1990s

(Molteno, 1984:53-55; Thomson, 1981:34). Onderwys in die land het dus nie slegs gesegregeerd geword nie, maar kurrikulum-inhoud is ook so gestruktureer dat swart mense slegs voorberei was om in die basiese arbeidsbehoefte van die land te voorsien. Hierdie tydperk, veral na die ontdekking van minerale in die land, word allerweë beskou as die tydperk waarin die basis vir apartheidsonderwys gelê is. Die swart ouers wat wel goedgesind teenoor onderwys was, se uitgangspunt was om aan hul kinders meer geleentheid op 'n beter toekoms te bied.

4.2.1.4. Republikeinse Tydperk (1834 – 1899/1902)

Ten spyte van Brittanje se vroeëre besluit om die kolonies in die binneland prys te gee, het hernude imperiale belangstelling weer begin posvat. Dit het tot die Britse anneksasie van Basoetoland in 1868 en van die ZAR in 1877 gelei. Die anneksasie is teengestaan en die verset het uiteindelik tot die Anglo-Boereoorlog gelei. Na die oorlog het Transvaal weer in 1881 in die hande van die Boere beland. Volgens Steyn (1995:99) is grootse pogings na die Anglo-Boereoorlog aangewend om die onderwys en die staatsdiens Hollands te hou.

Die verhollandsing van die staatsdiens het tot groot ontevredenheid onder die groeiende Engelssprekende bevolking van Transvaal gelei. Dit was egter vir die Kruger-party belangrik om Hollands ten alle koste te handhaaf en om Engels so ver as moontlik in die onderwys en staatsdiens aan bande te lê. *Wet no. 10 van 1888* het die gebruik van Hollands in alle amptelike stukke van die ZAR verpligtend gemaak (Zietsman, 1992:16).

In 1890s het die griewe teen die verhollandsingsbeleid toegeneem. In 1895 het Charles Leonard, namens die *Transvaal National Union*, 'n reeks griewe gepubliseer. Uitlanderdrukgroepe het daarop voortgebou deur aan te dring dat Engels 'n regmatige plek in die howe en Volksraad moes inneem.

Die stryd in die ZAR het gevolge vir die ander kolonies gehad. Die Kaapse Afrikaners sowel as die Vrystaters het sterker bewus geraak van hul bande met hul taalgenote in die

noorde. Verskeie aktivistiese groepe het in die Kaapkolonie ontstaan. Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) is op 14 Augustus 1875 in die Paarl gestig om vir taal en volk te veg. Volgens Kamwangamalu (2001:369) het hierdie toedrag van sake (in die ZAR) aanleiding gegee tot die eerste stap om positiewe inhoud aan Afrikaans te gee. Die eerste vergadering wat die grondslag gelê het vir die vervanging van Nederlands met Afrikaans het in 1875 plaasgevind en is deur die GRA georganiseer. Hierdie organisasie het die grondslag gevorm vir die stigting van die latere Eerste Afrikaanse Taalbeweging. Die doel vir die stigting van laasgenoemde was eerstens, om die belange van Afrikaans te bevorder en tweedens, om die basis vir politieke eenheid binne die wit Afrikaanssprekende gemeenskap te lê. Kamwangamalu beskou die werksaamhede van die GRA as beide 'n stap weg van Hollands sowel as 'n opstand teen die oorheersing van Engels.

In 1878 is die Kaapse Afrikanerbond gestig en daarna het die stigting van die nasionalistiese Afrikaner Bond in 1879 onder leiding van ds. S.J. du Toit gevolg. As instrument in hul vernet teen Engelse oorheersing het die Kaapse Afrikaners die koerant *Di Patriot* effektiw gebruik. In 1882 is die mosie van Jan Hofmeyr om Hollands in die parlement te praat, sonder teenstem deur die Kaapse Wetgewende Vergadering aanvaar. Vanaf 1884 kon Hollands op versoek in laerhowe sowel as in die hooggeregshof gebruik word. Om vir permanente aanstelling te kwalifiseer moes magistrats sedert 1895 kennis van Hollands hê. Dit blyk egter, volgens Steyn (1995:99), dat nie al die beleidsveranderinge in die praktyk neerslag gevind het nie. Die toestande vir die Afrikaner in die Kaapkolonie het na 1900 in werklikheid baie versleg.

Na die Groot Trek het gemeenskaplike hulle oor 'n wye gebied in die binneland gevestig. Onderwysers is van Holland af ingevoer en een van hulle is opdrag gegee om die eerste skoolregulasies saam te stel. Die regulasies wat in 1852 gepromulgeer is kan as die eerste geskrewe poging beskou word om 'n onderwysbeleid in die ZAR te formuleer. Alhoewel Hollands die amptelike taal was, was daar 'n groot aanvraag na Engels in die skole. Die *Onderwyswet van 1866* het vir die eerste keer voorsiening gemaak vir die onderrig van Engels. In sommige skole is Engels ook later as voertaal gebruik. Teen 1874 was daar net

agt distrikskole en vier plaasskole wat onder die jurisdiksie van die ZAR geval het. Dit het agt persent van die kinders van skoolgaande ouderdom uitgemaak. Van die distrikskole was vier Engelsmedium, drie Hollandsmedium en een dubbelmedium. Volgens Zietsman (1992:12) het meer kinders in 1876 in die dorpskole onderrig deur die medium van Engels as Hollands ontvang.

Die anneksasie van die ZAR in 1877 het 'n groot invloed op die onderwys gehad. Vacy Lyle is as Engelse Superintendent van Onderwys aangestel. Volgens Lyle was daar 'n groeiende behoefte by mense om Engels aan te leer. Hy het voorgestel dat aparte skole vir Engels en Hollands gestig moet word en dat die keuse om voertaal vas te stel eerder by die ouers as by die regering moes berus (Malherbe, 1925:526).

Die Britse anneksasie het 'n sterk anti-Britse gevoel onder die Boereleiers aangewakker. Een van die stigterslede van die Afrikaner Bond, ds. S.J. du Toit, is na die Eerste Vryheidsoorlog as Superintendent van Onderwys aangestel. Hy het hom, as redakteur van *Di Patriot*, vir Afrikaans as onafhanklike taal beywer. Die nuwe *Onderwyswet van 1882* het bepaal dat Hollands die enigste medium van onderrig in die skole sou wees. Dit het tot 'n groot toename in leerlinggetalle gelei.

Dr. Nicolas Mansvelt, wat Du Toit in 1891 as Superintendent van Onderwys opgevolg het, was baie vyandiggesind teenoor enige Engelse invloed. Taal en volk was vir hom sinoniem, daarom moes die moedertaal van die Afrikaner die kern van die onderwys uitmaak. Die *Onderwyswet van 1892* het dan ook bepaal dat Hollands die enigste medium van onderrig in die skole sou wees. Daar moes ook slegs van Hollandse boeke gebruik gemaak word, behalwe in die geval van vreemde tale. Daar kon ook nie voor standerd drie met 'n vreemde taal begin word nie. Vanaf standerd vier kon hoogstens 6 van die amptelike 25 uur in die week, aan 'n vreemde taal bestee word. Hierdie bepalings is stiptelik uitgevoer en skole wat nie daaraan voldoen het nie, het hul subsidies verloor.

Die bepalings het tot geweldige konflik tussen die Uitlanders en die regering gelei. Hulle het geweier dat hulle kinders deur in Hollands onderrig word. In reaksie hierop het die

Transvaalse Volksraad in Junie 1892 per spesiale besluit voorsiening gemaak vir skole wat nie die landstaal as voertaal wou gebruik nie. Hierdie skole kon wel subsidies kry, maar moes dan Hollands as vak tot die bevrediging van die superintendent onderrig. Voorts moes die leerders ook 'n Hollandse inspeksie slaag om tot die volgende standerd bevorder te word (Zietsman, 1992:13). As verdere reaksie teen die inperkende beleid het die Uitlanders in 1895 die *Witwatersrand Council of Education* gestig en privaatskole begin. Die regering het hierop gereageer deur Engelse staatskole te begin waar Hollands op 'n toevoegende basis vanaf die eerste jaar bygebring sou word, totdat dit vanaf die vierde jaar as voertaal gebruik moes word. Dit het egter nie aftrek onder die Uitlanders gekry nie, en meer Engelse privaatskole is gestig. Die ZAR se onderwysbeleid het ook onder kwaai kritiek van die opposisiepartye deurgeloop. Volgens Zietsman (1992:13-15) het die regering se harde beleid teenoor Engels ook van binne eie geleedere teenstand gekry omdat sommige ZAR-burgers gevoel het dat dit vir die jeug belangrik was om Engels aan te leer, aangesien hulle gevoel het dat Engels reeds die taal in die sakewêreld en die mynbou was.

In die Vrystaat het die Volksraad aanvanklik 'n akkomoderende stelsel oor taal gehandhaaf. Veral ouers in Bloemfontein het Engels as onderrigmedium verkies omdat hulle Engels as die taal van die sakewêreld beskou het. 'n Ordonnansie wat in 1863 by die Volksraad ingedien is, het vir moedertaalonderrig voorsiening gemaak. Die studie van Engels is sterk aangemoedig. Ds. John Brebner wat in 1874 as die inspekteur-generaal van onderwys aangestel is, was nie 'n oortuigde voorstander van Hollands as enigste voertaal in die onderwys nie. Hy het dus 'n stelsel voorgestel waarin beide Engels en Hollands as vakke aangebied moes word en enige van die twee tale as onderrigtaal gebruik kon word. Die meeste van die skole het toe Engels as onderrigtaal verkies.

Afrikaanse ouers het hulle egter algaande teen hierdie denkrigting begin verset. In 1889 het die Volksraad bepaal dat Hollands die voertaal in alle staatskole moes wees en dat die onderrig van Engels opsioneel sou wees. Die beleid is egter nie streng toegepas nie.

Onderwys vir swart mense in die ZAR het as gevolg van die filantropiese belangstelling van die sendelinge begin. Eers na die eerste Britse besetting het die Transvaalse regering subsidies aan die sendingskole betaal. Dit het onderwys vir swart mense gestimuleer. Hierdie skole was egter teen hierdie tyd steeds nie onder regeringsbeheer nie. In hierdie stadium was die ontwikkeling van swart onderwys in die Vrystaat nog ver agter dié in die ander provinsies. Teen 1910 was daar slegs een staatskool vir swart mense in hierdie provinsie. Die res was onder die bestuur van sendelinge.

Taalaktiwisme het in die Republieke grootliks van die Kaapkolonie verskil in die sin dat dit meestal vir Engels en teen Hollands gerig was en deur Engelstaliges aangespoor is. Volgens die diglossiese model het Hollands in die twee Boererepublieke die plek van H-variëteit en Engels die L-variëteit bekleed. Die Afrikatale het glad nie 'n plek in die wetgewing gehad nie.

In 1863 is 'n bepaling uitgevaardig wat in 'n sekere opsig as die eerste 'skoolwet' van die Vrystaat beskou kan word (Truter, 2004:18). Die bepaling het onder meer die beginsel van moedertaalonderrig onderskryf, maar het ook voorsiening gemaak vir tweetalige onderrig deur die studie van Engels aan te moedig. Van die ouers, onder andere die van Grey Kollege in Bloemfontein, was teen moedertaalonderrig gekant. As alternatief tot die staatskole, wat Hollands georiënteerd was, het hulle verkies om hul kinders na Engelse privaatskole te stuur. Omdat die vlak van onderrig in dié skole oor die algemeen beter as in die staatskole was, het die privaatskole redelik floreer in vergelyking met die kwynende staatskole (Truter, 2004:19). Hollands het, ondanks wetgewing ten gunste van moedertaalonderrig, steeds nie tot sy reg gekom nie. Dit was deels as gevolg van ouers wat Engelsonderrig beskou het as in die beste belang van hul kinders en deels as gevolg van die Vrystaatse regering se versuim om 'n ferm houding ten gunste van moedertaalonderrig in te neem. Uit die geledere van die voorstanders van Hollandse moedertaalonderrig is vertoë herhaaldelik tot die Volksraad gerig dat Hollands meer tot sy reg moet kom. Dit het tot die *Onderwyswet van 1891* gelei wat moedertaalmedium tot Graad 4 verpligtend gemaak het en ook bepaal het dat minstens die helfte van die vakke daarna deur die medium van Hollands onderrig moes word. Kort voor die uitbreek van

die Anglo-Boereoorlog is, onder druk van die ouers, ander wysigings aan die wet aangebring wat Hollands op skool versterk het. Die staat het ook 'n kommissie aangestel wat belas was met die opstel van Hollandse handboeke vir Aardrykskunde, Geskiedenis, Bybelgeskiedenis en Hollandse taalkunde.

Alhoewel die *Grondwet van 1858 van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR)* in Hollands opgestel is, het dit geen bepalinge oor die amptelike taal bevat nie (Truter, 2004:24). 'n Latere onderwyswet, *Wet 1 van 1882*, het Hollands die uitsluitlike medium van onderwys gemaak. In laerskoolonderwys is Engels glad nie erken nie, terwyl dit in die middelbare onderwys wel as vak aangebied kon word. Dr. N. Mansvelt, wat in 1891 die Superintendent van Onderwys in Transvaal geword het, het die Hollandse inslag van die openbare onderwys versterk. Dit het tot die stigting van meer Engelse privaatskole gelei as gevolg van die groeiende Engelssprekende gemeenskap (na aanleiding van die ontdekking van goud aan die Rand). Die Uitlanders het geweier dat hul kinders in Hollands onderrig word en het uit verset 'n finansieel onafhanklike *Council of Education* met hul eie *Director of Education* tot stand gebring. Hierdie liggaam het 'n aantal skole met Engels as medium van onderrig gestig, onderhou en beheer. Waarskynlik as reaksie hierop het die regering kragtens *Wet 15 van 1896* staatskole vir Engelssprekende leerlinge gestig waar hulle teen geringe of geen betaling onderwys in hul eie taal kon ontvang (Truter, 2004:26).

Anders as in die twee voorafbespreekte gebiede het Engels in Natal die H-variëteitsposisie beklee met Hollands as L-variëteit. Al die Natalse skole, behalwe die rondgaande skole, wat Hollands was, was Engelsmedium. Onder druk van die regering het dié skole ook later van die toneel verdwyn. Die versoek van Hollandssprekende ouers in 1875 om hul moedertaal ingevoer te kry, is deur die regering geïgnoreer. Na 'n petisie en versoekskrif dat Hollands in die Nieu-Duitslandstreek onderrig moet word, het die Sentrale Raad van Onderwys die instelling van Hollandse klasse in 'n skool in Greytown toegelaat. Na soortgelyke versoeke aan die Sentrale Raad van Onderwys en later selfs direk aan die Natalse Parlement is verskeie wysigings aan die onderwysordonnansies van 1877 aangebring en in *Ordonnansie 2 van 1889* vervat. Veranderinge wat in werking

getree het, was dat alle kennisgewings aan die plattelandse skole in sowel Engels as Hollands gedruk moes word. 'n Tweetalige assistentinpekteur is aangestel. In Januarie 1890 is die eerste twee Hollandse onderwysers in Natal aangestel. Engelse leesboeke vir Grade 6 tot 9 is met Duitse en Hollandse leesboeke vervang. Na pogings deur S.I. Russel, die Superintendent van Onderwys in Natal, om Hollandse onderrig te bemoeilik, was die 1890s die keerpunt vir Hollandse verset (Truter, 2004:34). Verskeie Boereliggame en die Hollandse Kerk het hulle van 1894 af in so 'n mate verset dat Hollands uiteindelik as opsionele vak toegelaat is.

4.2.1.5. Derde Britse Tydperk (1899/1902 – 1910)

As gevolg van die toenemende ontevredenheid onder Britse burgers met die oorheersing van Afrikaans in die ZAR, asook die strewe van die Britse Hoëkommissaris, sir Alfred Milner, om die oppergesag van Brittanje in Suid-Afrika te verstewig, was die Anglo-Boereoorlog onafwendbaar. Van Coller en Steyn (2005:4) beskryf Milner as “hoofargitek van transformasie” wat die ideaal gehad het van 'n federale superstaat bestaande uit Brittanje, Kanada, Australië en 'n nuwe Suid-Afrika waarin elke kolonie afgevaardigdes na 'n koninklike parlement in Londen sou stuur. Afrikaners, bruin en swart mense sou in hierdie superstaat feitlik ontoepaslik wees. In Maart 1897 is 'n politieke verbond tussen die ZAR en die Vrystaat gesluit. Vanaf 11 Oktober 1899 tot 31 Mei 1902 het die Transvaal en die Oranje-Vrystaat amptelik oorlog teen Brittanje gevoer.

Volgens Steyn (1995:100) was die oorlog in baie opsigte 'n ramp vir die Afrikaners. Hulle het hul getalle-oorwig heeltemal verloor. Tesame daarmee het die Boererepublieke ook taalregte verloor. Milner kon nou voortgaan met hernude pogings tot verengelsing, nie net van die kolonies nie, maar ook van die twee Boererepublieke.

Reaksie uit Afrikanergeledere op die hernude oorheersing van Engels was volgens Dekker (1958:35-42) drieledig. Sommige Afrikaanse leiers het die *status quo* met Engels aanvaar en was in werklikheid voorstanders van Engels. Vele ander wou nie Engels of Afrikaans as amptelike taal erken nie en het hulle beywer om Hollands as amptelike taal

verklaar te kry. 'n Derde groep het hulle vir Afrikaans as amptelike taal beywer en het die Tweede Afrikaanse Taalbeweging gestig. Hierdie beweging het hom beywer vir die erkenning van Afrikaans en die bevordering van Afrikaans as skryftaal.

Volgens Van Coller en Steyn (2005:4) het die Afrikaners wat Engels as amptelike taal verwerp het, dit op twee maniere gedoen. Een groep het verkies om die land te verlaat en het hulle in Argentinië, die huidige Namibië en in Tanzanië gevestig. 'n Tweede groep, wat uit politici, joernaliste, predikante en onderwysleiers bestaan het, het die gedagte ingeburger dat dit die Afrikaners se nasionale, morele en selfs godsdienstige plig was om hulle taal te bewaar. Taalgetrouheid het die primêre toets vir Afrikanerskap geword en Afrikaners wat Engels as hul taal aanvaar het, is as volksverraaiers beskou. Hierdie groep getroue Afrikaners het met die hulp van Nederland en Vlaandere skole opgerig waarin hul taal 'n vak sowel as een van die voertale was. Een van die uitstaande aktiviste vir Afrikaans was die akademikus D.F. Malherbe, wat in 1906 'n lesing in Wellington gehou het waarin hy die erkenning van Afrikaans as volwaardige en selfstandige taal bepleit het.

Die Anglo-Boereoorlog het in Oktober 1899 uitbreek. Die Onderwysdepartement in die Transvaal het nie meer gefunksioneer nie. Gedurende die oorlog is die Boere al hul taalregte in die besette gebiede ontnem. Die Boere het met ondersteuning Hollandse skole in nie-oorloggeteisterde gebiede geopen. Hierdie skole het, ten spyte van verskeie petisies, geen ondersteuning van die regering ontvang nie. Die verengelsing van die onderwys in die Transvaal en die Vrystaat het reeds in die konsentrasiekampskole begin. Tweehonderd onderwysers is selfs vir hierdie doel van Engeland ingevoer.

Taal het egter nou die simbool van 'n groeiende nasionale bewussyn onder die Afrikaners geword. Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging het begin herleef en 'n aantal privaatskole is deur die Nederduits-Gereformeerde Kerk gestig (Behr, 1987:16). Hollands was in hierdie skole die onderrigtaal. Hierna het Lord Selborne die regulasies effens verslap deur aan te kondig dat Hollands in uitsonderlike gevalle in Engelse klasse gebruik kon word, byvoorbeeld indien leerders sukkel. Dit was egter nog nie vir Afrikaanse ouers aanvaarbaar nie, omdat Engels steeds as struikelblok beskou was.

Op 6 Desember 1907 het die Transvaal selfbestuur ontvang en generaal J.C. Smuts is as Minister van Onderwys aangestel. Een van die grondbeginsels van sy beleid sou die gelykheid van tale wees. Daarmee het hy bedoel dat Engels en Afrikaans gelyke status in die skole moes geniet. Die beleid het ook beteken dat kinders van ander nasionaliteite aanvangsonderrig in hul moedertaal kon kry. Hierdie beleid het egter eers in 1912 werklik in werking getree.

Die Vrystaat het in Junie 1907 selfbestuur ontvang en generaal J.B.M. Hertzog is as Minister van Onderwys aangestel. Net soos in Transvaal het hulle 'n taalbeleid aanvaar wat die gelykheid van tale kon bevorder. Elke kind moes tot in standerd vier onderrig in sy moedertaal ontvang, waarna die tweede taal geleidelik ingevoer moes word. Na Graad 4 moes drie van die vakke in Hollands en die ander drie in Engels onderrig word. Hollands en Engels moes vanaf Graad 4 as vakke onderrig word.

Hierdie wet het groot verset onder die eentalige Engelssprekende onderwysers en ouers ontlok. Daar was ook 'n groepie Afrikaners wat nie gelukkig was met die wet nie, omdat hulle hul kinders in Engels wou laat onderrig. Die groot taalgeskil het in 1910 tot die afdanking van drie skoolinspekteurs, sowel as die bedanking van mnr. Hugh Grant, die Direkteur van Onderwys, gelei.

Om die taalgeskil op te los, is nuwe wetgewing ingevoer (Malherbe, 1925:386-378). Dié wetgewing het vir die volgende reëlins voorsiening gemaak:

- Moedertaalonderrig tot en met standerd vier.
- Vanaf standerd vyf tot matriek moet drie hoofvakke deur die medium van óf Hollands óf Engels onderrig word.
- Tot en met standerd vier moet informele onderrig in die taal wat nie die voertaal is nie plaasvind.
- Na standerd vier moet formele onderrig in beide tale plaasvind.

Met hierdie wetgewing is die taalsituasie in die Vrystaat in ooreenstemming gebring met die taalsituasie in die ander provinsies (Malherbe, 1925:386-378).

Na die Anglo-Boereoorlog, met die Vrystaat weer as 'n Kroonkolonie, is die beleid van Engelse assimilasie onder lord Milner en S.B. Sargent voortgesit (Truter, 2004:21). In reaksie hierop het die NG Kerk 'n petisie ten gunste van die toekenning van meer gesag aan skoolkommissies gesirkuleer. Dit is opgevolg met die stigting van verskeie Christelik-Nasionale Onderwys (CNO)-skole. Die stigting van die skole het 'n duidelike invloed op die owerhede gehad, want in 'n nuwe onderwyswet, *Wet 29 van 1905*, is verskeie toegewings tot voordeel van onderrig in Hollands gemaak. Met die instelling van verantwoordelike bestuur, onder die bewind van die *Orangia-Unie*, is die mag weer in die hande van die Hollandssprekende burgers geplaas. Hertzog het dadelik 'n nuwe onderwyswet, wat radikaal van *Wet 29 van 1905* verskil het, laat opstel en opneem. Hierdie wet, *Wet 35 van 1908*, het onder meer berus op die gelykstelling van die twee landstale, sowel as op die beginsel van toevoegende moedertaalonderrig. Hierdie wet kon egter ook nie tot sy reg kom nie omdat dit sterk deur 'n Engelssprekende minderheidsgroep teengestaan is. Hul taktiek was om allerhande wanvoorstellings aan die wet te heg en die toepassing daarvan as belaglik voor te stel.

Na die Anglo-Boereoorlog, het die koloniale administrasie in Transvaal die Transvaalse onderwyswette herroep en met die *Openbare Onderwyswet van Transvaal* vervang. Hierdie wet het bepaal dat nie meer as vyf uur per week aan die onderrig van Hollands bestee sal word nie. Hierdie bepalings het die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Transvaal gemobiliseer. CNO-skole is gestig, wat aanvanklik as teenvoeter vir die Engelse skole floreer het. Dit het egter later onder finansiële druk en as gevolg van kwynende belangstelling verdwyn.

In Natal is Hollands nog verder op die agtergrond geskuif. Engels het selfs in Noord-Natal, wat oorwegend Hollands-Afrikaanssprekend was, die taal van onderrig geword. In navolging van die Transvaal het die Afrikaanssprekendes in hierdie distrikte Christelik-Nasionale Onderwys- of kerkskole gestig om Afrikaans te bevorder. Die owerheid was

dus, volgens Truter (2004:34), verplig om toegewings jeens Afrikaans te maak. Hulle het byvoorbeeld in 1908 'n spesiale inspekteur vir Hollands aangestel.

4.2.2. Statebondstydperk

Die Statebondstydperk word gekenmerk deur die vestiging van die eerste en tweede Suid-Afrikaanse state. Die eerste staat (vanaf 1910) was 'n staat vir slegs Afrikaners en Engelse, terwyl die tweede staat (vanaf 1994) 'n staat vir alle Suid-Afrikaners is (Du Plessis, 2003:110). Beide state het tot stand gekom na tydperke van erge etniese konflik wat deur 'n vredesverdrag beëindig is en deur die aanvaarding van 'n grondwet opgevolg is, wat die basis vir die bou van 'n verenigde Suid-Afrika moes vestig. In beide gevalle was die grootste uitdaging om beleide en prosesse in plek te kry wat 'n histories verdeelde nasie kon verenig. Taal en veral taal in onderwys is die kern van die nasiebouproses. Die Statebondstydperk verskil van die vorige tydperk in die sin dat daar nou 'n geleidelike skuif na vore gekom het waar die taalstryd nie meer net tussen die Engelse en Afrikaanse gemeenskappe, en dus tussen die twee wit groepe gevoer is nie, maar dat die swart gemeenskappe ook nou meer na vore getree het. Dit bereik 'n hoogtepunt met die Soweto-opstand in 1976 waar die swart jeug direk teen die oorheersing van Afrikaans in opstand gekom het.

Hierdie era word ingelei met hernude pogings tot verengelsing. Die beleid is veral gemik op die wit Afrikaanssprekende gemeenskap binne die grense van die Unie van Suid-Afrika wat na die Anglo-Boereoorlog in 1910 tot stand gekom het. Volgens Alexander (2003:8) is daar twee belangrike gevolge hiervan wat vermelding verdien. Eerstens is dit die reaksie van die Afrikanergemeenskap en tweedens die invloed wat die beleid op die swart Afrikataalsprekende gemeenskap gehad het.

Die beleid het aanleiding gegee tot wat uiteindelik 'n "rabid, racist and narrow ethnic chauvinism, based essentially on shared language, religious orientation and alleged descent" geword het (Alexander, 2003:8). Hierdie beleid het meegehelp in die vestiging van Afrikanernasionalisme en later die beleid van apartheid. Taal het 'n groot rol hierin

gespeel en het die kern geword waarom die etniese bewussyn van die Afrikaner vorm aangeneem het. Die stryd van die Afrikaner om gelyke status vir Afrikaans en Engels was nou verbonde aan hul stryd om 'hul' land en die onafhanklike republieke wat hulle aan Britse beheer moes afstaan. Dieselfde stryd om Afrikaans het egter ook aanleiding gegee tot die opstande van die swart jeug in 1976 teen verpligte Afrikaansonderrig in swart skole. Op 'n ironiese manier egter, verseker die voortgesette stryd om Afrikaans, wat in dié tydperk begin het, dat 'n demokratiese taalbestel in stand gehou word en dat dit in die toekoms sou uitbrei (Alexander, 2003:8).

Binne die swart gemeenskap, veral onder die elite, het die beleid van verengelsing die siening versterk dat Engels die paspoort tot opwaartse mobiliteit bied. Baie uit die gemeenskap was bereid om hul primêre tale binne familie, gemeenskap en religieuse verband te behou, maar hulle het nie geglo dat hul tale die kapasiteit het om in tale van mag te ontwikkel nie.

4.2.2.1. Unifikasietydperk (1910 – 1948)

Op 31 Mei 1910 is die vier Britse kolonies in Suid-Afrika verenig en het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom. Die taalvraagstuk was volgens Nienaber (1976:60) een van die neteligste kwessies tydens die onderhandelinge vir unifikasie. Die Vrystaat was byvoorbeeld slegs bereid om te verenig indien die Grondwet volkome taalgelykheid sou waarborg. Deur die ywer van Afrikanernasionaliste soos M.T. Steyn en J.B.M. Hertzog is Hollands in 1910 saam met Engels in die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika opgeneem (Steyn, 1995:101). Dit het egter weereens nie in die praktyk neerslag gevind nie, omdat die meeste amptenare volgens Steyn (1995:101) steeds Engels was en nie gedwing kon word om Afrikaans te praat nie. Steyn (2008:1) beskou hierdie gebeurtenis egter steeds as een van die belangrikste mylpale in Suid-Afrika se geskiedenis, omdat amptelike veeltaligheid daarmee ingestel is.

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het Afrikanernasionalisme aangewakker. In dieselfde jaar is die Nasionale Party, wat van die begin af vir taalregte

beywer het, in die Vrystaat en Transvaal gestig. Die daaropvolgende jaar is die party ook in Natal en Kaapland gestig. In 1918 het die kampvegters vir Afrikaans 'n groot oorwinning behaal toe die Volksraad bepaal het dat Afrikaans onder Hollands in artikel 137 van die Unie-Grondwet ingesluit word. 'n Vereenvoudigde vorm van Hollands sou vir wette van die Parlement en vir amptelike dokumente gebruik word.

Met die bewindsoorname deur J.B.M. Hertzog se Nasionale Party in 1924, is van die begin af direkte stappe geneem om taalgelykheid te verseker. Amptenare het kennis gekry dat tweetaligheid by bevordering in aanmerking geneem sou word. In 1925 het Afrikaans amptelike status verkry met die uitvaardiging van die *Wet op de Officiële Talen van de Unie no. 8*. Die wetgewende gesag wat aan Afrikaans deur hierdie wet toegeken is, het die begin van 'n sistematiese en toegewyde beleid gekenmerk om die status van Afrikaans as dominante taal te verhoog. Dr. D.F. Malan het, as Minister van Binnelandse Sake, Opvoeding en Openbare Gesondheid, vereis dat die staatsdiens volkome tweetalig moes wees. Afrikaans het al hoe meer die draer van Afrikanernasionalisme geword en het volgens Lanham (1978:21) toenemend 'n politieke karakter ontwikkel. Hieruit het daar 'n vyandigheid in oorwegend Afrikaanssprekende gemeenskappe teenoor Engels ontstaan. Hierdie vyandigheid het tot uiting gekom in die verwerping van Hertzog se voorstel van gelyke regte aan Engelssprekendes tydens die Vrystaatse partykongres in 1940. Hertzog se idee van 'n republiek gebaseer op breë konsensus tussen die wit Afrikaans- en Engelssprekende groepe, het finaal tydens die Transvaalse Konferensie in dieselfde jaar skipbreuk gelei.

Wat onderwys vir swart mense betref het dit steeds sleg afgesteek by die onderwys van wittes. Waar verpligte en gratis onderwys vir wit kinders bestaan het, was swart onderwys steeds onder die beheer van die sendelinge en was nóg gratis, nóg verpligtend. Teen 1940 was minder as 25% swart kinders tussen die ouderdomme van ses en sestien in skole. Die per capita spandering op swart kinders was veertig keer minder as vir wit kinders (Molteno, 1984:69).

Tot en met Uniewording het die taalstryd volgens Rossouw (1999) hoofsaaklik om die taal as vak en as medium van onderrig gewentel. Verengelsing het in teorie in 1910 met die totstandkoming van die uniale regering tot 'n einde gekom. 'n Ooreenkoms is toe bereik waarvolgens Engels en Hollands gelykwaardig behandel sou word en om die twee tale as amptelike tale binne die nuutgestigte Unie van Suid-Afrika te erken. Hollands het dus nou die medium van onderrig in Hollandse skole geword. Dit is later met Afrikaans as onderrigtaal vervang en is in 1925 deur die Parlement bekragtig.

Alle wetgewing in die provinsies was onderhewig aan die goedkeuring van die uniale owerheid. Om taalgelykheid in skole in terme van *Artikel 137 van die Zuid-Afrika Wet* te bewerkstellig, is 'n komitee aangestel om riglyne ten opsigte van voertaal in skole aan die verskillende provinsies te verskaf.

Die Afrikatale het egter steeds nie 'n plek in die land se onderwysstelsel gehad nie. Volgens Kamwangamalu (2001:388) is die Afrikatale verder gemarginaliseer net soos wat die geval was met die politieke marginalisasie van die sprekers van hierdie tale. Gedurende die vroeë 1930s het die sendelinge volgens hom 'n beroep op die regering gedoen dat Afrikatale as tale van onderrig en leer ingestel moes word, veral in die beginjare van 'n kind se onderwys. Hartshorne (1995:308) toon dat teen die einde van 1935, Afrikatale reeds 'n verpligte vak en vereiste vir die Junior Sertifikaat (Graad 10) en die Senior Sertifikaat (Graad 12) was. Wat die medium van onderrig betref, som Hartshorne die beleid soos volg op: "... the pupil's mother tongue was to be used for the first six years of schooling in Natal, for the first six years of schooling in the Cape and the Freestate, and for the first two years in the Transvaal. Thereafter an official language – in practice almost always English – was to be used as medium (of instruction)."

Swart mense self het egter ook standpunt ingeneem ten opsigte van die voertaalvraagstuk. Hulle het Engels bo die moedertaal as medium van onderrig verkies. Mawasha (1982:8) meen dat die teenkating uit swart geledere bloot was omdat hulle Engelsonderrig beskou het as waarborg vir wat hulle as gehalte-onderwys beskou het. Dit moet dus nie as 'n bewys gebruik word dat hulle teen hul eie moedertale gekant was nie. In 'n wêreld waar

die mag in Engels (en tot 'n mate in Afrikaans) geleë was, was die onmiddellike waarde of nut van die moedertaal nie belangrik nie.

Ongelukkigheid onder die Afrikaner het egter voortgeduur. Hulle het die stelsel as 'n voortsetting van die verengelsingsbeleid en dus as 'n bedreiging vir hul kultuur en identiteit beskou. As gevolg hiervan het die Afrikaner onder die leiding van die Broederbond, die *status quo* die stryd aangesê. In die praktyk het hierdie stryd (later bekend as die taalstryd) vir die Afrikaner 'n stryd om aparte skole met (rigiede) moedertaal as taal van onderrig en leer beteken (Hartshorne, 1995:309). Vyf jaar nadat die Afrikaners die regering oorgeneem het, het hul beleid van moedertaalonderrig in aparte skole ook inslag gevind in wat bekend staan as die *Wet op Bantoe-onderwys*.

Die eerste fase van die taalstryd, naamlik die erkenning van taalgelykheid en tweetaligheid, is met die aanvaarding van *Wet 53 van 1909* bereik. Die sukses van die taalstryd was in die tweede fase daarvan gesetel, naamlik die implementering van die wet. Die unietydperk is voorafgegaan (Steyn, 1993:45) deur sterk argumente uit die geledere van die twee historiese opponente. Na die Anglo-Boereoorlog het die Engelssprekende persone en koerante bepleit dat Engels die enigste amptelike taal van 'n verenigde Suid-Afrika moet wees. Hulle het geredeneer dat daar twyfel bestaan of Afrikaans sal kan voortbestaan. Hulle het ook verder geredeneer dat Engels die taal van beskawing en geleerdheid is en dat ware eenheid amptelike eentaligheid noodsaak. Die voorstanders van Afrikaans, J.B.M. Hertzog en M.T. Steyn, het egter geredeneer dat daar wel 'n tydperk was dat Hollands die amptelike taal van die hele Suid-Afrika was en dat daar nie van die Afrikaanse bevolking verwag kon word om 'n grondwet te aanvaar wat Afrikaans in 'n minderwaardige posisie sou plaas nie. Die gelykheid van die twee tale sou vir hulle “as 't simbool van de gelijkheid der rasse” dien (Steyn, 1993:45).

Reeds tydens die eerste sitting van die Unieparlement in November 1910 het een van die Unioniste, kol. C.P. Crewe, teen die Vrystaatse onderwyswetgewing te velde getrek wat, volgens hom, teenstrydig met die regte van ouers was. Dat kinders hul onderrig in twee tale moes ontvang, was onregverdig en het 'n element van dwang bevat (Steyn, 1993:65).

Dit het tot die eerste taalstryd in die Volksraad gelei. 'n Gekose komitee het volgens Steyn egter bevind dat die Vrystaat die enigste provinsie was waar geen ongelykheid in die hantering van die twee tale bestaan het. Waar daar wel ongelykhede in die ander provinsies was, het die komitee bevind dat dit Engels was wat bevoordeel is. As kompromie tussen die verskillende belangegroepes is besluit dat die moedertaal verpligtend as onderrigtaal tot Graad 6 sou wees. Vanaf Graad 7 kon die ouer 'n keuse maak oor die medium van onderrig. Indien die ouer nie 'n keuse uitoefen nie, sou die moedertaal die onderrigmedium bly.

In Kaapland het die instelling van moedertaalonderrig teenkanting van Afrikanerouers gekry. Hierdie ouers wou Engelsonderrig reeds vanaf Graad 1 ingestel hê omdat hulle geglo het dat kennis van Engels noodsaaklik was vir gevorderde onderwys en 'n loopbaan in die staatsdiens. Hierdie houding kan toegeskryf word aan die verwaarlosing van die moedertaalbeginsel oor die jare (Steyn, 1993:67).

In die veertigs het die politici en die koerante tot die stryd toegetree. Die Verenigde Party het met 'n program van agitاسie teen enkelmediumskole begin. Hul redenasie was dat aparte enkelmediumskole tot rassisme in Suid-Afrika bydra. Vir hulle was dubbelmediumskole die oplossing tot die probleem aangesien dit sou kon bydra tot 'n beter verstandhouding tussen Engels- en Afrikaanssprekendes (*The Star*, 21 November 1940 in Steyn, 1993:68). As gevolg hiervan het Smuts in 1944 'n voorstel in die Volksraad deurgevoer waarvolgens ten volle aan die ideale van tweetaligheid en van nasionale eenheid uitvoering gegee sou word. Uit opposisiegeledere het Afrikaner-opvoedkundiges en politici, waarvan die Herenigde Nasionale Party die belangrikste was, die nuwe beleid as 'n aanslag op Afrikaanse skole beskou.

As gevolg van agitاسie uit die geledere van die Verenigde Party is 'n nuwe taalordonnansie op 1 Januarie 1946 deurgevoer wat ten doel gehad het dat albei ampstale teen 1951 gelyke voertale sou wees. Hoewel hierdie ordonnansie uit Engelse geledere gepropageer is, het dit geweldige teenstand vanuit Afrikaanse geledere uitgelok, maar ironies ook vanuit Engelse geledere. Hierdie teenstand het tot die uitvaardiging van

nog 'n nuwe taalordnansie gelei wat volgens Coetzee (1963:340) die ou verpligte dubbelmediumstelsel met 'n verpligte enkelmediumstelsel vervang het.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die onderrigmediumkwessie in wit skole in die partypolitiek verstrengel geraak en het opvoedkundige beginsels en lewensbeskoulike eienskappe dikwels op die agtergrond beland (Steyn, 1993:157). Steyn voer verder aan dat die Afrikaner as gevolg van die geskiedenis van Engelse imperialisme, verontreg gevoel het en daarom hul taal wou beskerm deur die invoer van moedertaalonderrig en enkelmediumskole.

4.2.2.2. Apartheidstydperk (1948 – 1976)

Die oorwinning van die Nasionale Party in 1948 het daartoe gelei dat die ongeskrewe apartheidstradisies vir die eerste keer wetlik omskryf en toegepas is. Hierdie gebeure is voorafgegaan deur ander groot sosiale gebeure in die land. Die Tweede Wêreldoorlog het onder meer gelei tot die verskerping van die politieke stryd van die swartes op die platteland en in die stede. Die diskriminerende maatreëls van die Nasionale Party-regering het volgens Coetzer (1986:281) tot groeiende ontevredenheid onder veral opgeleide en professionele swart mense gelei. Dit was die eerste tekens van 'n nuwe dinamika waar swart mense ook tot die stryd begin toetree het en die taalstryd nie slegs meer tussen wit en wit was nie. Engelssprekendes het ook gevoel dat hul taal bedreig word en het hul kommer uitgespreek dat Engels in Suid-Afrika moontlik na republiekwording kan verdwyn (Steyn, 1995:104).

Volgens Van Coller en Steyn (2005:9) het die transformasieproses na 1948 van die proses na 1902 verskil. Waar laasgenoemde proses hoofsaaklik taalgedrewe was, was die proses na 1948 hoofsaaklik rasgedrewe. Verskeie wette is uitgevaardig wat as die basis van die apartheidbeleid beskou is. Van die opspraakwekkendste wetgewing was die volgende: die *Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike* (1949), die *Wysigingswet op Ontug* (1950), die *Bevolkingsregistrasiewet* (1950) en die *Wet op Groepsgebiede* (1950). Die *Wet op Bantoe-Onderwys* het in 1953 gevolg.

Op 31 Mei 1961 het die Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom. Suid-Afrika was nie meer lid van die Statebond nie en die Afrikaners se droom om vry van Engelse oorheersing te wees, is bereik. Republiekwording het ook 'n wysiging aan die Grondwet ten opsigte van taal gebring. In *Wet no. 32 van 1961*, Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, is die ou Artikel 137 met geringe wysigings as artikel 108(1) en (2) ingesluit. Engels en Afrikaans is as amptelike tale verklaar en Hollands is uit die bepaling verwyder.

Wat swart onderwys betref, het die oorname deur die Nasionale Party dramatiese veranderinge gebring. Aanvanklik het die Nasionale Party 'n akkommoderende beleid ten opsigte van swart mense gevolg. Grootse infrastruktuurontwikkeling (behuising en skole) is in swart woonbuurte in stedelike gebiede gedoen. Dit is volgens Hyslop (1988:449) gedoen om te voldoen aan die behoefte aan halfgeskoolde arbeid in hierdie gebiede. Die getalle swart kinders in skole het in die tydperk tussen 1953 en 1963 dramaties van 800 000 tot 1 800 000 gestyg.

In soverre dit swart mense en hul tale betref, het republiekwording 'n belangrike klemverskuiwing meegebring. Die konsep van Bantoetuislande is gebore. Dié stelsel het voorsiening gemaak vir die indeling van swart mense in agt etniese eenhede. Elke tuisland sou sy eie burgerskap verleen, nie net aan sy eie inwoners nie, maar ook aan die swartes wie se huistaal dié van die betrokke tuisland was. Swart mense sou dié regte binne hul tuislande kry in ruil vir geen regte in wit gebiede nie. Die tuislandbeleid het teoreties die deur oopgelaat vir die amptelike erkenning en bevordering van die Afrikatale binne die onderskeie tuislande.

Roodt *et al.* som die taalbeleid gedurende die apartheidstydperk soos volg op:

“Whereas apartheid racial policy was universally condemned for being reactionary, with segregation practiced along the lines of the American South, language policy was acknowledged to be progressive, even by outside observers. While consolidating the bilingualism of 1910, the Afrikaner

leadership encouraged the development of local African languages as part of its ethnic homeland model.”

Die apartheidsregering het tuislande aangemoedig om plaaslike tale tot amptelike tale te verklaar. Moedertaalonderrig vir swartes is in stedelike skole ingestel. Die regering het ook baie geld op die produksie van boeke in inheemse tale sowel as op die ontwikkeling van moderne tegnologie en woordeboeke spandeer. Suid-Afrika het meer radiostasies, wat in Afrikatale uitsaai, as in die res van Afrika gehad. Televisie in Engels, Afrikaans en Afrikatale het ook gevolg.

Met die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 het Afrikaans ’n groot politieke en ekonomiese hupstoot gekry. Terwyl die bevordering van die Afrikatale volgens Kamwendo (2006:4) beperk was tot die tuislande, het Afrikaans saam met Engels die grootste hap uit die begroting gekry. Die Nasionale Party het gedurende hierdie tydperk veral baie in die korpusontwikkeling van Afrikaans belê. Afrikaans is volgens Kamwendo deur die Nasionale Party as die besitting van die Afrikaner beskou en as sulks is dit as simbool van nasionale identiteit in hul stryd met die Engelse gebruik. Die politieke wil het dus by die Nasionale Party-regering bestaan om Afrikaans te transformeer tot ’n taal wat effektief in verskeie hoër domeine van die samelewing gebruik kon word. Aparte onderwys, wat as reaksie teen Britse oorheersing en verengelsing begin het, het nou gekulmineer in 19 aparte onderwysdepartemente (een nasionale en vier provinsiale departemente vir wit mense, een vir bruin mense, een vir Indiërs en twaalf departemente vir etniese groepe, onder meer die tuislande). Elke aparte departement het sy eie taalbeleid gehad en was verantwoordelik vir die ontwikkeling van hul eie assesseringsbeleid sowel as vir die inhoud van hul kurrikulums.

Hierdie stand van sake was volgens Kamwangamalu (2001:389) in ooreenstemming met die apartheidsidee van “eie sake” (vs. algemene sake). Dit het beteken dat elke etniese groep verantwoordelik moes wees vir sy eie belange, waaronder onderwys. Hiervolgens was taal, en Eerste Taal in besonder, die kern van apartheidsgebaseerde onderwys. Vir wit onderwys het dit beteken dat óf Engels óf Afrikaans die medium van onderrig tot aan

die einde van hul skoolloopbane en selfs daarna sou wees. Daar was dus aparte Afrikaanse en Engelse skole vir wit leerders, waar eersgenoemde skole meestal deur Afrikanerkinders bygewoon is. Dieselfde opset was ook vir kleurlinge beskikbaar, waar aparte Engels- en Afrikaansmedium skole bestaan het. Onderwys vir Indiërs was deur die medium van Engels. Gedurende apartheid is die taalbeleid, wat swart mense betref, volgens Henrard (2001:29), so ontwerp dat

- etniese identiteit bevorder kon word
- vaardigheid in die amptelike tale belemmer word en sodoende
- indiensneming in die arbeidsmark beperk kon word.

Henrard redeneer verder dat die taal-in-onderwysplan 'n sentrale komponent van apartheidsonderrig geword het. So is die beginsel van moedertaalonderrig volgens Heugh (1995:42), gerieflik toegepas om gemeenskappe te verdeel. Die skielike omskakeling na die 50:50 beleid in Engels en Afrikaans het ook tot die benadeling van swart leerders gelei, veral omdat dit op 'n tydstip in hul skoolloopbaan gekom het toe hulle nog nie vir onderrig in 'n tweede taal gereed was nie.

Onderwys vir swart mense het van onderwys vir die ander bevolkingsgroepe verskil. In swart skole is 'n Afrikataal as onderrigmedium in die eerste vier jaar van onderrig gebruik, waarna dit met óf Engels óf Afrikaans vervang is. Vanaf Graad 2 is Engels en Afrikaans as vak onderrig. Die moedertaal as onderrigmedium is vanaf Graad 5 met Engels vervang. Hierdie oorskakeling het tot groot druipefers sowel as 'n groot uitvalsifer onder swart leerders gelei.

Die uitbreiding van enkelmediumskole en daarmee saam die beklemtoning van moedertaalonderrig en tweetaligheid vir wit leerders, het volgens Rossouw (1999) vanaf 1948 onder die bewind van die Nasionale Party, beleid geword. Dieselfde beleid is ook na 1950 na swart skole uitgebrei.

So is die beheer oor swart onderwys byvoorbeeld van die sendinggenootskappe na die destydse Departement van Bantoesake oorgedra. Waar Engels hoofsaaklik die medium van onderrig in swart skole was, is moedertaalonderrig na 1953 geleidelik vanaf Graad 5 (in 1965) tot en met Graad 8 (1959) uitgebrei. Afrikaans en Engels is as verpligte skoolvakke vanaf die eerste skooljaar ingebring. Na Graad 8 moes Afrikaans en Engels op 'n 50:50 basis as onderrigtale in swart skole gebruik word.

Na 1967 het die pogings om Afrikaans as onderrigmedium in swart skole met Engels gelyk te stel verskerp. Dit was ten spyte van die feit dat Engels steeds 'n sterker keuse as onderrigmedium in hierdie skole was. Die verset teen die 50:50 beginsel het volgens Rossouw (1999:3) in 1974 sterker geword. Die wet van 1953, wat aanvanklik redelik buigsaam toegepas is, is in 1974 in alle erns toegepas. Dit het tot openlike weerstand vanuit die swart gemeenskap gelei en uiteindelik aanleiding gegee tot die geweld wat in 1976 uitbreek het.

As gevolg hiervan en onder toenemende druk vanuit die swart gemeenskap is die taalbeleid hersien en het dit weereens tot 'n bedeling binne swart onderwys gelei waar Engels die medium van onderrig vanaf Graad 5 sou word (*Wet op Onderwys en Opleiding. Wet 90 van 1979*). Die wet van 1979 het steeds reaksie uitgelok. Volgens Hendry, (soos aangehaal in Rossouw, 1999:3) is die instelling van moedertaalonderrig met weerstand deur die swart gemeenskappe begroet omdat dit gesien was as deel van die apartheidsbeleid van die regering en ook as gevolg van die relatiewe lae status wat dit aan die Afrikatale verleen het.

Heugh (1995:42) voer aan dat die doelwitte wat deur die Nasionale Party-regering gestel was, was "... separate and unequal development: social and economic development for the dominant minority and social and economic under-development for the marginalized majority". Hierdie doelwitte het volgens Heugh neerslag gevind in die onderwysbeleid en -plan. Hiervolgens is die beginsel van moedertaalonderrig gerieflikheidshalwe toegepas om die politieke ideaal van apartheid te vestig. Hoewel die verskyning van die UNESCO-verslag, *The Use of Vernacular Languages in Education* (1953) met die aanneming van

die *Wet op Bantoe-onderwys* in 1953 saamgeval het, was die beginsel van moedertaalonderrig in swart onderwys steeds tot mislukking gedoem. Die instelling van moedertaalonderrig in Suid-Afrika het met groot verskille in die onderskeie onderwysdepartemente in die land saamgeval. In die swart onderwysstelsel het dit met 'n minderwaardige kurrikulum en fasiliteite gepaard gegaan. Daarom het moedertaal in swart onderwys gestigmatiseer geraak en was met die stelsel van Bantoe-onderwys verbind.

Volgens Du Plessis (2002:3) is dit ironies dat juis met die totstandkoming van die Bantoe-onderwysstelsel in 1953 'n beweging na toevoegende tweetalige onderwys verkry is. Van belang in hierdie tydperk was die verpligte gebruik van die moedertaal as onderrigmedium vir die primêre fase van onderwys in swart skole. Dit was die eerste keer in die geskiedenis van swart onderwys in Suid-Afrika dat die moedertaal amptelik as onderrigmedium gebruik is.

Volgens Du Plessis (2002:3) het Suid-Afrika sedert 1953 twee taal-in-onderwysstelsels gehad. Dit is een stelsel vir Afrikaans- en Engelssprekendes en 'n ander stelsel vir sprekers van Afrikatale. Hierdie twee stelsels het aanleiding gegee tot twee verskillende tipes tweetalige onderwys wat vandag nog steeds die onderwys in Suid-Afrika oorheers. Volgens Du Plessis kan na hierdie verskynsel verwys word as die tweestroombenadering tot tweetaligheid in Suid-Afrika.

Die aansien van swart onderwys het volgens Kamwangamalu (2001:390) in 1953 drasties verander met die inwerkingtrede van die *Wet op Bantoe-onderwys* (Wet no.47 van 1953). In swart kringe is na hierdie wet as die *Slave Education Act* verwys. In 1942 het Professor B.F. Nel van die Universiteit van Pretoria 'n boek getiteld *Naturelle Opvoeding* gepubliseer. Hierin het hy aanbeveel dat moedertaalonderrig in swart skole toegepas moet word. Hy het ook aanbeveel dat Afrikaans in plaas van Engels as tweede taal onderrig moes word. Kort nadat die Nasionale Party aan bewind gekom het, is 'n kommissie vir swart onderwys (Eiselen Kommissie) aangestel. Die volgende aanbevelings is ten opsigte van taal gemaak:

- In die laer primêre skoolkursus wat oor die eerste vier jaar strek, moet alle onderrig in die moedertaal wees. Hierdie beginsel moet progressief jaar vir jaar uitgebrei word na al agt jare van die laerskoolkursus.
- Terminologiekomitees moet op die been gebring word om handleidings vir onderwysers te produseer. Moedertaalonderrig moet nou geleidelik na die hoërskool uitgebrei word.
- Die moedertaalmedium moet ook deur onderwyskolleges vir skoolorganisasie en metodiek, kindersielkunde en ander vakke wat deur middel van die moedertaal onderrig word, gebruik word.
- Daar moet in die tweede skooljaar begin word met die aanleer van die eerste amptelike taal as vak. (Dit moet die taal wees wat die meeste in die omgewing van die skool gebruik word.) Daar moet nie later as in die vierde skooljaar met die aanleer van die tweede amptelike taal begin word nie.
- Een van die amptelike tale behoort 'n verpligte vak in die hoërskool te wees. Die vereistes moet dieselfde wees as dié wat van toepassing is op die tweede taal vir blanke leerders. Waar 'n tweede amptelike taal as opsionele vak geneem word, behoort dit die dieselfde status as die derde tale (Frans en Duits) in die geval van blanke leerders te hê.
- In die onderwyskolleges moet beide amptelike tale verpligtend wees (Behr 1963:462).

Die meeste van die bepalings is in die *Wet op Bantoe-Onderwys* opgeneem. Waar dit nie gedoen is nie, was dit om die invloed van Afrikaans in die stelsel te beskerm en uit te brei.

Met die *Wet op Bantoe-onderwys* het swart onderwys onder die staat se beheer gekom (Kamwendo, 2006:4). Ironies genoeg het die Afrikaner gedurende die jare van Britse beheer en die gevolglike beleid van verengelsing gevoel dat “the language of the conqueror (Engels) in the mouth of the conquered (die Afrikaner) was the language of slaves” (Malherbe, 1977:3). 'n Verdere ironie is dat die basis van die wet juis moedertaalonderrig was en dat dit saamgeval het met UNESCO se verklaring dat 'n

persoon se moedertaal die beste instrument tot suksesvolle onderwys is. Hoewel die *Wet op Bantoe-onderwys* dus die beginsel van moedertaalonderwys onderskryf het, het dit egter ook volgens Mpe (1999:2) die kurrikulum in swart skole negatief beïnvloed. Dit het tot sensorskap gelei oor wat in hierdie skole toegelaat moes word en dit het ook volgens Mpe 'n vervlakking in voorgeskrewe literatuur bewerkstellig.

Martin (1997:2) beskryf die toepassing van hierdie benadering soos volg:

“In 1959, following the Bantu Education Act of 1953, the Department for Native Affairs, which ran Bantu education, introduced the 50:50 policy, where teaching was divided between English and Afrikaans, with mother tongue teaching for non-academic subjects. For example religious instruction, music and physical education were taught in the mother tongue, general science and practical subjects such as needlework, woodwork and art were taught in English and mathematics, social studies, geography and history were taught in Afrikaans.”

Die hoofdoel hiervoor was volgens Hendry (soos aangehaal in Rossouw, 1999) om die status van Afrikaans en Afrikatale as eerste tale ten koste van Engels te bevorder.

Volgens Vinjevold (1999:207) het die *Wet op Bantoe-onderwys* van 1953 ingrypende veranderinge in die taalbeleid in swart skole gebring. Die hoofdoel van hierdie wet was om die gebruik van die moedertaal en Afrikaans uit te brei. Moedertaalonderrig is uitgebrei om te verseker dat alle laerskoolleerders teen 1959 in hul moedertaal onderrig sal ontvang. Afrikaans en Engels sou dan vanaf die eerste jaar van hoërskool op 'n 50:50 basis as onderrigmediums gebruik word. Ten einde die implementering van hierdie beleid moontlik te maak, is onderwysers in swart skole vyf jaar kans gegun om deur middel van intensiewe opleidingsprogramme Afrikaans-vaardig te word.

Behalwe vir die weerstand waarmee hierdie beleid uit swart geleedere begroet is, was dit ook volgens Vinjevold (1999:208) ironies dat dit juis die Nasionale Party-regering se

beleid van aparte ontwikkeling was wat tot die mislukking van die taalbeleid gelei het. Roodt *et al* beskryf die situasie soos volg: “The bilingual policy in Soweto schools, which was mooted but never applied, therefore became a public relations disaster for Afrikaans.”

Vanaf 1960 het die tuislande sowel as die selfregerende gebiede verkies om moedertaalonderrig slegs vir die eerste vier jaar te gebruik waarna Engels die amptelike onderrigmedium sou word.

Hierdie veranderinge in die taal-in-onderwysbeleid van die *Wet op Bantoe-onderwys* het ’n skeiding gebring in beleid soos wat dit in swart skole in die tuislande toegepas is en die toepassing van beleid in skole onder die Departement van Bantoe-onderwys. In Maart 1971 het die *Bantu Education Advisory Board* begin met ’n ondersoek rakende die onderrigmedium in swart skole. Die bevindinge van die ondersoek het die 50:50 benadering ten sterkste verwerp. Verder het dit moedertaalonderrig tot standerd vier aanbeveel. Dit het ook aanbeveel dat moedertaalonderrig na standerd vier opgevolg moes word deur óf Engels óf Afrikaans as onderrigmedium. In 1972 het die sekretaris van die Departement drie alternatiewe vir hoërskole aanbeveel. Dit was die bestaande 50:50 benadering, slegs Afrikaans, of slegs Engels. In die tuislande moes die besluite deur die tuislandregerings gemaak word, terwyl die besluite vir die skole onder die Departement van Bantoe-onderwys deur die sekretaris geneem sou word, gebaseer op die aanbevelings van skoolrade, kring- en streekbeamptes. Omdat daar groot verdeling was in die reaksies van streekdirekteure het die sekretaris besluit om die *status quo* ten opsigte van die 50:50 benadering te behou. Hartshorne (1999:209) verklaar hierdie besluit soos volg:

“Faced with this general tendency on the part of his officials to cling to the status quo, and under pressure from the Ministry to protect the position of Afrikaans, in the event the Secretary of the Department decided to withdraw the options as his department was concerned and to return to the dual medium policy.”

Volgens Verhoef (1989:40) het hierdie sogenaamde moedertaalbeginsel en konsep van toevoegende meertaligheid groot ontevredenheid in die swart geleedere ontlok en is dit as 'n openlike politieke poging tot verdere segregasie en onderdrukking van die swart leerders bestempel. Dit het ook gepaard gegaan met 'n swak ontwikkelde kurrikulum wat nie gerat was om goed bemagtigde Afrikane te lewer nie. Kamwendo (2006:5) redeneer verder dat dit juis Afrikaans se noue verbintenis met die argitekke van apartheid was wat tot die verwerping van Afrikaans as onderrigmedium en die gevolglike versterking van Engels as onderrigmedium in swart skole gelei het. Alexander (1989:5) verwoord die gevoel soos volg: "It was this set of language policies most prominently in the form of mother-tongue instruction which united all anti-apartheid forces"

Die 1976 Soweto-opstand was dus nie slegs 'n verwerping van Afrikaans as onderrigtaal nie, maar ook 'n verwerping van die onderwysstelsel en die stelsel van apartheid as geheel.

Afrikaans het dus met die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 en Republiekwording in 1961 'n groot politieke en ekonomiese hupstoot gekry. Die beginsel van aparte Afrikaanse en Engelse skole (vir blankes) het Nasionale Party-beleid geword. Tweetaligheid is as wenslik beskou maar was nie 'n prioriteit vir die Nasionale Party nie. Die tweetaligheidstelsel het gaandeweg vervaag en is in 1970 feitlik deur regeringsregulasies uitgewis. Kinders van verskillende taalgroepe kon hierna nooit op natuurlike wyse mekaar se tale aanleer nie. Die bewaring van die Afrikaanse taal het later van sekondêre belang geword. Die ware en dominante motief vir die Afrikaner-politici was die konsolidasie van die politieke mag van die Afrikanerdom (Malherbe, 1977:149).

Die taal- en politieke konflikte binne die wit gemeenskappe het ook 'n invloed op swart onderwys gehad. Die beleid van aparte skole het ook in swart onderwys neerslag gevind, veral met die uitvaardiging van die kontroversiële *Wet op Bantoe-onderwys* (Wet 47 van 1953). Die wense en belange van die Afrikataalsprekende burgers van die land is ondergeskik geplaas aan die politieke ideologieë van die blankes (Hartshorne, 1986:85). Hierdie houding van die regerende Nasionale Party het groot implikasies vir swart

onderwys ingehou, wat later ook 'n groot invloed op onderwys in die breë sou hê. Tydens die veertiger jare, veral met die stigting van die *African Education Movement*, het swart weerstand teen die onderwysbestel meer radikaal geword. As gevolg van die verbintenis van Afrikatale met Bantoe-onderwys het die geradikaliseerde swart intelligentsia weerstand teen die instelling van moedertaalonderwys gebied. Die beginsel van afnemende swak tweetalige onderwys, waar onderrig deur middel van die moedertaal begin is, maar waar dit dan so vroeg as moontlik deur Engelsonderrig vervang moes word, is eerder verkies. Die voorkeur aan Engels eerder as Afrikaans of die moedertaal was dus meer om ideologiese as om opvoedkundige beweegredes. Mawasha (1982:8) verduidelik dat dit nie soseer 'n stryd van die swart mense teen hulle moedertaal was nie, maar dat hulle net eenvoudig geglo het dat Engels vir hulle die enigste waarborg was vir wat hulle as 'n uitmuntende onderwysstelsel beskou het.

Die onversetlike houding van die regering het uiteindelik tot verskeie verset-aksies vanuit swart gelede gelei, waarvan die 1976-opstande die belangrikste was. Volgens Hartshorne (1987:94-96) is verskeie versoeke van skoolhoofde, skoolrade en ander belangegroepes om 'n meer gematigde benadering, deur die regering verwerp. Die Meadowlands Tswana Skoolraad het aan die begin van 1976 'n besluit geneem dat Engels van Graad 5 as medium van onderrig gebruik sou word. Twee van die lede is toe ontslaan, waarna die res van die lede uit simpatie en protes bedank het. Op 16 Junie 1976 het 'n konfrontasie tussen protesterende leerders en die polisie ontstaan. Die geweld en onrus het dwarsdeur Suid-Afrika versprei. Volgens regter P.M. Cillié, wat aangestel is om die redes vir die onrus te ondersoek, was die gemeenskap ontevrede met die standaard van swart onderwys, die geboue, toerusting en gehalte van onderrig, sowel as teen die medium van onderrig in party vakke (Behr, 1988:37). Een groep wat veral op taalgebied deur die apartheidsmaatreëls en -wette geraak is, was volgens Van Coller en Steyn (2005:11) die bruin mense. Die meerderheid bruin mense was Afrikaanssprekend en hoewel hul taalregte nie weggehaal is nie, het baie van hulle se taalloyaliteit en houding teenoor Afrikaans en veral sy standaardvariëteit verander. Sommige het in reaksie tot die apartheidsbeleid hul kinders doelbewus uit Afrikaanse skole gehaal en na Engelse skole gestuur. "Afrikaans was immers die taal van die politici wat die gewraakte wette gemaak

het en die meeste van die amptenare en polisiemanne wat die wette uitgevoer het” (Van Coller & Steyn, 2005: 11).

4.2.2.3. Reformistiese Tydperk (1976-1989)

In 1978 is P.W. Botha as die leier van die Nasionale Party en die Eerste Minister van Suid-Afrika verkies. Onder druk van die politieke onrus, wat indirek as ’n taalkwessie ontstaan het, kondig Botha ’n nuwe bedeling aan waarin sekere politieke regte aan kleurlinge en Indiërs gegee word. ’n Nuwe Grondwet is opgestel om voorsiening te maak vir ’n parlement met drie kamers, naamlik die Volksraad vir die blankes, ’n Huis van Verteenwoordigers vir die kleurlinge en ’n Huis van Afgevaardigdes vir die Indiërs. Sy hervormings het geen voorsiening gemaak vir swart mense nie omdat daar geglo is dat politieke regte aan swart mense in die tuislande toegeken is. Botha se hervormingsbeleid is egter verwerp. Dit is nie deur swart mense aanvaar nie en die tuislande is ook deur geen ander land as onafhanklike state erken nie. Ten spyte hiervan is die nuwe Grondwet in 1984 tog in werking gestel en P.W. Botha het Staatspresident geword. As gevolg van swart mense se ontevredenheid met die politieke bestel het hernude opstande en geweld uitbreek. Verskeie swart leiers is gearresteer en tronkstraf opgelê.

Hierdie tydperk volg op die gewelddadige opstande teen die gebruik van Afrikaans in swart skole. Hierdie weerstand teen Afrikaans “was a resistance to what was perceived as a language of oppression, as well as a desire for greater access to English” (Kamwangamalu, 2001:394). Dit het nie net die einde van Afrikaans in swart skole beteken nie, maar dit het ook die status van Engels, as ’n reeds magtige taal, in die swart gemeenskap versterk. Die geveg teen Afrikaans het met die geveg teen Bantoe-onderwys en die apartheidstelsel saamgeval. Engels het dus vir die betrokke gemeenskap die taal van bevryding geword. Vir die sprekers van die verskillende Afrikatale kan 1977 beskou word as een van die mylpale in die geskiedenis van tale in Suid-Afrika. Die sogenaamde Bantoetale Raad is gedentraliseer en hulle verantwoordelikhede is aan die verskillende taalgroepe self oorgedra. Hierdie besluit kenteken volgens Masebenza (1985:90) die

amptelike erkenning van Afrikatale as nasionale tale. Desnieteenstaande het hierdie tale steeds nie gelyke status met Engels en Afrikaans as landstale geniet nie.

As gevolg van die volgehoue druk uit swart en verskeie ander oorde het die regering toegegee. Skole kon nou vanaf Graad 7 een taal, wat deur die skool self bepaal is, as onderrigmedium gebruik. Statistiek toon volgens Hartshorne (1987:97) dat 96% van die skole Engels verkies het. Daar was egter steeds ontevredenheid oor die stadium wanneer Engels as medium van onderrig ingevoer moes word. Die *Wet op Onderwys en Opleiding* (Wet 90 van 1979) het onder meer bepaal dat moedertaalonderrig van toepassing sou wees tot en met ten minste Graad 4. Die ouers se wense sou ook in aanmerking geneem word in die toepassing van die beginsel van moedertaalonderrig, asook in die keuse van een van die amptelike tale waar die moedertaal nie as onderrigmedium na Graad 4 verkies word nie. Vanaf 1983 was die onderwysstelsel vir swart mense amptelik Engels.

Die gevolg vir Afrikaans van die 1976 opstand was die teenoorgestelde as wat deur die Nasionale Party bereik wou word. Waar hulle Afrikaans ten koste van Engels wou bevoordeel, het swart mense nou juis Engels as onderrigtaal verkies.

Dit is ook belangrik om die opvatting van Hyslop (1988) en Unterhalter (1991) oor die redes vir die opstande van swart mense in die 1970s te ondersoek. Die gehalte van onderwys in swart skole, eerder as die taalkwessie, was vir hulle die bepalende faktor. Unterhalter (1991:63) voer aan dat die uitbreiding van sekondêre onderwys aan swart mense in hierdie tydperk tienvoudig toegeneem het. Dit het groot druk op die bestaande skoolfasiliteite vir swart kinders geplaas en tot oorgroot klasse in skole met swak hulpbronne gelei. Dit het die kwaliteit van onderrig verder verswak. Die onvermoë van swart onderwys om 'n aanvaarbare intellektuele basis vir gehalte-opname in die werksmag en sosiale mobiliteit te verskaf het swartes vrae laat vra oor die toepaslikheid van hul onderwys. Die onvermoë van die ekonomie om in hierdie tydperk swart skoolverlaters te absorbeer het verdere frustrasie veroorsaak. Dit het uiteindelik die basis vir die ontevredenheid onder die swart jeug gevorm en het tot die opstande van die 1970s en 1980s gelei (Bundy, 1989:206-217; Cross, 1992:201-203; Hyslop, 1990:80.)

Hierdie tydperk is in 1976 deur een van die mees bepalende momente in die politieke- en taalgeskiedenis van die land ingelui. Geweld as die mees ekstreme instrument van aktivisme, sowel as demonstrasies, is in hierdie tydperk aangewend. Dit is deur gemeenskapsmobilisering waarin die groot politieke bewegings in die swart gemeenskap die leidende rol gespeel het bewerkstellig. Die Nasionale Party se taal-in-onderwys-hervormings gedurende hierdie tydperk kan dus nie slegs aan die 1976-opstande teen Afrikaans as onderrigmedium toegeskryf word nie. Baie van die hervormings is deur die vlag opstande teen apartheid in die tydperk op die staat afgedwing. Onderwys is verander in 'n "site of struggle" teen apartheid en die swak onderwysstelsel (Fataar, 1999:98). Die bo-na-benede veranderinge in die politieke- sowel as die taalbestel met betrekking tot swart onderwys, kan dus as 'n direkte gevolg beskou word van die benede-na-bo gebeure wat met die 1976-opstande begin het.

4.2.2.4. Oorgangstydperk (1989-1994)

In 1989 het P.W. Botha as leier van die regerende Nasionale Party en as Staatspresident van die land bedank. Hy is deur F.W. De Klerk opgevolg wat onmiddellik gepoog het om 'n vreedsame oplossing vir die krisis te vind. Vroeg in 1990 het hy die verbod op alle politieke organisasies opgehef en alle politieke gevangenes, Nelson Mandela ingesluit, vrygelaat. Onderhandelinge tussen die ANC en die regering het in 1990 begin. In 1993 is 'n ooreenkoms bereik en 'n tussentydse Grondwet is aanvaar. Dit het die weg gebaan vir die eerste demokratiese verkiesing wat op 27 April 1994 in Suid-Afrika gehou is. Hierdie tydperk kan beskou word as 'n tydperk van onderhandeling. Verskeie kwessies was onder bespreking, onder meer die politieke en konstitusionele regte van die swart meerderheid. Wat swart onderwys betref was die regering gekonfronteer deur die steeds groeiende getalle in swart onderwys, wat met verswakkende toestande in swart skole gepaard gegaan het. Toegang tot gehalte-onderwys, wat in wit skole beskikbaar was, is buite die bereik van die meerderheid swart leerders geplaas as gevolg van die regering se privatisering van wit skole. Hierdie skole is outonoom verklaar en die beheer daarvan is aan die ouers oorgedra (Christie, 1994:48). Hierdie ouers kon nou beleide, soos die

toelatings- en taalbeleide, onafhanklik van die staat vasstel. Dit het tot fel kritiek vanuit linkse politieke gelede gelei.

Wat taal betref, het verskeie kwessies ook na vore gekom. Dit was: die posisie van die Afrikatale teenoor Afrikaans en Engels, die behoefte aan 'n *lingua franca*, die keuse van tale as mediums van onderrig en as vakke in skole, sowel as die rol van Engels as 'n skakeltaal (Maartens,1998:32).

Die ANC se posisie op daardie stadium rakende hierdie kwessies, is volgens Maartens in hul dokumente soos die *Freedom Charter*, die *Constitutional Guidelines* en die *Proceedings of the ANC Language Workshop* uiteengesit. Heugh (1995:340) noem dat al hierdie dokumente dieselfde dilemma reflekteer as die van ander Afrikalande sedert die 1960s, naamlik die behoefte aan “'n taal van nasionale eenheid”, waaraan Engels kan voldoen. Hierteenoor staan egter die behoefte by die organisasie om die onderdrukte meerderheid te bevry van “the languages that were part of earlier imperialist political systems” en om die Afrikatale te ontwikkel. Laasgenoemde behoefte is veral deur die *National Language Project* aangespoor. Volgens Maartens (1998:32) is die posisie van nie-regeringsorganisasies oor taal in onderwys hoofsaaklik deur die *National Education Policy Investigation* (NEPI)-komitee verteenwoordig. Die probleem, volgens Heugh (1995:340) was egter dat beide die ANC en NEPI nie voorsiening gemaak het vir duidelike implementeringsplanne nie. Dit het die moontlikheid van verdere Engelse oorheersing gelaat. Die posisie van die Nasionale Party-regering, was volgens Maartens, op die behoud van die posisie van Afrikaans in skole gerig. Hierdie posisie word in die dokumente van die Departement van Onderwys, naamlik die *Curriculum Model for Education in SA* (CUMSA) sowel as die *De Lange-Verslag* weerspieël. CUMSA het aanbeveel dat nie meer as twee tale verpligtend moes wees nie en dat een daarvan die medium van onderrig moes wees. Slegs een taal moes verpligtend in Grade 1 en 2 wees, terwyl óf Afrikaans óf Engels plus die dominante Afrikataal van die omgewing in Grade 5 tot 7 verpligtend moes wees. Die Departement van Onderwys en Opleiding (DOO) het egter aanbeveel dat die ouers 'n keuse moes hê om uit die alternatiewe, soos in die *De Lange-Verslag* uiteengesit, te kies.

4.2.2.5. Demokratiseringtydperk (1994-)

Op 27 April 1994 is die eerste demokratiese verkiesing gehou en deur die ANC gewen. Mnr. Nelson Mandela is as die eerste swart president ingehuldig. Hierdie verkiesings het 'n tydperk ingelui waar die voormalige regerende party, die Nasionale Party (NP) wat moedertaalonderrig voorgestaan het, nou met die ANC as regerende party vervang is, en wat politieke transformasie as prioriteit gestel het. Dit was reeds tydens die oorgangstydperk duidelik dat die skep van 'n demokratiese taalbestel nie vir die nuwe regering 'n prioriteit sou wees nie. Desnieteenstaande is die nuwe Grondwet (*Wet 8 van 1996*) in 1996 aanvaar. Dit het onder meer bepaal dat daar vervolgens elf in plaas van twee amptelike tale sou wees. Die nuwe amptelike tale saam met Afrikaans en Engels sou wees: Zoeloe, Xhosa, Swazi, Ndebele, Sotho, Pedi, Tsonga, Tswana en Venda. Dit het beteken dat daar vir die eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis amptelike erkenning gegee is aan die vernaamste inheemse tale.

Ten einde die sukses van die demokratiseringsproses te beoordeel, moet in ag geneem word dat Suid-Afrika steeds in 'n oorgangsfase is en dat debatvoering omtrent die beste beleide vir die konsolidering van die demokrasie steeds aan die orde van die dag is. Die belangrikste en sigbaarste stryde en spanning kan volgens Alexander op hierdie stadium in die ekonomiese sfeer sowel as op die sfeer van die sosiale patologie waargeneem word. Beukes (2004:1) stel dit soos volg:

“Judged against other well-established democracies, ten years down the line, ours is a vibrant but still fledgling democracy grappling with the realities of effecting radical social transformation, securing economic development and building a united nation where peace and stability are sustainable.”

Baie van die skrywers van beleid is egter deeglik bewus daarvan dat die uitwerking van hul beleide eers op die lange duur sigbaar sal wees.

Gesien teen die agtergrond van die Verenigde Nasies se definisie van vooruitgang, het Suid-Afrika in die eerste dekade na apartheid, volgens Beukes (2004:2), reeds groot vooruitgang gemaak betreffende die welvaart van sy mense en wel op die volgende gebiede:

- 'n Totaal van 780 nuwe wette is reeds uitgevaardig wat as platform kan dien vir die heropbou en ontwikkeling van die land.
- 'n Beraamde VSA\$7,1 biljoen is reeds in die tydperk op onderwys spandeer (die grootste begrotingsitem in Suid-Afrika).
- 'n Beraamde VSA\$5,7 biljoen is in die tydperk op gesondheidsorg spandeer.
- Spandering op MIV/Vigs het van 'n beraamde VSA\$4,2 tot 'n beraamde VSA\$48,9 toegeneem.
- Behuising is aan meer as ses miljoen mense verskaf.
- Huishoudelike toegang tot elektrisiteit het van 32% tot 70% gestyg.
- Huishoudelike toegang tot skoon water het van 60% tot 85% gestyg.
- Huishoudelike toegang tot sanitasie het van 49% tot 63% gestyg.
- 'n Totaal van 1,8 miljoen hektaar grond is gedurende hierdie tydperk herverdeel.

Uit bogenoemde kan ons aflei dat die relatief kort tydperk van demokrasie reeds talle suksesse op talle terreine gelewer het. Een van die terreine wat egter steeds stagnant bly is die implementering van die land se veelbesproke veeltalige taalbeleid. Taalbeleid-ontwikkeling moet volgens Webb geëvalueer word as deel van die groter raamwerk vir strategiese beplanning van 'n land.

Dit sal dan beteken dat taal 'n instrument in die ontwikkeling van die menslike hulpbronne van daardie land is en dat taalbeleid dus ondergeskik is aan die beleide wat op die realisering van die land se nasionale ideale (visie) gerig is. Dit is volgens Webb daarom noodsaaklik om kennis te neem van die nasionale ideale van 'n land.

Volgens Webb vorm Suid-Afrika se nasionale ideale die grondslag van die Grondwet (Wet 108 van 1996) en sluit dit die volgende in:

- Die vestiging van demokrasie.
- Die bevordering van gelykheid en menseregte.
- Die ontwikkeling van die mense van Suid-Afrika.
- Die implementering van regstellende aksie.
- Die effektiewe administrasie van die land.
- Die ontwikkeling van nasionale integrasie en die bevordering van wedersydse verdraagsaamheid en respek tussen die verskillende kulturele, linguistiese, religieuse, rasse en sosio-politieke groeperinge.
- Die behoud van die land kulturele diversiteit.

Ten einde te bepaal tot watter mate taalbeleidsontwikkeling in Suid-Afrika suksesvol is, moet die pogings wat aangewend is om hierdie ideaal te bereik, ondersoek word.

Verskeie kenners spreek hul ten gunste van die nuwe taalbeleid uit. Volgens Ngcobo (2007:1) het Suid-Afrika dit reggekry om 'n taalbeleid te ontwikkel wat geskik is om taalprobleme in 'n veeltalige samelewing aan te spreek. Kamwendo (2006:7) is van mening dat die huidige taalbeleid 'n direkte produk is van die politieke transformasieproses wat in die vroeë 1990s begin het. Nelson Mandela en ander politieke gevangenes is in 1990 vrygelaat, en die ANC en ander politieke groepe is ontban. Dit was die begin van 'n proses van onderhandelings vir 'n politieke skikking. Hierdie taalbeleid, waarvolgens uiteindelik elf tale as amptelik erken is, het die vorige beleide vervang wat verantwoordelik was vir die bevoorregting van Engels en Afrikaans ten koste van al die ander Afrikatale wat in Suid-Afrika gepraat word.

Martin (1997:1) som die doel van die taalbeleid van die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet soos volg op:

“The language policy of the new South African Constitution aims to redress the injustice of apartheid, where two languages, English and Afrikaans, were given status and privilege over all the other languages. The Constitution articulates a deep commitment to social justice and language rights by recognizing 11 official languages, nine African languages together with English and Afrikaans.”

Die volgende waarnemings kan volgens Webb (2002:31) uit die taalbepalings van die nuwe Grondwet gemaak word:

- Dit verbind die regering tot ’n beleid van veeltaligheid.
- Dit verbind die regering tot die bevordering van die Afrikatale.
- Die beginsel van ‘funksionele differensiasie’ in die implementering van taalbeleid word aanvaar, wat beteken dat dit nie die regering se standpunt is dat al elf amptelike tale vir alle amptelike funksies in alle domeine gebruik sal word nie.
- Die implementering van die taalbepalings moet deur wetgewing of ander statutêre wyses beheer word.
- Die implementering van die taalbepalings is onderworpe aan ’n aantal ‘escape clauses’ (gebruik, uitvoerbaarheid, koste, omstandighede), wat in die afwesigheid van duideliker definisies, gebruik kan word om die taalbepalings te ondermyn.
- Die taalbepalings bevat ’n potensieel teenstrydige situasie, naamlik tussen die regering se verbintenis tot die implementering van ’n spesifieke stel (beleids) besluite en sy verbintenis tot die nakoming van die wense van die mense wat in ’n veeltalige beleid mag voorkom wat deur die wense vir die uitbreiding van die gebruik van Engels teengestaan kan word.

’n Verdere uitvloeisel van die taalbepalinge van die Grondwet was natuurlik die totstandbringings van LANGTAG in 1996 met die doel om ’n raamwerk vir ’n nasionale taalbeleid saam te stel. Die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) is in die lewe geroep om die Suid-Afrikaanse tale te bevorder en om die implementering van die taalbepaling van die Grondwet te monitor. Die destydse Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap

en Tegnologie (nou Departement van Kuns en Kultuur) het 'n spesiale Taalbeplanning Adviserende Liggaam aangestel wat voorstelle vir 'n nasionale taalbeleid moes ondersoek. Hierdie voorstelle is aan die kabinet voorgelê as die Suid-Afrikaanse Talewet, wat tot op hede egter nog nie gerealiseer het nie.

Dit is Webb (2002:55) se afleiding dat die taalbepalings van die nuwe Grondwet vanuit die oogpunt van demokratisering, 'n betekenisvolle verbetering op die taalbeleide van die vorige regering is. Dit erken die behoefte om die hoofgemeenskappe te sentraliseer deur die erkenning van al die tale van die land. Dit voorsien die basiese beginsels van beide die demokratisering en die sosiale transformasie van die land.

Hoewel Suid-Afrika tans oor 'n grondwetlike basis vir 'n veeltalige taalbeleid en -beplanning beskik en die staat dus grondwetlik verplig is om uitdrukking te gee aan die taalbepalings in die Grondwet, staar dieselfde implementeringsdilemma waarmee ander veeltalige lande, veral in Afrika, worstel, ook dié land in die gesig. Dit is dat die taalbepalings nie in die praktyk toegepas word nie. Die versuim om nasionale wetgewing te aanvaar ten einde uitvoering aan die taalbepalings te gee, word deur Mwaniki (2004:16) as een voorbeeld genoem. Hoewel die *National Language Policy Framework (2002)* en die *Implementation Plan: National Language Policy Framework (2003)* dus reeds aanvaar is, word dit nie gerugsteun deur nasionale wetgewing nie, en is dit dus moeilik afdwingbaar.

Du Plessis (2001:8) som die dilemmas van taalbeleidsimplementering soos volg op:

- Gebrek aan nasionale sowel as ondergeskikte wetgewing.
- Finansiële beperkinge.
- Onderontwikkelde tale.
- Gebrek aan kennis van die toegevoegde amptelike tale, naamlik die nege Afrika tale.
- Gebrek aan opleiding in hierdie tale.

Onder een onderwysdepartement het leerders nou teoreties die reg om enige skool van hul keuse by te woon asook om te verwag dat hul moedertale bevorder sal word. Kamwangamalu (2001:396) wys egter daarop dat die Suid-Afrikaanse onderwysopset, wat betref onderrigtaal, dieselfde as in die apartheids tydperk gebly het. Die tale van onderrig is steeds Afrikaans en Engels, met Afrikatale wat hoogstens as vak aangebied kan word. In terme van vakke (leerareas), kan al elf amptelike tale nou òf as Huistaal, òf as Eerste Addisionele Taal òf as Tweede Addisionele Taal geneem word. Die verskynsel dat leerders Engels as Huistaal neem, terwyl dit in werklikheid hul tweede of derde taal is, kom taamlik wydverspreid voor veral in veeltalige gemeenskappe en in voormalige Model C-skole (Olivier, 2006:4). Olivier beskou die stand van sake as omstrede aangesien ouers verkies dat hulle kinders eerder Engels as Huistaal neem as hul eie moedertaal. Hy noem die volgende redes as moontlike verklaring vir die situasie:

- Ten einde 'n suksesvolle finansiële sosiale toekoms te verseker mag ouers onder die indruk verkeer dat dit vir hul kinders noodsaaklik is om 'n internasionale taal (Engels) te ken.
- Die ouers mag onder die indruk verkeer dat die arbeidsmark 'n kennis van Engels verkies.
- Sekondêre en tersiêre studies kan nie in Afrikatale voltooi word nie.
- Skole waar Afrikatale aangebied word het, as gevolg van die ongelykhede van die verlede, nie die nodige bronne, vaardighede en ervaring om dieselfde gehalte onderwys as die in voormalige Model C skole te lewer nie.
- Skole (voormalige bevoordeelde sowel as benadeelde skole) mag dalk nie die infrastruktuur of selfs motivering hê om meer tale te akkommodeer nie.

Alexander (2006:2) verskil van die algemene opvatting dat Afrikataalsprekende ouers teen moedertaalonderrig gekant is. Volgens Alexander bewys al die onlangse opnames dat die groot meerderheid Afrikataalsprekende ouers tweetalige onderwys sou verkies as hulle die keuse sou hê. Dit is wel volgens Alexander waar dat “die meeste van hierdie mense, en baie nie-Standaard Afrikaanstaliges, skepties teenoor die praktyk staan omdat hulle dit aan die moedertaalonderwys van die apartheid-onderwysbeleid gelyk stel en

omdat dit, soos die leek dit sien, die kans om Engels vlot te leer praat, belemmer of ten minste beperk”. Daarom ook dat Webb (2006:1) die konsep van moedertaalonderrig as problematies beskryf. Die term is volgens Webb sterk gestigmatiseer, veral onder swart leierskap, vanweë sy verbintenis met die Afrikaner, Christelik-Nasionale Onderwys, etnisiteit, apartheid, eensydige besluitneming, menslike marginalisering en menslike geringskating. Daarby het die gebruik van veral die Afrikatale as onderrigmediums, sinoniem geword met lae gehalte onderwys.

Daarby kan ook gevoeg word dat swart mense se dekadellange stryd teen swak gehalte onderwys in *townships* skole sowel as die feit dat onderwys in die *townships* feitlik tot stilstand gekom het as gevolg van die politieke onrus. Hartshorne (1990:2) stel dit soos volg: “the relevancy and legitimacy crisis has led to the virtual breakdown of a learning environment in black education”. Die feit dat die Nasionale Party eensydig wit skole onafhanklik verklaar het, het daartoe gelei dat swart leerders met protesoptogte en die besetting van hierdie skole gedreig het.

Volgens Web (2006:10) is die agterdog oor die motiewe van wit Afrikaanse aktiviste begryplik, gesien teen die agtergrond van die geskiedenis van taal in die onderwys, beleidsimplementering en die noue band wat dit deurgaans met die politieke geskiedenis van die land gehad het. Hierdie agterdog is veral gebaseer op die aanname dat taal, net soos kultuur, ’n terrein is waarop ’n stryd gevoer word om mag en beheer oor die eie teenoor die ander te verkry. Webb redeneer verder dat, net soos wat baie Afrikaners nie die motiewe van die regering en swart elite vertrou nie, en dink dat die regering ’n anti-Afrikaanse veldtog voer, net so vertrou die regering en die swart elite waarskynlik ook nie die motiewe van wit Afrikaanse aktiviste nie.

4.3. Slotsom

In Suid-Afrika vorm die historiese stryd tussen Engels en Afrikaans steeds die kern van die huidige taal- en taal-in-die-onderwysproblematiek. Vanaf die Koloniale tot aan die begin van die Apartheidstydperk was die taalstryd hoofsaaklik binne blanke gelede

gevoer en het dit veral om die erkenning van óf Hollands (later Afrikaans) óf Engels gewentel. Met die bewindsoorname deur die Nasionale Party in 1948 het dit eendelik gelyk asof die Afrikaner sy taalstryd teen Engels gewen het. Dit was egter nie die geval nie, want swart politieke bewegings het hul stemme teen die apartheidsbeleid verhef. Omdat Afrikaans en moedertaalonderrig met die onderdrukkende beleid van apartheid en Bantoe-onderwys verbind is, is juis hierdie twee instellings, waarvoor die Afrikaner hom oor die dekades beywer het, aangeval. Die stryd het ten nouste met die politieke situasie in die land saamgehang. Die taalstryd en taalaktiwisme was dus nou met die politieke stryd om dominansie verweef. Taalaktiwisme vanuit swart geleedere was meestal op korpusontwikkeling gerig, en wel om die ontwikkeling van materiaal in die tale.

Met die aanbreek van die Apartheidstydperk wou dit voorkom asof Afrikaans uiteindelik stewig as voertaal in skole gevestig was. Hierdie situasie het egter drasties verander met Afrikaans en moedertaalonderrig opnuut onder druk. Die druk het nou nie vanuit Engelssprekende geleedere gekom nie, maar vanuit swart geleedere.

Met die totstandkoming van die nuwe demokratiese bedeling in 1994 was dit duidelik dat die bevoordeling van Afrikaans as medium van onderrig in eksklusiewe Afrikaanse skole verby was. Die nuwe regering was veral onder druk om gehalte-onderrig aan alle leerders te verseker. Hierdie onderrig was in die voormalige wit skole beskikbaar, maar toegang tot hierdie skole sou beteken dat meer druk op Afrikaans en moedertaalonderrig geplaas sou word. Die regering is dus gekonfronteer met 'n voortsetting van aktiwisme wat kenmerkend was van die twee hooftradisies wat binne die Suid-Afrikaanse opset ontwikkel het, naamlik aktiwisme vir moedertaalonderrig teenoor aktiwisme vir eentalige Engelonderrig.

Hoofstuk 5 Taalaktiwisme in die gedrukte media

5.1. Inleiding

In die voorafgaande hoofstukke is aspekte van die navorsingsvrae in hierdie studie al beantwoord. Van die oorblywende vrae word in hierdie hoofstuk behandel. Teen die agtergrond van die voorafgaande hoofstuk is die vraag steeds watter rol taalaktiwisme by die veranderde diskoers oor moedertaalonderrig in Suid-Afrika gespeel het.

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om die gedrukte media krities te analiseer ten einde vas te stel watter rol taalaktiwisme by die herwaardering van moedertaalonderrig in Suid-Afrika gespeel het. Die hoofbevindinge wat na aanleiding van die media-analise vir die tydperk 1994 tot 2005 gemaak word, sal eerstens behandel word. Daarna volg 'n kritiese analise en interpretasie van die bevindinge.

5.2. Analise van die mediadekking rakende taalaktiwisme en moedertaalonderrig

5.2.1. Aktivistiese navorsing

'n Analise van die databasis toon aan dat nege gevalle van aktivistiese navorsing vir die tydperk 1994 tot 2005 in die gedrukte media gedek word. Die nege gevalle behels drie gevalle waar opdrag vir navorsing gegee word ten einde ingeligte optrede deur aktiviste te fasiliteer, terwyl die res van die rekords op oproepe tot aktiwisme dui wat op navorsing oor die sukses van moedertaalonderrig gebaseer is. Aktiviste gebruik egter ook hul navorsing om te toon dat moedertaalskole en moedertaalonderrig bedreig word.

Rapport (18 Junie 1995) berig oor 'n kongres wat gehou is om oor die toekoms van moedertaalskole te besin. Die kongres is deur 'n groep van 25 kultuurliggame oor partypolitieke grense heen gereël en het 'n forum vir Afrikaanse ouers en onderwysers geskep sodat hulle bemagtig kan word. Die primêre doel van die kongres was om insette van verskillende Afrikaanse groepe te verkry en ander te koöpteer sodat riglyne

ontwikkel kan word oor hoe om in die nuwe oorgangssituasie op te tree ten einde die voortbestaan van moedertaalskole te verseker. By hierdie geleentheid is besluit om 'n *ad hoc* komitee van kundiges aan te wys om Gauteng se nuwe Onderwyswet te bestudeer. Hierdie komitee ontvang dus 'n navorsingsopdrag. Die resultate hiervan sal dan as basis gebruik word vir aksie ter beskerming van moedertaalskole in die oorgangsperiode.

Die Volksblad van 12 Augustus 1996 berig oor 'n navorsingsprojek oor moedertaalonderwys wat in die Vrystaat onderneem gaan word. Dit is 'n projek van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) wat in samewerking met die Katolieke Universiteit van Leuven (KUL) onderneem sou word en waarin proefnemings oor moedertaalonderrig gedoen sou word. Spesifiek sou gepoog word om die hipotese te ondersoek dat leerling-gerigte onderwys in die moedertaal met afsonderlike speelonderrig in die vreemde taal die beste resultate lewer. Die projek, in samewerking met prof. Peter Rosseel, hoogleraar in Navorsing en Ontwikkeling aan die KUL, wou bewys dat leerlinge wat vakkennis op 'n leerdergerigte wyse in hul moedertaal opdoen, dit langer onthou as wanneer dit by die kind ingedril word. Die rekord in hierdie geval bied verslag oor 'n onderhoud wat met prof. Rosseel gevoer is. Hierin stel hy onderwys deur 'n ander taal as die moedertaal gelyk aan verstandelike mishandeling van leerlinge. Rosseel doen volgens die berig 'n beroep op Suid-Afrikaners om die regte keuse te maak en om nie taalonafhanklikheid met taalseperatisme te verwar nie. Ook hier word nie oor werklike navorsing berig nie, maar word soos in die vorige geval vooruitskouend oor navorsing met 'n aktivistiese inslag berig gedoen.

Die Burger (27 November 2003) berig dat die *ATKV* in die Wes-Kaap 'n studie doen om die behoeftes van nie-moedertaal Afrikaanssprekendes vas te stel met die doel om Afrikaans onder hulle te bevorder. Hierdie studie sou dan volgens die rekord as basis dien vir die mobilisering van Afrikaanssprekendes om “op te staan en te baklei vir Afrikaans”.

Rapport (14 September 1997) vestig die aandag op 'n ondersoek wat deur die Stigting vir Afrikaans (SA) in samewerking met die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU)

ingestel is. Die koerant berig dat die betrokke studie openbaar dat meer as 'n kwart van Afrikaanse ouers hul kinders na Engelsmediumskole stuur. Voortspruitend uit die navorsing sou die betrokke organisasies nou na berig word skynbaar met 'n veldtog begin om moedertaalonderrig te beklemtoon.

Die Beeld (24 Oktober 2001) berig oor 'n nuwe boek, *Kruispad*, saamgestel deur proff. Lawrence Schlemmer, Hermann Giliomee en Max Loubser. Drr. Neville Alexander en Bertie du Plessis het ook bydraes gelewer. *Die Beeld* beklemtoon dat aangevoer word dat Afrikaans by 'n kruispad is wat betref sy hoër funksies in die wetenskap en administrasieën dat veral universiteite voortaan sal moet baklei vir die taal.

Rapport (28 Maart 2004) berig oor "'n omvattende onafhanklike ondersoek na onderwys in die land se skole oor die rol van moedertaalonderrig". Die ondersoek is onderneem deur 'n ondersoekkomitee bestaande uit proff. Carools Reyneke, Richard van der Ross en Andreas van Wyk, afgetrede rektore van onderskeidelik die universiteite van Potchefstroom, Wes-Kaapland en Stellenbosch, prof. Hermann Giliomee, historikus, me. Ria Olivier van die Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans, mnr. Michiel le Roux, 'n sakeman van Stellenbosch en dr. Lawrence Schlemmer, 'n navorser van politiek-kulturele kwessies. Rapport beklemtoon die feit dat bekende Afrikaanse kundiges en meningsvormers aan die spits van die ondersoek gestaan het. Volgens die koerant vind die ondersoek te midde van besorgdheid oor die stand van moedertaalonderrig in die land plaas. Giliomee word aangehaal waar hy die doel van die studie vermeld, naamlik om die stand van moedertaalonderwys in skole, veral van Afrikaans, so volledig as moontlik te ondersoek. Volgens die koerant word oorweeg om die bevindinge van die studie as bewys te gebruik dat moedertaalonderrig wel 'n plek in Suid-Afrikaanse skole het. So 'n voorlegging sou aan prof. Kader Asmal, destydse Minister van Onderwys, voorgelê word.

Die Beeld van 11 Junie 2004 berig oor 'n studie deur prof. Thobeka Mda, bekende onderwyskundige in Suid-Afrika. Volgens die koerant bepleit Mda, gebaseer op haar studie, die praktiese implementering van die multikulturele etos soos vervat in die

Grondwet, die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook die taalbeleid in basiese- en hoëronderwys. Volgens die berig meen sy Afrikataalsprekers voel dikwels gefrustreerd en getraumatiseerd met die gebruik van Engels. Afrikatale moet dus as tale van onderrig ontwikkel en in skole gebruik word.

Business Day (3 September 2004) berig oor navorsing oor pro-moedertaalonderrig wat onder leiding van prof. Zubeida Desai deur die Universiteit van Wes-Kaapland gedoen is. Volgens die rekord toon die navorsing die volgende:

- Moedertaalonderrig, veral gedurende die primêre skooljare, bevorder standarde.
- Dit neem ten minste sewe jaar om 'n tweede taal vlot genoeg te kan praat.
- Onder swart Suid-Afrikaners beskou 61% moedertaalonderwys as belangrik, teenoor 73% kleurlinge, 80% wit Afrikaners en 66% Engelssprekende blankes.
- Leerders presteer akademies beter wanneer hulle onderrig deur hul moedertaal ontvang.

Desai baseer volgens die berig haar opinie op navorsing wat vroeër deur Lawrence Schlemmer onderneem is en wat toon dat die belangrikheid van moedertaalonderrig onder alle rasse-groepe in die land hoog geag word.

Die *Cape Times* van 7 Junie 2005 en *Daily News* van 20 Oktober 2005 berig ook oor afgehandelde navorsing. Die kwessie van moedertaalonderrig is so ernstig, berig die koerant, dat 'n groep navorsers onder leiding van UNESCO se Instituut vir Onderwys die opdrag gegee is om ondersoek in te stel na uitdagings op die vasteland van Afrika. Volgens *Daily News* sê een van die navorsers, dr. Kathleen Heugh, dat dit vir kinders wat in vreemde tale onderrig word moeiliker sal wees om na Graad 4 tred te hou met die kurrikulum en dat baie van hierdie kinders uiteindelik die skool verlaat. Hierdie kinders se literêre vlakke is nie genoeg ontwikkel om suksesvol te leer nie. Hulle ontwikkeling word na berig word gestrem wanneer hulle gedwing word om oor te skakel na Engels as

enigste onderrigtaal. Skynbaar word hulle numeriese ontwikkeling hierna ook gestrem. Volgens die koerant het die navorsers bevind dat taal nog altyd 'n sensitiewe kwessie saam met grondeienaarskap, en kulturele- en geloofsvryheid was. Terwyl daar egter vordering met laasgenoemde kwessies was, het die taalstryd grootliks agtergebly, word berig. Afrikaregerings is volgens Heugh teësinnig om Afrikatale te ontwikkel. Heugh blameer selfs instellings soos die Wêreldbank vir hul aandeel in die gebrek aan die ontwikkeling van die Afrikatale as tale van onderrig en leer. Volgens haar moedig die sakewêreld onderrig in Engels aan asof “economies and African minds otherwise have no chance of success”. Die rekord meld voorts dat regering skuldig is omdat hulle die aanvaarding van die koloniale taal as enigste taal in onderwys as teenvoeter vir etnolinguistiese wedywing beskou. Suid-Afrika het skynbaar hierin die voorbeeld van talle Afrikastate gevolg deur die koloniale onderwysmodelle en -programme van die Verenigde Koninkryk, Frankryk en Portugal te aanvaar. Onderwys word volgens wat die koerant berig, as sinoniem met die koloniale tale beskou. Heugh en haar kollegas blameer ook onderwysers. Kurrikulumontwikkelaars beskou taal bloot as 'n vak en neem nie die belangrikheid van taal as voertuig vir suksesvolle onderrig in ag nie. *Cape Times* (7 Junie 2005) noem spesifiek dat die verslag volgens Heugh toon dat, ten spyte van al die geld wat in onderwys gestort word, slegs 20% van primêre skoolkinders in die meeste Afrikalande die sekondêre onderwysvlak bereik.

Uit die geïdentifiseerde rekords oor aktivistiese navorsing kan tot die slotsom gekom word dat hierdie instrument wel hoog geag word as instrument van taalaktiwisme. In ooreenstemming met die argument van Sen (2004:8) dat 'n kombinasie van aktiviste en navorsers suksesvol kan wees in die identifisering en dokumentering van ervarings en hoe samewerking tussen die groepe uiteindelik tot terminologie en prosesse kan lei wat noodsaaklik is vir suksesvolle aktiwisme, is dit veral Afrikaanse akademici wat hierdie instrument gebruik om 'n akademiese grondslag vir die mobilisasie van gemeenskappe te bied ter beskerming van moedertaalonderrig.

5.2.2. Mediadekking

Altesaam 90 gevalle van mediadekking wat aktivisties van aard is, is vir die tydperk 1994 tot 2005 in die databasis geïdentifiseer. Mediadekking wat gedurende die tydperk in die media neerslag gevind het hou verband met: 1) rekords uit die databasis wat Afrikaanssprekendes waarsku dat die gety besig is om teen moedertaalonderrig te draai en dat die betrokke gemeenskap dus moet mobiliseer ter beskerming van hul regte; 2) rekords wat verwys na proteste en dreigende protesaksies deur taalgemeenskappe en taalorganisasies vóór of téén moedertaalonderrig; 3) rekords wat dui op aanmoediging deur die media dat aktivistiese groepe gebruik moet maak van drukgroepvorming en onderhandeling as instrumente ter bereiking van die gewenste uitkomst; 4) rekords wat poog om veral Afrikaanssprekendes aan te moedig om daadwerklik en georganiseerd op te tree ter bevordering van moedertaalonderrig; 5) rekords wat dui op aktivisme vir die gebruik van Afrikatale as tale van onderrig en leer; en 6) rekords wat dui op agitatie vir die behoud van Oosterse tale in die skoolkurrikulum.

In verskeie rekords uit die databasis word die Afrikaanssprekendes gewaarsku dat die gety vir moedertaalonderrig besig is om te draai en dat die gemeenskap dus op hul regte sal moet aandring. In 'n berig in *The Daily News* van 21 Februarie 1994 word voorspel dat die dae van Model C-skole, en by implikasie Afrikaanse skole, getel is en dat daar slegs ses weke oor is voordat die regering beheer sal neem oor toelatingsbeleid van skole. In reaksie op die Hunter-verslag wat aanbevelings bevat oor hoe om nuwe beleid vir die organisasie, bestuur en befondsing van skole in die nuwe bedeling vas te stel, skryf Z.B. du Toit (*Rapport*, 3 September 1995) dat “rooi ligte flits vir Afrikaanse skole”. Taal- en toelatingsbeleid sal volgens die aanbevelings, soos vervat in die verslag, nie meer deel van die ouerliggame vorm nie. *Die Afrikaner* (17 November 1995) waarsku sy lesers dat die “aanslag teen onderwys verskerp”. Hulle hoop hiermee om die Afrikaner aan te hits tot aksie omdat “die kommunistiese regime besig (is) om alles in die stryd te werp om die onderwys vir die Afrikaner so vinnig as moontlik heeltemal volksvreemd te maak. Veral sy taal en godsdiens is in die spervuur”. *Die Burger* (11 Mei 1996) haal die bekende kommentator R.W. Johnson aan wat in die *London Times* sê dat die

onderhandelings oor die behoud van Afrikaanse skole 'n krisis onder die eens dominante Afrikaners veroorsaak het, en dat hulle met reg beleër voel. Johnson sê dat selfs die liberale Afrikaners, wat gebruiklik teen die gedagte van volkstate of tuislande gekant is, nou heimlik daaroor begin bespiegel omdat hulle besef dat hulle taal en identiteit bedreig word. *Die Beeld* van 18 Maart 1996 berig dat die LUR vir Onderwys tydens onderhandelinge tussen die Laerskool Potgietersrus se beheerraad en die Mpumalanga-regering in Groblersdal, gedreig het dat daar nie meer vir taaleksklusiewe skole in die provinsie plek is nie.

In sy hoofberig loods *Die Beeld* van 26 Januarie 1998 'n aanval op provinsiale onderwysdepartemente wat “die nasionale onderwysbeleid nie ken of verstaan nie en foute begaan met die toepassing daarvan”. In sy hoofberig beskuldig *Rapport* van 8 Februarie 1998 die regering daarvan dat “doenlikheid” ’n gerieflike vyeblaar geword het vir die regering om hul verpligting te ontduik om te voldoen aan die bepaling in die *Handves van Menseregte* dat elkeen die reg het om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. *Rapport* noem dit “deel van die tirannie van die meerderheid” en vra die Afrikaanstalige gemeenskap om daarteen in opstand te kom. *Rapport* (22 Maart 1998) waarsku die regering dat, indien die demokratisering van die land nie met oorleg aangepak word nie, dit tot rassespansing kan lei. Die redakteur verwys hier na “wanneer van tradisioneel Afrikaanse skole verwag word om hul identiteit prys te gee ten einde ook vir Engelstalige onderrig aan swart leerlinge voorsiening te maak”. *Die Volksblad* (5 Februarie 1996) waarsku die ANC dat die party nie met “ideologiese oogklappe” na die moedertaalkwessie moet kyk nie. Die koerant beskuldig die regering dat hulle die land se potensiaal versmoor omdat minderhede intellektueel en andersins in ’n ideologiese dwangbuis gedwing word. In sy berig “Los lonte” waarsku *Rapport* (22 Maart 1998) die regering dat niemand die rassekonflik op Vryburg gering moet skat nie. Die koerant vra dat die demokratiseringsproses met oorleg toegepas moet word met inagneming van wat vir gemeenskappe belangrik is.

Verskeie rekords dui op die dekking van protes en dreigende protesaksies deur taalgemeenskappe en taalorganisasies. *Die Volksblad* van 23 Mei 1995 berig dat prof. J.C. Steyn sy goedkeuring uitspreek vir die aksies wat werkers van Transnet beplan om Afrikaans in die werkplek te verseker. Volgens die betrokke rekord glo Steyn dat sulke aksies van groot belang vir nie-Afrikaanssprekendes se houding teenoor Afrikaans as skoolvak is, sowel as vir Afrikaanstaliges se houding teenoor dié taal as onderwysmedium en vak. *Die Volksblad* van 13 Januarie 1996 berig dat die Vereniging van Staatsondersteunde Skole (Vesos) ’n waarskuwing aan die regering gerig het dat hulle nie sal toelaat dat moedertaalonderwys deur die regering ondermyn word nie. Hulle dreig volgens die rekord dat hulle hul tot die hof sal wend in ’n poging om hulle taalregte te beskerm. Hierdie berig word deur ’n berig in *Beeld* (8 Maart 1996) opgevolg waarin mnr. Johan Kriek van die Vryheidsfront, waarsku dat “As die Afrikaner nie van die regering die onderneming kan kry dat sy taal en kultuur in die grondwet beskerm word nie, kan hulle nie daarvoor verkwalik word as hulle ‘ander minder aanvaarbare stappe’ doen om dit self te beskerm nie.” *Die Afrikaner* van 18 Mei 1996 berig dat dr. Hennie van Deventer, voorsitter van Vesos, glo dat Afrikaners “onbillik slae kry oor eentaalskole”. Volgens die berig gaan dit vir Van Deventer daarom om integrasie af te dwing en om so uiteindelik Afrikaans as taal te vermoor (*Afrikaner*, 18 Mei 1996).

Die Volksblad van 23 Maart 1996 berig dat 190 verteenwoordigers van Vrystaatse boereverenigings en skoolbestuursliggame besluit het dat harde versetaksie en internasionale druk gemobiliseer sal word indien nie aan hul eise vir moedertaalskole gehoor gegee word nie. Hulle dreig met onderwysstaking, die sluiting van plaasskole en dat hulle ook hul belasting sal weerhou indien nie aan hul eise voldoen word nie. Hulle sal ook volgens die rekord ’n beroep op die Wêreldbank doen om druk op die Suid-Afrikaanse regering uit te oefen.

Uit regse koerante word skoolhoofde skerp tereggewys omdat hulle geswig het onder die druk van “volksvyandige elemente” om van die ideaal van Afrikaanse skole af te wyk (*Afrikaner*, 27 September 1996). Aanvalle word ook op F.W. De Klerk en die Nasionale Party (NP) se rol in die aanvaarding van ’n grondwet wat nie beskerming aan die

Afrikaanse taal bied nie, geloods. *The New Nation* (8 Maart 1996) berig soos volg: "Afrikaners across the political spectrum want to know how De Klerk could have allowed himself to be out-maneuvered by the ANC ... on one of the most sensitive issues in Afrikaner politics...". Die *Afrikaner* (29 Maart 1996) gebruik die opskrif "FW bedrieg kinders van sy volk" en sê dat "dit (De Klerk) is wat meer as enigiemand anders in die land uit sy pad gegaan het om die beginsel van moedertaalonderrig te ondergrawe". Die *Patriot* van 10 Mei 1996 se opskrif lui "Nasionale Party het hom doodgegrondwet" en gaan voort deur dié party en sy leiers die skuld te gee vir die situasie waarin die Afrikaner hom bevind en dat dit juis hierdie optrede is wat die val van die party gaan veroorsaak. Die *Afrikaner* (24 Januarie 1997) gebruik die opskrif "Tzaneen in opstand teen swart eise oor skole" om die voorgenome aksies vanuit Afrikaanse geleedere, wat wil verseker dat hul skole wit en Afrikaans bly, te beskryf. In *Diverse Publikasies* (Oktober 1999) moedig Constand Viljoen, leier van die Vryheidsfront, Afrikaner-ouers aan om te "veg vir hul regte". Volgens hom moet ouers aandrang op hul reg om die taal waarin sy kind onderrig sal word te kies. Viljoen spoor ook ouers aan om op hul reg tot vrye assosiasie aan te dring.

Die Volksblad van 22 Maart 1996 plaas 'n berig waarin die bestuursraad van die Laerskool Potgietersrus aanvoer dat, alhoewel die Afrikaner-ouers die stryd om die eienaarskap van die skool verloor het, die einste stryd tog 'n positiewe nasionale en internasionale debat ontketen het oor dit wat vir die Afrikaner belangrik is. Volgens die rekord beskou die beheerraad dus hul aksies as suksesvol. Tydens onderhandelinge tussen die Laerskool Potgietersrus se beheerraad en die Mpumalanga-regering in Groblersdal, dreig die LUR vir Onderwys dat daar nie meer plek is vir taaleksklusiewe skole in die provinsie nie. Die beheerraad van die Hoërskool Ben Viljoen beskou dit as "anneksasie" van hul skool en dreig om die 35 leerders wat in Engels onderrig moet ontvang van die skoolterrein te verwyder (*Beeld*, 18 Maart 1996).

Die Burger van 1 Junie 2000 waarsku Afrikaanssprekendes teen selfgenoegsaamheid en vra hulle om eerder te "belê in Afrikaans" soos wat die Afrikaner dekades gelede gedoen het. Afrikaanssprekendes moet dus hul kinders in Afrikaans laat leer en lees.

Litigasie as versetaksie word ook in die media belig. Die hofgeding tussen die Wes-Kaapse Departement van Onderwys en die Laerskool Mikro in Kuilsrivier word in 'n berig in *Beeld* (5 April 2005) bestempel as die “belangrikste taatgeveg”. In die *Diamond Fields Advertiser* word die hofsaak tussen die Noord-Kaapse Departement van Onderwys en twee skole in dié provinsie onder die opskrif “Language goes to court” bespreek. Die *Volksblad* spreek in sy hoofberig van 10 Februarie 2005 sy misnoeë uit met die Noord-Kaapse Departement van Onderwys se hantering van die moedertaalkwessie by die Hoër Landbouskool Noord-Kaapland in Jan Kempdorp. Die koerant is van mening dat die weg van litigasie moontlik die enigste uitweg vir die skool sal wees om die gewenste uitwerking te verseker. *Beeld* (5 Mei 2005) noem hierdie geding 'n waterskeidingsaak en rigtingwyser in die voortslepende moedertaalstryd in die land.

Van die rekords uit die databasis vir die betrokke tydperk dui ook op aanmoediging deur die media dat aktivistiese groepe gebruik moet maak van drukgroeppvorming en onderhandeling om die gewenste uitkomst te bereik. *Die Burger* van 7 Augustus 2002 berig dat beredeneerde onderhandelings en drukgroeppvorming tussen partye met groot ideologiese verskille groot waarde kan inhou. Dit is volgens die koerant opnuut bevestig deur die olyftak wat mnr. Kader Asmal uitgesteek het ná die jongste reeks gesprekke, onder meer met Aksie Hoër Onderwys (AHO) en prof. Chris Brink, rektor van die Universiteit van Stellenbosch. Asmal gee die versekering dat die wedersydse gesprekvoering 'n groot invloed op sy onderrigtaalbeleid sal hê en dat hy dié beleid nie as 'n wet sal probeer afdwing nie. Dit blyk dus volgens *Die Burger* asof redelikheid kan seëvier, mits almal koelkop bly. In 'n verdere stap wat as agitatie vir samewerking tussen eendersdenkende groepe beskou kan word, berig *Die Burger* van 7 Junie 2002 oor die moontlike sukses wat behaal kan word indien instansies saamwerk. Volgens die berig het die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) in samewerking met die Universiteit van Wes-Kaapland en die Wes-Kaapse Minister van Onderwys, mnr. André Gaum, die Stellenbosch-skoleprojek van die SBA geopen. Dié projek spits hom deur Afrikaans toe op motiveringsplanne en help met akademiese steunklasse in verskeie vakke vir Graad 11- en Graad 12-leerders. Mnr. André Gaum het na dié projek verwys as een van die wonderlike dinge in die bevordering van taal en die bemagtiging van mense deur die

bevordering van veeltaligheid in die Wes-Kaap. Hy het ook gesê dat taal en moedertaal 'n belangrike rol in die ontwikkeling van menslike potensiaal speel. *Die Volksblad* van 2 Maart 2002 moedig wit en bruin Afrikaanstaliges aan om hul onderlinge geskille te laat vaar vir die groter saak van Afrikaans. Volksblad moedig die twee groepe aan om as gesamentlike front die FAK te ondersteun in pogings om die regering se stappe in die Wes- en Noord-Kaap om Afrikaanse skole by te kom, teen te staan.

Die meeste rekords uit die databasis poog om veral Afrikaanssprekendes aan te moedig om daadwerklik en georganiseerd op te tree ter bevordering van moedertaalonderrig. *Beeld* van 19 Junie 1994 waarsku die Afrikaanse gemeenskap teen daadlose besinning en agiteer eerder vir praktiese denke en optrede. In sy hoofberig maak *Beeld* die volgende voorstelle (wat die koerant sy tien taalgebooië noem) aan Afrikaners en Afrikaanssprekendes met die oog op die uitbouing van hul taal:

- Maak vriende vir Afrikaans.
- Koop en lees gereeld 'n Afrikaanse koerant, -tydskrif en -boek.
- Sorg dat Afrikaans 'n onderrig-, handels-, godsdiens- en wetenskapstaal bly.
- Jou taalgenote is meer as net blankes. Laat die taal verryk word deur die verskillende sprekersgroepe daarvan.
- Jou taalgenote is ook mense van wie jy polities radikaal kan verskil. Moet nie 'n Eugene Terre'Blanche of 'n Carl Niehaus verwerp net omdat jy nie van hul politieke denke hou nie.
- Probeer ten alle tye goeie Afrikaans praat.
- Praat Afrikaans in die openbaar voordat jy byvoorbeeld Engels praat.
- Agiteer vir Afrikaans onder jongmense. Kultuuraksies en -organisasies moet nie die versamelplek van nostalgiese, verouderende of selfs sterwende geslagte word nie.
- Moedig die estetiese skeppingsproses in Afrikaans aan deur die lees van goeie Afrikaanse werke eerder as deur die maak van toesprake.
- Speel 'n konstruktiewe rol in die nuwe staatkundige bedeling. Afrikaners moet nie gesien word as 'n groep wat die nuwe politiek tot mislukking wil

wens nie. Die veiligheid van Afrikaners is gesetel in 'n billike oplossing vir die meerderheid.

Op Internasionale Moedertaaldag moedig *Beeld* van 23 Februarie 2004 die bevorderaars van Afrikaanse skole aan om takties slim te werke te gaan om hierdie skole te laat oorleef. Twee sukkelende buurskole kan byvoorbeeld saamsmelt in plaas daarvan dat elkeen op sy eie veg vir oorlewing. In die volgende rekord word die toetrede van die privaatsektor, sowel as die landbougemeenskap tot die moedertaaldebat belig. Dreigemente van internasionale druk word gemaak. *Die Burger* (21 Maart 1996) plaas 'n berig oor die 75ste bestaansjaarvieringe van die Laerskool Jan van Riebeeck waar adv. Christo Wiese, voorsitter van Pepkor, 'n beroep op alle Afrikaanssprekendes doen om by Afrikaanse skole betrokke te raak. Hy vra dat nie net ouers nie, maar die hele Afrikaanse gemeenskap betrokke moet raak en die hande van die bestuursliggame moet sterk sodat hulle op provinsiale onderwysvlak hard kan onderhandel vir die maksimum bevoegdhede vir die skool en so sy unieke karakter kan beskerm.

Die media vestig ook die aandag van lesers op die aksies en beroepe vanuit die georganiseerde onderwysersverenigings om moedertaalonderwys te bevorder. Onder die opskrif "Onderwysers gaan kla oor Afrikaans" berig *Die Burger* van 20 Junie 1994 dat die Suid-Afrikaanse Onderwysfederasie (SAOF) meen Afrikaans word erg misken en dat die saak daarom met die regering bespreek sou word. Hulle sou hulle volgens die rekord beywer vir samewerking met ander organisasies soos die Stigting vir Afrikaans, die Afrikanerkultuurforum en die FAK. *Beeld* van 28 Augustus 1994 berig oor 'n kongres van die Kaaplandse Professionele Onderwysersunie (KPO) waar dr. Franklin Sonn en die KPO die taalkwessie as een van die grootste haakplekke vir die herstrukturering van onderwys in die nuwe bedeling identifiseer. Sonn moedig volgens die rekord die lede van sy unie aan om verantwoordelik daartoe te werk om die probleem op te los en dat dit binne die demokratiese raamwerk "wat die huidige regering vir ons geskep het" gedoen moet word. Die Transvaalse Onderwysvereniging (TO) verklaar volgens *Beeld* van 28 Augustus 1994 dat hulle reg is om te veg om die taalregte van Afrikaanssprekendes te verseker. Dit sal hulle doen, aldus die rekord, deur hulle met enige "hoflike, maar ferm"

optrede te vereenselwig. Volgens die organisasie is moedertaalonderrig 'n opvoedkundig-verantwoordbare beginsel en sal die TO hom “in woord en daad” verset teen enige poging om die posisie van die Afrikaanse taal te verswak. *The Citizen* van 26 Januarie 1995 berig onder die opskrif “TO plans action on education rights” dat die Transvaalse Onderwysvereniging 'n beroep gedoen het op die georganiseerde Afrikaanse kulturele sektor, kerke en die Afrikaanse media om saam te staan en so te verseker dat die Afrikaanse waardesisteem deel van die onderwysstelsel sal bly.

Verskeie oproepe tot aksie word ook vanuit die regse media gedoen. *Die Afrikaner* (18 November 1994) spoor Afrikaners aan om nie aan die druk van die regering toe te gee nie en noem die besluit van drie Pretoriase hoërskole om voortaan ook Engels as onderrigtaal te gebruik, “abdikasie” en 'n “hensop eskapade”. Volgens die koerant het hulle voor die grille en giere van die ANC geswig. As antwoord op “die onverbiddelike beleid van die kommunistiese ANC-regering” en skoolhoofde wat nie sterk staan vir Afrikaanse skole nie, beveel die Volkskongres tuis skole aan. Op dieselfde trant waarsku *Die Patriot* van 2 Maart 1995 Afrikaners dat die “Regering nie te vertrou (is) met Afrikaans nie”. Ouers moet dus self verseker dat Afrikaanse skole bly voortbestaan. Die berig word opgevolg deur 'n berig op 13 Julie 1995 (*Die Patriot*) waarin Metcalfe se bepalings aangeval word as sou dit onderwys “al dieper in die sloot” dryf.

Rapport van 20 November 1994 berig oor 'n poging deur die Afrikaner Bond (AB) om Afrikaanse organisasies byeen te kry vir 'n hoogstaande kongres oor die onderwys. Hulle wil ook organisasies in die regse dampkring by hierdie kongres betrek.

Die media lig ook uitsprake van F.W. de Klerk uit waarin hy Afrikaanse ouers aanmoedig om ten gunste van moedertaalonderrig te mobiliseer. *Beeld* van 27 Januarie 1995 berig dat F.W. de Klerk Afrikaanse ouers waarsku om hulle nie te laat mislei deur politieke amptenare se subjektiewe interpretasies van die tussentydse Grondwet nie en dat hierdie gemeenskap eerder moet mobiliseer om Afrikaanse skole te beskerm. Die koerant berig onder die opskrif “FW loop LUR oor dreigemente teen Afrikaanse skole” oor die voormalige Staatspresident se aanval op uitsprake deur die LUR.

In die berig “Gryp nou in oor min Afrikaanse onnies” sowel as in die hoofberig, doen *Rapport* van 28 Oktober 2001 ’n beroep op Afrikaanssprekendes om meer studente te werf om Afrikaansonderwysers te word. Die tekort aan Afrikaanssprekende onderwysers kan volgens *Rapport* verreikende gevolge vir moedertaalonderrig inhou. Dieselfde beroep is ook vervat in ’n berig op 5 Oktober 2001 deur *Impak* wat Afrikaners vra om nie apaties teenoor die onbevredigende onderwysopset in Suid-Afrika te staan nie, maar dat die gemeenskap daadwerklik moet optree om die situasie te beredder. ’n Oplossing wat aan die hand gedoen word, is dat die gemeenskap jongmense moet aanmoedig om onderwys te studeer.

Drie rekords dui op oproepe uit die bruin gemeenskap om samewerking vir die behoud van Afrikaans as taal van onderrig en leer. Senator Abe Williams doen ’n beroep op almal wat lief is vir Afrikaans om “oor ’n breë front tot taalverset oor te gaan om die langtermyn-voortbestaan van Afrikaans as onderrigtaal te handhaaf” (*Die Volksblad*, 17 Junie 1995). Hy sê voorts dat Afrikaans volksbesit is en dat die taal bestaansreg het. Onder die opskrif “Diskriminasie teen taal, bruines laat KPO grom” berig *Die Burger* (5 Julie 1995) dat bekende bruin opvoedkundiges dreig dat verset sal kom “as daar verder deur opvoedkundige inrigtings soos die Universiteit van Wes-Kaapland en die Skiereilandse Technikon aan Afrikaans getorring word”. In ’n berig in *Rapport* (6 November 2005) doen Heinrich Wyngaard ’n beroep op “bruines om voor te loop oor taal”. Hy vra ook die wit Afrikaanse gemeenskap om in die belang van Afrikaans met bruines saam te werk en in die proses “aan(te)hou naderstaan en die aanvanklike afjakke op die kinnebak te vat”. Dit (die afjakke) sal volgens hom gebeur omdat dekades van wegstoot en uitsluit nie sommer sal verdwyn nie.

Wat tersiêre onderwys betref, moedig *Die Burger* van 29 September 1994 Afrikaanssprekendes aan om te mobiliseer vir die voortbestaan van Afrikaans as taal van onderrig en leer deur aan te voer dat selfs die Engelse dagblaai saamstem dat die Universiteit van Stellenbosch (US) die reg het om Afrikaans te bly. Die berig volg op ’n toespraak van pres. Mandela waarin hy die Universiteit versoek om sy taalbeleid so te verander dat dit toeganklik sal wees vir die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap. In *Vrydag*

(23 Mei 1997) doen die koerant 'n beroep op Afrikaanse ouers om ernstig te wees oor Afrikaanse skole. Leon Louw, Vryheidsfront LP, se beroep op Afrikaners om twee Afrikaanse universiteite te aanvaar, word in die berig "Language under siege" in *Financial Mail* (7 November 1997) bespreek. Dieselfde opskrif word ook deur *The Natal Witness* (12 November 1997) gebruik om die nasionale minister van onderwys te waarsku om nie Afrikaans in skole deur wetgewing te vernietig nie. *Die Burger* (7 September 2001) moedig Afrikaanssprekendes aan om die aanbevelings van die Gerwel-Kommissie te aanvaar. Volgens hierdie rekord word Afrikaans hierdeur, vir die eerste keer sedert die aanvaarding van die nuwe Grondwet, as 'n nasionale bate erken. Die uitwys van slegs twee instellings wat Afrikaans moet beskerm beteken vir *Die Burger* nie noodwendig dat Afrikaans by die ander drie historiese Afrikaanse universiteite negatief geraak sal word nie. In *Frontnuus* (28 Februarie 2003) moedig die Vryheidsfront Afrikaanssprekendes aan om "die bul by die horings te pak" vir Afrikaans aan Suid-Afrikaanse universiteite. Die *Daily Dispatch* (4 Oktober 2005) berig oor die ondersteuning van Tony Leon, leier van die *Demokratiese Alliansie*, aan diegene wat veg om die voortbestaan van Afrikaans by die Universiteit van Stellenbosch. Volgens die berig vra Leon almal om te "Begin (the) fight for Afrikaans or watch it disappear". *Die Burger* (12 November 2005) skenk ook aandag aan die verskil oor taalbeleid (in die berig word dit bestempel as 'n taaloorlog) tussen die alumni en bestuur van die Universiteit van Stellenbosch.

Die gedrukte media baseer baie van hul aktivistiese dekking wat betref moedertaalonderrig op navorsing of uitsprake van gerekende akademici. *Die Suid-Afrikaan* van Januarie 1994 maak in 'n berig voorbrand vir moedertaalgebaseerde onderrig. Die berig word gebaseer op navorsing wat in Brittanje gedoen is en wat toon dat hierdie lande saam met andere besig is om te besin oor hul benadering tot moedertaalonderrig. Die navorsing toon volgens die rekord dat die ou immersie-benadering toenemend vervang word met programme wat die belangrikheid van die moedertaal erken. *Die Volksblad* van 3 Januarie 1997 wys op internasionale navorsing wat toon dat Suid-Afrika die enigste land ter wêreld is waar van kinders verwag word om hul moedertaal vir 'n ander taal te los as hulle wil skoolgaan. Die redakteur redeneer dat die owerheid daarom moeite moet doen om moedertaalonderrig ingestel en gevestig te

kry. “Veeltaligheid is ’n bate wat doelbewus bevorder moet word” is die opskrif van ’n rubriek deur Ernst Kotzé in *Die Burger* van 8 Januarie 1999. Hierin agiteer hy vir die gebruik van die moedertaal as taal van onderrig en leer en waarsku terselfdertyd teen die leke-siening dat die natuurlikste en vinnigste manier om kinders in ’n ander taal te leer die blootstelling aan die gebruik van daardie taal as onderrigmedium op skool is.

Die Burger van 12 Julie 2004 belig in ’n berig die toetrede van “twee gerespekteerde bruin vroue (prof. Charlyn Dyers en dr. Christa van Louw)” tot die debat oor moedertaalonderwys en noem dit verfrissend en belangrik. Dit handel oor die polemieke wat op die bekendmaking van resultate oor syfer en skryfvaardighede van leerders in die Wes-Kaap gevolg het. Die koerant kom tot die slotsom dat die debat vir die eerste keer op die regte koers is omdat die antwoorde op die regte plekke gesoek word. *Die Volksblad* (16 Desember 2004) gebruik dieselfde resultate om Afrikaanse ouers wat hul kinders in Engelse skole of klasse plaas aan te moedig om weer te besin en hul leerders terug te bring na Afrikaansmoedertaal-onderrig.

Cape Times (6 Mei 2004) haal die woorde van prof. Geoffrey Tambulukani, ’n taal- en onderwyskenner van die Universiteit van Zambië aan in ’n artikel om mense bewus te maak van die “power of the mother tongue”. Prof. Tambulukani glo dat “African pupils who start their education in their mother tongue have a better chance of excelling at their studies” omdat die moedertaal ’n stewige grondslag lê vir die aanleer van meer tale later in die kind se skoolloopbaan. *Daily Dispatch* (13 Mei 2004) neem die gesprek verder en berig oor die beroep van Afrikataalakademië op die regering om onmiddellik in te gryp in die krisis in inheemse tale wat, volgens hulle, vinnig teenoor Engels veld verloor. *Sunday Times* (25 April 2004) haal die woorde van prof. Shole Shole van UNISA aan om te agiteer vir die bevordering van Afrikatale as tale van onderrig. Volgens die rekord maak prof. Shole voorbrand daarvoor dat die wegwyning van Afrikatale aan Suid-Afrikaanse universiteite aandag moet kry: “South Africa is now an African country and the African identity is emerging. You can not do that without African languages”.

'n Betekenisvolle aantal rekords dui op aktivisme vir die gebruik van Afrikatale as tale van onderrig en leer. *Rapport* en *Die Volksblad*, wat tradisioneel Afrikaanse koerante is, maak byvoorbeeld voorbrand vir moedertaalonderrig in swart skole. *Rapport* (26 Januarie 1997) skryf dat skoolkinders en moedertaalonderrig die slagoffers van die regering se benadering van “een taal, een nasie” is. *Rapport* verwys hier na die swart skole “waar ’n Babelse verwarring” besig is om te ontstaan omdat van die leerders verwag word om in hul tweede taal “en in die meeste plattelandse gebiede, derde taal” te leer. Onder die opskrif “Cost of speaking only English” en “If we neglect our mother tongues, colonialism is working”, spreek Max du Preez die regering en die opkomende swart middelklas aan om daadwerklike pogings aan te wend om moedertaalonderrig te implementeer of om andersins te erken dat 300 jaar van kolonialisme suksesvol was (Star, 8 Maart 2001). *Pretoria News* van 2 April 2001 gebruik die opskrif “Call to teach in African languages too” om die boodskap van dr. Mike Tlale van Pansat oor te dra dat moedertaalonderrig ook na swart skole uitgebrei moet word. Khetiwe Mboweni-Marais gebruik Afrikaans as maatstaf wanneer sy in ’n artikel in *Beeld* (26 Junie 2003) skryf dat moedertaalonderrig onontbeerlik is as ons die matriekslaagsyfer in die algemeen, en leerlinge se prestasie in sekere moeilike vakke, wil verbeter. Sy vergelyk die uitslae van die verskillende taalgemeenskappe en noem moedertaal die “vuurpyl vir uitmunt in pynvakke”. Lumka Oliphant (*Saturday Star*, 8 November 2003) spreek swart ouers aan oor die stand van Afrikatale in die onderwys. Volgens haar is hierdie ouers te onbetrokke in die bevordering van Afrikatale as tale van onderrig en leer. Dit volg op Minister Kader Asmal se samestelling van ’n taakspan om ondersoek in te stel na die gebruik van Afrikatale aan universiteite (*Natal Witness*, 12 September 2003).

Die data toon verder dat daar in 2004 ’n sterker konsentrasie op Afrikatale as tale van onderrig en leer is. Die eerste voorbeeld van aktivistiese mediadekking verskyn in *Die Burger* van 27 Januarie 2004 onder die opskrif “Besin opnuut oor rol van SA onderrigtale”. Hierin kapitaliseer Wilhelm Jordaan op, volgens hom, ’n “onopvallende sinnetjie” uit die mond van die Minister van Onderwys (mnr. Kader Asmal), dat swart leerders swak vaar in die matriekeindeksamen “omdat hulle nie die eksamen in hul moedertaal afgelê het nie”. Jordaan gaan dan volgens die rekord voort om die

Departement van Onderwys aan te moedig om opnuut te besin oor die vormende rol van onderrigtale eerder as om die slaagsyfer in matriek vir ideologiese gewin te manipuleer. Later in die jaar sê die nuwe Minister van Onderwys, me. Naledi Pandor, dat die Departement die onderwysbelang van moedertaalonderrig moet balanseer met die politieke en ekonomiese noodsaaklikheid van vaardigheid in Engels (*Beeld*, 29 Mei 2004). Charles Mogale, assistentredakteur van *City Press*, waarsku Afrikataalsprekers teen die gebruik van Engels ten koste van hul moedertale. Dit lei volgens hom tot swak tweetaligheid in beide die moedertaal en Engels.

Van die rekords dui ook op 'n oper benadering tot die moedertaalkwessie deurdat Afrikaanse ouers aangemoedig word om dubbelmedium- of parallelmedium-skole te oorweeg. Onder die opskrif “Dubbele kans” propageer *Beeld* van 30 September 1994 dat Afrikaanse gemeenskappe die idee van dubbelmedium-skole moet ondersteun. Enersyds bied dit steeds die geleentheid vir moedertaalonderrig en andersyds kan die toelating van swart leerders tot tradisioneel wit skole beide groepe die geleentheid bied om meer van mekaar se kulture te leer. *Beeld* van 13 Januarie 1995 berig oor die Hoërskool Ellisras waar ouers die “konserwatiewe hoof en sy beheerraad die stryd aansê” oor ondermeer die skool se “Christelike Boere-Afrikaner”-karakter. Hierdie berig met die opskrif “Ouers pak skool oor etos, Boere-Afrikaner-Karakter” is gerig teen die uitsluiting van kinders op grond van taal. *Die Volksblad* (1 Februarie 1995) berig oor samewerking oor die kleurgrens heen vir die behoud van Afrikaans in Petrusville in die berig “Blank en bruin veg saam” nadat die voormalige Model C-laerskool gesluit is en heropen is as 'n hoërskool vir sowel Afrikaanse as Xhosasprekende leerders. *Beeld* (19 Januarie 1998) doen 'n beroep op beide die Hoërskool Rob Ferreira en die Mpumalanga-regering om die polarisasie tussen die twee liggame te stop. Volgens die koerant moet daar gewerk word aan 'n oplossing wat beide Afrikaansmoedertaal-onderrig en Engelsonderrig kan bevoordeel. Die huidige situasie kan slegs nadele vir beide groepe inhou. Deur toegewend te wees kan die skool dan tereg aanspraak maak op die beskerming wat die taal-in-onderwysbeleid aan moedertaalonderrig bied (*Beeld*, 26 Januarie 1998). *Die Burger* (28 Junie 2004) doen 'n beroep, onder die opskrif “Pandor-onsin” op alle inheemse tale oor alle grense heen, om hande te vat en alle eentaligheidsplanne van die

regering teen te staan. Dit moet egter altyd binne die grense van beskaafd en die reg gedoen word, maan die koerant verder.

Agitasie vir die behoud van Oosterse tale in die skoolkurrikulum kry ook dekking. *The Leader* van 4 November 1994 plaas die kollig op die pleidooi van die *Institute of Indian Languages* vir die behoud van Oosterse tale in skole. In sy redaksionele kommentaar kritiseer *The Independent on Saturday* van 31 Oktober 1998 die voorneme van dr. Vincent Zulu, die LUR vir Onderwys in KwaZulu-Natal, om in die Departement van Onderwys weg te doen met Oosterse tale. Die koerant moedig die gemeenskap aan om op te tree ten einde die LUR te stuit. Volgens die koerant is dit krities noodsaaklik om hierdie tale in skole aan te bied. *Sunday Tribune* (20 Julie 2003), *Star* (24 Julie 2003) en *Citizen* (24 Julie 2003) plaas weer die kollig op die pleidooi van die *National Council for Indian Languages* vir die behoud van hul tale in die skoolkurrikulum.

Die briewekolomme van koerante bied ook geleenthede aan lesers om te agiteer vir of téén moedertaalonderrig. Onder die opskrif “Hulle mors” plaas *Die Burger* (7 Januarie 1995) die brief van ’n anonieme leser wat kapsie maak teen die verengelsing van die samelewing. Die skrywer haal ’n Xhosa petroljoggie aan wat aandrang daarop dat “kinders in die taal van hul mamma moet leer” en dat “ons moet baklei vir ons taal”. *Weekly Mail and Guardian* (29/04/2004) publiseer ’n brief van ’n leser, Nelisa Sipamla, waarin sy Xhosaspreekendes aanmoedig om te “scream about your language”. Thabiso Tsotetsi skryf in *City Press* (30 Mei 2004) dat Afrikatale so ontwikkel moet word dat dit as onderrigtale in skole en later selfs op tersiêre vlak gebruik kan word.

Teenoor agitasie vir moedertaalonderrig dui van die rekords op aktivisme vir groter oopstelling van voormalige wit skole en vir die verandering van taalbeleide aan Afrikaanse skole sodat voorsiening gemaak kan word vir Engelsonderrig. *Sunday Times* van 15 Januarie 1995 prys die stap wat Helpmekaar Hoërskool geneem het om anderskleurige leerders tot ’n voormalige blanke meisieskool toe te laat as ’n “bold move”. *Sunday Times* (16 Januarie 1995), in duidelike goedkeuring van Mary Metcalfe se waarskuwing aan voormalige Model C-skole om nie Afrikaans te gebruik om leerders

toegang te weier nie, moedig haar optrede aan onder die opskrif “Metcalf’s hatchet slashes old order”. In ’n duidelike afwysing van die Laerskool Potgietersrus se aksie om Afrikaans en wit te bly, berig *City Press* (3 Maart 1996) onder die opskrif “The laager retreats into a church” dat die skool besluit het om as ’n onafhanklike skool in die Hervormde Kerk voort te gaan. *City Press* noem die nuwe skool ’n “bastion for white pupils” en dat “khaki-clad white parents ... manhandled City Press photographer and frogmarched him to the car”. *The Citizen* (21 Januarie 1998) noem die Hoërskool Rob Ferreira kontroversieel en ’n rebelskool as gevolg van hul beleid om Afrikaanse onderrig ten koste van toelating van swart leerders te beskerm. *The Citizen* beskryf ook die proses om die skool te transformeer om dubbelmedium te word as “a two-week standoff between the school’s governing body and staff and Mpumalanga education MEC”. Een rekord (*Rapport*, 7 Maart 1999) verwys na ’n verslag van die Menseregtekommissie waarin kritiek gelewer word op die gebrekkige aandag wat veeltaligheid in die skool en klaskamer kry. Daarom glo die Menseregtekommissie dat weer gekyk moet word na die bepaling in die Grondwet wat enkelmediumonderrig moontlik maak. Die kommissie is van mening dat die bepaling deur voormalige Afrikaanse skole gebruik word om swart leerders toegang te weier. Voorts voel die kommissie dat skole traag is om hul taalbeleid te verander en dat hulle van leerders verwag om by die skole aan te pas in plaas daarvan dat skole hulle beleide verander om by die veranderende leerlingsamestelling aan te pas. Die onderwysers verstaan, na wat berig word, nie die beginsel van toevoegende tweetaligheid nie en verwaarloos en ondermyn daarom die leerders se moedertale.

’n Analise van die beskikbare mediarekords vir die betrokke tydperk wat deur die studie gedek word toon dat mediadekking wel van ’n aktivistiese aard was. Die analise toon duidelik dat die keuse van onderwerpe so gedoen is dat dit die linguistiese *status quo* wil beïnvloed. So konsentreer koerante uit die regse dampkring op beskerming van Afrikaansmediumskole. Hulle staan die oopstelling van Afrikaanse skole en die invoer van Engels as medium van onderrig teen. Ander Afrikaanse koerante uit die meer liberale dampkring agiteer ook vir moedertaalonderrig, maar vra vir ’n meer inklusiewe aanslag. Die Engelse media agiteer daarenteen grotendeels vir die oopstelling van skole en vir Engels as medium van onderrig. Dit is ook betekenisvol dat baie van die rekords wat as

pro-moedertaal geïdentifiseer kan word, gebaseer is op uitsprake van akademici en/of navorsing wat oor die onderwerp gedoen is.

5.2.3. Drukgroepvorming

Altesaam 28 gevalle van drukgroepvorming word in die rekords aangetref. Drukgroepvorming gedurende die tydperk wat in die gedrukte media neerslag gevind het, hou verband met verskillende taalgemeenskappe se pogings om, deur middel van drukgroepvorming, invloedryke individue of groepe oor te haal om hulle in hul spesifieke standpunte te ondersteun.

Verskeie rekords berig oor die gebruik van drukgroepvorming as instrument van taalaktiwisme vanuit die Afrikaanse gemeenskap. *Die Burger* van 20 Junie 1994 berig dat die Suid-Afrikaanse Onderwysersfederasie (SAOF) besluit om hul kommer oor Afrikaanse onderwys direk met die Nasionale Regering te bespreek. Hierdie stap neem hulle uit vrees vir eensydige besluite wat moontlik deur provinsiale departemente van onderwys geneem kan word. Die Raad besluit verder dat hulle alles moontlik sal doen om die belange van Afrikaanse leerders en onderwysers te beskerm. Uit die rekord word dit duidelik dat hulle uitreik na gevestigde hoëprofiel organisasies soos die Stigting vir Afrikaans, die Afrikanerkultuurforum en die FAK. Ook die Afrikaner Bond (AB) neig na drukgroepvorming in hul strewe vir die behoud van Model C-skole as bestuursmodel (*Die Volksblad*, 19 November 1994). Die AB spreek hul bereidwilligheid uit dat “Afrikaanssprekendes se skole nie weens kleinlike partypolitieke of rasse-oorwegings vir leerlinge van ander kultuurgemeenskappe ontoeganklik (sal) wees nie”. Hulle dring egter daarop aan dat oopstelling “nie ten koste van die vernietiging of verwatering van die aanvaarde standarde van onderrig waaraan Afrikaanssprekendes gewoon is, geskied nie”. In die lig hiervan beoog die AB om met die Staatspresident, mnr. Nelson Mandela, en die Minister van Onderwys daaroor te gesels in ’n poging om hulle oor te haal om hulle standpunt rakende moedertaalskole in te sien. Die *Citizen* van 19 November 1994 en *Rapport* van 20 November 1994 berig oor die die AB se voorneme om benewens die gesprekke met die regering ook aansluiting by kultuurorganisasies in die regse dampkring

te vind. So wil hulle byvoorbeeld hierdie organisasies oortuig om hulle in hul pogings om moedertaalonderrig te verseker, te steun.

In die destydse Noord-Transvaal tree die Suid-Afrikaanse Federasie van Staatsondersteunde Skole (SAFSAS) in gesprek met die LUR vir Onderwys, dr. Aaron Motsoaledi sowel as met die nasionale Adjunkminister van Onderwys, mnr. Renier Schoeman ten einde die versekering te kry dat hierdie leiersfigure Afrikaanse skole teen druk om dubbelmedium te word sal beskerm (*Citizen*, 19 Februarie 1995).

The Star van 26 Maart 1996 berig oor omtrent 25 organisasies en politieke partye wat tussen 80% en 90% van Afrikaners verteenwoordig wat met die studiegroep van die ANC sal byeenkom om ondersteuning vir die ideaal om Afrikaanse skole te laat voortbestaan te verseker. Die doel van die onderhandelinge is om die reg tot moedertaalonderrig in die nuwe Grondwet en Skolewet te laat opneem. Hulle het skynbaar reeds met Cyril Ramaphosa, die voorsitter van die Grondwetlike Vergadering, sowel as met pres. Nelson Mandela oor die onderwerp gesels. *Cape Times* (28/03/1996) spreek in sy redakteurskommentaar ook sy ondersteuning uit vir die aksie van Afrikanerleiers om met die ANC te ontmoet, maar spreek terselfdertyd hul teleurstelling uit oor die feit dat die ANC geen waarborge kan bied vir moedertaalskole nie. Ook *Beeld* (28 Maart 1996) lewer positiewe kommentaar hieroor en noem dat die aksie selfs tot Afrikaner-eenheid kan lei. *Beeld* spreek egter sy kommer uit oor die afwesigheid van bruin mense in die aksie. Pres. Mandela se kommentaar (*Weekend Argus*, 30 Maart 1996) op hierdie gesprekke is dat die ondersteuning vir instandhouding en ontwikkeling van tale ook in die Vryheidsmanifes opgeneem is. Met die onderhandelinge om die nuwe Grondwet te finaliseer, berig die *Mail & Guardian* (11 April 1996) dat Afrikaners se hoop op pres. Nelson Mandela gevestig is om te verseker dat die reg op Afrikaanse moedertaalskole in die Grondwet verseker sal word. Dit volg op mislukte gesprekke met die ANC-studiegroep.

In 2005 sien ons weereens die stigting van 'n nuwe Afrikaanse Onderwysfront onder leiding van die FAK wat in 'n berig in *Rapport* van 27 Februarie 2005 ter sprake kom.

Hierdie groep maak ook gebruik van drukgroepvorming as 'n instrument van taalaktiwisme. Prof. Hermann Giliomee het na aanleiding van die stigting van hierdie groep gesê dat die aanslag teen Afrikaanse skole so geweldig is dat alle demokratiese middele ingespan moet word om dit af te weer. Daarom is besluit om met President Thabo Mbeki in gesprek te tree ten einde 'n nuwe skikking met die regering oor moedertaalonderrig te bereik. Ter bereiking van hierdie doelwit is ook besluit om Oudpresident F.W. De Klerk aan die kant van die front te kry. De Klerk het gesê dat hy onafhanklik, maar aanvullend, by die veldtog sal optree en dat hy ook planne het om met die Minister van Onderwys, toe me. Naledi Pandor, oor moedertaalonderrig te beraadslaag.

In wat as 'n duidelike voorbeeld van drukgroepvorming beskou kan word, beding die Meertaligheidsaksiegroep (MAG) die ondersteuning van verskeie invloedrykes. Op sy eerste jaarvergadering in Junie by die Universiteit van Wes-Kaapland kondig MAG aan dat Oudpresident Nelson Mandela, me. Elinor Sisulu, akademikus, en prof. Cynthia Marivate, hoofuitvoerendebeampte van Pansat, ingestem het om as beskermhere vir die groep op te tree (*Die Burger* van 10 Junie 2003). In sy openingstoespraak het dr. Neville Alexander gesê dat MAG 'n aktivistebeweging is. MAG tree volgens Alexander binne die Grondwet op en moet dus nie huiwer om hulself te verdedig as dit nodig blyk nie. MAG moet die boodskap uitdra dat moedertaalonderrig wêreldwyd 'n algemeen aanvaarde opvoedkundige beginsel is, het Alexander voorts gesê. Die vergadering is in Afrikaans, Engels, Xhosa en Gebaretaal oorgedra.

In 'n poging om die karakter van Afrikaanse en ander enkelmediumskole te beskerm het die Afrikaanse Eenheidsgroep (AE), bestaande uit verteenwoordigers van al die belangrikste politieke partye met Afrikaanse steun (insluitende kerke en kultuurliggame) sowel as die Suid-Afrikaanse Stigting vir Onderwys en Opleiding (SASOO) met prof. Bengu samesprekings gevoer. Hierdie regstreekse vergadering met prof. Bengu het plaasgevind in die verwagting dat hy 'n vorige ooreenkoms tussen hulle in die vorm van 'n regulasie sou uitvaardig om sodoende inspraak deur die “militante dr. Nzimande en sy ver-linkse geesgenote in die ANC” te vermy (*The Citizen*, 16 Januarie 1997 en

Beeld, 17 Januarie 1997). Hierdie vorige ooreenkoms tussen hulle het skynbaar 'n aantal bepalinge bevat wat beperkings op die willekeurige vloei van anderstalige leerlinge na enkelmediumskole geplaas het (*Rapport*, 4 Mei 1997). In die tweede geval wend die Vryheidsfront hom tot President Mandela in 'n poging om die LUR vir Onderwys in Gauteng te verhoed om die Nasionale Skolewet in die provinsie toe te pas voordat gesprekke tussen die Departement van Onderwys en 'n werkgroep van Afrikaners nie afgehandel is nie. Hierdie gesprekke handel oor die toepassing van die Nasionale Skolewet en hoe dit taal- en godsdienstrekte wat in die Grondwet beskerm is, gaan raak (*Beeld*, 10 Maart 1997).

Na verkennende gesprekke op 4 Maart 1998 met Adjunkminister Essop Pahad en dr. Frank Chikane, van die kantoor van Adjunkpresident Thabo Mbeki, het die Afrikaner Bond (AB) uiteindelik met Mbeki vergader (*Rapport*, 24 Mei 1998). Volgens die AB is daar veral op taal en onderwys klem gelê. Die AB het volgens sy mediaverklaring hul kommer uitgespreek omdat die regering nie ernstig is met die handhawing van Afrikaans as amptelike taal nie en ook nie die wil het om Afrikaansmoedertaal-onderdig te verseker nie. Die wenslikheid van instellings op tersiêre vlak, soos universiteite, teknikons en kolleges wat in wese Afrikaans is, is ook bespreek. Terselfdertyd is die kundigheid en bestuurservaring van die Afrikaner aan die regering aangebied. Volgens die betrokke rekord meen die AB Mbeki het ernstig aan die gesprek deelgeneem en belowe dat opvolggesprekke sal volg.

Erika de Beer (*Beeld*, 23 Februarie 1998) van die nuut-gestigte Tussentydse Afrikanerberaad, wat 26 Afrikanerorganisasies verteenwoordig, berig dat hierdie liggaam hom ook vir gesprekke met Mbeki gaan beywer. Van die sake op hul agenda is die posisie van Afrikaans sowel as wetgewing oor die stigting van die Kommissie vir die Beskerming van Kultuur-, Taal- en Godsdienstige Regte.

Beeld van 6 Oktober 2004 berig dat die rektore van historiese Afrikaanse universiteite, na voortgesette druk om hierdie instellings te verengels, besluit het om saam te werk om 'n werkgroep te vorm wat met die Minister van Onderwys samesprekings kon voer oor die

voortbestaan van Afrikaans as onderrigmedium aan hierdie inrigtings. Hul doel was om die minister en sodoende die regering oor te haal om die noodsaak van moedertaalonderrig aan universiteite te bevorder.

Ook die Indiese gemeenskap gebruik drukgroepvorming as instrument van taalaktiwisme om invloedryke regeringslui aan hul kant te kry in hul strewe om die Oosterse tale te beskerm. Hierdie roete is veral deur die *Institute of Indian Languages* gevolg (*The Daily News*, 25 Maart 1996) wat direk met die Departement van Onderwys in gesprek getree het. Om seker te maak dat Indiese tale wel in ag geneem sal word by die opstel van 'n taal-in-onderwysbeleid het 'n afvaardiging van die *Institute of Indian Languages* met prof. Bengu, die Minister van Nasionale Onderwys, vergader (*Sunday Tribune*, 23 Junie 1996). Die Instituut wou dit duidelik maak dat hoewel Engels die moedertaal van Indiërs geword het, dit nie uit eie keuse gebeur het nie. Die kwessie van Indiese tale in die onderwys moet dus met sensitiwiteit en vanuit 'n historiese perspektief benader word. 'n Ooreenkoms is met die Minister bereik dat 'n struktuur geskep sou word waardeur Indiërs toegang sou hê tot die werksaamhede wat tot die taal-in-onderwysbeleid sou lei.

Die rekords maak ook melding van groepe uit die Afrikataalsprekende gemeenskap wat gebruik maak van drukgroepvorming as instrument van taalaktiwisme. In hierdie geval is dit egter ten gunste van Engels as onderrigmedium in skole. *The Citizen* van 3 April 1996 berig dat swart skoolhoofde uit die Pretoria-omgewing met die ANC-studiegroep vergader het om die *status quo* in swart skole rakende Engels as onderrigmedium te verseker. Hulle doel was om die studiegroep oor te haal om hierdie standpunt te ondersteun.

Uit die rekords kan ons aflei dat drukgroepvorming wel as instrument van taalaktiwisme gebruik word. Dit is veral invloedrykes op politieke gebied wat deur taalgroepe geteiken word in hul pogings om hul standpunte rakende onderrigmedium te versterk. Hierdie instrument word veral deur aktivistiese groepe uit die Afrikaanse en Indiese gemeenskappe gebruik. Slegs een voorbeeld van drukgroepvorming uit die

Afrikataalsprekende gemeenskap kom voor en wel vir die behoud van Engels as onderrigmedium.

5.2.4. Lê van taalklagtes

Uit die byeengebragte mediarekords kan afgelei word dat taalklagtes wel as instrument van taalaktiwisme aangewend word. In plaas daarvan dat die klagtes egter formeel by 'n amptelike instelling soos die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat), wat spesifiek vir hierdie doel geskep is, aangemeld word, dui die data daarop dat ontevredenes ook taalklagtes by die Menseregtekommissie, die Openbare Beskermer en die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe lê. Hulle maak ook van die gedrukte media gebruik om hul griewe te lug. Ontevredenes bespreek ook dikwels hulle klagtes met hul politieke partye terwyl onderwysers hulle tot hul vakbonde wend. Verder maak die Departement van Onderwys ook daarop aanspraak dat verskeie klagtes teen die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal direk by hulle gelê word.

Uit die databasis kan 36 rekords, waarvan 32 Afrikaans en 4 Engels is, geïdentifiseer word wat met klagtelegging verband hou. Slegs een voorbeeld van vermelding van 'n klagte wat by Pansat gelê is, kon gevind word. Hierdie klagte handel oor foute wat in eksamenvraestelle gemaak word. Dit is nadat Afrikaanse onderwysers en skoolhoofde in die Vrystaat hul misnoeë uitgespreek het oor die baie spel- en taalfoute wat in die Afrikaanse vraestelle vir Aardrykskunde en Geskiedenis voorgekom het. Pansat is gevra om in te gryp om “billike vraestelle in basiese korrekte en verstaanbare Afrikaans” vir Vrystaatse Graad 9 leerders te verseker. Mnr. Inus Aucamp, die Vrystaatse Voorsitter van die Demokratiese Alliansie (DA), het gesê Pansat moet ingryp sodat Afrikaanse leerders in die Vrystaat se basiese reg tot onderrig in hul moedertaal nie verontagsaam word nie (*Beeld*, 21 November 2000).

In *Rapport* van 9 Februarie 2003 berig Zelda Jongbloed dat parallelmediumskole die destydse Minister van Onderwys, prof. Kader Asmal, by die Openbare Beskermer (OB)

aangekla het. Hul klagte is gegrond op die feit dat hulle gedwing is om parallelmedium te word maar nie die nodige ondersteuning van die Minister en die Departement kry nie. Volgens die rekord beweer hierdie skole dat hulle nie genoeg finansiering van die staat ontvang om parallelmedium-onderdig suksesvol toe te pas nie.

Rapport van 16 Mei 2004 berig dat die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) in 'n voorlegging aan die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe gekla het dat die nasionale Departement van Onderwys nie voorsiening maak vir die taalregte van leerders wat nie Engels praat nie. Volgens die rekord beweer die SAOU dat die staat sy verpligtinge teenoor skole, leerders en onderwysers ignoreer en dat die Departement sy eie beleid rakende taal-in-onderwys selektief toepas. Die SAOU beweer verder dat hoewel die Departement erken dat moedertaalonderdig een van die belangrikste fundamente vir die bevordering en beskerming van mense se kultuurregte en 'n resep vir sukses in die onderwys is, pas onderwysowerhede nie die beleid toe nie.

Sewe rekords bevat getuienis van klagtes oor die gebruik van taal in die klaskamer wat aan die media gerig word. Hierdie klagtes word in die vorm van briewe aan die koerante gerig. In briewe deur “Oud-Namibiër” (*Rapport*, 29 Januarie 1995), Piet Uys (*Die Volksblad*, 31/01/1995) en “Taalonderwyser” (*Beeld*, 12 Februarie 1995) word gekla oor die metodologie wat in taalklasse, veral vir tweedetaalsprekers, gebruik word. Volgens die klaers word te min aandag aan alternatiewe keuses vir effektiewe onderrig aan tweedetaalsprekers van die onderrigtaal gegee. Dit kan volgens die briefskrywers toegeskryf word aan die praktyk in swart skole om slaagsyfers kunsmatig te verhoog sodat dit in ooreenstemming met die goeie uitslae van wit skole kan wees. Ook S.J. De Beer (*Beeld*, 25 Mei 1995) en “Maputo van Pretoria” (*Beeld*, 1 Junie 1995) beweer dat onderwysers se swak vaardighede in Engels tot die swak slaagsyfer onder swart leerders bydra.

Een van die rekords handel oor die gebrek aan effektiwiteit van Pansat as taalwaghondorganisasie en word aan die media gerig. 'n Briefskrywer in *Beeld* (1

Desember 1997), dr. Theo van der Merwe, glo dat Pansat nie sy mandaat as waghondorganisasie uitoefen nie, maar net diegene sus wat sterk oor Suid-Afrika se tale voel.

Twee verdere rekords toon dat klagtes ook aanhangig gemaak word by politieke partye. *Rapport* van 29 Januarie 1995 berig dat dr. Tercia King, Nasionale Party (NP) parlamentslid aanvoer dat verskeie Afrikaanse skoolhoofde haar genader het met klagtes dat hulle gedwing word om hul skole se taalbeleide te verander. In dieselfde rekord word ook melding gemaak van soortgelyke klagtes uit Afrikaanse onderwysgeledere aan die Suid-Afrikaanse Onderwysfederasie. *Die Burger* van 5 Julie 1995 berig oor klagtes uit die geledere van bruin onderwysers oor die miskenning van Afrikaans en die verengelsing van instansies soos die Universiteit van Wes-Kaapland, die Skiereilandse Tegnikon en die SAUK. Hierdie klagtes is aan die Kaaplandse Professionele Onderwysersunie (KPO) gerig.

'n Laaste kategorie wat as klagtelegging beskou kan word, word uit 'n rekord in *Beeld* van 26 Januarie 1998 verkry. Hierin word berig dat Mpumalanga se Departement van Onderwys beweer dat hulle 'n vloedgolf klagtes vanuit die geledere van swart ouers ontvang het wat aanvoer dat hul kinders toelating tot die Hoërskool Rob Ferreira geweier is. Die ouers voer volgens die Departement aan dat meer as honderd aansoeke om toelating tot die skool uit hul geledere gedoen is en dat dit 'n hersiening van die toelatingsbeleid regverdig het. Desondanks is die toelatingsbeleid onveranderd gelaat en hul aansoeke afgewys.

Twee verdere klagtes uit die geledere van die Afrikataalsprekende gemeenskap gemik op die taalpraktyke in voormalige wit skole is die volgende:

Mail & Guardian van 9 Mei 1996 berig dat leerders van die Hoërskool Vryburg hul tot die Menseregtekommissie gewend het met klagtes dat onderwysers aan die skool rassistiese skeltaal teenoor hulle gebruik omdat hulle met Afrikaans sukkel. In dieselfde trant kla 'n leser, Usuf Gabru, in 'n brief aan *The Cape Times* van 24 Februarie 1995 dat

die redes wat aangebied word vir probleme met integrasie verkeerdelik as 'n probleem van “cultural differences” aangebied word. Volgens hierdie briëfskrywer lê die ware probleem daarin dat die voormalige wit skole nie institusionele ondersteuning aan leerders met Afrikatale as moedertale bied nie.

Hierdie rekords toon dat klagtelegging wel wyd as instrument van taalaktiwisme deur beide groepe wat pro- en anti-moedertaalgesind is, gebruik word, maar dat ontevredenes nie noodwendig van Pansat, wat spesifiek vir hierdie doel in die lewe geroep is, gebruik maak nie.

5.2.5. Gemeenskapsmobilisering

5.2.5.1. Petisionering

Altesaam 11 gevalle van petisionering as instrument van taalaktiwisme kom vir die tydperk in die gedrukte mediarekords voor. Dit is veral groepe uit die Afrikaanse en Indiërgemeenskappe wat van hierdie instrument gebruik maak.

In reaksie op 'n opname wat deur Onderwys en Kultuurdienste in KwaZulu-Natal uitgevoer is om die moontlikheid te ondersoek om Zoeloe as 'n derde taalkeuse teenoor die verskillende Oosterse tale te stel, het die *Institute of Indian Languages* 'n memorandum opgestel en dit aan die Minister van Nasionale Onderwys sowel as aan die Minister van Onderwys in KwaZulu-Natal gestuur. In die memorandum teken hulle beswaar aan teen die beweging van die Departement om Zoeloe as keuse teenoor die Oosterse tale te stel. Hulle dring ook daarop aan dat Oosterse tale as volle eksamenvakke erken moet word (*The Leader*, 4 November 1994). Hierdie aksie word in 1996 opgevolg toe die *Natal School Grantees' Association* (NSGA), 'n vereniging van Indiese belangegroepes, 'n memorandum aan die nasionale ministerie van onderwys stuur (*The Natal Witness*, 8 Januarie 1996). Hierin versoek die organisasie dat *Diwali*- en *Edid*-vakansiedae erken moet word sowel as dat Indiese tale steeds na behoefte onderrig sal word. Hulle versoek verder dat die botalligverklaring van Indiese onderwysers moet staak en dat hul wense in die witskrif oor onderwys opgeneem sal word. As deel van hul aksie

om die departement te keer om weg te doen met Indiese tale in skole het die nuut gestigte *Elac* met 'n veldtog begin waarin hulle die volgende eise stel: “the entrenchment of Indian languages in the formal school curriculum; the continuation of teaching of the languages during normal school hours; and the retention of part time teachers” (*The Daily News*, 13 November 1998). Nog 'n petisie wat deur 5 715 individue onderteken is, is deur die *Concerned South African Indian Citizens* aan die Konstitusionele Hof oorhandig. Hierin eis hulle dat die vyf Indiese tale, naamlik Hindi, Gujarati, Tamil, Telugu en Urdu in die Grondwet aan die ander 11 amptelike tale gelyk gestel moet word. Beema Naidoo word toegelaat om sy organisasie se standpunt persoonlik in die hof te stel. Hy argumenteer voor die hof dat die feit dat die vyf Indiese tale gereleë is tot die derde kategorie van Artikel 6 van die Grondwet, dit nie dieselfde beskerming waarborg as die ander elf amptelike tale nie (*The Reader*, 12 Julie 1996).

Pro-Afrikaansmoedertaal-onderrig drukgroepe maak ook gebruik van petisionering as instrument om hul eise oor te dra. *Die Volksblad* van 14 Maart 1995 berig dat 'n manifest met meer 1 000 handtekeninge op 13 Maart 1995 aan Welkom se oorgangsraad oorhandig is. Die optog is deur die Behou Afrikaans-belangegroep gereël (*Die Volksblad*, 4 Maart 1995 en 14 Maart 1995). Die manifest is ook aan pres. Nelson Mandela (wat hulle volgens die berig as hul rolmodel beskou) en aan mnr. Zwelakhe Sisulu, Uitvoerende Hoof van die SAUK gestuur. Die groep het dit duidelik gemaak dat alle Afrikaanssprekendes sowel as anderstalige belanghebbendes welkom is om aan die optog deel te neem omdat die aksie nie-polities van aard is en oor taalkwessies handel.

Hoewel die taalkwessie rakende die Laerskool Potgietersrus grootliks in die hof beveg is, is petisionering ook as instrument gebruik om te verseker dat die skool Afrikaans bly. Genl. Constant Viljoen van die Vryheidsfront het in dié verband 'n petisie aan pres. Nelson Mandela oorhandig. Hierin het hy gevra dat die voortbestaan van Afrikaanse skole nie bedreig moet word nie (*Die Burger*, 28/ Februarie 1996).

Na 'n daglange boikot van klasse deur leerders van die Hoër Landbouskool Jan Kempdorp in die Noord-Kaap het die leerders 'n petisie aan die Departement van

Onderwys oorhandig. In die petisie bevestig die leerders hul aandrang op moedertaalonderrig as 'n grondwetlike reg (*Beeld*, 9 Februarie 2005).

Twee rekords dui op die gebruik van petitionering in reaksie teen die voorgenome herskikking van hoërondwysinstellings in die land. *Rapport* van 4 Augustus 2002 berig dat prof. Pieter Kapp, voorsitter van die Aksie Hoër Onderwys (AHO) besluit het om twee memorandum aan die regering te oorhandig. Die eerste memorandum bevat die AHO se voorstelle oor taal terwyl die tweede memorandum handel oor die regering se herskikkingsplanne vir hoërondwys en die nadele wat dit vir Afrikaans inhou. Hierdie aksie van die AHO het teen die agtergrond van die regering se voorneme om teen Oktober van dié jaar sy beleid oor die herskikking van hoërondwysinstellings bekend te maak, plaasgevind. Dit volg ook op die bekendmaking van 'n taaloudit aan die Universiteit van Stellenbosch wat toon dat Afrikaans op hierdie kampus teenoor Engels veld verloor het. *Frontnuus* van 28 Februarie 2003 berig dat die leier van die Vryheidsfront, dr. Pieter Mulder, 'n voorlegging aan die Minister van Onderwys, prof. Kader Asmal oorhandig het. Hierdie voorlegging bevat voorstelle en internasionale standpunte oor moedertaalonderrig. Volgens die berig bevat die voorlegging ook demografiese syfers oor Afrikaans en beklemtoon dit die feit dat die meerderheid Afrikaanssprekendes nie meer wit is nie. In die voorlegging herhaal die Vryheidsfront ook hul standpunt, gebaseer op getalle, dat twee tot drie universiteite oorwegend Afrikaans moet bly.

Een voorbeeld uit die Afrikataalsprekende gemeenskap vir die gebruik van petitionering vir Engels as onderrigtaal kon uit die data verkry word. *Die Volksblad* van 24 Januarie 1996 berig dat Cosas 'n optog na die Hoërskool Parys in die Vrystaat gelei het met die doel om 'n memorandum waarin Engels as onderrigmedium geëis word aan die skoolhoof te oorhandig.

Uit die beskikbare data is dit duidelik dat petitionering wel as instrument van taalaktiwisme gebruik word. Die instrument word gebruik deur Afrikaanse sowel as Indiese groepe om hul tale as onderrigtale en vakke te verdedig. Slegs een rekord dui op

die gebruik van hierdie instrument deur Afrikataalsprekende groepe en wel vir die gebruik van Engels as onderrigtaal.

5.2.5.2. Boikotering

Tien rekords wat betrekking het op boikotering as instrument van taalaktiwisme kon vir die tydperk in die media geïdentifiseer word. Hiervan dui slegs een rekord op 'n werklike geval van boikotering terwyl die res van die rekords uit beroepe op gemeenskappe om van boikotering gebruik te maak, bestaan. Rekords wat op dreiging met boikotte dui kom ook voor.

Die enigste mediarekord wat op boikotering as instrument van taalaktiwisme dui is uit die *Beeld* van 9 Februarie 2005 verkry. Beeld berig dat 276 leerders van die Hoër Landbouskool Noord-Kaapland in Jan Kempdorp hul klasse geboikot het en gedreig het dat hulle dit sou voortsit indien die Departement sou voortgaan om dubbelmediumonderrig op hulle af te dwing. 'n Lid van die beheerliggaam het volgens die koerant gesê dat die kinders staak omdat hulle aandring op Afrikaanse onderrig en dat ongeveer 66 swart leerders van die skool hierdie opvatting deel. Die skool is volgens die lid nie teen parallelmedium-onderrig gekant nie, mits die bykomende onderwysers en hulpbronne deur die Departement voorsien word. Mnr. Paul Colditz, van die Federasie van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas) het gesê dit is een van die eerste voorbeelde waar (wit) kinders op hul taalregte begin aandring.

Die Patriot van 18 November 1994 berig dat Afrikaanse ouers in die destydse PWV-gebied besluit het om Mary Metcalfe, die PWV se LUR vir Onderwys se ideaal om staatsondersteunde skole dubbelmedium te maak, te boikot. Volgens die rekord het die LUR 'n vervroegde registrasiedatum afgekondig. Gesien in dié lig is 'n beroep op ouers gedoen om die registrasiedatum van die Departement te ignoreer en nie hul kinders té vroeg by spesifieke skole te registreer nie. Skoolhoofde het ook besluit om die datum te ignoreer en om nie by hul skole aan te meld vir registrasie van leerders nie.

Die KP se woordvoerder oor onderwys, ds. Andrew Gerber, doen in *Die Patriot* van 20 Januarie 1995 'n beroep op bestuursliggame van Model C-skole om Mary Metcalfe, LUR van Onderwys in die PWV wetgewer, se standpunt dat geen kind op grond van godsdiens, taal en kultuur weggevoer kan word nie, te ignoreer. Die koerant berig ook dat blanke ouers hul kinders reeds uit skole onttrek het as reaksie teen die gedwonge oopstelling van staatskole en in CVO-skole geplaas het.

Beeld van 22 November 1995 berig dat verskeie skole in die Pretoriagebied wat aan die beroep van die LUR toegegee het deur hul taalbeleide te verander om ook voorsiening te maak vir Engelonderrig gedreig is dat Afrikanerouers hul skole sou boikot. Hierdie skole se optrede is volgens die rekord as “onbesonne en abdikasie voor die druk van die ANC” deur regsbeskouer (*Afrikaner*, 18 November 1995). Dit het tot vrese by die betrokke skoolhoofde gelei dat blanke ouers hul kinders uit die skole sou haal uit protes teen die nuwe taalbeleide. Op die Volkskongres oor onderwys wat gehou is om strategieë te bespreek om skole Afrikaans en blank te hou, is die opsie van tuisskole en CVO-skole as alternatief tot staatsondersteunde skole genoem. Dit sou beteken dat ouers hul kinders uit staatsondersteunde skole neem en dan hul eie private skole begin.

In die Oos-Kaap doen dr. Manie Schoeman (*Eastern Province Herald*, 1 Augustus 1997), leier van die Nasionale Party in hierdie provinsie, 'n beroep op skole om die verkiesing van skoolbeheerliggame te boikot totdat die regering 'n beleid van gelyke behandeling van alle tale implementeer. Volgens Schoeman het hierdie aksie nodig geword om teen die regering se mislukking om korrespondensie in alle amptelike tale te gebruik, te protesteer. Hierdie aksie was veral daarop gemik dat die Departement van Onderwys die verkiesingshandleiding slegs in Engels beskikbaar gemaak het.

Drie voorvalle van boikotering uit die Afrikataalsprekende gemeenskap kan geïdentifiseer word. *Sunday Times* van 25 Januarie 1998 berig dat Noah Dlamini, 'n ouer in Witrivier, sy kind by die huis hou omdat hy die Hoërskool Rob Ferreira wil dwing om sy kind te aanvaar en dit vir hom moontlik maak om onderrig in Engels te ontvang. Volgens die ouer kan hy nie bekostig om sy kind na 'n Engelse privaatskool te stuur nie.

Hy dring daarop aan dat sy kind by die Hoërskool Rob Ferreira aanvaar word en onderrig in Engels ontvang “because it is my son’s constitutional right to be taught in English and I thought all schools upheld that right”.

In reaksie op die weiering van die Hoërskool Ben Viljoen en die Laerskool Julian Muller om klasse in Engels aan te bied, het die ANC se Marble Hall-tak ’n beroep op alle sportliggame gedoen om die twee skole te boikot deur hulle uit alle vorme van georganiseerde sport te verbied. ’n Versoekskrif in die verband is aan die Verenigde Krieketraad, die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalunie, Tennis Suid-Afrika, die Nasionale Olimpiese Komitee en die National Sports Council (NSC) gestuur (*Beeld*, 24 Oktober 1995).

Om die Hoërskool Ben Viljoen te dwing om hul taalbeleid te verander sodat dit voorsiening kan maak vir Engelsonderrig, dreig swart ouers die blanke gemeenskap met ’n verbruikersboikot. Dit is teen sake-ondernemings gemik wat deur regsbesit word, asook teen diegene wat hulle teen die verandering van die taalbeleid van die skool uitgespreek het (*Beeld*, 22 Januarie 1996 en *Sowetan*, 15 Januarie 1996).

Boikotering as instrument van taalaktiwisme word deur beide die voorstanders van Afrikaansmoedertaal-onderrig, as voorstanders van Engelsonderrig uit die Afrikataalsprekende gemeenskap, gebruik.

5.2.5.3. Dreiging met litigasie

Slegs agt mediarekords wat uit die databasis vir hierdie tydperk verkry is, het betrekking op dreiging met litigasie as instrument van taalaktiwisme. Hierdie instrument word deur voorstanders uit die Afrikaanse gemeenskap gebruik ten einde aan te dring op die beskerming van hul reg tot moedertaalonderrig. ’n Onderliggende rede vir dreiging met litigasie as instrument vir taalaktiwisme is ook om eendersdenkendes te mobiliseer tot samewerking ten gunste van moedertaalonderrig.

Deur belanghebbers aan te moedig om litigasie te gebruik om hul taalregte te verseker, word 'n bedekte dreigement aan die owerhede gerig dat hierdie weg wel gevolg kan word. *Rapport* van 6 November 1994 berig dat prof. Koos Steyn Afrikaanse belanghebbers aanmoedig om van litigasie gebruik te maak om hul taalregte te verseker. Dit spruit volgens die rekord uit die botsende vertolkings van die Grondwet enersyds deur die ANC en andersyds deur die Afrikaanse onderwyslui. Prof. Steyn meen dat litigasie as weerstand teen die regering en hul eensydige interpretasies kan dien. Ds. Henno Cronjé van die FAK waarsku egter teen ongekoördineerde optrede deur Afrikaanse instellings en bepleit eerder 'n situasie waarin alle ondersteuners van moedertaalonderrig sal saamwerk, veral as dit kom by 'n gewigtige kwessie soos wanneer die Konstitusionele Hof om 'n beslissing gevra moet word.

Die Burger van 16 Junie 1995 berig dat F.W. de Klerk in sy toespraak ten tyde van die Afrikaanse Onderwyskongres in Bloemfontein die stigting van 'n Regskomitee deur die Afrikaanse onderwysgemeenskap voorgestel het. So 'n komitee kan dan ingespan word om namens minderheidsgroepe by die Konstitusionele Hof om litigasie aansoek te doen wanneer die skending van taalregte vermoed word. Volgens die rekord glo De Klerk dat “net twee of drie hofuitsprake die lelike manier wat nou kop uitsteek van nie uitvoering gee aan die Grondwet nie, (kan) kortvat”. *Die Burger* van 18 Junie 1995 onderstreep in sy redaksionele kommentaar die belangrikheid van die stigting van 'n regs kommissie. De Klerk se voorstel is uiteindelik deur die kongres aanvaar (*Rapport*, 18 Junie 1995).

Rapport van 14 Januarie 1996 berig dat Safsos 'n dreigement aan die ANC, Cosatu en Cosas in Mpumalanga rig dat die Federasie hom tot die hof sal wend om hulle te keer om Afrikaanse skole te dwing om anderstalige leerders in te neem en sodoende dubbel- of parallelmedium te word. Volgens dr. Hennie van Deventer, voorsitter van Safsos, het hulle besluit dat hulle hul op die bepalinge van die Grondwet (artikel 247) sal beroep en dat die regering van Mpumalanga gevra sal word om te verklaar of sy beleid van skole-integrasie enigsins ruimte laat vir suiwer Afrikaanse skole in die provinsie. Mnr. Corn Booyens, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Onderwysersvereniging (SAOV) vra dat die regering van Mpumalanga moet verduidelik hoe die swak leerderprestasie verbeter kan

word deur leerders wat nie Afrikaans of Engels magtig is nie aan Afrikaanse skole op te dwing (*Beeld*, 8 Januarie 1996).

Na maandelange rassekonflik by die Hoërskool Vryburg oor die oopstelling en die gebruik van Engels as onderrigtaal het die Departement van Onderwys die bevoegdhede van die skoolbeheerliggaam ingetrek. *Rapport* van 5 April 1998 berig dat die ontbonde skoolbeheerliggaam die Departement gedreig het dat hulle 'n interdik sou kry indien hulle magte nie herstel sou word nie.

The Daily News van 21 Februarie 1994 berig dat ses Indiërgesinne gedreig het dat hulle hul tot die Hooggeregshof sou wend indien die Hluhluwe Primêre Skool in KwaZulu-Natal sou voortgaan met sy weiering om hulle kinders tot die skool toe te laat. Volgens die rekord beskou die betrokke gesinne die optrede van die skool as rassisties.

Uit die beskikbare rekords kan afgelei word dat dreiging met litigasie as instrument van taalaktiwisme wel gebruik word. Die Departement van Onderwys sowel as die ANC, Cosatu en Cosas word deur Afrikaanssprekendes met litigasie gedreig indien hulle reg tot moedertaalonderrig bedreig sou word. Geen rekord kon gevind word wat toon dat hierdie instrument deur Afrikataalsprekendes vir of téén moedertaalonderrig gebruik word nie.

5.2.5.4. Druk op die massas

Vyf en sestig voorbeelde van druk op die massas as instrument van taalaktiwisme kan vir die tydperk uit die databasis geïdentifiseer word. Die gevalle behels die pogings van aktivistiese taalgroepe wat aansluiting probeer vind by ander eendersdenkende groepe met die doel om deur groter getalle besluite wat deur die staat of ander liggame op hulle afgedwing is meer te beïnvloed.

Die eerste voorbeeld hiervan word in 'n berig in *Die Burger* van 20 Junie 1994 gevind. Volgens hierdie rekord meen die Suid-Afrikaanse Onderwysersfederasie (SAOF) dat Afrikaans “erg misken” word. Op 'n raadsvergadering van SAOF is besluit dat met ander

Afrikaanse organisasies soos die Stigting vir Afrikaans, die Afrikanerkultuurforum en die FAK saamgewerk moet word en dat 'n afvaardiging uit die vier groepe die situasie met die regering moet bespreek. *Die Burger* van 30 Junie 1994 berig dat dr. Franklin Sonn, president van die Kaaplandse Professionele Onderwysersunie (KPO), die taalkwessie as “een van die grootste probleme wat uit die weg geruim sal moet word” beskou en hy moedig dan lede van die KPO aan om saam met ouers aan 'n oplossing vir die probleem te werk.

Die Volksblad van 19 November 1994 berig dat die Afrikaner Bond hul bereidwilligheid uitspreek om saam met ander instansies aan 'n “hoëvlakkongres” te werk om die belange van Afrikaans te bespreek. Vanuit Afrikaner Bond (AB) geledere word aanspraak gemaak op die erkenning van die diversiteit van skole, soos in Artikel 247 van die Grondwet van Suid-Afrika geïmpliseer word (*Die Volksblad*, 19 November 1994). Hulle doen 'n beroep op die regering om rekening te hou met die hoë premie wat die Afrikaanssprekende en Afrikaner op die onderrig van sy kinders plaas. *Die Afrikaner* van 1 Desember 1994 berig dat ouers ten tyde van die Volkskongres in Pretoria, hulle sterk ten gunste van grootskaalse verset “teen die verswaring van skole” uitgespreek het.

Ds. Andrew Gerber van die KP doen volgens *Die Patriot* van 2 Februarie 1995 'n beroep op die Afrikaner-Boerevolk dat hulle alles in hul vermoë sal doen om hul reg op eie skole te behou. Hy sien die standpunt van Mary Metcalf as sou dit beteken dat die “... regering hom nou bo die Grondwet verhef en dat ons op 'n diktatuur in Suid-Afrika afstuur”. Die Transvaalse Onderwysvereniging (TO) skaar hulle volgens 'n berig in *Die Patriot* van 2 Februarie 1995 ook by pogings om die PWV-regering te verhoed om voort te gaan met hul pogings om skole dubbelmedium te maak. Volgens die rekord stel die TO ook 'n onderwyskongres in die vooruitsig waar eendersdenkendes bymekaar kan kom en taalsake en -optredes bespreek kan word. In 'n onderhoud met *Die Burger* (11 Mei 1995) belowe Adjunkpresident F.W. De Klerk om 'n wye reeks kultuurorganisasies bymekaar te roep om vir moedertaalonderrig te veg. Vanuit die bruin gemeenskap doen Abe Williams, NP Senator, 'n beroep op almal wat lief is vir Afrikaans om “nou oor 'n breë front tot taalverset oor te gaan om die langtermyn-voortbestaan van Afrikaans te

handhaaf” (*Die Volksblad*, 17 Junie 1995). Hy vra dat Afrikaanssprekendes oor alle grense heen hande vat om te verseker dat die Afrikaanse kind nog ’n rol het om in die toekoms te speel. Hy doen ook ’n beroep op Afrikaanse leerlinge en studente om vir Afrikaans te veg deur hul houding teenoor die taal positief te verander. Dit sal verseker dat Afrikaans ontslae sal raak van sy bagasie as apartheidstaal.

In die uiteindelijke ontlonting van die krisis wat in Petrusville ontstaan het kom voorbeelde voor van druk op die massas in soverre as wat beide belangegroepe druk uitgeoefen het om die onderrigtaal van keuse in die skool erken te kry. In die geval van Engels as onderrigtaal het die swart gemeenskap in samewerking met COSAS verenig om druk op die skool uit te oefen. Vir die behoud van Afrikaans het die wit en van die bruin ouers onder die vaandel van die nuut-gestigte Afrikaans ons Taal-groep saamgekom (*Die Volksblad*, 1 Februarie 1995 en 17 Februarie 1995).

Dr. Christo Landman (*Diverse Publikasies*, Maart 1997) doen ’n beroep op die Afrikaner, as ’n bedreigde spesie, om saam te span en Christelike volkseie moedertaalskole te stig. Volgens dr. Landman “lê die Afrikaner se redding in die mate waarin hy vanjaar en daarna daarin sal slaag om sy getalle op ’n kleiner gebied só te konsolideer dat hy deur sy getallekonsentrasie ’n beduidende magsfaktor sal wees”. Hy por ook die Afrikaner aan om hom passief en aktief teen Afrikanisering te verset en dat die klem van Afrikanerskap na Eurokanerskap moet verskuif.

Rapport van 1 Februarie 1998 berig dat ’n groot aantal Afrikaanse kultuurorganisasies oor ’n breë spektrum meegewerk het aan ’n konsepvoorstel om groter invloed vir die saak van Afrikaanssprekendes te verkry. Volgens die rekord het hierdie organisasies ’n voorstel voltooi vir die totstandkoming van ’n Afrikaanse Taalraad sowel as vir die totstandkoming van die voorgenome Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdienstige en Taalgemeenskappe. Die volgende organisasies was volgens die rekord deel van die aksie: die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Afrikaner Volkswag, die Afrikaanse Handelsinstituut, die Federasie van

Rapportryerskorpse, die Afrikaner Bond, die Stigting vir Onderwys en Opleiding, die Volkstaatraad en die SA Buro vir Rasseaangeleenthede.

Op Woensdag, 18 Februarie 1998 is die Tussentydse Afrikanerberaad in die lewe geroep. Volgens die uitvoerende bestuur van die raad sal hulle hul beywer vir samewerking tussen Afrikaner kultuur- en taalorganisasies. Hulle onderneem ook om die behoeftes en belange van die Afrikaanse taal op alle lewensterreine te bevorder terwyl die selfstandigheid van elke lidorganisasie gerespekteer sal word (*Rapport*, 22 Februarie 1998).

Rapport van 24 Mei 1998 en 31 Mei 1998 berig dat te midde van toenemende politieke verwarring onder die Afrikaanse minderheid, Ton Vosloo met 'n voorstel gekom het dat 'n sentrum tot stand gebring moet word waar die Afrikaanse gemeenskap, in die inklusiewe sin van die woord, hul kragte kan saam snoer om vir hul taal te beding. Afrikaans moet as bindmiddel dien vir almal wat die taal praat. Volgens die berig vra Vosloo dat die sentrum waarna hy verwys as bymeakaarkomplek moet dien vir wit en bruin Afrikaanssprekendes sodat hulle gesamentlik kan besluit wat hulle van die regering wil vra. Hy noem dat die reg tot moedertaalonderrig een van die gesprekspunte met die regering kan wees. Die gesamentlike standpunte moet op 'n redelike wyse aan die regering oorgedra word sonder om dreigemente te gebruik.

Die Burger van 5 Junie 2000 berig dat die Taalsekretariaat sy kommer oor die algemene passiwiteit oor Afrikaans wat by Afrikaanssprekendes heers uitgespreek het. Die organisasie is ook bekommerd oor die ongekoördineerde aksies in Afrikaanssprekende geleedere. Dit is om dié rede dat hulle, volgens die rekord, die stigting van die Groep van 63 verwelkom en met die groep wil saamwerk ter bevordering van Afrikaans, sowel as die inheemse tale van Suid-Afrika. Volgens mnr. André van der Walt, die Voorsitter van die Trustees, het die tyd aangebreek dat Afrikaanssprekendes moet saamstaan en aangespoor word om Afrikaans as enigste taal wat Afrika se naam dra en hier ontstaan het, te beskerm en uit te bou. Hy moedig Afrikaanssprekers en sprekers van ander inheemse tale aan om mekaar se tale aan te leer en te respekteer. Volgens Van der Walt is

die bevordering van swart tale 'n belegging in die voortbestaan van Afrikaans. Van die projekte wat beoog word, is om in samewerking met die Wes-Kaapse Departement van Onderwys Xhosa meer toeganklik vir leerders aan wit skole te maak. Hulle beoog ook om saam met prof. Ettienne van Heerden Afrikaans op die internet te bemark.

IMPAK van 30 Junie 2001 berig dat die Afrikaner Eenheidsbeweging (AEB) by monde van mnr. Cassie Aucamp in die onderwysdebat in die parlement homself uitgespreek het oor die plek van Afrikaans in onderwys. Die beweging het hul by die groep van 26 Afrikaanse kultuurorganisasies gevoeg wat, onder leiding van die FAK, eenparig besluit het dat hulle hul gaan beywer vir moedertaalonderrig. Hulle gaan hulle ook beywer vir die behoud en uitbou van Afrikaans as akademiese taal en taal vir hoër funksies in die administrasie.

Na aanleiding van 'n verslag in *Rapport* dat daar in 2005/6 'n behoefte aan ongeveer 7 000 Afrikaanse onderwysers sal wees, het dr. Huw Davies, Besturende Direkteur van die Transvaalse Onderwysersunie (TO), gesê dat tensy daar beduidende ingrepe gemaak word, die beginselstandpunte rondom moedertaal en kultuurgebonde onderwys, wat al vir geslagte deel van die Afrikaner se onderwysbenadering uitmaak, nie meer uitvoerbaar sal wees nie (*Rapport*, 28 Oktober 2001). Mnr. Hennie de Wet van die FAK het gesê dat die Afrikanergemeenskap bewus moet wees van die stand van sake in die onderwys en ook groter verantwoordelikheid moet aanvaar (*IMPAK*, 5 Oktober 2001). Hy doen dus 'n beroep op die Afrikaner om te besin oor wat hulle te doen staan ten einde Afrikaanse onderrig te red.

Beeld van 5 Mei 2001 berig dat sommige van die historiese Afrikaanse universiteite gesprekke begin het oor samewerking en die moontlikheid om 'n gesamentlike voorstel oor Afrikaans in universiteite aan die regering voor te lê. Hierdie bereidwilligheid kom na 'n pleidooi deur die FAK dat hulle gesamentlik oor die toekoms van Afrikaans moet praat.

Beeld van 14 Mei 2001 berig dat minstens 26 organisasies besluit het om hulself by Afrikaans te skaar en voorleggings ten gunste van Afrikaans aan Suid-Afrikaanse universiteite aan die Gerwel-Kommissie te maak. Onder die organisasies wat 'n standpunt aan die Gerwel-Kommissie gestel het, lys die rekord die volgende: die Afrikaner Bond, ATKV, Afrikaner Volkswag, Dames Aktueel, Dameskring, die FAK, Genootskap van Vryburgers SA, Groep van 63, Jeug (On)beperk, MWU-Solidariteit, Sakekamer, Praag, Rapportryersbeweging, SAOU, TO, Voortrekkers, Vriende van Afrikaans en die Vrydaggroep. Volgens mnr. Hennie de Wet van die FAK neem al die groepe kennis van die groot rol wat Afrikaans as akademiese en wetenskapstaal in die bemagtiging van verskillende groepe in Suid-Afrika gespeel het en nog moet speel. Volgens De Wet is eenstemmigheid ook bereik dat moedertaalonderrig in hoëronderwys vir almal wat daarom vra toeganklik moet wees; dat Afrikaans as akademiese en wetenskapstaal verder ontwikkel moet word; en dat daar geen afskaling in die huidige beskikbaarheid van Afrikaans in hoëronderwys moet wees nie.

In *Frontnuus* (30 April 2004) bepleit die Vryheidsfront 'n vennootskap van ouergemeenskappe om gemeenskapskole te stig. Moedertaalonderrig kan deur hierdie gemeenskapsgedrewe skole tot sy reg kom. Die skole moet egter met owerheidsbystand tot stand gebring word. Volgens die Vryheidsfront maak die Nederlandse sowel as die Indiese grondwet voorsiening daarvoor dat elke geloof- en taalgroep sy eie skool op staatskoste kan hê. Dit kan volgens die party deur 'n stelsel wat onderwyskoepons aan ouers uitreik en wat hulle dan by die skool van hul keuse inlewer, gadministreer word. So 'n stelsel kan meebring dat kinders, eerder as skole, gesubsidieer word en die kompetisie in die onderwyssektor verhoog, wat weer 'n verhoging in standarde tot gevolg kan hê.

Met die Afrikaans-hofstryd van die Laerskool Mikro agter die rug, het prof. Danie Goosen, voorsitter van die FAK, Afrikaanssprekendes aangemoedig om as die volgende stap die “breë Afrikaanse kultuurhuishouding te vergader om te gesels oor die voortslepende krisis rakende Afrikaanse skole” (*Rapport*, 20 Februarie 2005). Hulle moet ook 'n strategie bespreek wat moet werk maak van pres. Thabo Mbeki se uitnodiging om

oor Afrikaanse skole en moedertaalonderrig gesprek te voer. *Rapport* (27 Februarie 2005) noem die beweging onder leiding van die FAK “’n Groot inisiatief om moedertaalonderrig eens en vir altyd te beveilig”. Afrikaanstaliges gaan landwyd ingelig en opgeroep word om die inisiatief ter beskerming van Afrikaanse skole te steun. Feitlik al die belangrikste Afrikaanse kultuur- en onderwysliggame het hul gewig agter die nuwe aksieplan ingewerp.

Rapport van 6 Maart 2005 berig dat prof. Danie Goosen van die FAK ’n strategie propageer het waarvolgens Afrikaanse organisasies moet saamwerk. Hy doen ook ’n beroep op die Afrikaanse burgerlike samelewing om ’n veel groter rol as in die verlede te speel ten einde te verseker dat Afrikaans nie sy plek as onderrigtaal sal verloor nie. In sy bekendstelling van hul strategie het prof. Danie Goosen gesê dat Afrikaanssprekendes rekening moet hou met die feit dat die politieke landskap in Suid-Afrika drasties verander het. Afrikaners het byvoorbeeld nie meer regstreekse inspraak in die sentrum van mag nie. Binne hierdie veranderde politieke konteks sal die Afrikaanse burgerlike wêreld ’n veel groter rol as in die verlede moet speel. Afrikaanssprekendes sal voortaan effektief van onder af, uit die burgerlike wêreld, verantwoordelik en met demokratiese ywer, moet optree. Die mees legitieme uitgangspunt waarmee die onderwysvraagstuk voor elke gehoor ter wêreld gehanteer kan word, is dié een wat steun op die opvatting van wedersydse erkenning. Teen die agtergrond van hierdie beginsel moet vier kriteria dus hul inisiatief kenmerk:

- Eerstens moet bewys word dat die voorspraak op moedertaalonderrig nie uit ’n rassistiese minagting vir andere spruit nie.
- Dit is ’n demokratiese voorspraak, want veeltaligheid stem ooreen met die demokrasie en die Suid-Afrikaanse Grondwet. Eentaligheid nie.
- Dertens steun hierdie voorspraak op die algemeen aanvaarde gevolgtrekking dat daar ’n noue band tussen moedertaalonderrig en ekonomiese groei is. Dit is eentaligheidsprojekte en nie veeltaligheidsprojekte nie wat onverskillig staan teenoor die ekonomiese welsyn van miljoene armes nie.

- Vierdens is dit belangrik dat hierdie voorspraak vir moedertaalonderrig binne 'n veeltaligheidssidioom en die soeke na bondgenote met ander minderheidstale geplaas word. Bondgenootskappe met diegene wat die gedifferensieerde aard van een Suid-Afrika sal beskerm, moet gesoek word.

Die sukses van die plan sal, volgens Goosen, afhang van die sukses waarmee die burgerlike samelewing onder die leiding van die front aktief kan optree om praktyke te skep wat moedertaalonderrig as uitdrukking van die demokrasie sal bestendig.

Rapport van 27 Maart 2005 berig dat me. Ria Olivier van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) 'n beroep op inklusiwiteit in die stryd om Afrikaans gedoen het. Sy het op die KKNK se lesingreeks oor veeltaligheid en moedertaalonderrig gesê dat taalstryders die opvatting dat almal wat pro-Afrikaans is noodwendig konserwatief is, moet teenwerk. Sy het die fel stryd wat teen apartheid en verdrukking op die Kaapse Vlakte en elders in Afrikaans plaasgevind het as voorbeeld van die demokratiese aard van Afrikaans voorgedou. Hierdie feit moet volgens haar in belang van Afrikaans luid deur Afrikaanssprekendes verkondig word.

In 'n artikel in *Insig* (30 November 2005) skryf Van Zyl Slabbert dat "'n gekyf nie die debat oor Afrikaans aan universiteite gaan help nie." Volgens hom moet belanghebbers oor die breë spektrum heen bymekaarkom en onder meer besin oor hoe inklusief die huidige aksies ten gunste van moedertaalonderrig is. Slabbert doen 'n beroep op die Afrikaanse gemeenskap om hul veranderende politieke posisie in ag te neem en nuut te dink oor die taalstryd.

Die Burger van 6 Desember 2002 berig oor die totstandkoming van die Meertalighedsaksiegroep. Dié vereniging van organisasies en individue beywer hulle volgens die betrokke rekord vir veeltaligheid. Die betrokkenes sluit in: Praesa, die Xhosa-taakgroep, die Iilwimi-sentrum, Deafsa, die Taalsekretariaat, Tabema en die Vriende van Afrikaans. Op die stigtingsvergadering het dr. Neville Alexander gewys op al die positiewe dinge wat reeds as gevolg van volgehoue taalagitasie gebeur het. Hy het die

teenwoordiges gewys op die sterk uitsprake van kabinetslede soos mnr. Mosibudi Mangena, Adjunkminister van Onderwys en dr. Ben Ngubane, Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie teen Engelse eentaligheid. Of min. Kader Asmal se nuwe onderrigtaalbeleid, waarin die beginsels van moedertaalonderrig en die ontwikkeling van die inheemse tale as akademiese tale sonder meer aanvaar sal word, moet egter nog gesien word. Dan is daar ook, volgens Alexander, die nuwe taalbeleid wat pas deur mnr. Ngubane bekend gestel is. Daarvolgens moet die regering al die amptelike tale in kommunikasie met die publiek gebruik. Afrikaans word ook nie meer saam met Engels in 'n enkele taalblok ingedeel nie. Volgens Alexander is 2002 'n beslissende jaar in Suid-Afrika se pad na veeltaligheid.

Vanuit die Indiërgemeenskap word druk op die massas ook as instrument van taalaktiwisme gebruik. In reaksie op planne deur Onderwys en Kultuurdienste in die destydse Natal om Zoeloe as derde taalkeuse teenoor die verskillende Oosterse tale te stel, het die *Institute of Indian Languages* 'n vergadering met verskeie Indiese taal- en kultuurorganisasies belê (*The Leader*, 4 November 1994). Die vergadering is deur verteenwoordigers uit 35 gemeenskapsorganisasies bygewoon en het sterk daarteen beswaar gemaak. Hierdie opsie is deur die vergadering as 'n bedreiging vir die voortbestaan van Oosterse tale beskou. Hulle gevolglike aanbeveling was dat Engels, om nasionale belang asook om nasionale eenheid te bevorder, as die hooftaal in alle skole gebruik moet word en dat enige van die elf amptelike tale dan as keuse gestel word as tweede taal. 'n Derde taal, wat 'n Oosterse of enige ander minderheidstaal kan wees, kan dan bygevoeg word. Die erkenning van Oosterse tale as volle eksamenvakke is ook deur die Instituut aanbeveel. *The Natal Witness* van 30 Oktober 1995 en *The Daily News* van 10 Oktober 1995 berig dat beroep gedoen word op die Indiërgemeenskap om organisasies wat reeds op die behoud van Oosterse tale in skole aandring, te ondersteun.

Nog 'n voorbeeld van druk op die massas vanuit die geleedere van die Indiërgemeenskap word in 'n berig in *Sunday Tribune* van 20 Julie 2003 gevind. Volgens die rekord het die *National Council for Eastern Languages* besluit om met min. Asmal te vergader om die toekoms van hierdie tale op skoolvlak te bespreek. Dit volg op die Minister se voorstel

dat van die tale nie meer deel sal wees van die nasionale kurrikulum nie. Volgens Ram Maharaj, die voorsitter van die groep, dring hulle daarop aan dat al die Oosterse tale deel van die kurrikulum sal bly, dat onderwysers besoldiging uit die staatskas sal ontvang en dat die Departement finansiering vir die instandhouding van die infrastruktuur vir die onderrig van Oosterse tale sal verskaf. Maharaj glo ook dat hulle die steun van verskeie grondvlak Oosterse organisasies het om namens hulle vir die behoud van hul tale te veg. Die vergadering met die Minister is uiteindelik deur onder meer die volgende organisasies bygewoon: die *SA Hindu Maha Sabha*, die *SA Tamil Federation* en die *National Council for Eastern Languages* (*The Star*, 24 Julie 2003). Op die vergadering is besluit dat die volgende Oosterse tale wel deel van die nasionale kurrikulum sal bly: Tamil, Hindi, Urdu en Telegu (*The Citizen*, 24 Julie 2003). Volgens die *Sunday Tribune* (27 Julie 2003) het Maharaj na die vergadering laat blyk dat hoewel toegewings deur die Departement van Onderwys gemaak is, dit nie genoeg is nie en dat hul geveg sal voortgaan totdat hulle die versekering kry dat alle Oosterse tale in die kurrikulum opgeneem sal word. Hulle sal dus na die gemeenskap terugkeer en saam besluit wat hulle verder te doen staan. Ashwin Trikamjee, President van die *SA Maha Sabha* het gesê dat die Indiese gemeenskap die uitdaging moet aanvaar om te verseker dat hul kinders hul moedertale aanleer.

In 'n lesersbrief aan *Mail and Guardian* (29 April 2004) doen Neliswa Sipamla van Goodwood in Kaapstad 'n beroep op Xhosa-sprekende ouers dat hulle moet “scream about your language”. Sy is ongelukkig omdat Xhosa nie saam met Afrikaans en Engels op 'n gelyke basis in alle skole aangebied word nie. Volgens haar is Xhosa-ouers verplig om Xhosa-klasse buite skoolverband te reël om te verseker dat hulle kinders nie heeltemal vervreem word van hul taal nie. Die skrywer redeneer dat dit die grondwetlike reg van Xhosa-ouers is om op onderrig in hul taal aan te dring. In nog 'n brief skryf Thabiso P. Tsotetsi (*City Press*, 30 Mei 2004) dat daar 'n dringende behoefte is om die opvatting uit te klaar dat Afrikatale nie as tale van onderrig gebruik kan word nie omdat dié tale minderwaardig is. Hierdie tale moet as 'n saak van dringendheid ontwikkel word sodat dit selfs later as onderrigtale op tersiêre vlak gebruik kan word.

Slegs een geval van die gebruik van hierdie instrument vir Engels as onderrigtaal kon geïdentifiseer word. Met die heropening van skole vir die nuwe jaar in 1998 het druk vanuit die swart gemeenskappe weereens toegeneem om hul kinders in Afrikaanse skole te laat opneem. Hierdie keer was die druk veral op skole in Germiston. Ouers uit die Vosloorus-omgewing het aangedring op toelating en onderrig in Engels (*Beeld*, 15 Januarie 1998).

Druk op die massas as instrument van taalaktiwisme word veral deur aktivistiese groepe uit Afrikaanse geleedere vir die behoud van Afrikaans as taal van onderrig en leer gebruik. Die instrument word ook deur aktivistiese groepe uit die Indiërgemeenskap vir die beskerming en behoud van Oosterse tale in die onderwyskurrikulum gebruik. Vanuit die geleedere van Afrikataalsprekers word beroepe gedoen op ouers om op onderrig in Afrikatale aan te dring. Anders as in die geval van Afrikaans en Oosterse tale waar georganiseerde aktivistiese groepe betrokke is, is dit individue uit die swart gemeenskap wat op Afrikatale as tale van onderrig en leer aandring. Een geval van druk op die massas vir die oopstelling van wit skole en ter bevordering van Engels as onderrigmedium is geïdentifiseer.

5.2.5.5. Demonstrasie

'n Analise van die databasis toon dat 17 gevalle van demonstrasie as instrument van taalaktiwisme vir die tydperk gedek word. Van die 17 gevalle kan vyf as klassieke voorbeelde van hierdie instrument beskou word, terwyl die res op alternatiewe vorme van demonstrasie dui.

Die vyf gevalle wat volgens die definisie as demonstrasie beskou kan word kom almal uit die Afrikataalsprekende gemeenskap en dit is op die oopstelling van voormalige Model C-skole en die gebruik van Engels as medium van onderrig gerig. Die res van die gevalle wat as alternatiewe vorme van demonstrasie geklassifiseer kan word kom uit die Afrikaanse gemeenskap en is op die behoud van Afrikaanse skole gerig.

Die Volksblad van 1 Februarie 1995 berig dat Cosas in Petrusville hul behoefte aan 'n hoërskool en Engels as onderrigmedium demonstreer het toe hulle by die Afrikaanse Laerskool Petrusville vir toelating tot die skool en vir Engels as onderrigmedium betoog het. Dit het tot die sluiting van die laerskool gelei en die heropening van dieselfde skool as 'n parallelmedium hoërskool met Afrikaans en Engels as tale van onderrig en leer.

Die Volksblad van 1 Februarie 1996 berig dat die ANC Jeugliga van Wesselsbron tydens 'n demonstrasie by die skool gedreig dat hulle die skool onbeheerbaar sal maak indien swart leerders nie toegang tot die skool sou kry en onderrig in Engels nie toegelaat sou word nie. *Die Volksblad* van 25 Januarie 1996 berig dat optoggers, wat uit Tswanasprekende ouers bestaan het, geëis het dat hul kinders tot die Laerskool Van Zylsrus toegelaat moet word en dat die taalbeleid verander moet word om Engelsonderrig moontlik te maak. As teenaksie bedank wit personeel van die skool en die bestuursraad ontbind.

Die Volksblad van 24 Januarie 1996 rapporteer oor 'n optog na die Hoërskool Parys waarin Cosas op die toelating van swart leerders tot die skool en die instel van Engels as onderrigmedium aandrang. In dieselfde week wat die Grondwet uiteindelik aanvaar word, is daar weer berigte van demonstrasies deur omgekrapte Cosas-lede wat beweer dat onderwysers aan die Hoërskool Vryburg nie geduld het met swart leerders wat met Afrikaans sukkel het nie (*Mail & Guardian*, 9 Mei 1996). *Mail & Guardian* berig ook dat van die joernaliste wat op die toneel was die situasie met die onluste van 1976 vergelyk het.

Uit Afrikaanssprekende geledere kan 12 voorbeelde van aanmoediging tot die gebruik van demonstrasie as instrument van taalaktiwisme geïdentifiseer word.

Die Afrikaner-Volksfront se Volksonderrigkongres doen 'n voorstel aan die hand wat as demonstrasie vir hul teenkanting teen die oopstelling van Afrikaanse skole kan dien (*Afrikaner*, 1 Desember 1994). Hulle aanvaar 'n voorstel dat Afrikaanse ouers hul kinders uit staatskole onttrek en dat Christelik Volkseie Skole (CVO) in die lewe geroep moet

word. In sulke skole, is gevoel, kan die ouers ten volle in beheer van besluite oor beleid wees.

In nog 'n aksie het 'n groep Afrikaanssprekende onderwysers van die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPOSA) besluit om hul ontevredenheid met NAPOSA te kenne te gee deur van die organisasie weg te breek omdat hulle gevoel het dat die organisasie nie oor die taalkwessie standpunt inneem nie. Onder leiding van die Transvaal Onderwysersunie het hierdie groep onderwysers uiteindelik die Suid-Afrikaanse Onderwysersfederasie gestig (*The Star*, 13 Junie 1996).

Beeld van 14 Januarie 1997 berig dat die Potgietersrus Volksskool, wat sy ontstaan te danke het aan 'n poging deur die ouers om hul voorkeur aan enkelmedium Afrikaanse skole te demonstreer, daardie jaar 'n toename in leerlinggetalle verwag. Dit volg op rassevoorvalle by die Laerskool Potgietersrus en 'n drastiese toename aan leerders wat Engels as onderrigtaal verkies. In reaksie op meer swart leerders wat by die laerskool op Tzaneen wil registreer het die ouers van Afrikaanse leerders op 'n protesvergadering besluit om die moontlikheid van 'n privaatskool te ondersoek (*Afrikaner*, 24 Januarie 1997). In nog 'n voorval (*Beeld*, 4 Februarie 1997) het die ouers van die Laerskool Hendrik Potgieter op Potchefstroom besluit om dié skool as onafhanklike skool na die Hoër Volksskool op dieselfde dorp te skuif. Dit is deur die beheerraad van die Hoër Volksskool aanvaar omdat, volgens die skoolhoof, beide skole in die behoud van Christelike Afrikaanse onderwys glo. Beide skole het ook verkies om nie die keuse van 'n parallelle voertaal uit te oefen nie. Ander skole in Noordwes wat ook volgens die berig hierdie keuse uitgeoefen het, is die Ventersdorp Laerskool, die Laerskool Coligny en die Laerskool Sannieshof. *Rapport* (8 Julie 1997) berig dat daar landswyd reeds 150 sulke skole gestig is.

As demonstrasie van sy ontevredenheid oor die manier waarop die regering met Afrikaners, hul taal- en kultuurregte omgaan en die feit dat “Afrikaners nie meer geregtig (is) op Afrikaansmediumskole nie en gedwing word om na parallel- of dubbelmedium onderrig oor te skakel”, het mnr. Johan Kriek van die Vryheidsfront as LUR van die

Noordelike Provinsie bedank. Hy het volgens die rekord gevoel dat hy 'n sterker opposisierol as gewone lid van die wetgewer kan speel om die belange van die Afrikaner te na te streef (*Rapport*, 22 Februarie 1998).

In *Die Burger* (2 Junie 2003) doen 'n leser, B. Smit, in 'n brief 'n oproep op donateurs om hul finansiële bydraes tot die *Tygerberg Academica Fonds* te heroorweeg omdat die Universiteit van Stellenbosch nie volgens hom daarin slaag om Afrikaans op die kampus te bevorder nie. Volgens Smit vra hy nie vir die afskaffing van ander tale nie, maar vir die keuse van toegang tot akademiese leer materiaal in Afrikaans.

In sy artikel “Agter die kap van die byl by die Laerskool Mikro” (*Rapport*, 13 Februarie 2005) verwys Giliomee na ouers wat hul kinders uit die Laerskool De Kuilen onttrek as wyse van protes teen die agteruitgang van onderwysstandaarde by hierdie skool. Ten einde sy getalle aan te vul het De Kuilen besluit om ook Engelse klasse aan te bied. Die skool se bevolkingsamestelling het daarna vinnig verander. Die feit dat wit Afrikaanse leerlinge nou 'n minderheid by die skool was, het daartoe gelei dat die wit ouers hul kinders weggeneem het en so ver as Stellenbosch en die Paarl gaan registreer het.

In *Rapport* (6 November 2005) doen Heindrich Wyngaard 'n beroep op bruin mense om hul toewyding tot die stryd om Afrikaans prakties te demonstreer. Hy sê dat dit nou tyd is dat “bruines moet voorloop oor taal”. Volgens Wyngaard sal daar steeds agterdog binne bruin geleedere jeens die motiewe van die wit Afrikaanssprekendes bestaan, naamlik dat bruines slegs nadergetrek word om getalle aan te vul. Na die onlangse “helpmekaar” uitlatings van prominente wit kommentators word bruines egter, volgens Wyngaard, gedwing om 'n nuwe standpunt in te neem. Bruin deelname aan die taalstryd kan positiewe gevolge vir bruines inhou. Indien die Universiteit van Stellenbosch byvoorbeeld Afrikaans kan bly, kan dit die skokkend lae persentasie bruin mense wat tersiêre opleiding ontvang, verhoog. Bruin mense het nou die geleentheid, volgens Wyngaard, om nie net die leiding te neem nie, maar om ook die taaldebate in 'n ander rigting, naamlik inklusiwiteit, te stuur.

Uit die beskikbare rekords vir die tydperk 1994 tot 2005 kan afgelei word dat demonstrasie as instrument van taalaktiwisme wel gebruik word. Dit word grootliks deur politieke groepe uit die Afrikataalsprekende gemeenskap gebruik en wel om Afrikaanse skole te dwing om swart leerders tot hierdie skole toe te laat en om hul taalbeleide te verander om vir Engels as medium van onderrig voorsiening te maak.

5.2.6. Litigasie

Tien gevalle van litigasie is vir die tydperk in die media gedek. Litigasie as instrument word in die volgende gevalle gebruik: die PWV-wetgewer; die Hoërskool Ben Viljoen en Laerskool Potgietersrus; die Laerskool Danie Malan; Laerskool Middelburg; nog ander skole onder meer in Pretoria en aan die Oos-Rand; Hoërskool Elsburg in Germiston; die Laerskool Doornfontein; die Laerskool Mikro; die Kuruman-skole; Hoërskool Kalahari en die Hoër Landbouskool Jan Kempdorp. Ander rekords verwys na die wenslikheid en reg van skole om hulle tot litigasie te wend ten einde hul reg tot moedertaalonderrig te beskerm.

Drie verskillende rekords (*The Citizen* van 3 Desember 2003, *Pretoria News* van 3 Desember 2003 en *Pretoria News* van 5 Desember 2003) berig dat die Laerskool Danie Malan op regsaksie teen die Gauteng Departement van Onderwys besluit het nadat die skool gedwing is om Engelse leerders ten koste van Afrikaanse leerders in te neem. Die skool is volgens mnr. Louwrens Riekert, voorsitter van die beheerraad, deur die Departement van Onderwys gedwing om 23 Afrikaanse leerders weg te wys en 9 Engelse leerders te aanvaar. Dit het gebeur ten spyte van die beheerliggaam se besluit om nie meer Engelse leerders in te neem nie, omdat die nasionale teiken van een onderwyser tot 40 leerders reeds bereik is. Die beheerraad was dus van mening dat die Departement van Onderwys se opdrag aan hulle 'n oortreding van die gees van die Grondwet, die doelwitte van die Suid-Afrikaanse Skolewet sowel as die skool se toelatingsbeleid was. Die beheerraad glo dat hulle geen keuse gelaat is nie, maar om hulle as 'n laaste uitweg tot die hof te wend. Hulle doen dit nadat ander pogings om tot 'n vergelyk te kom misluk het. Die skool steun ook, volgens die berig, op 'n vorige uitspraak deur regter Eberhardt

Bertelsmann wat ten gunste van Laerskool Middelburg teen die Mpumalanga Departement van Onderwys beslis het dat 'n enkelmediumskool nie gedwing mag word om anderstalige leerlinge in te neem terwyl daar ander skole in die distrik is wat vir sodanige leerlinge voorsiening kan maak nie.

Rapport van 7 Desember 2003 berig dat verskeie ander skole, onder meer in Pretoria en aan die Oos-Rand, ook in dispute met die Departement van Onderwys gewikkel was. Die berig maak ook melding van die hofsaak tussen die Hoërskool Elsburg in Germiston en die Departement van Onderwys nadat die skool deur die betrokke Departement gedreig is dat hulle van voorneme was om 'n Engelsmediumskool op die terrein van die Hoërskool Elsburg op te rig. Dié saak het voor die Johannesburgse hooggeregshof gediën. In beide hierdie gevalle het die nuut-gestigte Trust vir Afrikaanse Beheerliggame vir Onderwys en Kultuur (Tabok) ondersteuning aan die skole gebied.

Beeld van 11 Mei 2004 berig oor die gedwonge samesmelting tussen die Afrikaanse Laerskool Doornfontein (met slegs agt wit leerders) en die Engelse Mphemphe Primary School (met slegs 31 swart leerders). Tabok het in die geval 'n dringende interdik teen die Departement van Onderwys aangevra. Die hooggeregshof in Pretoria het in die hofsaak wat hieruit voortgespruit het, die Limpopo Departement van Onderwys beveel om die Laerskool Doornfontein se status as Afrikaanse skool te herstel (*Rapport*, 16 Mei 2004).

Verskeie rekords verwys na die hofstryd tussen die Laerskool Mikro en die Wes-Kaapse Departement van Onderwys sowel as na die hofstryd tussen die Kuruman-skole en die Noord-Kaapse Departement van Onderwys. In die Kaapse hooggeregshof het regter Wilfred Thring ten gunste van die Laerskool Mikro beslis. Hy het onder meer gelas dat die toelating van 21 Engelssprekende Graad 1 leerlinge by Mikro tersyde gestel word. Voorts het die regter aan die Wes-Kaapse Departement van Onderwys en sy Minister van Onderwys, mnr. Cameron Dugmore, opdrag gegee om geskikte permanente plasing vir die betrokke leerlinge by 'n ander skool te kry. Die regter het ook Dugmore en sy Departement se amptenare verbied om onwettig betrokke te raak by die beheerraad se

bestuur van die skool. Regter Thring het verder gesê dat enige persepsie dat 'n enkelmediumskool 'n struikelblok is in soverre dit help om die vorige diskriminasie te oorbrug, ongeldig is en het ook toegegee dat moedertaalonderrig 'n kragtige wapen is om opvoedingsgeleenthede na alle Suid-Afrikaners uit te brei. Die Wes-Kaapse Departement van Onderwys het egter te kenne gegee dat hulle die saak op appèl na die Konstitusionele Hof sou neem (*Rapport*, 20 Februarie 2005).

Rapport van 15 Mei 2005 berig oor die hofsaak in die Kimberleyse hooggeregshof tussen die drie skole, Hoërskool Kalahari en die Laerskool Seodin in Kuruman en die Hoër Landbouskool Jan Kempdorp, en die Noord-Kaapse Departement van Onderwys en sy LUR van Onderwys, mnr. Archie Lucas. Volgens die berig voer die skole aan dat die LUR van Onderwys strydig met bepalings in die Grondwet opgetree het omdat hy besluit het om dubbelmediumonderrig in die skole af te dwing. Die staat het in sy verdediging aangevoer dat die LUR van Onderwys geen versteekte politieke agenda in sy besluit gehad het nie. Volgens die Departement moet alle bronne gebruik word om ongelykhede van die verlede en alle vorme van diskriminasie uit te skakel. Nadat die LUR uitgevind het dat daar plek is in die drie skole terwyl die ander skole in die omgewing oorvol was, moes hy dié ongelykheid regstel. Hy het ook nie geld gehad om klaskamers by die oorvol skole aan te bou nie.

Een van die rekords meld die gebruik van die hof om uitsluitel te gee oor taalsake en in hierdie geval oor die taaltoekoms van Afrikaanse skole. Dit spruit voort uit 'n ontwerpvoorstel oor die toelatingsvereistes vir skole in die PWV-gebied. Hierdie voorstel, wat tot groot ontsteltenis in Afrikaanse onderwyskringe gelei het, het onderwysleiers laat voorspel dat 'n toetsaak by die Konstitusionele Hof onafwendbaar is. Z.B. Du Toit (*Rapport*, 6 November 1994) noem dit 'n historiese geding omdat dit moontlik die eerste saak sou wees wat in die nuwe bedeling na die Konstitusionele Hof verwys sou word. Hierdie moontlike saak spruit uit die botsende vertolkings van die Grondwet enersyds deur die ANC en andersyds deur Afrikaanse onderwyslui. Prof. Koos Steyn, direkteur van die Transvaalse Onderwysvereniging verwyt die ANC-beheerde Regering van Nasionale Eenheid daarvan dat hulle 'n bepaalde vertolking aan die

Grondwet heg wat hulle pas. Hierdie saak moet volgens Steyn as weerstand teen die regering en hul eensydige interpretasies dien.

In *Die Patriot* (25 November 1994) argumenteer advokaat Fanie Jacobs dat Afrikaanse skole die reg het om hul Afrikaanse status te behou. Hy het dit by die Volkskongres oor Onderwys verklaar waar hy om 'n regsmeening gevra is oor die regte wat die huidige Grondwet aan Model C-skole en hul bestuursliggame bied. Advokaat Jacobs is van mening dat die status van bestaande skole nie sonder die medewerking van die ouers en bestuursliggame verander kan word nie. Indien so 'n verandering wel plaasvind het ouers die reg om dit voor 'n geregshof te laat toets. Met verwysing na die vrees dat onderwysers hul werk sal verloor indien sekere kwotas nie bereik sou word nie, wys hy daarop dat Artikel 27 (1) van die Grondwet onderwysers teen onbillike arbeidspraktyke beskerm. Bestuursliggame sowel as onderwysers kan hulle ook om regshulp tot Artikel 7(4)(a) wend.

Die Patriot (22 September 1995) berig dat 'n hofbevel op die laaste dag van die PWV-wetgewer dié wetgewer verbied het om met die omstrede onderwyswet van Mary Metcalfe voort te gaan. Die aansoek om die geding is deur ds. Sarel Cilliers, ondervoorsitter van die Afrikaner-Kultuurbond ingedien. Die betoog wat voorgehou is, is dat die wetgewing wat deur die PWV-wetgewer voorberei is, in stryd is met die Grondwet wat bepaal dat die status van Afrikaans nie in die gedrang mag kom nie en dat die posisie van dié taal moet bly soos dit was voor die inwerkingstelling van die Tussentydse Grondwet. Die betekenis van die suksesvolle hofaansoek was dat Afrikaans weer in wette sou verskyn, en alle amptelike skrywes Afrikaans moes erken en gelyk behandel. Die hofsaak sou ook vir ander provinsies as riglyn dien.

In die Gautengse Wetgewer is 'n versoekskrif wat deur opposisiepartye onderteken is aan die speaker oorhandig wat hom verplig het om die wetgewing aan die Konstitusionele Hof voor te lê sodat die hof kon besluit oor die grondwetlikheid van onder meer die verpligte taalvaardigheidstoetse as voorvereiste vir skooltoelating. Hierdie partye, wat minderheidsgroepe in die wetgewer verteenwoordig, wil graag die afskaffing van die

toelatingstoetse teenstaan, maar beweer dat dit nie gedoen word om aparte skole te handhaaf nie. Die afskaffing van die toetse sal in werklikheid volgens hulle hul reg om “(to) establish, where practicable, educational institutions based on a common culture, language or religion, provided that there shall be no discrimination on the grounds of race” teenwerk. Mary Metcalfe, vir die regering, beweer egter dat die gebruik van hierdie toetse nie noodsaaklik is om die bestaan van skole, gebaseer op gemeenskaplike taal en kultuur, te verseker nie. Saam met litigasie wat deur pro-Afrikaanse groepe in die gevalle van die skole Ben Viljoen en Potgietersrus gebruik is, maak dit hierdie instrument een van die mees gebruikte instrumente vir 1996.

Mnr. Louis Smuts, sameroeper van Tabok, sê dat belanghebbendes by Afrikaanse skole wat bedreig voel, waarskynlik geen ander weg het nie as om hulle tot die Konstitusionele Hof te wend. Hy sê verder dat iets dringend gedoen sal moet word om die stand van onderrig in Afrikaans reg te ruk. Tabok is van voorneme om kragte met die vakbond Solidariteit saam te snoer, wat die administrasie van die trust sal behartig. Hulle wil 2 500 Afrikaanse skole en twee Afrikaanse universiteite terughê, sê Smuts. Smuts sê verder dat Tabok hom nie net vir die insameling van geld vir hofsake gaan beywer nie, maar dat hulle hul ook vir Afrikaanse onderwys en kultuurontwikkeling gaan beywer (*Beeld*, 8 Desember 2003).

Uit die databasis van rekords word dit duidelik dat litigasie toenemend as voorkeurinstrument van aktivisme beskou word. Sewe van die tien voorbeelde van litigasie vind in die laaste drie jaar van die tydperk wat deur die studie gedek word, plaas. Litigasie word deur skoolbeheerrade uit die Afrikaanse gemeenskap veral ter beskerming van Afrikaanse skole teen die toestroming van Afrikataalsprekende leerders na hierdie skole gebruik.

5.2.7. Geweld

’n Analise van die databasis toon dat agt gevalle van geweldpleging as instrument van taalaktivisme vir die tydperk 1994 tot 2005 in die gedrukte media geïdentifiseer is. Dit

behels geweldpleging v^{ir}, sowel as t^{één}, die gebruik van Afrikaansmoedertaal-onderrig in voormalige wit skole.

The Cape Times van 20 Februarie 1995 berig dat geweld by die Hoërskool Ruyterwacht in die Wes-Kaap uitbreek het. Volgens die berig het konflik tussen die wit en swart gemeenskappe uitbreek en selfs ’n petrolbomaanval is op die skool geloods. Die rekord meld dat wit inwoners in die Ruyterwacht-woonbuurt gewelddadig teen die teenwoordigheid van duisende swart leerders op die skoolterrein opgetree het. *Volksblad* van 1 Mei 1996 berig oor geweldpleging by die Hoërskool Trompsburg in die Vrystaat. Volgens die berig is swart leerders wat deel was van ’n demonstrasie om toelating tot die Hoërskool Trompsburg te verkry, met sambokke en pikstele deur ouers uit die wit gemeenskap, wat die skool Afrikaans wou hou, aangeval. Daarna is “’n spoor van verwoesting met klipgooiery en petrolbomme in die dorp agtergelaat” deur die terugvallende swart leerders. *Rapport* (5 April 1998) berig oor hernude onluste in Vryburg deur swart leerders en ouers vir oopstelling van die Hoërskool Vryburg.

Verskeie mediarekords dui op dreiging met geweld, intimidasie en/of waarskuwings teen die gebruik van geweld as instrument van taalaktiwisme. *Die Patriot* (20 Januarie 1995) berig dat ds. Gerber van die KP die regering dreig dat indien moedertaalskole nie behoue bly nie, “lede van die publiek tot die punt gedryf (sal) word waar hulle die reg in eie hande (sal) neem en dat dit afgryslike gevolge vir die land (kan) inhou”. *Beeld* (20 Januarie 1997) berig van intimidasie of dreiging met geweld wat te Elandsrivier naby Cullinan voorgekom het. Hier het die ouers van Steenkampskool die skoolhoof geïntimideer om die hoofsaaklik Sothosprekende kinders tot die Afrikaanse skool toe te laat. *Volksblad* (15 Januarie 1997) berig dat die *Concerned Parents’ Association* gedreig het dat hulle klasse by die Laerskool Tzaneen en die Hoërskool Ben Vorster met geweld sal ontwig indien Engels nie as medium van onderrig gebruik sou word nie. In die Wes-Kaap het Cosas met massa-optrede om die Wes-Kaap onregeerbaar te maak gedreig indien die Laerskool Mikro se taalbeleid nie sodanig verander word dat dit voorsiening sou maak vir Engelsonderrig nie (*Beeld*, 15 Julie 2005).

Mediarekords wat op waarskuwings teen die gebruik van geweld as instrument van taalaktiwisme dui, is die volgende: *Die Burger* (30 Junie 1994) berig dat Franklin Sonn, toe voorsitter van KPO, op 'n konferensie van die organisasie waarsku teen die gebruik van geweld as metode om onderrigtaalkeuse in skole te af te dwing. Hierdie kongres van die KPO vind in 'n tydperk plaas toe veral Afrikaanse (ook bruin) skole onder druk was om hul taalbeleide ten gunste van Engels te verander.

Prof. J.C. Steyn waarsku in sy rubriek in *Die Volksblad* van 5 Oktober 1994 dat die beweging van skole in die PWV-gebied, waarheen groot getalle swart leerlinge gelok is om onderwyserposte in die skole te behou, tot 'n 1976-situasie aanleiding kan gee. Hy noem, volgens die rekord, dat dit waarskynlik kan gebeur dat swart leerlinge teen Afrikaans ten gunste van Engels vir almal kan agiteer en dat hulle dit kan doen deur middel van gyseling, vandalisme, afbrand van skole en dergelike metodes.

Geweld sowel as dreiging met geweld as instrument van taalaktiwisme word deur beide die Afrikaanse as Afrikataalsprekende gemeenskappe gebruik. Die doel van die aksies verskil egter. Terwyl die Afrikaanse gemeenskap agiteer vir Afrikaansmoedertaal-onderrig is die primêre doel van die swart gemeenskappe die oopstel van voormalige Afrikaanse Model C-skole en onderrig deur die medium van Engels.

5.3. Bespreking

Die bevindinge van die studie word aan die hand van die volgende teoretiese skema bespreek. Hierdie skema is ontwikkel aan die hand van die teoretiese insigte soos in Hoofstuk 2 bespreek.

5.3.1. Politieke agtergrond van die tydperk as rede vir die aktivisme

Die politieke agtergrond word bespreek aan die hand van die beskouing van aktivisme as enige bewustelike aksie wat daarop gemik is om verandering te bewerkstellig. Hierdie verandering kan sosiaal of polities wees. Schugurensky (2007:1) beskryf aktivisme as

enige bewustelike aksie, individueel of kollektief, wat die skep van 'n beter wêreld ten doel het. Dit is 'n wêreld waar elke burger tot sy volle potensiaal kan ontwikkel en wat gekenmerk word deur demokrasie, vrede, regverdigheid en vooruitgang. 'n Gemeenskap wat toegewyd is aan die beginsels van demokrasie, moet volgens Tollefson (1991:211) ook bereid wees om homself te beywer vir taalregte. Martel (1999:47) meen dat taalregte-aktivisme in werklikheid onafwendbaar en noodsaaklik is in die demokratisering van 'n veeltalige land.

Die resultate van die ondersoek toon dat kort na die aanbreek van die nuwe Suid-Afrikaanse demokratiese bestel in 1994 daar nog groot onsekerheid oor die posisie van moedertaalonderrig in skole bestaan het. Veral na die bekendmaking van die Hunter-verslag in 1994 voel Afrikaanse onderwysleiers dat die “rooi ligte vir Afrikaanse skole flikker” (*Rapport*, 3 September 1995). Die verslag verklaar onomwonde dat staatskole met 'n bepaalde godsdienstige, kulturele of taalidentiteit nie as grondwetlik beskou word nie. Dit het Afrikaanssprekers oor die algemeen, meer as ander taalgroepe, laat vrees dat hul taalregte ten koste van Engels afgeskaal sal word. Tog was daar hoop dat die nuwe Grondwet, die Suid-Afrikaanse Skolewet en taal-in-onderwysbeleid wat moes volg, moedertaalonderrig sou verseker. Die aktivisme wat ontstaan het, word dan op 'n verandering van hierdie onsekere situasie gerig. Die resultate van die ondersoek toon dat die dokumentering van aktivistiese optrede skerp van 31 gevalle in 1994 tot 45 gevalle in 1996 styg. Hierdie styging kan in verband gebring word met die wyse waarop taalbewuste sprekers op 'n toestand van onsekerheid reageer. Henderson en Jeydel (2007) stel dit dat sosiale bewegings uit gemeenskappe se reaksie tot 'n grootskaalse versteuring in die alledaagse lewe ontstaan (in Suid-Afrika se geval is dit die aanbreek van die nuwe demokratiese bestel in 1994). As gevolg hiervan word aktivistiese organisasies gevorm wat, volgens Henderson en Jeydel, op so 'n gemeenskap se sielkundige reaksie tot die versteuring gebaseer is, sowel as pogings om tot relatief normale toestande terug te keer. So byvoorbeeld ontstaan sosiale bewegings na oorloë of ekonomiese depressie.

Na gelang van die fokus van die gedrukte media kan die tydperk 1994 tot 2005 breedweg in drie tydperke verdeel word. Dit is die tydperk wat strek vanaf 1994 tot 1997 waarin 'n

skerp toename in aktivistiese aktiwiteite gedokumenteer is. Die bepalende moment gedurende hierdie tydperk was die aanbreek van die nuwe demokrasie in 1994 met die onsekerhede wat daarmee gepaard gegaan het, die aanvaarding van die nuwe Grondwet (Wet 108 van 1996) en die beleidsontwikkelinge rakende onderwys wat in 1997 plaasgevind het. Dit is eerstens, die aanvaarding van die taal-in-onderwysbeleid en tweedens, die inwerkingstelling van *Kurrikulum 2005*. Die grootste deel van die taalaktivistiese inisiatiewe wat uit hierdie tydperk opgeteken is, handel oor pogings van opponerende groepe om tydens die voorbereiding van die nuwe regering se taal-in-onderwysbeleid van hulle te laat hoor. Hier speel Afrikaanse politieke partye sowel as Afrikaanse taalregtebewegings uit die burgerlike samelewing 'n belangrike rol. Hoofsaaklik politieke partye en polities-geaffilieerde groepe uit die Afrikataalsprekende gemeenskappe is ook prominent in hul strewe na gehalte-onderwys deur middel van toegang tot voormalige Model C-skole en Engels as medium van onderrig.

Die tydperk word deur 'n afname in aktivistiese aktiwiteite vanaf 1998 tot 2001 gevolg. Daarna volg die tydperk 2002 tot 2005 met 'n oplewing in aktivistiese aktiwiteite. Hierdie toename in aktivisme kan toegeskryf word aan die reaksie vanuit Afrikaanse geleedere op hernude druk vanuit regeringskringe en Afrikataalsprekendes op Afrikaanse skole, en nou ook op Afrikaanse universiteite, om hul taalbeleide te verander sodat dit voorsiening kan maak vir Engels as medium van onderrig. Aktivisme vanuit Afrikaanse geleedere gaan veral oor die verskansing van Afrikaans op die saamgesmelte universiteitskampusse. Die Wes-Kaapse universiteite, spesifiek die Universiteit van Stellenbosch, tree in hierdie tydperk op die voorgrond. Dit is in ooreenstemming met Blommaert (1999:425) se beskouing van die geskiedenis van taal as die geskiedenis van die mense wat dit gebruik, manipuleer, skep en benoem. Volgens Blommaert (1999:425) vind die patrone waarin die menslike ingryping plaasvind nie deurlopend plaas nie. Blommaert stel dit soos volg:

“there are crucial moments in history during which languages become targets of political, social and cultural interventions, and there are moments in which very little in the way of drama and crisis seems to happen. There are slow movements and rapid movements, periods of

intense activity and periods of flow, periods of production, of establishment, of consolidation, of challenge and decay”.

Historiese patrone in taalgebruik, taalontwikkeling en ideologie wat taal beïnvloed is volgens Blommaert gekompliseerd, gefragmenteerd en meervlakkig. Elke moment van taaldebate en taalstryd, soos dit oor die verloop van die geskiedenis van ’n taal manifesteer, is nou verweef met, en ontwikkel teen, die agtergrond van vorige ontwikkelings oor ’n langer tydperk.

5.3.2. Aktivistiese agente/organisasies betrokke

’n Taalaktivis sal volgens Florey (2008:9) iemand wees wat energieke aksie op kwessies rakende taalontwikkeling rig. ’n Taalaktivis inisieer aksies of aktiwiteite ter ondersteuning van ’n taal en sprekersgemeenskap. Schugurensky erken egter ook dat daar ’n ander tipe aktivisme bestaan wat in die teenoorgestelde rigting beweeg. Hy noem eersgenoemde sosiaal-regegeoriënteerde aktivisme of aktivisme vir demokrasie. Volgens du Plessis (2006:75) moet daar tussen taalaktivisme en taalregte-aktivisme onderskei word. Taalaktivisme het volgens Steyn (1980:74) en later Du Plessis (1986) selde te make met taal as sodanig, en het eerder te make met die rol van ’n politieke of taaldrukgroep. In die geval van taalregte-aktivisme, poog rolspelers om verandering in sosiale praktyke, ideologieë en strukture wat ’n invloed op die handhawing en ontwikkeling van taalgemeenskappe het, te bewerkstellig.

Taalaktivistiese bewegings sluit volgens Okano (2006:263) in: plaaslike politieke groeperinge, professionele onderwyspraktisyns, ouers, studente en ander minderheidsgroeperinge. Uit die resultate is die volgende bewegings uit Afrikaanse geledere geïdentifiseer: politieke partye (Afrikaner Eenheidsbeweging (AEB), Demokratiese Alliansie (DA), Nasionale Party (NP), Konserwatiewe Party (KP) en die Vryheidsfront (VF)); Afrikaner nasionalistiese- en kulturbewegings (Afrikanerkultuurforum, Afrikaner Volkswag, Afrikaner Bond (AB), FAK, Federasie van Rapportryerskorpse, Tussentydse Afrikanerberaad en die Volkstaatraad); taalbewegings

(Behou Afrikaans Belangegroep, Die Vriende van Afrikaans, FAK, Groep van 63, Meertaligheidsaksiegroep, Stigting vir Afrikaans, Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA), Taakgroep vir die Bemagtiging van Afrikaansgebruikers op Televisie, Taalsekretariaat, TABEMA en die Vereniging van Regslui vir Afrikaans); vakbonde en ander onderwysverenigings (Akademie vir Wetenskap en Kuns, Aksie Hoër Onderwys, Federasie van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), Kaaplandse Professionele Onderwysersunie, MWU-Solidariteit, SAOU, Suid-Afrikaanse Federasie van Staatsondersteunde Skole (Safsos) en die Transvaalse Onderwysersunie); bewegings uit die sakewêreld sowel as uit die landbou (Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) en die Suid-Afrikaanse Landbou-unie).

Vanuit die Afrikataalsprekende gemeenskap is dit volgens die beskikbare mediarekords hoofsaaklik politieke bewegings wat hul met taalaktiwisme bemoei. Aktiwiteite van die volgende bewegings word belig: politieke partye en ander politieke organisasies (*ANC, South African National Civics Organisation*); en onderwysverwante organisasies (*Congress of South African Students* en die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie). Volgens die onderskeid tussen taalaktiwisme en taalregte-aktiwisme van Steyn (1980) en Du Plessis (1986) asook van Annamalai (1986) kan bewegings soos hierdie wel as taalbewegings beskou word, maar hul aksies is nie daarop gerig om verandering in sosiale praktyke wat 'n invloed op die handhawing en ontwikkeling van taalgemeenskappe het, te bewerkstellig nie. Bogenoemde bewegings dien eerder as politieke en taaldrukgroepe wat die pro-Engelse *status quo* in Suid-Afrikaanse onderwys wil beskerm ten einde toegang tot voormalige Afrikaanse skole te kry. Hierdie bewegings is gekant teen taalregtebewegings wat hulle vir moedertaalonderrig binne 'n demokratiese bestel beywer.

Die mediarekords toon dat taalbewegings (*Eastern languages Action Committee, Eastern Languages Union, Institute of Indian Languages* en die *National Council for Eastern Languages*), sowel as kultuur en godsdienstige bewegings (*Natal School Grantees' Association, SA Tamil Federation* en die *South African Hindu Maha Sabha*) uit die

Indiërgemeenskap hulle vir die voortbestaan van die Oosterse tale in die skoolkurrikulum beywer.

5.3.3. Aksies van die aktivistiese agente

Hoewel, volgens Schugerenski, die woord aktivisme beelde van protesaksies, demonstrasies, geweldpleging, traangas, burgerlike ongehoorsaamheid, konfrontasies en botsings met die polisie en weermag laat opduik, is dit nie noodwendig die aksies van taalbewegings nie. Hierdie bewegings het in ooreenstemming met wat Martel (1999:47) beskryf elk sy “eie gebruik van die wet as instrument van verandering en sy eie vermoë of onvermoë om magswanbalanse te neutraliseer”. Die groot toets vir taalaktivisme is volgens Martel dat dit oor die vermoë moet beskik om gemeenskappe te bemagtig. Insiggewend is egter die groot aantal aktivistiese taalgroepe binne die Afrikaanse gemeenskap (en ook binne die Indiërgemeenskap), veral in vergelyking met die groepe binne die Afrikataalsprekende gemeenskap, waar hoofsaaklik politieke partye en ander politieke gebaseerde groepe aan die werk is. Volgens die betoog van Manuel Castells (1997) kan die oplewing in taaldruk-groepe binne die Afrikaanse kringe en dan ook binne Indiërkringe as ’n oplewing van nasionalisme verklaar word juis as gevolg van die waargenome druk op die taal en kultuur van die twee groepe en die verlies aan politieke mag van die Afrikaner. Nasionalistiese bewegings is volgens Castells (1997:81) grootliks taalgebaseerd en die voortbestaan van die groep word kragtens die stand van sy taal gemeet. Die Afrikataalsprekende gemeenskap daarenteen het na 1994 politieke mag verkry en kanaliseer hul strewe na gehalte-onderwys deur toegang tot voormalige wit skole en Engels as medium van onderrig deur hul politieke organisasies.

Die databasis van rekords belig die aktiwiteite van die belangrikste agente of aktivistiese bewegings. Al die instrumente van taalaktivisme word aangewend, maar wel in ’n wisselende mate deur die verskillende groepe vir of téén moedertaalonderrig. Dit is in ooreenstemming met Martel (1999) se mening dat elke aktivistiese beweging sy eie

linguistiese doelwitte asook sy eie spesifieke streeks-, nasionale en internasionale dinamika het.

Die volgende tabel toon die voorkoms van taalaktiwisme volgens die instrumente ingespan vir die tydperk 1994 tot 2005

Tabel 17: Die voorkoms van taalaktiwisme volgens jaar en die instrumente gebruik

Instrumente van taalaktiwisme	94	95	96	97	98	99	00	01	02	03	04	05	Tot
Navorsing	0	1	1	1	0	0	0	0	0	1	3	2	9
Mediadekking	12	16	14	6	7	4	1	7	3	6	10	4	90
Taalklagtes	0	0	1	0	0	0	0	2	0	2	1	0	6
Skepping van drukgroepe (Lobbying)	4	1	9	4	4	1	1	0	0	1	1	2	28
Gemeenskapsmobilisering	<i>13</i>	<i>13</i>	<i>15</i>	<i>8</i>	<i>9</i>	<i>0</i>	<i>1</i>	<i>14</i>	<i>13</i>	<i>8</i>	<i>5</i>	<i>10</i>	109
Petisionering	1	1	4	1	1	0	0	0	1	1	0	1	11
Boikottering	1	4	2	1	1	0	0	0	0	0	0	1	10
Dreiging met litigasie	2	2	1	0	1	0	0	0	0	0	0	0	6
Druk op die massas	6	5	3	2	5	0	1	14	12	6	5	6	65
Demonstrasies	3	1	5	4	1	0	0	0	0	1	0	2	17
Litigasie	1	1	1	0	0	0	0	0	0	4	1	2	10
Geweld	1	1	4	0	1	0	0	0	0	0	0	1	8
Totaal	31	33	45	19	21	5	3	23	16	22	21	21	260

Gemeenskapsmobilisering in al sy verwerkliking staan uit as die instrument wat konstant oor die spektrum van die betrokke tydperk gebruik is. Met gemeenskapsmobilisering word 'n poging aangewend om verandering te bewerkstellig deur die massas te beïnvloed om 'n bepaalde doel te bereik. Die mag van getalle speel hierin 'n groot rol. Hierdie instrument verskil van drukgroepevorming as instrument aangesien dit meer konfronterend van aard is. Die skepping van 'n gemeenskaplike identiteit speel 'n belangrike rol in die sukses van die teikengroep (Barbour, 1998:196).

Beroepe tot gemeenskapsmobilisering as instrument van taalaktiwisme uit die Afrikaanse geleedere kan na gelang van die teorie van Mahapatra (in Annamalai, 1986:7) wat tussen reformisties- en oorlewingsgedrewe taalaktiwisme onderskei, in twee hoofkategorieë verdeel word. Hiervolgens sal oorlewingsgedrewe taalaktiwisme ingestel wees op die oorlewing van die groep en sal aktiwisme selektief gerig wees op die herstel van dit wat in die verlede vir die groep goed was. Reformisties-gerigte aktiwisme sal daarenteen geneë wees tot verandering en invloed van buite die groep. Hierdie groep ontstaan onder meer as gevolg van kontak met ander kulture. In die Suid-Afrikaanse opset is dit veral regsgeesinde groepe wat oorlewingsgedrewe optree.

Die model van die reformiste is volgens Mahapatra se klassifikasie meer inklusief van aard. Voorbeelde hiervan is die oproep van die SAOU in 1994 dat Afrikaanse groepe hulle moet vereenselwig met ander eendersdenkende organisasies wat probeer om Afrikaans op provinsiale en nasionale vlak tot sy reg te laat kom. *Beeld* (1994) doen 'n beroep op Afrikaanse taalaktiviste om oor taal en politieke grense heen vriende vir Afrikaans te maak. Die ATKV doen in 1996 'n beroep op Afrikaanse taalbewegings om hulle by ander groepe te skaar wat hulle vir moedertaalonderrig beywer, maar dat hulle hul ook vir moedertaalonderrig in ander Afrikatale sal beywer. Prof. Koos du Toit (1998) doen 'n beroep op Afrikaanssprekendes om Afrikaans as enigste werklik moderne Afrikataal te bemark, sowel as tweede taal van duisende swart mense, as taal van bemagtiging. Anastasia de Vries (in *Rapport* 2000) doen 'n beroep dat almal "wat hul brood en botter in en deur Afrikaans verdien" 'n bydrae tot die positiewe beeld van Afrikaans in die *townships* sal lewer. Prof. Albert Venter (2001) vra Afrikaanssprekendes om nie vas te val in wit agendas en neo-rassisme nie, maar om inklusief te wees in die stryd om Afrikaans weer tot sy reg te laat kom (*Die Burger*, 2001). Dr. Neville Alexander (2002) moedig pro-Afrikaanse moedertaalgroepe aan om in vennootskap met ander Afrikataalsprekers vir moedertaalonderrig te tree en daardeur te verhoed dat die Afrikaanse taalstryd op 'n kreeftegang gaan. Alexander (2004) doen ook 'n beroep op Afrikaanse taalaktiviste om deel van 'n kontinentale beweging vir die bemagtiging van Afrikatale te word, met Afrikaans as een daarvan, en om nie op 'n paternalistiese manier te beweer dat hulle vir alle tale stry, maar in werklikheid slegs oor Afrikaans begaan is

nie. Adriaan van Niekerk doen 'n beroep op alle politieke partye om hul kleinlike politieke verskille te los en Internasionale Moedertaaldag te gebruik om by die Nasionale Vergadering vir die instelling van moedertaalonderrig in alle Suid-Afrikaanse skole te betoog. *Rapport* (2002), met verwysing na Aksie Hoër Onderwys se gesprekke met min. Kader Asmal oor die behoud van Afrikaansonderrig aan die Universiteit van Stellenbosch, maan pro-Afrikaanse groepe om te waak teen neo-nasionalistiese en rasse-meerderwaardige uitsprake wat aan 'n "selfuitgeroepte Afrikanerstryd" herinner. Heindrich Wyngaard (2005) spoor bruin Afrikaanssprekendes aan om hul toewyding tot die stryd om Afrikaans prakties te bewys deur voor te loop vir Afrikaans.

Die beskikbare databasis van mediarekords dui daarop dat oorlewingsgerigte gemeenskapsmobilisering as instrument veral deur regse Afrikanergroepe gebruik is wat Afrikaanse skole ten alle koste soos wat dit voor die aanbreek van die nuwe demokrasie was, wou behou. Voorbeelde hiervan is die volgende: 'n Beroep word op die ouers op die Volkskongres (1994) gedoen om hulle teen die voorgenome inname van swart leerders in Afrikaanse skole te mobiliseer en te verset. Hierdie oproep word in 1996 herhaal en 'n beroep word op Afrikaanse ouers gedoen om hul kinders uit skole te onttrek waar sodanige skole verplig word om anderstaliges toe te laat. Christo Landman (1997) doen 'n beroep op Afrikanerouers om Christelike Volkseie Skole te stig ten einde die Afrikaanse taal en kultuur te beskerm. Beroepe word ook uit regse kringe gedoen om 'n saambindende Afrikaanse kultuurorganisasie tot stand te bring om stukrag aan pogings tot die beskerming en ontwikkeling van Afrikanerbelange te verleen (1998). Hierdie oorlewingsgerigte aktivisme vanuit regse geleedere stem ooreen met Castells se beskrywing van hedendaagse nasionalisme wat meer kultureel as polities gedrewe is. Die regsgeoriënteerde taalbewegings in Suid-Afrika streef dus die beskerming en handhawing van hul taal en kultuur binne die hedendaagse Suid-Afrika na.

5.3.4. Invloed van aktivisme vir die tydperk

Die invloed van taalaktivisme vir die betrokke tydperk is analiseer aan die hand van wat May (2004:48) en Du Plessis (2006:75) as die doel van taalaktivisme beskou. Wat die

geslaagdheid van taalaktiwisme betref redeneer May dat hoewel daar groter steun vir eentaligheid in die meerderheidstaal is, die doel van taalregte-aktiwisme steeds is “to influence, and if possible change the wider social, cultural and political processes that have seen the construction of, and distinction between, so called minority and majority languages in the first place”. May (2004:48) meen dat dit ’n formidabele taak is omdat die sosiale en politieke magte wat teenoor minderheidstale opgestel is, stewig gevestig is. Du Plessis (2006:75) stel dit dat die doel van taalaktiwisme is om ’n verandering in die sosiale praktyke, ideologieë en strukture wat die handhawing en ontwikkeling van taalgemeenskappe beïnvloed, te bewerkstellig.

Hiervolgens kan verskeie positiewe verwickelinge vir moedertaalonderrig uit die ontleding van die mediarekords oor taalaktiwisme vanaf 1994 tot 2005 geïdentifiseer word.

Die Volksblad van 16 Junie 1997 beskou die totstandkoming van die nuwe taal-in-onderwysbeleid van die Departement van Onderwys as die resultaat van taalaktiwisme wat reeds in die 1970s begin het. *Die Volksblad* (16 Julie 1997) lewer kommentaar op die moontlike faktore wat ’n invloed op die totstandkoming van die nuwe taalbeleid kon hê. Die koerant bespiegel byvoorbeeld oor die moontlikheid dat die weerstand en bloedvergieting in Soweto in 1976, wat die gevolg van die Nasionale Party se omstrede taalbeleid vir skole was, ’n rol in die uiteindelijke produk gespeel het. *Die Volksblad* beskryf ook die taalbeleid “as die resultaat van maande lange vertoë, versoekskrifte en onderhandelinge deur Afrikaanstalige belanghebbendes”. Gesien teen die agtergrond dat die Minister van Onderwys onder groot druk was van beide sy eie ondersteuners (vir groter toeganklikheid tot skole en dus Engelsmediumonderrig) sowel as van die Afrikaanse gemeenskap (vir die behoud van Afrikaanse skole en moedertaalonderrig), is dit betekenisvol dat die finale produk wyd aanvaar is.

’n Verskuiwing weg van die rigiede aandrang op Engels as medium van onderrig in alle skole is in die uitsprake van verskillende nasionale en provinsiale ministers van onderwys te bespeur. Dit kan beskou word as ’n teken dat ’n herbesinning oor die belang van

moedertaalonderrig besig is om pos te vat. *Die Burger* van 25 Februarie 2003 berig dat die Wes-Kaapse Minister van Onderwys, André Gaum, 'n taakspan aangestel het om aanbevelings oor die ontwikkeling van moedertaalonderrig in dié provinsie te maak. Volgens die rekord is skole in die Wes-Kaap die geleentheid gegee om insette op die voorgestelde taalbeleid vir laerskole te lewer. Mnr. André Gaum het hom ook voorts verbind tot 'n onderwys-taalmodel, op advies van dr. Neville Alexander, wat moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys in die eerste ses jaar van 'n kind se skoolloopbaan ondersteun. *Die Burger* van 12 November 2005 berig dat mnr. Cameron Dugmore, die opvolger van André Gaum as provinsiale Minister van Onderwys, hom ook daartoe verbind het dat sy Departement seker sal maak dat die Departement spesiale intervensies en beleid sal instel om die foute van die verlede oor taal in die onderwys re te maak. Die opening van 'n nuwe skool in die Wes-Kaapse woonbuurt Mitchell's Plain wat die opsie van moedertaalonderrig in drie tale aan leerders sal bied (*Cape Argus*, 13 Oktober 2005) dui op 'n praktiese wegbeweeg deur die provinsiale onderwysowerhede van die "foute van die verlede". Hierdie was die eerste poging vir die gebied en bied moedertaalonderrig in Afrikaans, Engels en Xhosa aan. Die Wes-Kaapse Minister van Onderwys het volgens die berig gesê dat die opening van die skool aan die Departement 'n geleentheid bied om sy taalbeleid van moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys te ontwikkel. *Saturday Star* van 7 May 2005 berig dat die Gautengse Departement van Onderwys bekend gemaak het dat hulle skoolbeheerliggame gaan toelaat om te bepaal watter tale in skole aangebied sal word. *Pretoria News* van 8 Junie 2005 berig dat die Premier van Gauteng, Mbazima Shilowa, in die wetgewer gesê het dat skoolbeheerliggame en ouers vry sal wees om te besluit watter taal die medium van onderrig in skole sal wees. Hierdie opvatting het ook weerklank gevind in 'n uitspraak deur die LUR vir Onderwys in Noordwes, eerw. O.J. Tselapedi. Volgens die LUR moet een Afrikataal in alle skole infaseer word. Dit is volgens hom in ooreenstemming met 'n besluit wat deur al nege provinsiale LURe geneem is. Hy sê volgens die rekord dat indien Afrikataalsprekende leerders hulle onderrig in hul moedertaal ontvang, hulle 'n beter kans het om suksesvol te wees. Hy glo egter dat die medium van onderrig as 'n proses hanteer moet word aangesien Afrikatale steeds ontwikkel moet word. *Die Daily Dispatch* van 8 Maart 2005 berig dat die Oos-Kaapse Departement van Onderwys die moontlikheid

ondersoek om matriekeksamenvraestelle in Xhosa te druk as een van die strategieë om die swak slaagsyfer te verbeter. Hierdie besluit is volgens 'n berig in *The Herald* van 11 Maart 2005 positief deur die ANC ontvang, wat by monde van sy hoofswep Sicelo Gqobana gesê het dat die taalkwessie reeds in die vroeëre fases van die skoolkurrikulum aandag moet kry.

In wat as 'n hernude besinning oor die rol van moedertaalonderrig in onderwys deur *Die Burger* van 27 Januarie 2004 beskryf word, erken die Minister van Onderwys, Kader Asmal, dat die afwesigheid van moedertaalonderrig 'n negatiewe invloed het op die uitslae van skole wat onderrig deur die tweede taal, naamlik Engels, aanbied. Die rekord beskryf hierdie erkenning as “'n onopvallende sinnetjie uit die mond van die Minister van Onderwys, mnr. Kader Asmal” wat verreikende gevolge vir moedertaalonderrig kan inhou. *Die Burger* van 19 Junie 2004 berig dat die Minister van Onderwys, Naledi Pandor, in haar begrotingsrede in die parlement gesê het dat tel, lees, skryf en moedertaalonderrig vir minstens die eerste drie skooljare, die fokuspunt van die Departement sal wees. Later dieselfde jaar berig *Die Burger* van 23 Oktober 2004 dat Pandor gesê het dat die Wes-Kaapse onderwysplan vir moedertaalonderrig van Graad R tot Graad 6 na ander provinsies uitgebrei sal word indien die Raad van Onderwysministers so besluit. *Beeld* van 17 Mei 2005 berig dat die Direkteur-Generaal van Onderwys, mnr. Duncan Hindle, erken het dat moedertaalonderrig onontbeerlik vir gehalte-onderrig is. Hy het gesê dat die verband tussen prestasie en moedertaalonderrig só sterk is dat dit nie geïgnoreer kan word nie. Hindle het sy wens uitgespreek dat leerders ten minste tot in die vierde skooljaar verplig moet wees om moedertaalonderrig te ontvang. Hy het verder gesê dat die gevoel so sterk is dat daar selfs 'n saak daarvoor uit te maak is om die keuse van die ouers weg te neem en dat die departement hierdie besluit afdwing.

In *Cape Times* (7 Junie 2005) skryf Cathleen Heugh dat die Minister van Onderwys se onlangse verwysings na taal in onderwys positief is omdat dit 'n beweging weg van die huidige duur, oneffektiewe en onvoldoende stelsel is. *Die Burger* van 12 Julie 2005 beskou die uitsprake van die Minister en die Direkteur-Generaal as 'n stap in die regte

rigting wat betref taal van onderrig en leer. Ook Hermann Giliomee deel hierdie gedagte (*Business Day*, 28 November 2005). Volgens Giliomee is die houding van Naledi Pandor en Duncan Hindle wat betref Afrikaans in skole baie meer akkommoderend as die van hul voorgangers.

5.3.5. Rol van die media

Die inligting tot dusver bespreek belig die belangrike rol van die gedrukte media as bron van inligting in die bestudering van taalaktiwisme as verskynsel in Suid-Afrika en in die besonder die verband met moedertaalonderwys. Hierdie rol van die gedrukte media is veral tersaaklik wanneer daar 'n oplewing in regtegebaseerde bewegings is (Munir, 2009), soos die geval blyk te wees in die tydperk onder bespreking. Groter bewuswording van menseregte en 'n wydverspreide regte-gebaseerde benadering tot dispuutoplossings en die beskerming van weerlose groepe en gemeenskappe, maak die rol van die media dan soveel belangriker.

Wat betref media-aktiwisme sê Munir (2009:1) dat die rol van die media noodsaaklik is in die verspreiding van inligting rakende beleidsontwikkeling wat 'n invloed op die lewens van gemeenskappe mag hê. Munir voer verder aan dat dit die media se rol is om gemeenskappe daaraan te herinner dat hulle 'n rol in beleidsontwikkeling moet speel. Die rol van die media in soverre dit taalgemeenskappe betref, is dus tweevoudig, naamlik om inligting oor te dra en om gemeenskappe tot deelname aan beleidsontwikkelingsprosesse te mobiliseer. Wat beleidmakers betref speel die media die rol van waghond en plaas druk op diegene in mag om 'n regtegebaseerde benadering in beleidsformulering en -implementering te volg. Zabaleta *et al.* (2010:205) bevind dat minderheidstaaljoernaliste in elk geval glo dat hulle 'n ondersteunings- en agiteringsrol binne die professionele joernalistiek het.

Gesien teen dié agtergrond toon die resultate dat dit veral die Afrikaanse gedrukte media was wat wyd rapporteer het rakende aktiwisme vir moedertaalonderrig en deur aktivistiese mediadekking druk op die regering uitgeoefen het om erkenning aan die reg

van taalgemeenskappe tot moedertaalonderrig te verleen. Die resultate toon dat hierdie aktivisme veral aangevuur is in reaksie op aktivisme uit die Afrikataalsprekende gemeenskappe vir toegang tot Afrikaanse skole en die verandering van taalbeleide in hierdie skole om voorsiening te maak vir Engels as medium van onderrig. 'n Ander dryfveer vir Afrikaanssprekendes was die algemene gevoel dat Afrikaans besig was om as gevolg van regeringsbeleide teenoor Engels veld te verloor.

Altesaam 90 gevalle van mediadekking wat aktivisties van aard is, kan vir die tydperk 1994 tot 2005 in die databasis geïdentifiseer word. Dit vorm 34,6% van die 260 gevalle van aktivisme wat vir die tydperk gedokumenteer is. Naas gemeenskapsmobilisering met sy vyf subkategorieë is dit dus die instrument wat die meeste gebruik is. Mediadekking wat gedurende die tydperk in die media neerslag gevind het, was daarop gemik om 1) Afrikaanssprekendes te waarsku dat die gety teen moedertaalonderrig besig is om te draai en dat die betrokke gemeenskap dus moet mobiliseer ter beskerming van hul regte; 2) die lesers van proteste en dreigende protesaksies deur taalgemeenskappe en taalorganisasies vir of téén moedertaalonderrig bewus te maak; 3) aktivistiese groepe aan te moedig om drukgroepvorming en onderhandeling as instrumente ter bereiking van die gewenste uitkomst te gebruik; 4) veral Afrikaanssprekendes aan te moedig om daadwerklik en georganiseerd op te tree ter bevordering van moedertaalonderrig; 5) Afrikataalsprekendes aan te moedig om te agitater vir die gebruik van Afrikatale as tale van onderrig en leer; en 6) oor agitatie vir die behoud van Oosterse tale in die skoolkurrikulum te rapporteer. Dit toon dat koerantredakteurs en joernaliste deeglik bewus is van die waarde van mediadekking en aktivisme.

5.4. Slotsom

Die resultate toon dat taalaktivisme wel binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap plaasgevind het. Hierdie aksies kan na verwys word as populêre aktivisme of mikrotaalbeplanning (Okano, 2006:263) en/of grondvlak (“grassroots”) taalbeleide (Hornberger, 1996). Kaplan en Baldauf (1997) beskou hierdie tipe aktivisme as taalbeplanning van onder (language planning from below) teenoor taalbeplanning van bo

(top-down) wat in die Suid-Afrikaanse geval aangevuur is deur bewindshebbers wat daarop ingestel was om Engels ten koste van al die ander minderheidstale te bevorder.

Twee hoofredes domineer die voorkoms van taalaktiwisme in Suid-Afrika vir hierdie tydperk. Eerstens, taalregte-aktiwisme vir moedertaalonderoerwys deur veral die Afrikaanstalige gemeenskap, en tweedens, taalaktiwisme vir Engelsonderrig, en dus die behoud van die *status quo*, wat Engels as taal van onderrig bevoordeel, veral deur die Afrikataalsprekende gemeenskappe. Die resultate toon ook die voorkoms van taalaktiwisme uit die Indiërgemeenskap wat op die behoud van die Oosterse tale in die kurrikulum van skole gemik is.

Daar kan tot die slotsom gekom word dat die verskynsel van taalaktiwisme volgens die ontleding hierbo wel wydverspreid oor alle taalgemeenskappe voorgekom het. Waar aktiwisme vir Engels as medium van onderrig as deel van 'n groter aktiwisme vir gehalte-onderrig en dus toegang tot voormalige wit Afrikaanse skole veral vanuit Afrikataalsprekende geleedere gevoer is, het Afrikaanssprekendes hul aktiwisme vir die behoud van Afrikaanse skole en moedertaalonderrig voortgesit.

Die analise toon ook dat hoewel taalaktiwisme steeds grotendeels oor oorheersing tussen Afrikaans en Engels as taal van onderrig en leer handel, daar wel tekens van 'n diskoersverandering oor moedertaalonderrig is. Afrikaanse kringe bied groter steun vir 'n inklusiewe benadering tot aktiwisme vir moedertaalonderrig, dus wyer as slegs vir Afrikaansmoedertaal-onderrig. Veral akademici uit Afrikataalsprekende geleedere spreek hul misnoeë uit oor die gebrek aan moedertaalonderrig aan swart kinders. Hierdie opvatting word ook toenemend in briewe deur lesers aan veral die Engelse koerante weergegee. 'n Groter ontvanklikheid vir die instel van moedertaalonderrig is ook in die uitsprake van regeringslui sowel as senior onderwysbeampies waarneembaar.

Hoofstuk 6 Samevatting en gevolgtrekkings

6.1. Inleiding

Die doel van die studie, soos in Hoofstuk 1 verduidelik, was om vas te stel watter rol taalaktiwisme by die herwaardering van die rol van moedertaalonderrig in Suid-Afrika, vir die tydperk 1994 tot 2005 speel. In hierdie hoofstuk word 'n samevatting van die navorsing gegee. Dit word gedoen deur die uitkomst van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek te integreer, wat 'n basis vir die aanbevelings verskaf.

Hierna volg nou 'n oorhoofse interpretasie van die navorsingsbevindings aan die hand van die aanvanklike navorsingsvrae. Dit word gevolg deur 'n bespreking van die beperkinge van hierdie studie. 'n Gevolgtrekking word gemaak, gevolg deur enkele aanbevelings vir verdere navorsing.

6.2. Oorsig van die navorsingsproses

Die studie is gedoen aan die hand van plaaslike, sowel as internasionale navorsing wat die belangrikheid van die rol van taalaktiwisme deur plaaslike gemeenskappe in die demokratiseringsproses van hul onderskeie lande beklemtoon. Hoofstuk 1 verskaf 'n algemene oorsig van die studie deur die behoefte vir hierdie ondersoek, wat op vorige navorsing rakende taalaktiwisme en moedertaalonderrig gebaseer is, te bepaal. Internasionale navorsing beklemtoon die belangrikheid van die rol van plaaslike gemeenskappe in die prosesse van taalbeplanning en taalbeleidsontwikkeling deur taalaktiwisme. Met die aanbreek van die demokratiese tydperk is die nuwe regering onder meer met twee uiteenlopende standpunte gekonfronteer: die Afrikaner wat ten alle koste Afrikaans en Afrikaanse skole wou behou, teenoor die Afrikataalsprekende gemeenskap wat aangedring het op toegang tot wit skole en Engelsmediumonderrig, en wat Afrikaans as instrument vir uitsluiting tot gehalte-onderrig wat in daardie stadium in die voormalige wit skole beskikbaar was, beskou het.

Die probleemvrae en die doelwitte van die studie is vanuit bogenoemde geformuleer.

Hoofstuk 2 verskaf 'n literatuuroorsig van taalaktiwisme en taalbeplanning, sowel as die rol van taalbewegings in die beïnvloeding van taalbeleid en uiteindelik die skep van 'n demokratiese taalbestel. Die doel van die hoofstuk is om ons begrip van taalaktiwisme as verskynsel te ontwikkel en die verband met taalbeplanning en taalbeleid te ondersoek. Die studie bou op die siening van Martel (1999) dat aktiwisme in werklikheid die hoeksteen van 'n demokrasie vorm omdat dit aan die ontmagtigdes 'n alternatiewe stem bied. Hoewel aktivistiese bewegings polities van aard is, streef dit gewoonlik, volgens Martel, nie na politieke mag nie, maar bied nuwe sosio-politieke modelle nader aan die solidariteit/harmonie/samewerkende punt van die verhoudingskontinuum. Die fundamentele doel van aktiwisme is dat dit tot die daarstelling van strukture vir 'n regverdiger sosiale bestel moet lei. Aktiwisme moet tot die bemagtiging van gemeenskappe binne 'n groter visie as hul eie plaaslike belange kan lei.

Verskeie omskrywings van, en benaderings tot, taalbeplanning is bespreek. Verskeie kenners, onder andere Kaplan en Baldauf (1997:196) poog om antwoorde te kry op die vrae oor wat taalbeplanning dan in werklikheid is, deur wie taalbeplanning gedoen word, en ook wie die ontvangers van taalbeplanning is. Volgens Hatoss (2006:290) is dit op die oog af eenvoudige vrae om te beantwoord, maar dit is in werklikheid moeiliker om die invloed van taalbeplanning te bepaal. Hatoss voer verder aan dat verskeie navorsers die effek van tradisionele bo-na-benede beplanning bevraagteken. Kaplan stel 'n ommekeer in die rol van regeringsinstansies voor: in plaas daarvan om bo-na-benede beleide (wat in elk geval nie werk nie) op gemeenskappe af te dwing, beklemtoon hy dit dat benede-na-bo bewegings uit die gemeenskappe 'n groter kans op sukses het.

Hoewel taalbeplanning en taalbeleidsontwikkeling tradisioneel as 'n objektiewe wetenskaplike aksie van bo (top-down) beskou is, meen Edwards (1985:89) dat die taalbeplanner nooit neutraal kan staan nie, omdat hy in die eerste plek aangestel is om hulp te verleen in 'n proses wat sosiale verandering teweeg wil bring. In dié opsig is taalbeplanning dus nie 'n geïsoleerde oefening nie, maar in werklikheid slegs 'n

instrument vir groter magte en is dit ook sekondêr tot basiese sosio-ekonomiese, politieke en kulturele strominge binne 'n samelewing. Eastman (in Edwards, 1985:90) glo dat taalplanne eerstens die produk van regerings is en dat taalbeplanners dan in opdrag van die regerings optree. Williams (2003:1) beskou taalbeplanning as 'n vorm van sosio-politieke intervensie. As sulks bevraagteken hy dus die siening van taalbeplanning as 'n objektiewe wetenskaplike oefening. Joseph (in Rajagopalan, 2007) ondersteun ook hierdie siening en stel dit selfs sterker, naamlik dat taal “political from top to bottom” is en verder dat taal “constitutively and hence indissociably political” is. Vir Joseph is taal dus nie polities van aard omdat dit op spesifieke geo-politieke belange reageer nie. Dit is polities omdat dit selfs in die generiese sin polities is.

Die rol van taalaktiwisme, as een van die kragte wat 'n samelewing nader aan demokrasie kan stuur, is bespreek. Omdat taal- en taalregte-aktiwisme deur linguistiese menseregte aangevuur word, is die begrip linguistiese menseregte onder die loep geneem. Aandag is aan die determinante van taalregteaktiwisme geskenk. Taalaktiwisme as determinant binne die groter taalbeplanningsproses, sowel as binne taal-in-onderwysbeplanning, is bespreek. Omdat taal- en taalregte-aktiwisme deur linguistiese menseregte aangevuur word, is ook op die definiëring van die konsep *linguistiese menseregte* gekonsentreer. Die totstandkoming van taalregteorganisasies, sowel as die rol wat sulke organisasies volgens internasionaal gedokumenteerde studies in die onderwys speel, is ondersoek. Die hoofstuk ondersoek ook die instrumente van taalaktiwisme soos deur Martel (1999) en later deur Du Plessis (1986) geïdentifiseer. Martel meen dat elke aktivistiese beweging sy eie linguistiese doelwitte asook sy eie spesifieke streeks, nasionale en internasionale dinamika het. Dit het elk 'n eie gebruik van die wet as instrument van verandering en 'n eie vermoë of onvermoë om magswanbalanse te neutraliseer. Die groot toets vir taalaktiwisme vanuit 'n etiese benadering is dat dit in staat moet wees om gemeenskappe te bemagtig. Hornberger (1998:454) redeneer dat taal- en taalbeleidsonwikkeling nie 'n outomatiese “concession of demand” is nie, maar eerder 'n kwessie van gebalanseerde beheer en 'n keuse tussen potensiële alternatiewe. Hornberger redeneer daarom dat dit uiters belangrik is dat taalminderhede bemagtig moet word om in hul eie belang die regte keuses te maak. Taalaktiviste as verteenwoordigers van minderheidstaalgroepe is die

beste geplaas om insette oor hul eie tale te lewer. Taalbeplanning moet dus nie as 'n monolitiese aktiwiteit van bo hanteer word nie, maar die belang van al die rolspelers in die linguistiese omgewing, waarvan taalaktiviste 'n integrale deel vorm, moet in ag geneem word. Indien nie, sal taalbeplanning 'n eensydige oefening van bo (top-down) wees.

Annamalai (1979:35) se definisie van taalbeplanning as “organized intervention to influence the nature and pace of language development”, som hierdie bespreking van taalbeplanning as 'n insluitende proses goed op. Dit is wyd in soverre die agent van beplanning daarin belangstel dat die beplanning nie tot 'n regering of 'n sentrale agentskap beperk moet wees nie. Dit is egter terselfdertyd eng omdat die doel van beplanning tot taalontwikkeling beperk moet word. In dié sin is taalbeplanning dus 'n instrument van sosiale ontwikkeling en/of verandering.

Uit bogenoemde bespreking kan ons tot die slotsom kom dat die bestuur van taal nie slegs 'n monolitiese aktiwiteit van bo is nie, maar dat dit die gesamentlike produk van die totale ekologie van die linguistiese omgewing is. Hierdie linguistiese ekologie sluit in: alle tale en taalgemeenskappe in die omgewing; die verskillende rolspelers (byvoorbeeld die regering, nie-regeringsorganisasies, taalaktiviste, en andere) sowel as die politieke, ekonomiese en sosiale omgewing waarin die verandering moet plaasvind.

Die totstandbringings van taalregtebewegings is een van die maniere waarop groepe op taalregte kan aandring. Te verwagte faktore om die voorkoms van taalregtebewegings te bepaal, is volgens Ishida *et al.* (2003:1) die volgende: 1) taaldiversiteit binne 'n land (D); 2) geletterdheidspeil (L); 3) bevolkingsgrootte (P); 3) nasionale inkomste as indeks van welvaart (G); sowel as 4) die bestaan van grondwetlike ondersteuning vir taalregte (C). Ishida *et al.* (2003:10) voer aan dat daar vier tipes voorwaardes vir die voorkoms van taalregtebewegings is. Elke tipe bevat hoofsaaklik die kombinasie G en D wat bewys dat die kombinasie van ekonomiese en linguistiese faktore taalregtebewegings in 'n land tot gevolg het.

In hierdie studie het bogenoemde as die verwysingsraamwerk gedien waarteen die teenwoordigheid, sowel as die rol wat taalaktiwisme in die herwaardering van die rol van moedertaalonderrig in Suid-Afrika vir die tydperk 1994 tot 2005 speel, ondersoek is.

Hoofstuk 3 beskryf die navorsingsontwerp en die -metodologie wat in hierdie studie gebruik is. Daar word ’n uiteensetting gegee van die stappe van dataversameling sowel as die interpretasie daarvan. Die metodologiese praktyk wat die studie onderlê kan binne ’n navorsingstegniek, bekend as inhoudsanalise, geplaas word. ’n Verduideliking word vir die keuse van die ontwerp verskaf en die voordele en nadele daarvan word bespreek. Daarna is die agtergrond tot die kernvraagstuk wat in die studie aan die bod kom bespreek, naamlik watter rol taalaktiwisme by die herwaardering van die rol van moedertaalonderrig in Suid-Afrika speel.

Hoofstuk 4 bied ’n oorsig van die voorkoms van taalaktiwisme as verskynsel in Suid-Afrika en hoe dit onder die verskillende taalgroepe oor verskillende historiese tydperke manifesteer. Dit dien ook as basis waarteen die analise wat in Hoofstuk 5 rakende taalaktiwisme en die invloed daarvan op die taal-in-onderwysbeleid vir die tydperk 1994 tot 2005 verstaan kan word. Hierdie hoofstuk is aangepak na gelang van die siening van Blommaert (1999:425) dat die “storie” van taal in werklikheid ’n storie van verskillende, teenstrydige, onharmonieuse praktyke is, wat deur identifiseerbare agente op spesifieke maniere en deur die gebruik van spesifieke instrumente uitgevoer is. Du Plessis (2003:99) stem saam wanneer hy redeneer dat indien ideologiese konflik as ’n belangrike impetus in taalbeleidsverandering beskou kan word, ’n benadering vanuit hierdie rigting belangrike insigte oor die ontwikkeling van taalbeleid in Suid-Afrika kan lewer. Die doel van die hoofstuk is om die impak van sodanige aktiwisme op beleid vas te stel.

Sedert 1652, met die Kaap onder beheer van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC), is taalbeleid ondemokraties deur diegene in die regering ontwikkel sonder inagneming van die taalvoorkeur van ander taalgroepe. Nederlands was toe die enigste amptelike taal. Dit is met die Britse bewindsoorname in 1795 beëindig toe die amptelike verengelsingsbeleid gevolg het. Hierdie tydperk het die lang en uitgerekte taalaktiwisme

vir die ontwikkeling en bevordering van Afrikaans as onderrigtaal binne die inperkende beleid van verengelsing ingelei. Dit het selfs deels tot van die grootste momente in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelei, naamlik die Groot Trek, die Anglo-Boereoorlog en later die Soweto-opstand. Dit was veral binne die geledere van die Afrikaner dat aktivistiese taalbewegings soos die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA), die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA), die Kaapse Afrikanerbond (KAB), die Eerste Afrikaanse Taalbeweging (EAT), die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (TAT), sowel as die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging (CNO) 'n groot rol gespeel het.

Aan die einde van die hoofstuk word dit reeds duidelik dat die taalstryd van die Afrikaner nou verweef was met sy stryd om selfbehoud en politieke oorlewing. Gedurende die tydperk tot 1948, met die bewindsoorname van die Nasionale Party, was die stryd gemik teen die oorheersing van Engels en Britse politieke beheer. Daarna, met die Afrikaner in beheer en Afrikaans in 'n veilige posisie as onderrigtaal, het die politieke bedreiging en daarmee saam die bedreiging vir moedertaalonderrig, uit 'n heeltemal ander oord gekom, naamlik uit die geledere van die swart versetbewegings. Hierdie bewegings het hulle vir die beëindiging van die stelsel van apartheid en aparte onderwys beywer. Engels was dus steeds die taal wat Afrikaans bedreig het.

Die fokus in Hoofstuk 5 val op die aanbieding en analise van die data soos uit mediarekords vir hierdie tydperk verkry. Die analise is gedoen na gelang van die tipologie van taalaktivisme wat deur Martel (1999) bekendgestel en deur Lubbe (2004) asook Du Plessis (2006) verder ontwikkel is. Die tipologie onderskei tussen die hoofinstrumente van taalaktivisme wat deur taalaktiviste aangewend word en verskaf ook 'n waardering van watter instrumente meer sukses kan behaal. Met die ontleding van die data is daar bevind dat al die instrumente wel deur individue en taalbewegings gebruik word.

Die rol en bydrae van verskeie bewegings, onder meer kulturele organisasies, onderwys- en ouerverenigings, die media, navorsingsinstansies, politieke partye en individue is

ondersoek. Hoewel verskeie positiewe uitkomstes gedokumenteer is, is dit egter duidelik dat daar steeds ernstige tekortkominge rakende die implementering van moedertaalonderrig bestaan. Dit is ook uit die versamelde data duidelik dat dit steeds hoofsaaklik Afrikaanssprekendes is wat agiteer vir moedertaalonderrig, terwyl Afrikataalsprekendes agiteer vir Engelonderrig. Daar is wel positiewe tekens dat individue uit die Afrikataalgemeenskap hul toenemend teen die nadele van eentaligheid in Engels vir hul moedertale en die gehalte van onderrig wat hul kinders tans kry, uitspreek. Vanuit die geledere van die Indiërgemeenskap is talle voorbeelde van die gebruik van mobilisasie vir die behoud van hul tale in Suid-Afrikaanse skole duidelik.

Verskeie voorbeelde van 'n verskuiwing in benadering tot die taal-in-onderwys kwessie is ook onder sowel Afrikaans- as Afrikataalsprekendes gedokumenteer. Waar beide groepe aanvanklik onverbiddelik by hul voorkeur vir of téén moedertaalonderrig gestaan het, was daar toenemend steun vir 'n meer insluitende aktivisme vir die oopstelling van skole, maar met die behoud van die reg tot moedertaalonderrig. Dit het in die suksesvolle omskakeling van uitsluitlik Afrikaanse moedertaalskole in parallel- en dubbelmediumskole gekulmineer, waar toegang vir swart leerders meer gereedelik beskikbaar was en moedertaalonderrig aan Afrikaans- en Engelssprekendes steeds aan die orde is.

6.3. Sintese van die kernbevindinge

Die kernbevindinge van die studie word kortliks hieronder weergegee. Dit word puntsgewys aan die hand van die navorsingsvrae gedoen.

6.3.1. Bevindinge ten opsigte van die eerste probleemvraag en doelwit van die studie: *Om deur middel van 'n media-inhoudsanalise te ondersoek hoe wydverspreid die verskynsel taalaktivisme in Suid-Afrika voorkom.*

Die verandering in 1994 na 'n demokrasie in Suid-Afrika het terselfdertyd ook ander veranderinge op verskillende terreine van die samelewing bewerkstellig. Een van hierdie

terreine, naamlik die situasie van taal in onderwys, het ook nie verandering vrygespring nie.

Die ondersoek het uitgewys dat taalaktiwisme in Suid-Afrika nie 'n nuwe verskynsel is nie. Die historiese agtergrond in die studie van taalbeleidsontwikkeling, spesifiek van taal-in-onderwysontwikkeling in Suid-Afrika sedert 1652, is sprekend hiervan en is in ooreenstemming met Van Coller en Steyn (2005) wat aanvoer dat dit gebruiklik is dat in tye van verandering poolshoogte geneem word van die stand van taalsake. Omdat, volgens Duvenhage (2004), transformasie deur politieke en of ideologiese kragte aangevuur word, sal aktiviste dan voor die keuse te staan kom om òf die veranderende situasie soos wat dit afspeel te aanvaar, òf om in belang van die beskerming van taalregte op te tree indien sodanige regte bedreig word.

Die taalmediumkwessie was nog altyd 'n emosionele- en politieke aangeleentheid wat veral histories in Suid-Afrika om eerstetaalonderrig en toevoegende tweetaligheid (veeltaligheid) gewentel het. Taalaktiwisme het deurgaans in die geskiedenis 'n rol gespeel en het veral uit reaksies oor die oorheersing van Afrikaans (vroeër Hollands) en Engels en die onderdrukking van die Afrikatale bestaan. Aktiwisme vanuit Afrikataalsprekende geleedere het op die voorgrond begin tree na die implementering van die *Wet op Bantoe-onderwys* in 1953 en het 'n hoogtepunt in 1976 met die Soweto-opstande bereik. Hierdie aktiwisme was polities georiënteerd en teen moedertaalonderrig gerig omdat dit met die Nasionale Party se apartheidstelsel in verband gebring is. Die voortgesette stryd om Afrikaans se posisie teenoor Engels te versterk het aanleiding gegee tot die sogenaamde 50:50 taal-in-onderwysbenadering in swart skole. Hierdie benadering het groot ontevredenheid onder swart geleedere ontlok en is as 'n openlike politieke poging tot verdere segregasie en onderdrukking van swart leerders bestempel.

Veranderinge in Suid-Afrika se politieke en ekonomiese situasie het ook veranderinge in die taalbestel van die land bewerkstellig. Die invloed op die taalsituasie was in verskeie terreine merkbaar soos byvoorbeeld die onderwys, administrasie, politiek en selfs in die wyse waarop mense op die verandering gereageer het. Elke moment van die taaldebate en

taalstryd, soos wat dit in die geskiedenis van die taalbeleid in Suid-Afrika gemanifesteer het, is nou verweef met, en ontwikkel teen, die agtergrond van politieke en ekonomiese magsverkryging deur diegene wat die onderskeie dominante tale gebruik het. Taal het dus 'n bepalende rol in die historiese spanning tussen groepe in Suid-Afrika gespeel. Dit was beslis die geval wat Afrikaans en Engels betref. Daarom verwys Afrikaners, volgens Prah (2006) dikwels na die Anglo-Boereoorlog as die taalstryd.

In die beantwoording van die eerste navorsingsvraag moet egter in gedagte gehou word dat sosiale wetenskaplikes aantoon dat gemeenskaplike mobilisering een van die definiërende kenmerke van 'n sosiale beweging is, maar dat alle gevalle van sosiale mobilisering nie noodwendig as taalbewegings beskou kan word nie. Verskeie bewegings kan wel as openbare aksies beskou word om sosiale verandering deur middel van taal te bewerkstellig (Rao, 1979). Taal word dan slegs 'n middel tot 'n ander doel. Sodanige mobilisering het in die geval van Suid-Afrika voorgekom, met die gevolg dat taal dikwels as middel tot 'n doel aangewend is. Daarom is dit noodsaaklik om die verskynsel van taalaktiwisme in post-apartheid Suid-Afrika teen die agtergrond van die band wat in die geskiedenis van die land tussen taal en identiteit gevorm is, te bespreek.

Vir die Afrikaner het drie historiese verwickelinge 'n groot invloed op hul aktivistiese stryd vir Afrikaans en Afrikaansmoedertaal-onderrig gehad: eerstens die verengelsingsbeleid van Somerset wat in 1820 geïntensiveer het; tweedens die verengelsingsbeleid van Milner, wat na die Anglo-Boereoorlog in beheer gekom het; en derdens die weerstand vanuit swart politieke kringe teen Afrikaans en Afrikaner politieke beheer, wat na 1948 sterker geword het en wat in 1976 tot die Soweto-opstande en die uiteindelijke verlies aan politieke mag in 1994 gelei het. Al drie verwickelinge was direkte stimuli tot aktivistiese optrede en tot taalbewegings. Alexander (2003:8) sonder veral die beleid van Milner uit wat aanleiding gegee het tot die “racist version of Afrikaner nationalism ...”. Alexander noem verder ook dat die Afrikaner se stryd om erkenning van sy taal, nou verweef was aan hulle stryd om “hul” land. Agitering vir taal het dus deel gevorm van die groter politieke aktiwisme onder die Afrikaner wat uiteindelik tot die Nasionale Party se beleid van apartheid aanleiding gegee het.

Die stryd teen Afrikaans vir Engels is na 1948 deur die Afrikataalsprekendes in die land oorgeneem. Dit is aangevuur deur die apartheidsbeleid van die Nasionale Party en veral deur die *Wet op Bantoe-onderwys* en het in 1976 'n hoogtepunt bereik na die inwerkingstelling van die Nasionale Party se 50:50 Afrikaans/Engels-beleid in swart skole. Hierdie stryd word gekenmerk deur gewelddadige aksies teen die swak onderwys in swart skole en 'n aandrang op toegang tot gehalte-onderwys (wat in hierdie stadium hoofsaaklik in wit skole beskikbaar was). Dreigemente van besetting van hierdie skole is ook gemaak. Hierdie weerstandsbewegings het ook (soos vir Afrikaans) 'n nasionalistiese uitgangspunt gehad want dit is onder die sambreel van die groter politieke bewegings gedoen, soos die PAC en die ANC wat na 1994 politieke beheer oorgeneem het. In terme van die teoretiese begroning van taalaktiwisme kan hierdie beweging nie as 'n inherente taalbeweging beskou word nie, maar wel as 'n groter ideologies gedrewe beweging gemik op die beëindiging van die stelsel van apartheid, maar waar taal as instrument gebruik is om die ideaal te bereik.

Met die aanbreek van die nuwe demokrasie in 1994 is die nuwe regering onder meer met hierdie twee uiteenlopende bewegings gekonfronteer: aan die een kant 'n beweging onder Afrikaners wat ten alle koste Afrikaans en Afrikaanse skole wou behou, en aan die ander kant 'n beweging onder die Afrikataalsprekende gemeenskap wat toegang wou hê tot gehalte- (wit) en Engelsmediumonderrig.

Die ondersoek toon dat hoewel Suid-Afrika in April 1994 amptelik 'n demokrasie geword het, die land steeds in 'n oorgangsfase en debatvoering verkeer rakende die beste beleide vir die konsolidering van die demokrasie. Dit sluit veral besinning oor taalbeleid in. Die belangrikste en sigbaarste stryde en spanning kan volgens Alexander (2003) in hierdie stadium in die ekonomiese sfeer, sowel as in die sfeer van die sosiale patologie waargeneem word.

Wat die onderwys betref, vorm moedertaalonderrig na 1994 steeds die kern van die stryd oor die gebruik van die oorheersende tale, Engels en Afrikaans. Die studie toon dat individue en groepe steeds bereid is om vir verandering in beleid en praktyke wat hulle as

diskriminerend beskou, te agiteer. Trouens aktivisme is so aktueel dat allerlei groepe en instansies in hierdie tydperk in reaksie op ongunstige beleidsverklarings tot stand gekom het. Dit het bewegings ten gunste van groter toegang tot skole en dus Engelsmediumonderrig ingesluit, asook bewegings ten gunste van moedertaalonderrig. In terme van die teorie het hierdie twee bewegings die potensiaal om wel 'n demokratiese onderwysstelsel te bewerkstellig waar moedertaalonderrig kan gedy sonder dat dit as instrument van uitsluiting beskou sal word. Edwards (1985:45) waarsku egter dat die ondersteuning van een groep se belange deur magshebbers en taalbeplanners die ontkenning van 'n ander groep se belange mag impliseer. So byvoorbeeld kan die Suid-Afrikaanse regering se verbintenis tot die oopstelling van voormalige wit skole en hul voorkeur aan Engels as onderrigmedium tot 'n demokratiese onderwysstelsel lei, maar dit sal nie noodwendig ruimte laat vir taaldemokrasie nie. O'Brien (in Edwards, 1985:45) doen as oplossing vir hierdie probleem aan die hand dat op menseregte in plaas van groepsregte gekonsentreer moet word.

Die mediarekords wat ontleed is, toon dat daar op onderwysgebied groot afgagting was, veral onder die swart gemeenskappe, dat hulle uiteindelik hul reg sou kon uitoefen om hul kinders na die beste skole te stuur. Aktivisme uit hierdie geleedere was dus gerig op die oopstelling van voormalige wit skole en die invoer van Engels as onderrigtaal in Afrikaanse skole. Dit was egter ook 'n tydperk van spanning omdat daar uit wit geleedere gevrees is vir die toestroming van swart leerders na wit Afrikaanse en Engelse skole (die voormalige Model C-skole). Z.B. Du Toit (*Rapport*, 3 September 1995) waarsku byvoorbeeld dat die einde van Afrikaansmediumskole moontlik aangebreek het omdat die regering beoog om die toelatings- en taalbeleid uit die hande van ouers te neem.

Aktivisme uit die geleedere van die Afrikaanse gemeenskap was tweeledig, naamlik (aanvanklik) vir die behoud van wit Afrikaanse skole en (later) vir die beskerming van moedertaalonderrig. Na die aanvaarding van die tussentydse Grondwet in 1993 (Wet 200 van 1993) en 'n nuwe taalklousule wat nou elf in plaas van slegs twee amptelike tale erken het, moes die taal-in-onderwysbeleid uiteraard ook dienooreenkomstig aangepas word. Dit het egter eers in 1997 gebeur en intussen het verwarring geheers. Soos duidelik

uit die teorie rakende taalaktiwisme blyk, kan so 'n situasie van onstabieleit aanleiding gee tot aktivistiese optrede omdat aktivisme onder meer gerig is “toward providing benefit to a cause or ensuring a solution that government is either unwilling or incapable of providing without direct intervention from the citizenry”. Dit word deur die hernude aktivisme vanuit die geleedere van die Afrikaanse gemeenskap vir moedertaalonderrig wat in hierdie tydperk op dreef gekom het, geillustreer. Hierdie aktivisme deur Afrikaanssprekendes vind teen die agtergrond plaas van wat hulle as hul grondwetlike reg en binne die raamwerk van die strewende na veeltaligheid beskou. Hierdie hernude aktivisme staan in kontras met die taalaktiwisme onmiddellik na 1994. Taalaktivistiese optrede oor Afrikaans is toe oorheers deur wat deur Annamalai (1986) as behoudende bewegings beskou word. Hierdie bewegings, veral uit die regse Afrikanergroepering, wou Afrikaanse skole ten alle koste behou. 'n Nuwe tendens begin egter later met beroepe uit Afrikaanse geleedere om aktivisme vir 'n meer oorkoepelende moedertaalonderrig-beweging, en nie slegs vir uitsluitlik Afrikaanse moedertaalskole nie. Ons merk hierdie verskuiwing in oproepe, soos gedokumenteer in die mediarekords, op Afrikaanse bewegings om

- hul by ander groepe te skaar wat hulle vir moedertaalonderrig beywer, maar dat hulle hul ook vir moedertaalonderrig in ander Afrikatale sal beywer (ATKV in *Beeld*, 1 Februarie 1996);
- nie vas te val in wit agendas en neo-rassisme nie (Prof. Albert Venter in *Die Burger*, 25 Mei 2001);
- inklusief te wees in die stryd om Afrikaans weer tot sy reg te laat kom (prof. Albert Venter in *Die Burger*, 25 Mei 2001);
- (op taalstryders) met verwysing na die Gerwelterslag, veeltaligheid as die doelwit te sien en nie net as middel tot beskerming van Afrikaans nie (Jan-Jan Joubert in *Beeld*, 24 Mei 2001);
- in vennootskap met ander Afrikataalsprekers vir moedertaalonderrig te tree en daardeur te verhoed dat die Afrikaanse taalstryd 'n kreeftegang volg (Neville Alexander in *Beeld*, 24 Mei 2001); en

- saam te staan deur Afrikaans as enigste taal wat die naam van Afrika dra en hier ontstaan het, te beskerm en uit te bou. Dieselfde gemeenskap moet ook sprekers van ander Afrikatale aanmoedig om hulle vir moedertaalonderrig te beywer (André van der Walt van die Groep van 63 in *Die Burger* van 5 Junie 2000).

Dieselfde beginsel het ook vir aktivisme in die swart gemeenskappe gegeld, behalwe dat moedertaalonderrig (aanvanklik) vir hulle 'n sekondêre oorweging was. Die ontleding van die mediarekords lewer bewyse dat oproepe uit dié gemeenskap suggereer dat die Afrikaner se voorbeeld gevolg moet word wat betref moedertaalonderrig. Ook toon die mediarekords dat veral swart akademici en ouers uit die middelklas sterker begin voel oor die implementering van moedertaalonderrig. Dit kom veral in briewe aan die media na vore waarin lesers op die erkenning van hul moedertale as tale van onderrig en leer aandring. Oproepe is byvoorbeeld op Afrikataalsprekende gemeenskappe gedoen om

- nie langer stil te bly oor die afdwing van Engels op hul kinders nie en om die voorbeeld van Afrikaners wat alles in hul vermoë doen om moedertaalonderrig vir kinders te verseker, te volg (Gideon Muvhumbe Vulaudzi in 'n brief aan *Sowetan*, 3 Januarie 1997);
- met meer energie teenstand teen die neiging tot gewillige assimilasië in 'n Engelse leefwêreld te bied (Abbey Makoe 'n leser in *Saturday Star*, 23 September 2000);
- hul sienings en houdings teenoor swart onderwysers en Afrikatale te verander en aan te dring op moedertaalonderrig (Abel Mputing in *City Press*, 2002);
- saam te kom en “to fight and die in the process if need be for our languages to gain the respect they so richly deserve” (Maswabi Legwale 'n leser van *City Press*, 2002) ;
- te “scream about your language” en aan te dring op hul grondwetlike reg om onderrig in hul moedertaal te ontvang (Neliswa Sipamla 'n leser in *Mail and Guardian*, 29 April 2004); en

- saam te staan en Afrikatale as 'n saak van dringendheid te ontwikkel sodat dit selfs later as onderrigtaal op tersiêre vlak gebruik kan word (Thabiso P Tsotetsi 'n leser in *City Press*, 30 Mei 2004).

Hierdie voorbeelde suggereer dat 'n nuwe tendens besig is om hier vorm aan te neem. Ook dui die getuienis daarop dat taalaktiwisme dus in die Afrikataalsprekende gemeenskap voorkom, maar dat dit nie deur wat in die literatuur as tradisionele (taalnasionalistiese) taalbewegings beskou word, aangevuur word nie. Die rolspelers in hierdie geval is politieke organisasies soos Cosas en die ANC. Hoewel mobilisering van die massas vir Engelsmediumonderrig in die vorm van optogte en demonstrasies wydverspreid voorkom, word dit egter in die eerste plek op toegang tot wit skole gerig. Taal speel, anders as in die geval van die Afrikaanse bewegings, 'n sekondêre rol.

Indien Martel (1999:47) se definisie van aktiwisme as beide divers en feitlik allesomvattend oor aksies wat op verandering gerig is as maatstaf gebruik word, kan tot die slotsom gekom word dat aktiwisme rakende taal van onderrig in Suid-Afrikaanse skole wel wydverspreid voorkom. Bostock (1988:73) wys egter in sy studie “Assessing the Authenticity of a Supra-National Language-Based Movement: La Francophonie” op die dilemma in die assessering van “authenticity or genuineness, validity and entitlement to acceptance of the various movements, groups, organizations and even nations which make claims on behalf of themselves and their adherents”. Volgens hom is *La Francophonie* 'n beweging wat daarop aandring dat hulle alle pogings in die ontwikkeling van Frans wêreldwyd verteenwoordig. Alhoewel hierdie beweging wel 'n duidelike herkenbare beweging is, bestaan dit volgens Bostock (1988) uit 'n aantal konstituerende organisasies, elk met sy eie onderskeidende doelwitte. Dit, volgens hom, plaas 'n mate van bedenklikheid oor die egtheid van *La Francophonie* as 'n super taalbeweging.

Alhoewel aktiwisme vir Afrikaans en Afrikaansmoedertaal-onderrig, volgens die mediarekords wydverspreid voorkom, moet in ag geneem word dat dit deur 'n wyd uiteenlopende groep bewegings en organisasies gevoer word. Sommige van hierdie

bewegings se hoofdoel is die behoud van Afrikaanse eentalige skole, ten koste van swart leerders wat toegang tot hierdie (gehalte) skole verlang. Hul motivering is dus suiwer etniese skole en Afrikaans is hulle middel tot hul doelwit. Een voorbeeld van so 'n beweging was die beroep op ouers om hulle te verset “teen die verswaring van skole” en om die beheer daarvan nie aan skoolhoofde toe te vertrou nie. Hulle kan dit doen deur hard daaraan te werk om staatsondersteunde Model C-skole te behou, maar waar dit nie meer moontlik is nie, CVO-skole in die lewe te roep (ouers op die Volkskongres, 1994). Bewegings wat hulle vir Afrikaansmoedertaal-onderrig beywer wissel van sakebewegings (soos die AHI), politieke partye (soos die Nasionale Party), politieke drukgroepe (soos die Afrikaner Volkswag), arbeidsorganisasies (soos Solidariteit) sowel as kultuurorganisasies (soos die FAK). Moedertaalonderrig is dus nie ewe belangrik as die primêre doelwit van hierdie organisasies nie.

Gebaseer op die werk van Lubbe en Truter (2007) kan bogenoemde voorbeelde van aktivisme as positiewe nie-amptelike stappe ter ondersteuning van moedertaalonderrig beskou word. Dit staan direk teenoor bewegings wat na die oopstelling van skole streef, maar as middel daartoe Engels ten koste van die moedertaal as taal van onderrig verkies. Volgens dieselfde raamwerk van Lubbe en Truter sal laasgenoemde bewegings as negatiewe stappe teen taaldemokrasie beskou kan word. Die verskil tussen taalregtegeoriënteerde aktivisme en taalaktivisme wat in die teenoorgestelde rigting beweeg, dien as basis in hierdie onderskeid.

Uit bogenoemde bespreking kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die verskynsel van taalaktivisme wel wydverspreid in Suid-Afrika voorkom. Dit is veral die Afrikaanssprekende gemeenskap wat agiteer vir moedertaalonderrig. Aanvanklik is dit gedoen vir die behoud van Afrikaanse moedertaalskole, maar later is daar ook aanmoediging vir die wyer agitering vir Afrikaansmoedertaal-onderrig binne 'n veeltalige opset. Hierteenoor agiteer Afrikataalsprekendes steeds grootliks vir groter toegang tot gehalte-onderwys met Engels as onderrigmedium. Individuele steun kom egter toenemend uit hierdie geleedere vir die erkenning van Afrikatale as onderrigmedium na vore. Terwyl aktivisme vir moedertaalonderrig uit Afrikaanse geleedere deur goed

georganiseerde taalbewegings met 'n lang geskiedenis van taalaktiwisme gevoer word, word die stryd vanuit Afrikataalsprekende gelede steeds deur polities geaffilieerde bewegings gevoer sowel as plaaslike bewegings wat *impromptu* ontstaan en wat dus volgens Annamalai (1999) se beskouing nie as taalbewegings geklassifiseer kan word nie, maar wel as voorbeelde van openbare aksies om sosiale verandering deur middel van taal te bewerkstellig.

6.3.2. Bevindinge ten opsigte van die tweede probleemvraag en doelwit van die studie: *Om deur middel van 'n media-inhoudsanalise die vorme (indien enige) waarin taalaktiwisme figureer onder die verskillende taalgemeenskappe te ondersoek.*

Hierdie vraag word beantwoord met inagneming van die tipologie van Annamalai (1999) dat taalbewegings per definisie uit die gemeenskap moet ontstaan en dat 'n mate van organisasie 'n basiese element van sosiale bewegings moet wees. Taalbewegings is ook nie 'n bende-aktiwiteit nie en het 'n langer leeftyd. 'n Geskiedenis van taalaktiwisme is dus belangrik. Nog 'n belangrike element van taalbewegings is 'n gevoel van behoort en van solidariteit aan die beweging. 'n Toewyding aan verandering is nog 'n belangrike element van taalbewegings. Annamalai (1999) onderskei in hierdie verband tog twee tipes taalbewegings naamlik die wat reformatief van aard is en die wat herstellend van aard is.

Die ontleding van die mediarekords toon dat Afrikaanssprekers, meer as enige ander taalgroep in die land, hulle bewustelik en georganiseerd vir moedertaalonderrig beywer. Behalwe die skoolbeheerrade en ouergemeenskappe van individuele skole, is altesaam 38 groter organisasies geïdentifiseer wat hulle op een of ander wyse vir moedertaalonderrig beywer. In terme van die teorie oor taalaktiwisme is hierdie groepe tipiese groepe wat as sosiale bewegings beskou kan word. Die inherente verskille tussen hierdie organisasies maak dat hulle nie noodwendig as een oorkoepelende beweging geklassifiseer kan word nie.

Vir sekere van die Afrikaanse bewegings is dit nie slegs die behoud van moedertaalonderrig wat belangrik is nie, maar ook die beskerming van geloof en kultuur in *eie* skole. Hierdie groepe kan in die onderskeid, soos deur Annamalai (1986) gebruik, as *herstellend*-gerig beskou word. Hiervolgens is die organisasies gerig op die herinstelling van wat hulle as die eie beskou, asook op die wegdoen met alles wat hulle as vreemd en 'n bedreiging vir hul voortbestaan as etniese groep beskou. Voorbeelde hiervan is die Volkskongres wat in 1994 'n beroep doen op Afrikaners om hulle teen die verswaring van hul skole in die nuwe Suid-Afrika te verset. Ouers word aangemoedig om CVO-skole in die lewe te roep. Die samebindende faktor by dié bewegings is hul toewyding om dit te behou waaroor hulle voor die verlies aan politieke mag in 1994 oor beskik het. Die metodes wat deur die bewegings gebruik word stem ooreen met die metodes wat die Afrikaner in die 1800s gebruik het om die verengelsingsbeleid mee teen te staan, naamlik die stigting van Afrikaanse privaatskole.

Teenoor hierdie groeperinge bestaan 'n toenemende aantal taalbewegings wat as *reformatief* beskou kan word. Hierdie reformatiewe groepe agiteer ook vir moedertaalonderrig, maar binne die konteks van verandering soos wat dit binne die nuwe Suid-Afrika voorkom. Hulle mobiliseer byvoorbeeld Afrikaanssprekendes om vriende te maak vir Afrikaans oor taal- en politieke grense heen; hulle te vereenselwig met enige hoflike maar ferm optrede om Afrikaans binne 'n veeltalige bestel te handhaaf; en nie vas te val in wit agendas en neo-rassisme nie.

Al die instrumente van taalaktiwisme soos deur Martel (1999) en later Du Plessis (2006) geïdentifiseer, word deur die Afrikaanse gemeenskap ingespan om vir moedertaalonderrig te agiteer.

Die gebrek aan georganiseerde taalbewegings met moedertaalonderrig as primêre oogmerk binne die swart gemeenskappe kan moontlik ook verduidelik word teen die agtergrond van swart mense se weerstand teen apartheid en die beskouing uit hierdie geleedere dat moedertaalonderrig met minderwaardige onderwys geassosieer word en aldus met die beleid van apartheid. Taal- en moedertaalonderrig is nie 'n sterk

samebindende faktor of dryfveer in hierdie gemeenskappe nie. Die bewindsoorname in 1994 deur 'n grootliks Afrikataalsprekende regering het ook nie, soos die Nasionale Party vroeër, regeringsgeskepte insentiewe ter bevordering van Afrikaanse onderwys, wat hoogsbetaalde staatsposte ingesluit het, beskikbaar gestel nie.

Daar kan tot die slotsom gekom word dat alhoewel taalaktiwisme wydverspreid in Suid-Afrika voorkom, dit uitsluitlik Afrikaanse taalbewegings is wat hulle vir die behoud van moedertaalonderrig binne die veranderende politieke bedeling beywer. Afrikataalsprekende gemeenskappe beywer hulle deur middel van hul politieke partye en ander ad hoc plaaslike groeperinge vir die oopstel van skole en gebruik taal, in hierdie geval Engels, as middel tot hierdie doel. Aktiwisme vir moedertaalonderrig uit laasgenoemde gemeenskappe word deur individue gevoer en wel deur middel van briewe aan die media.

6.3.3. Bevindinge ten opsigte van die derde probleemvraag en doelwit van die studie: *Om deur middel van 'n media-inhoudsanalise te ondersoek of daar inderdaad 'n herwaardering van moedertaalonderrig is.*

Soos wat sosio-politieke praktyke en strukture onder druk is om te verander, is dit die taak van aktiviste om kwessies waarop gelet moet word uit te lig (Martel, 1999). Taalaktiviste sal byvoorbeeld hul eie agenda en doelwitte onder die aandag van die regering wil bring. Die sukses van aktivistiese bewegings sal in die mate van sukses wat hulle daarin bereik lê.

Gegewe Suid-Afrika se geskiedenis, het alles teen 1994 daarop gedui dat die moedertaalideaal nie hoog op die prioriteitslys van die regering sou wees nie. Aanvanklik was daar egter heelwat gerustheid onder Afrikaanstaliges oor die beskerming wat die nuwe bedeling aan hulle taal gebied het. Daar was vertrouwe dat die tussentydse Grondwet genoegsame waarborge daarvoor gebied het. 'n Gevoel van ontnugtering het egter later ingetree, veral na die regering se hantering van eise vanuit die Afrikataalsprekende gelede dat Afrikaanse skole oopgestel moes word en dat Engels as alternatiewe

onderrigtaal in hierdie skole aangebied moet word. Tekenend hiervan was 'n berig in *Rapport* (15 Januarie 1995) waarin Hennie van Deventer, destydse voorsitter van die Afrikaanse Ouervereniging, sê dat die beginsel van Afrikaanse skole verdwyn het. In die berig word anonieme regsgeleerdes aangehaal wat van mening was dat die Grondwet eintlik 'n verbod op Afrikaanse skole geplaas het as sou beteken dat net Afrikaanse kinders daar toegelaat hoef te word. Omdat die Grondwet 'n groter premie plaas op toeganklikheid tot gehalteskole as op taal- en kultuurfaktore en die regering gelas was om toe te sien dat taal- en kultuurfaktore nie in die pad van gelyke toegang tot onderwysinstellings staan nie, uitsluitlike Afrikaanse skole en universiteite dus statutêr onmoontlik geraak het (aldus die berig). Hierdie vrees van Afrikaanse belangegroepes is vyftien maande later bevestig toe die Konstitusionele Hof beslis het dat die staat nie onder verpligting was om moedertaalskole geldelik in stand te hou nie. Die uitspraak het verder bepaal dat as taal- en kultuurgroepes kultuureie skole wou hê, hulle dit self as private instellings tot stand moes bring.

Vanuit die swart gemeenskap het die druk vir die maksimale benutting van skoolruimte voortgeduur. Veral omdat swart onderwys vir jare lank 'n groot agterstand teen dié van wit onderwys gehad het, het aktivisme uit hierdie geleedere groot druk op veral Afrikaanse skole en teen Afrikaans as onderrigtaal geplaas. Uit die uitsprake van regeringslui kon afgelei word dat hierdie agitatie positief deur die regering ondersteun is, veral nadat Afrikaanse skole in Mpumalanga verbied is om saam te smelt om sodoende 'n Afrikaanse moedertaalskool te behou.

Hierdie toedrag van sake het tot 'n hernude poging deur Afrikaanse taal- en kultuurorganisasies gelei om die taalbepaling oor onderwys in die finale grondwet te verbeter. Hierdie druk het daartoe gelei dat die grondwetlike onderhandelings in April en Mei 1996 amper 'n dooiepunt bereik het. Alhoewel die finale grondwet toe nie genoegsame beskerming aan moedertaalskole gebied het nie, is tog aanvaar dat 'n veelvoud van wigte en teenwigte vir insluiting in die grondwet beding is wat moedertaalonderrig moontlik sou maak.

Alhoewel dit dus wou lyk asof die regering nie moedertaalonderrig as prioriteit beskou het nie, was daar tog enkele positiewe geluide vanuit regeringskant. Hierdie positiewe verandering in houdings kan beoordeel word teen Annamalai (1986) se siening dat: alhoewel aktivisme van memorandum tot opstand beweeg, en alhoewel die invloed van aktivisme op beleid relatief is tot die mag waarmee dit gepaard gaan, is dit tog ook duidelik dat taalbeplanning 'n proses van versoening tussen die beplanners en die publiek is. Dit is 'n voortdurende proses van aksie en teenreaksie. Van die taal- en beleidsveranderinge kan selfs op gemeenskapsvlak wees en hoef glad geen bybetekenis vir die regering in te hou nie.

Waarskynlik die veelseggendste ontwikkeling tot nog toe was twee uitsprake van die destydse Minister van Onderwys, prof. Kader Asmal, dat moedertaalonderrig verpligtend gemaak word vir die eerste vier jaar van 'n leerder se skoolloopbaan en dat eksamenvraestelle voortaan in al die amptelike tale gedruk sou word. Sterk uitsprake ten gunste van moedertaalonderwys deur die Adjunkminister van Onderwys kry ook dekking. Die verslag van die Gerwel-Kommissie, waarin aanbeveel word dat ten minste twee Afrikaanse universiteite behoue moet bly, word ook bekend gemaak.

Opnute besinning oor die rol van moedertaalonderrig met behoorlike onderrig in Engels kom volgens 'n mediarekord in *Die Burger* van 27 Januarie 2004 voor. Dit volg op "'n onopvallende sinnetjie uit die mond van die Minister van Onderwys, mnr. Kader Asmal". Op 'n vraag waarom veral swart leerders swak uitslae gehad het, al het hulle matriek formeel geslaag, het hy gesê dit is "omdat hulle nie die eksamen in hul moedertaal afgelê het nie, maar in Engels". Jorisna Bonthuys (*Die Burger*, 19 Junie 2004) berig dat Asmal se opvolger as minister van onderwys, Naledi Pandor, in haar begrotingsrede in die parlement gesê het dat tel, lees, skryf en moedertaalonderrig vir minstens die eerste drie skooljare, die fokuspunt van die Departement sal wees. *Die Burger* (23 Oktober 2004) berig dat die Minister aangekondig het dat die Wes-Kaapse onderwysplan van moedertaalonderrig van Graad R tot Graad 6 na ander provinsies uitgebrei sal word indien die Raad van Onderwysministers so besluit. *Beeld* (17 Mei 2005) berig dat die Direkteur-Generaal van Onderwys, mnr. Duncan Hindle, ook erken het dat

moedertaalonderrig onontbeerlik is vir gehalte-onderig. Hy het gesê dat die verband tussen prestasie en moedertaalonderrig só sterk is dat dit nie geïgnoreer kan word nie. Hindle het sy wens uitgespreek dat leerders ten minste tot in die vierde skooljaar verplig moet wees om moedertaalonderrig te ontvang. Hy het verder gesê dat die gevoel so sterk is dat daar selfs 'n saak daarvoor uit te maak is dat die keuse van die ouers weggeneem moet word en dat die Departement hierdie besluit afdwing.

Verskeie mediarekords dui op positiewe kommentaar op die uitsprake van die minister en die hoof van die Departement van Onderwys rakende moedertaalonderrig. In *Cape Times* (7 Junie 2005) skryf Cathleen Heugh, bekende taalkenner, dat die Minister van Onderwys se onlangse verwysings na taal in onderwys positief is omdat dit 'n wegbeweeg is van die huidige duur, oneffektiewe en onvoldoende stelsel. Ook Hermann Giliomee, historikus en taalaktivis, deel hierdie siening (*Business Day*, 28 November 2005). Volgens Giliomee is die houding van Naledi Pandor en Duncan Hindle wat betref Afrikaans in skole baie meer akkommoderend as dié van hul voorgangers.

Hierdie positiewe gesindheidsverandering is volgens die mediarekords ook in die provinsies waarneembaar. In 2003 stel die Wes-Kaapse provinsiale Minister van Onderwys, André Gaum, 'n taakspan aan om ondersoek in te stel na die ontwikkeling van moedertaalonderrig in die provinsie. Die bydrae van skole en ander belangegroepes word hierdeur deur die Minister in die ontwikkeling van 'n beleid wat moedertaalonderrig kan bevorder erken. Mnr. Gaum erken ook dat dié provinsie 'n onderwys-taalmodel op advies van dr. Neville Alexander, bekende taalkenner en -aktivis, aanvaar het wat moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys in die eerste ses jaar van 'n kind se skoolloopbaan ondersteun (*Beeld*, 17 Februarie 2005). Hierdie inisiatief word in 2005 opgevolg deur die uitspraak van mnr. Cameron Dugmore, toe Wes-Kaapse Minister van Onderwys, dat hy hom tot die instel van moedertaalonderwys verbind (*Die Burger*, 12 November 2005).

Ander voorbeelde van die hernude erkenning uit regeringsgeledere dat moedertaalonderrig tog onontbeerlik is vir gehalte-onderig, is die volgende:

- Ten tyde van die jaarlikse jeugkonferensie van die IVP op Ulundi het die minister van kuns, kultuur, wetenskap en tegnologie 'n vurige pleidooi gelewer vir moedertaalonderrig en veeltaligheid (*Beeld*, 2 September 2003).
- Alet Rademeyer berig in *Beeld* (4 Oktober 2004) dat die Minister van Wetenskap en Tegnologie, mnr. Mosibudi Mangena, ten tyde van die bekendmaking van die RGN se jaarverslag na die belangrikheid van moedertaalonderrig verwys het.
- Navorsing oor die Xhosa-taal en die bevordering daarvan het 'n groot hupstoot gekry met 'n moedertaal loodsprogram wat by die Universiteit van Port Elizabeth begin is.
- In 'n berig in *Beeld* (17 Februarie 2005) verseker Membathisi Mdladlana, ANC-LP, Afrikaanssprekendes dat daar van regeringskant af geen aanvalle op hul taal is nie. Dit is in die Nasionale Vergadering in die debat oor die presidensiële staatsrede gedoen.
- *Daily Dispatch* (8 Maart 2005) berig dat die Oos-Kaapse Departement van Onderwys die moontlikheid ondersoek om matriekeksamenvraestelle in Xhosa te druk as een van die strategieë om die swak slaagsyfer te verbeter. Hierdie besluit is positief deur die ANC ontvang, wat by monde van sy hoofswep Sicelo Gqobana gesê het dat die taalkwessie reeds in die vroeër fases van die skoolkurrikulum aandag moet kry (*The Herald*, 11 Maart 2005). Dit het ook positiewe reaksie van die DA ontlok wat voel dat Xhosa-matriekeksamens noodsaaklik en ononderhandelbaar is.
- In KwaZulu-Natal het die Premier, S'bu Ndebele, aangekondig dat daar van alle skole in die provinsie verwag sal word om Zoeloe as vak aan te bied (*Natal Witness*, 1 Maart 2005). Volgens Ndebele word die meeste van die land se inheemse tale gemarginaliseer. Ten einde die tale te ontwikkel moet dit ten volle in die skoolkurrikula geïntegreer word.
- *Saturday Star* (7 May 2005) berig dat die Gauteng Departement van Onderwys bekend gemaak het dat hulle skoolbeheerliggame gaan toelaat om te bepaal watter tale in skole aangebied sal word. Volgens die berig wil die Wes-Kaap dit verder

voer en alle skole dwing om al drie die amptelike tale van die provinsie (Afrikaans, Engels en Xhosa) aan te bied.

- Volgens die LUR vir Onderwys in Noordwes, eerw. O.J. Tselapedi, moet een Afrikataal in alle skole infaseer word. Dit is in ooreenstemming met 'n besluit wat deur al nege provinsiale LURe geneem is. Afrikataalsprekende leerders sukkel met begrip as gevolg van onderrig in 'n vreemde taal. Indien hulle onderrig in hul moedertaal ontvang staan hulle 'n beter kans op sukses. Hy glo egter dat die medium van onderrig as 'n proses hanteer moet word aangesien Afrikatale steeds ontwikkel moet word.
- In die Noord-Kaap het die LUR van Onderwys, me. Tina Joemat-Petterson, met die opening van die nuwe !Xunkhwesa Gekombineerde Skool wat die eerste skool is wat !Xun- en Khwe-leerders moedertaalonderrig bied, gesê dat dit nou vir leerders moontlik sal wees om verder te studeer en om beurse van die regering te ontvang.
- *Pretoria News* (8 Junie 2005) berig dat die Premier van Gauteng, Mbazima Shilowa, in die wetgewer gesê het dat skoolbeheerliggame en ouers vry is om te besluit watter taal die medium van onderrig in skole is. Indien beheerliggame, volgens Shilowa, aan die regering aandui dat hulle moedertaalonderwys verkies, sal die regering dit nie teenstaan nie.
- In die redaksionele kommentaar van 12 Julie 2005 lewer *Die Burger* die volgende kommentaar: "... vir die eerste keer kry mens die indruk dat die debat oor die toekoms van ons kinders op die regte koers is. Die antwoorde word op die regte plekke gesoek".
- In die Wes-Kaapse woonbuurt Mitchell's Plain is 'n nuwe skool geopen wat die keuse van moedertaalonderrig in drie tale aan leerders sal bied (*Cape Argus*, 13 Oktober 2005). Dit was die eerste poging vir die gebied en bied moedertaalonderrig in Afrikaans, Engels en Xhosa aan. Die LUR van onderwys het gesê dat die opening van die skool 'n opwindende geleentheid aan die departement bied om taalbeleid te ontwikkel wat op 'n moedertaalgebaseerde tweetalige stelsel kan voortbou.

Waar in die beantwoording van probleemvraag drie getoon is dat 'n wye verskeidenheid van benede-na-bo bewegings hulle vir moedertaalonderrig beywer, dui bostaande voorbeelde dat daar tog vanuit amptelike geledere voorbeelde van positiewe taalbeplanning bestaan. Bogenoemde voorbeelde uit die media dui daarop dat 1) hoewel verwag is dat toegang tot veral wit Afrikaanse skole ten alle koste deur die ANC-regering ondersteun sou word, veral omdat dit die ideaal van die bevrydingsbewegings voor 1994 was, daar tog positiewe oproepe vir moedertaalonderrig uit regeringskringe kom; 2) uit verskeie provinsies selfs aan planne gewerk word om moedertaalonderrig as beleid te aanvaar; 3) meer individuele swart mense moedertaalonderrig ondersteun; en 4) bewegings uit Afrikaanse kringe ontstaan wat hulle wyer vir moedertaalonderrig beywer.

6.3.4. Bevindinge ten opsigte van die vierde probleemvraag en doelwit van die studie: *Om deur middel van 'n media-inhoudsanalise te ondersoek watter rol (indien enige) taalaktiwisme speel by die herwaardering van moedertaalonderrig.*

Die rol van taalaktiwisme gedurende hierdie tydperk, soos in die media weerspieël, is teen Schugerensky (2007) en andere se beskouing dat taalaktiwisme enige bewustelike aksie is wat die skep van 'n demokratiese bestel ten doel het, geanaliseer. Dit is gedoen met inagneming van die siening dat daar ook 'n ander tipe aktiwisme bestaan wat in die teenoorgestelde rigting beweeg.

Die ondersoek toon dat die stryd vir Afrikaanse moedertaalonderrig na 1994 weer opgevlam het, aangevuur deur die aktiwisme uit Afrikataalsprekende geledere vir die oopstel van Afrikaanse- en Engelse Model C-skole. Hierdie aandrang op Engelse onderrig is deur Afrikaanstaliges as 'n hernude bedreiging vir Afrikaans as onderrigtaal ervaar.

Omdat taalregte-aktiwisme 'n belangrike komponent van die demokratiseringsproses van 'n veeltalige land uitmaak, sou daar verwag kon word dat meer Afrikataalsprekers vir moedertaalonderrig sal agiteer. Die ontleding van die mediarekords toon egter dat, in

ooreenstemming met die aktivisme na 1953, en wat 'n hoogtepunt met die 1976-opstande bereik het, aktivisme uit georganiseerde bewegings uit die Afrikataalsprekende gemeenskappe steeds op die toegang tot onderwys deur middel van Engels gerig word. Waar klagtes wel bestaan word dit teen die behoud van Afrikaans as medium van onderrig gerig. Hierdie georganiseerde bewegings se primêre fokus is politieke verandering en nie veranderinge wat spesifiek op taalverandering gerig is nie.

Hoewel verskeie voorbeelde van positiewe benaderings tot moedertaalonderrig uit regeringskringe waargeneem kan word, kan geen direkte verband met spesifieke aktivistiese aksies gevind word nie. Die sukses van taalaktivisme vir moedertaalonderrig kan egter opgesluit lê in wat Martel (1999) die “boomerang effect” van aktivisme noem. Sy wys daarop dat hoewel direkte oorwinnings nie altyd realiseer nie, hulle sukses eerder in hul uitwerking op ander taalbewegings in ander minderheidstaalgroepe lê. Verhoudings tussen taalbewegings neig ook om gekonstitusioneel te raak. Die bewustheid van 'n minderheidsgroep van hulle taalregte word deel van die identiteit van 'n groep.

As egter in aanmerking geneem word dat daar reeds aan die begin van 1996 'n beduidende aantal Afrikaanse skole na dubbel- of parallelmedium omgeskakel het en die druk wat vanuit die swart gemeenskappe toegeneem het om die taalbeleide van Afrikaanse skole so te verander dat dit toeganklik sou wees vir hierdie leerders, kan dit as 'n oorwinning vir moedertaalaktivisme beskou word dat Afrikaanse moedertaalonderrig steeds relatief sterk staan (alhoewel nie in die vorm van enkelmediumskole nie). Die magsverhoudinge tydens die grondwetlike onderhandelingsproses het reeds beslissend ten gunste van die ANC geswaai en opposisiegroepe het op daardie tydstip oor weinig onderhandelingsmag beskik. Aktivisme vanuit die Afrikaanse taal- en kultuurgeledere om die onderwysbepaling in die finale grondwet te verbeter het ook misluk. Die besef het dus gaandeweg posgevat dat die stryd om moedertaalskole nie suksesvol was nie. Veral vanuit die Afrikaanse politieke kringe is oproepe vir wyer agitatie gemaak, en om op moedertaalonderrig te fokus en nie spesifiek op die behoud van Afrikaanse moedertaalskole nie. Dit is dus betekenisvol dat gesprekke binne Afrikanerkringe begin is

en dat, hoewel eenheid binne Afrikaanse kringe belangrik is in hul strewe na Afrikaanse skole, dit op die demokratiese beginsels van openheid gebaseer moet wees en nie op die beginsel van etnisiteit nie. Die strewe na moedertaalonderrig moes dus inklusief wees en nie slegs op Afrikaanse moedertaalonderrig gerig wees nie.

Die voortgesette probleme oor die taalkwessie in skole maak dit vir aktiviste duidelik dat bepalinge in die Grondwet, sowel as die nuwe taal-in-onderwysbeleid slegs leë woorde sal bly indien die regering nie gedwing word om meer konkrete implementeringsplanne na die tafel te bring nie. Die totstandkoming van 'n sambreelorganisasie wat soos 'n saambindende superliggaam vir kleiner aktivistiese Afrikaanse groepe sal fungeer, tree ook na vore. Die liggaam het onder meer ten doel die beywering vir die stigting van 'n Afrikaanse Taalraad binne die konteks van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdienstige en Taalgemeenskappe waarvoor in die Grondwet voorsiening gemaak word. Kragtens die teorie kan hierdie beweging as 'n voorbeeld van aktivisme vir die vestiging en beskerming van demokrasie beskou word.

Die gesprek wat tans aan die orde van die dag is, waar omtrent alle voorheen semi-geprivatiseerde wit skole (as gevolg van die Nasionale Party se poging, net voor 1994, om hierdie skole outonoom van die staat te maak) oopgestel is, toon dat politieke aktivisme vir die oopstelling van skole geslaagd was. Die meeste van hierdie skole fungeer op 'n parallel- of dubbelmedium-, Afrikaans/Engels-basis. Dit toon weer dat aktivisme vir moedertaalonderrig vanuit die geleedere van die Afrikaanse gemeenskap tog daarin geslaag het om 'n demokratiese onderwysbestel vir die land te help vestig.

Ten slotte kan daar dus tot die slotsom gekom word dat aktivisme vir moedertaalonderrig tog geslaagd blyk te wees. Hoewel moedertaalonderrig tans steeds slegs vir Afrikaans- en Engelssprekende leerders beskikbaar is, is daar duidelike tekens van die uitkrinteffek wat aktivisme vir moedertaalonderrig het. Dit blyk uit die positiewe uitsprake van regeringslui, wat histories geswore aktiviste vir Engels as onderrigtaal was, sowel as individuele sprekers van Afrikatale ten gunste moedertaalonderrig. Hierdie positiewe

uitsprake kan verder ook beskou word as die bemagtigingseffek wat taalaktiwisme volgens Martel (1999) en Hornberger (1998) op plaaslike gemeenskappe behoort te hê.

6.4. Beperkinge van die studie

Hierdie studie het verskeie beperkinge blootgelê wat ten besluite aan die orde gestel word.

Data vir die studie is van knipsels van SA Media aan die Universiteit van die Vrystaat bekom. SA Media ontsluit die belangrikste hoofstroomkoerante, -tydskrifte en enkele vaktydskrifte. Slegs 13 van die 45 bronne wat benut is, was Afrikaans, terwyl die res Engels was.

Alhoewel die studie getoon het dat die gedrukte media wel as 'n waardevolle barometer dien vir die bestudering van taalaktiwisme in die Suid-Afrikaanse samelewing, is dit te betwyfel dat alle aktivistiese aktiwiteite en die gevolge daarvan, veral van die grondvlak Afrikataalsprekende gemeenskappe, in die media gedek word. Geen koerante in die Afrikatale is in die studie gebruik nie. Geen aanspraak kan dus op volledigheid van die studie gemaak word nie.

Die tydperk wat deur die studie gedek word, dek slegs die eerste 12 jaar van die nuwe bedeling. Dit het duidelik geblyk dat die land steeds in 'n oorgangsfase van die beperkende beleide van apartheid na die demokratiese bestel is, soos in die nuwe Grondwet vervat. Debatvoering rakende die beste beleide vir die konsolidering van die demokrasie, is steeds aan die orde van die dag. Positiewe uitsprake rakende moedertaalonderrig uit regeringsgeledere dui egter op 'n moontlike benaderingsverandering oor die onderwerp. As gevolg van die tydperk wat die studie dek kon egter nie vasgestel word in watter mate hierdie uitsprake in die praktyk realiseer nie.

6.5. Moontlikhede vir verdere studie

Alhoewel die meeste voormalige Afrikaanse Model C-skole na 1994 verander het na dubbel- of parallelmediumskole om toegang van Afrikataalsprekende leerders toe te laat, kon die meeste van hierdie skole steeds voortgaan met Afrikaans as moedertaalonderrig. Dit is so dat skole verskeie interafhanklike en ewe belangrike groepe mense bymekaarbring, te wete politieke partye, onderwysersorganisasies, werkersunies, ouers, leerders, individue en grondvlak burgerlike organisasies en kultuurorganisasies. Elke groep mag 'n eie siening oor onderwys en die rol van taalbeleid daarin handhaaf. Die verskille en ooreenkomste tussen die groepe kan verskillende sienings en menings tot gevolg hê. Uit die studie kom die verhoudinge op grondvlak tussen ouers uit hierdie verskillende taalgemeenskappe, en die rol wat dit in die uiteindelijke taalbeleid van individuele skole speel, nie behoorlik na vore nie. Meer navorsing word oor die skool- en taalekologie aanbeveel en hoe dit die graad van verbintenis van die verskillende groepe aan die taalbeleid beïnvloed. 'n Etnografiese benadering tot sulke studies kan waarskynlik waardevol wees.

In die media word ook melding gemaak van skole wat hoogs suksesvol as geamalgameerde parallelmediumskole bedryf word. Hierdie skole bied moedertaalonderrig aan Afrikaanssprekende leerders terwyl dit Engelsonderrig aan Afrikataalsprekende leerders bied. Meer navorsing word aanbeveel oor die rol wat taalaktiwisme kan speel rakende hoe om die Departement van Onderwys te beïnvloed om hierdie skole in volle moedertaalskole te verander.

6.6. Slotsom

Alhoewel hierdie studie nie bo alle redelike twyfel kon bepaal dat taalaktiwisme wel 'n direkte rol by die herwaardering van moedertaalonderrig in Suid-Afrikaanse skole speel nie, het dit tog aan die lig gebring dat verskeie bewegings en individue hulle vir moedertaalonderrig beywer.

Die studie toon ook dat hoewel moedertaalonderrig steeds deur Afrikataalsprekers in 'n negatiewe lig as minderwaardig beskou word, dit tog betekenisvol is dat enkele oproepe tot herbesinning gemaak word. Van hierdie individue gaan so ver as om te vra dat die voorbeeld van die Afrikaner in die verband gevolg moet word. Wat ook betekenisvol is, is dat verskeie ANC ministers van onderwys – sowel provinsiaal as nasionaal – wat uit 'n geskiedenis van weerstand teen moedertaalonderrig as een van die instrumente van die apartheidsregering kom, erken dat moedertaalonderrig kan bydra tot 'n beter onderwysbestel. Dit mag daarop wys dat taalaktiwisme tog 'n rol gespeel het, hoewel nie in spesifieke gevalle nie, maar wel in die breër besef dat moedertaalonderrig tog as keuse oorweeg behoort te word. Terugskouend mag hierdie erkenning en die enkele stemme vanuit die Afrikataalsprekende gemeenskap op die eerste manifestasie dui van die besef dat die politieke landskap verander het en dat die aandrang op moedertaalonderrig nie noodwendig 'n teruggryp na apartheid behels nie. Indien hierdie besef die gevolg is van taalaktiwisme, slaag dit die toets vir aktiwisme soos deur Martel omskryf.

Aangesien hierdie navorsing ondersoekend van aard was, kan daar dus nie aanspraak gemaak word op die universele toepassing van resultate nie. Die navorsing behoort egter as uitdaging vir toekomstige navorsers te dien om te probeer om die resultate te bevestig of te bevraagteken. Indien dit gebeur, het hierdie studie in sy meer verhewe doel, naamlik om te bepaal of taalaktiwisme as deel van taalbeplanning van onder, wel 'n invloed op die herwaardering van moedertaalonderrig in Suid-Afrikaanse skole gehad het.

BIBLIOGRAFIE

Alexander, N. 1989. *The language question: Critical choices for South African Society*. Cape Town: University of Cape Town.

Alexander, N. 2003. *Language Education Policy, National and Sub-National Identities in South Africa*. Strassbourg: Language Policy Division, DG iv-Directorate of School, Out-of-School and Higher Education Council of Europe.

Annamalai, E..1986. A Typology of Language Movements and their relation to Language Planning. In Annamalai, E, Jernudd, B.& Rubin, J. (eds.) *Language Planning: Proceedings of an Institute*. Menasagangotri, Mysora: Central Institute of Indian Languages.

Babbie, E and J. Mouton. 2001. *The practice of social research*. Cape Town: Oxford University Press.

Baldauf, R.B. 2004. Issues of Prestige and Image in Language-in-Education Planning in Australia. *Current Issues in Language Planning*. 5(4): 376-388.

Baldauf, R.B. 2005. Language Planning and Policy Research: An overview. In E. Hinkel (ed.). *Handbook of Research in Second Language Teaching and Learning*. Mahwah, N.J.: Erlbaum.

Barbour, S. 1998. Reflections on Nationalism and Language: A Response to Miquel Strubell. *Current Issues in Language and Society*, 5(3): 194 – 203.

Behr, A.L. 1978. *New Perspectives in South African Education*. Durban: Butterworths.

Berg, B.L. 2001. *Qualitative research methods for the social sciences*. Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.

Berger, A.A. 1991. Content Analysis; Newspaper Comic Pages. In *Media Research Techniques*. London: Sage.

Bless, C and Higson-Smith, C. 2006. *Fundamentals of Social Research Methods: An African Perspective*. Cape Town: Juta.

Blomley, N.K. 1994. Activism and the Academy. *Environment and Planning D: Society and Space*. p 383-385.

Blommaert, J. (ed.). 1999. *Language ideological debates*. Berlin: Mouton de Gruyter.

Blommaert, J. 2004. Comments on Linguistic Rights and Wrongs. In Freeland, J. & Patrick, D (eds). *Language Rights and Language Survival*. Manchester: St. Jerome Publishing. p 55 – 66.

Boudourides, M.A. 2006. On the tension between social movement scholarship and activism. *Contributions at the 4th European Social Forum Seminar Dialogues between theory and practice: Dialogues between researchers, activists and activist researchers*. Athens, May 4-7, 2006.

Brown, R.K. 2006. Racial Differences in Congregation-based Political Activism. *Social Forces*, 84(3): 1579-1602.

Castells, M. 1997. *The Power of Identity*. Oxford: Blackwell. (The Information Age: Economy, Society and Culture, Volume 2)

Christians, C. & Carey, J. 1981. The logic and aims of qualitative research. In Christie, P. 1994. South Africa in Transition: Education Policies, 1990-1993. *Discourse* 14(2): 45-55.

Clayton, J. 2007. *Immigration and Social Movement Activism in the United States and France: A Comparative Perspective*. Corvallis, OR: Oregon State University. (BA thesis).

Coetzee, J.C. 1963. *Onderwys in Suid-Afrika*. Pretoria: Van Schaik.

Cooper, R.L. 1989. *Language Planning and Social Change*. Cambridge: University Press.

Coulmas, F. (ed.) 1997. *The Handbook of Sociolinguistics*. Oxford: Blackwell Publishers.

Crawford, J. 1996. Revisiting the Lau decision 20 years after: Proceedings of a national commemorative symposium. Oakland, CA: ARC Associates.

Crawford, J. 1996. *Summing up the Lau Decision: Justice Is Never Simple*. [Online]. Available: <http://ourworld.compuserve.com/homepages/JWCrawford/summing.htm> [2008, January 14]

Cross, M. 1992. *Resistance and Transformation: Education, Culture and Reconstruction in South Africa*. Johannesburg: Skotaville Publishers.

D'Allesio, D & Allen, M. 2000. Media bias in Presidential elections: A meta-analysis. *Journal of Communication*, Autumn, 133-156.

De Klerk, G. 2002. Mother-tongue education in South Africa: the weight of history. *International Journal of Sociology of Language*. 154:29-46.

De Matos, F.G. 1885. *Two Typologies of Linguistic Rights*. [Online]. Available: www.humiliationstudies.org. [2007, April 18]

De Wet, C. 2003. 'n Media-analise oor misdaad in die Suid-Afrikaanse onderwys. In *South African Journal of Education*, 23(1): 36-44.

Del Valle, S. 2003. *Language Rights and the Law in the United States: Finding our Voices*. Clevedon: Multilingual Matters.

Deprez, K. 2001. Towards a Pan-European language policy for the European Union. In Deprez, K., Du Plessis, T&Teck, L. *Multilingualism, the Judiciary and Security Services*. Pretoria: Van Schaik.

Du Plessis, L.T. 1986. *Die Afrikaanse Taalbewegings*. Bloemfontein: Patmos.

Du Plessis, L.T. 2004. Afrikaans en Taalaktiwisme. In: Van Rensburg, F.I.J., (red.). *Afrikaans: lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik. p. 161-182.

Du Plessis, T. 2002. *Bilingual Education in South Africa*. Manuscript.

Du Plessis, T. 2006. Language activism in South Africa. In Sica, G. (ed). *Open problems in linguistics and lexicography*. Monza, Milan: Polimetrica Publishers. p 73-96.

Eastman, C.M. 1992. Sociolinguistics in Africa: Language Planning in Herbert, R.K. (ed). *Language and Society in Africa: Theory and Practice of Sociolinguistics*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Edwards, J. 1985. *Language, Society and Identity*. Oxford: Basil Blackwell.

Edwards, J. 2001. The Ecology of Language Revival. *Current Issues in Language Planning*. 2(2&3): 231 – 241.

Fataar, M. 1999. *Education Policy Development in South Africa, 1994-1997*. Cape Town: University of the Western Cape. (Ph.D. Thesis)

Fettes, M. 1997. Language Planning and Education. In Wodak, R. & Corsan, D. (eds). *Encyclopaedia of Language and Education: Language Policy and Political Issues in Education*. Vol.1. London: Kluwer Academic Publishers.

Finlayson, R. & Madiba, M. 2002. The Intellectualisation of the Indigenous Languages of South Africa: Challenges and Prospects. *Current Issues in Language Planning*. 3(1): 40-61.

Florey, M. 2008. Language activism and the new linguistics: Expanding opportunities for documenting endangered languages in Indonesia. In Austin, P.K. (ed.). *Language documentation and Description*, Vol 5. London: SOAS. p 120 – 135.

Freeland, J. & Patrick, D. 2004. *Language Rights and Language Survival*. Manchester: St. Jerome.

Gadellii, K.E. 1999. *Language Planning: Theory and Practice. Evaluation of language planning cases worldwide*. Paris: UNESCO.

García, O en L. Bartlett. 2007. Community Model of Bilingual Education: Educating Latino Newcomers in the USA. *The International Journal of Bilingual Education and Bilingualism*. 10(1): 1 - 25.

Garcia, O. & Baker, C. 1995. *Policy and Practice in Bilingual Education: Extending the Foundations*. Clevedon: Multilingual Matters.

Gloppen, S. 2005. Public Interest Litigation, Social Rights and Social Policy. *Arusha Conference, New Frontiers of Social Policy*. Christian Michelsen Institute: December 12-15, 2005.

Grin, F. 2003. Language Planning and Economics. *Current Issues in Language Planning*. 4(1): 1-66.

Hale, C. 2001. What is Activism Research? *Social Science Research Council*, 2(1 & 2): 13-15.

Hartshorne, K. 1986. *Language Policy in African education in South Africa 1910-1985, with special reference to the issue of medium of instruction*. In Young, D. (ed.) *Bridging the Gap between Theory and Practice in English Second Language Teaching: essays in honour of L.W. Lanham*. Cape Town: Maskew Miller Longman. p 82-106.

Hartshorne, K. 1987. Language Policy in African Education in South Africa 1919-1985, with particular reference to the medium of instruction. In Young, D. (ed.) *Bridging the Gap between Theory and Practice in English Second Language Teaching: essays in honour of L.W. Lanham*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Hartshorne, K.B. 1995. Language policy in African education: A background to the future. In Mesthrie, R. (ed.) *Language and Social History: Studies in South African Linguistics* Cape Town: David Philip. p.306-318.

Hatoss, A. 2006. Community-Level Approaches in Language Planning: The Case of Hungarian in Australia. *Current Issues in Language Planning*. 7(2&3): 287 – 306.

Heidemann, K.A. 2010. *Giving voice to language: Basque language activism and the politics of education reform*. Pittsburg: University of Pittsburg.

Henrard, K.2001. Language rights and minorities in South Africa. *Most Journal on Multicultural Societies*. 3(2). [Online]. Available: www.unesco.org/most/vl3n2henrard.htm [2007, April 19]

Heugh, K. 1995. Disabling and enabling: implications of language policy trends in South Africa. In Mesthrie, R. (ed.) *Language and Social History: Studies in South African Sociolinguistics*. Cape Town: David Philip. p. 329-350

Hisa, H.J. 1988. *Mass communication research methods: a step-by-step approach*. Hilldale: Lawrence Erlbaum Associates.

Hornberger, N. 1998. Language policy, language education, language rights: Indigenous, immigrant, and international perspectives. *Language in Society*. 27: 439-459.

Hornberger, N.H. (ed.) 1996. *Indigenous Literacies in the Americas: Language Planning from the Bottom Up*. Berlin: Mouton.

Hovy, E.H. Two Types of Planning in Language Generation. *Proceedings of 26th ACL Conference*. Buffalo, NY.

Hyslop, J. 1988. State Education and the Social Reproduction of the Urban African Working Class: the case of the Southern Transvaal 1955-1976. In *Journal of Southern African Studies* 14(3): 446-476.

Hyslop, J. 1990. Schools, unemployment and youth: origins and significance of student and youth movements, 1976-1987. In Nasson, B and Samuel, J. (eds.) *Education, from poverty to liberty : report for the Second Carnegie Inquiry into Poverty and Development in Southern Africa*. Cape Town: David Philip.

Ishida, A. et al. 2003. Determinants of Linguistic Human Rights Movement. *Social Forces*. 84(4): 1937-1955, June.

Kamwangamalu, N.M. 2001. The Language Planning Situation in South Africa. *Current Issues in Language Planning*. 2(4): 361-445

Kamwendo, G.H. 2006. No Easy Walk to Linguistic Freedom: A Critique of Language Planning During South Africa's First Decade of Democracy. *Nordic Journal of African Studies* 15(1): 53-70.

Kaplan, R.B. & Baldauf, R.B.. 1997. *Language Planning from practice to theory*. Clevedon: Multilingual Matters.

Kloss, H. 1977. *The American Bilingual Tradition*. Rowley, MA: Newbury House.

Kontra, M., Philipson, R., Skutnabb-Kangas, T. & Várady, T. (eds). 1999. *Language: A right and a resource: Approaching linguistic human rights*. Budapest: Central European University Press.

Koopmans, R & Stratham, P. 1999. Political Claims Analysis: Integrating Protest Event Analysis and Political Discourse Approaches. *Mobilization*, 4(2):203-222.

Kress, G. 1983. Linguistic processes and the mediation of "reality": the politics of newspaper-language. *International Journal of the Sociology of Language*, 40: 43-57.

Krippendorff, K. 1980. *Content analysis: An introduction to its methodology*. Beverley Hills, CA: Sage.

Krippendorff, K. 2004. *Content Analysis: An Introduction to its Methodology*. London: Sage.

Kymlicka, W & Pattern, A. (eds). 2003. *Language Rights and Political Theory*. New York: Oxford University Press.

Lanham, L.W. 1978. An outline history of the languages of Southern Africa. In Lanham, L.W.& Prinsloo, K.P. (eds).*Language and Communication Studies in South Africa: Current Issues and Directions in Research and Inquiry*. Cape Town: Oxford University Press. p. 13-28

Larrivéé, P. 2003. *Linguistic Conflict and Language Laws: Understanding the Quebec Question*. New York: Palgrave Macmillan. p. 1 – 56.

Lasswell, H., Lerner, D., & Pool, I de S. 1952. *The comparative study of symbols: an introduction*. Stanford, CA: Stanford University Press,.

Liddicoat, A.J. 2002. Static and dynamic views of culture and intercultural language acquisition.*Babel* .36(3): 4-11, 37.

Liddicoat, A.J. 2004. ‘Language Planning for Literacy: Issues and Implications’. *Current Issues in Language Planning*. 5(1): 1 – 17.

Liddicoat, A.J. & Bryant, P. 2000. Intellectualisation: A Current Issue in Language Planning. *Current Issues in Language Planning*. 3(1): 1 – 4.

Liddicoat, A.J. & Bryant, P. 2000. Language Planning and Language Ecology: A Current Issue in Language Planning. *Current Issues in Language Planning*. 1(3):303 – 414.

Litteral, R. 2000. *Four Decades of Language Policy in Papua New Guinee: The Move Towards the Vernacular*. [Online]. Available:

<http://radicalpedagogy.icaap.org/content/issue2-2/litteral.html> [2008, Maart 15]

Lubbe, J., Du Plessis, T., Truter, E. & Wiegand, C. 2004. *Final Report on the 1st South African Language Rights Monitor Project, 1 January 2002-31 January 2002*. Compiled for the Pan South African Language Board. Bloemfontein: University of the Free State.

Maartens, J. 1998. Multilingualism and language policy in South Africa. In Guus, E. & Maartens, J (eds). *Multilingualism in a multicultural context: Case studies on South Africa and Western Europe*. Tilburg: Tilburg University Press.

Malherbe, E.G. 1925. *Education in South Africa (1652-1922): a critical survey of the development of Educational Administration in the Cape, Natal, Transvaal and the Orange Free State*. Pretoria: Van Schaik.

Malherbe, E.G. 1977. *Education in South Africa: a critical survey of the development of educational administration in the Cape, Natal, Transvaal and the Orange Free State*. Vol2. Cape Town: Juta.

Martel, A. 1999. Heroes, rebels, communities and states in language rights activism and litigation. In Kontra, M, Philipson, R, Skutnab-Kangas, T, & Varady, T.(eds). *Language: a right and a resource*. Budapest: Central European University Press. p. 47-80.

Martin, D. 1997. Towards a new multilingual language policy in South Africa: Different approaches to meet different needs. *Educational Review*, 49: June.

Masebenza, B.J. 1985. *Some observations on African languages viewed within the context of the total multilingual multicultural situation in South Africa: a challenging spectrum*. Prinsloo. 1985:90-109.

May, S. 2000. Uncommon Languages: The challenges and Possibilities of Minority Language Rights. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*. 21(5): 366-385.

May, S. 2004. Rethinking Linguistic Human Rights. In Freeland, J. &Patrick, D. *Language Rights and Language Survival*. Manchester: St. Jerome Publishing. p 35 – 54.

Mayring, P. 2000. Qualitative content analysis. *Forum: Qualitative Social Research*, 1(2). [Online]. Available: <http://www.qualitative-research.net/index.php/fqs/article/view/1089/2385>. [2008, Maart 15]

Mc Andrew, W.R. 1987. *Determinants and justifications for the use of terrorist violence in separatist situations*. Houston: Rice University.

McConnel, G.D. 1977. Language treatment and language planning in Canada. *Language Planning Newsletter* 3 (3), 1, 3-6; 3(4), 1-6.

Merril, C, Lee, J.&Friedlander, J. 1990. *Modern Mass Media*. New York: Harper Collins.

Mouton, J.&Marais, H.C. 1992. *Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe*. Hersiene uitgawe, derde druk. Pretoria: RGN.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your Master's and doctoral studies*. Pretoria: Van Schaik.

Nel, B.F. 1942. *Naturelle-opvoeding en -onderwys. Deel 1*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

Neuendorf, K.A. 2002. *The content analysis guidebook*. Thousand Oaks, CA.: Sage Publications.

Neustupný, J.V. &Nekvapil, J. 2003. Language Management in the Czech Republic. *Current Issues in Language Planning*. 4(3&4): 181-

- Ngcobo, M.N. 2008. On Account of a Basket: A Socio-Historical and Ethnographic Perspective on the Development of Multilingualism in South Africa. In *Indilinga – African Journal of Indigenous Knowledge Systems*, 7(1).
- Okano, K. 2006. Language in schools in Asia: Globalisation and Local Forces. *Language and Education*. 20(4): 263 – 269.
- Oktar, L. 2001. The ideological representation of representational processes in the representation of *us* and *them*. *Discourse and Society* 12(3): 313-346.
- Ovando, C.J. 2003. Bilingual Education in the United States: Historical Development and Current Issues. *Bilingual Research Journal*, 27:1 Spring.
- Patrick, D. 2004. The Politics of Language Rights in the Eastern Canadian Arctic. In Freeland, J. & Patrick, D. *Language Rights and Language Survival*. Manchester: St. Jerome Publishing. p. 171 – 190.
- Patton, M.Q. 2002. *Qualitative Research and Evaluation Methods*. Thousand Oaks, CA.: Sage.
- Prah, K. 2009. Challenges to the Promotion of Indigenous Languages in South Africa.. In South Africa. Foundation for Human Rights. *Advancing a human rights agenda in South Africa perspectives from civil society*. Braamfontein [South Africa] : Foundation for Human Rights.
- Rajagopalan, K. 2007. John E. Joseph: Language and Politics. *Applied Linguistics* 28(2):330-333

Rice, K. 2009. Must there be two solitudes? Language activists and linguists working together. In: Rehner, J & Lockhard, L. (eds.) *Indigenous language revitalization: Encouragement, guidance and lessons learned*. Flagstaff: Northern Arizona University Press, pp. 37-59.

Riffe, D & Freitag, A. 1997. A content analysis of content analyses: twenty-five years of Journalism Quarterly. *Journalism and Mass Communication Quarterly*, 74:, 873-882.

Ross, J. 2003. Linguistic Rights in New Zealand. In group of authors. *The Linguistic Rights of Minorities*. Diversity – International PEN Meeting vol 10 of 2006. Collection.

Rossouw, D. 1999. 'n Tweetalige onderwysprogram vir Suid-Afrika: werklikheid en ideaal. *Educare* 28 (1&2):. 93 – 107.

Rossouw, D. 1999. Eerstetaalonderrig binne 'n paradigma van toevoegende meertaligheid: 'n kontemporêre vraagstuk met historiese wortels. *South African Journal for Higher Education*. 13(1): 97 – 104.

Rubagumya, C. 2007. A three-tier Citizenship: Can the State in Tanzania guarantee linguistic human rights? Bristol: Edqual Research Consortium.

Schugurensky, D. 2007. *Citizenship duty No. 6, Education in Activism, and Activism in Education*. Conference Educational activism: social justice in classrooms, schools and communities'. OISE, University of Toronto.

Sen, G. 2004. *The Relationship of Research to Activism in the Making of Policy: Lessons from Gender and Development*. UNRISD Conference on Social Knowledge and International Policy Making: Exploring the Linkages.. Geneva. 20-21 April.

Siddiquee, A. 2003. Report on the Linguistic Rights in Bangladesh. In group of authors. *The Linguistic Rights of Minorities*. Diversity – International PEN Meeting vol 10 of 2006. Collection.

Skutnab-Kangas, T.& Philipson, R. (eds).1995. *Linguistic human rights: overcoming linguistic discrimination*. Berlin: Mouton de Gruyter.

South Africa. 1996. *Constitution of the Republic of South Africa, Act No 108 of 1996*. Pretoria: Government Printers. [Laws].

South Africa. Department of Education. 1997. *Language in Education Policy 14 July 1997*. Government Gazette 18546:1700. December 19. (Vol 390)

Spasov, L. 2003. The Macedonian Language and European Integration. In group of authors. *The Linguistic Rights of Minorities*. Diversity – International PEN Meeting vol 10 of 2006. Collection.

Stempel, G.H.&Westley, B.H. (eds.) *Research methods in mass communication*. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall. p. 342-362.

Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal: Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.

Steyn, J.C. 1993. Taalideologie en taalbeleid in die Suid-Afrikaanse geskiedenis-oorwegings in die ampstaaldebat? *Acta Academica Supplementum*. 1993: 1.

Steyn, J.C. 1995. Die taalstryd in die oorgangstyd – gesindhede teenoor Afrikaans 1990-1994. *Stilet Supplement*, 1:1-150.

Stone, P.J. 1966. *The social system of science*. New York: Rinehart.

Strauss, A.L & Corbin, J. 1990. *Basics of qualitative research: Grounded theory procedures and techniques*. Newbury Park, CA: Sage.

Stroud, C. 2001. African mother-tongue programmes and the politics of language: Linguistic citizenship versus linguistic human rights. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*. 22(4): 339-55.

Tollefson, J.W. 1991. *Planning Language, Planning Inequality: Language Policy in the Community*. London: Longman.

Tolstokorova, A. 2006. A gender Approach to Linguistic Discrimination, Global Developments and Post Communist Reality. In Saurer, E., Lanzinger, M. & Frysak, E. (eds). *Women's movements: networks and debates in post-communist countries in the 19th and 20th centuries*. Köln: Böhlau.

Tosh, J. 1991. *The Pursuit of History: Aims, Methods and New Directions in the Study of Modern History*. London: Longman.

Truter, E. 2004. Die ontplooiing van die taalbeleid in die Suid-Afrikaanse onderwys, 1652-1961 in besonder gedurende die Unietydperk. *Acta Academica, Supplementum 2*, : 1- 173

Truter, E., Lubbe, J. & Du Plessis, T. 2005. *South African Language Rights Monitor 2003. Second report on the South African Language Rights Monitor Project, 1 January 2003-31 December 2003*.. Bloemfontein: University of the Free State, Unit for Language Facilitation and Empowerment.

Truter, E.J.J & Lubbe,H.J. 2006. Coverage of language-related topics, and in particular, language rights and language policy issues in the South African printed media. In *Acta Academica Supplementum* (2): 160-178.

Truter, E.J.J. & Lubbe, H.J. 2005. Toepassing van die taalbeleid in Suid-Afrika: 'n ontleding aan die hand van taalregteklagtes van minderheidsgroepe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(2): 245-263

Unterhalter, E. 1991. Changing Strategies in Reformism in Bantoe Education: 1953-1989. In Unterhalter, E.[et al.]. (ed.) *Apartheid Education and Popular Struggles*. Johannesburg: Ravan Press.

Van Coller, H.P & Steyn, J.C 2005. Taal en taalaktiwisme in 'n tyd van transformasie. In *Acta Varia*,Vol(no): pp

Van Morgan, S. 2006. Language Politics and Regional Nationalist Mobilization in Galicia and Wales. *Ethnicities*. [Online].

Available:<http://etn.sagepub.com/cgi/content/abstract/6/4/451> [2008, Maart 15]

Venovska-Antevska, S. 2003. Linguistic Rights in Macedonia. In group of authors. *The Linguistic Rights of Minorities*. Diversity – International PEN Collection.

Verhoef, M. 1998. Funksionele meertaligheid in Suid-Afrika. 'n Onbereikbare ideaal? *Literator*. 19(1): 35-50.

Vinjevold, P.1999.Language issues in South African classrooms. In Vinjevold, P.&Taylor, N. *Getting Learning Right*. Johannesburg:The Joint Education Trust..

Webb, V. 2002. *Language in South Africa: The role of language in national transformation, reconstruction and development*. Amsterdam: John Benjamins.

Williams, C.H. 2003. Language Policy and Planning Issues in Multicultural Societies. In
Yale, L and Gilly, M .1988. Trends in advertising research: a look at the content of
marketing-orientated journals from 1976 to 1985. *Journal of Advertising*, 17(1), 12-22.

Yin, R.K. 1994. *Case study research: design and methods*. London: Sage.

Zabaleta, I., Xamardo, N., Gutierrez, A., Urrutia, S., Fernandez, I. & Ferre, C. 2010.
Between Language Support and Activism: A complementary journalistic function among
European minority-language newspeople. In *Journalism Studies*. 11(2): 190-208.

Zietsman, P.H. 1992. *Die taal is gans die volk. Woelinge en dryfvere in die stryd om die
Afrikaner se taal*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

MEDIAREKORDS

Die Suid-Afrikaan	1994/01/
The Daily News	1994/02/21
Beeld	1994/06/19
Die Burger	1994/06/20
Die Burger	1994/06/20
Die Burger	1994/06/30
Beeld	1994/07/19
Beeld	1994/08/28
Die Burger	1994/09/29
Beeld	1994/09/30
Volksblad	1994/10/05
Woord en Daad	1994/10/31
The Leader	1994/11/04
The Leader	1994/11/04
Rapport	1994/11/06
Die Afrikaner	1994/11/18
Patriot	1994/11/18
Citizen	1994/11/19
Die Volksblad	1994/11/19
Rapport	1994/11/20
Patriot	1994/11/25
Sunday Times	1994/11/27
Die Afrikaner	1994/12/01
Die Burger	1995/01/07
Beeld	1995/01/13
Sunday Times	1995/01/15
Sunday Times	1995/01/16
Die Patriot	1995/01/20
The Citizen	1995/01/26

Beeld	1995/01/27
Rapport	1995/01/29
Die Volksblad	1995/01/31
Volksblad	1995/02/01
Die Volksblad	1995/02/01
Die Patriot	1995/02/02
Beeld	1995/02/12
Die Volksblad	1995/02/17
The Citizen	1995/02/19
The Cape Times	1995/02/20
The Cape Times	1995/02/24
Die Patriot	1995/03/02
Die Volksblad	1995/03/04
Die Volksblad	1995/03/14
Die Burger	1995/05/11
Volksblad	1995/05/23
Beeld	1995/05/25
Beeld	1995/06/01
Patriot	1995/06/13
Die Burger	1995/06/16
Die Volksblad	1995/06/17
Die Burger	1995/06/18
Rapport	1995/06/18
Die Burger	1995/07/05
Rapport	1995/09/03
Die Patriot	1995/09/22
The Daily News	1995/10/10
Beeld	1995/10/24
Beeld	1995/10/26
Beeld	1995/10/27
The Natal Witness	1995/10/30

Die Afrikaner	1995/11/17
Afrikaner	1995/11/18
Beeld	1995/11/22
The Natal Witness	1996/01/08
Beeld	1996/01/08
Die Volksblad	1996/01/13
Rapport	1996/01/14
Soweton	1996/01/15
Beeld	1996/01/22
Die Volksblad	1996/01/24
Die Volksblad	1996/01/25
Rapport	1996/02/01
Beeld	1996/02/01
Die Volksblad	1996/02/01
Die Volksblad	1996/02/05
Die Burger	1996/02/28
City Press	1996/03/03
Beeld	1996/03/08
Beeld	1996/03/18
Die Burger	1996/03/21
Die Volksblad	1996/03/22
Die Volksblad	1996/03/23
Die Volksblad	1996/03/23
The Daily News	1996/03/25
Cape Times	1996/03/28
Beeld	1996/03/28
Weekend Argus	1996/03/30
The Citizen	1996/04/03
Die Burger	1996/04/10
Mail & Guardian	1996/04/11
Rapport	1996/04/14

Volksblad	1996/05/01
Mail & Guardian	1996/05/09
Die Patriot	1996/05/10
Die Burger	1996/05/11
Afrikaner	1996/05/18
The Star	1996/06/13
Sunday Tribune	1996/06/23
The Reader	1996/07/12
Die Volksblad	1996/08/12
The New Nation	1996/09/08
Afrikaner	1996/09/27
Volksblad	1997/01/03
Beeld	1997/01/14
Die Volksblad	1997/01/15
The Citizen	1997/01/16
Beeld	1997/01/17
Beeld	1997/01/20
Afrikaner	1997/01/24
Rapport	1997/01/26
Beeld	1997/02/04
Diverse Publikasies	1997/03/
Beeld	1997/03/10
Rapport	1997/05/04
Vrydag	1997/05/23
Die Burger	1997/07/05
Rapport	1997/07/08
Die Burger	1997/07/16
Die Volksblad	1997/07/16
Eastern Province Herald	1997/08/01
Rapport	1997/09/14
Financial Mail	1997/11/07

The Natal Witness	1997/11/12
Beeld	1997/12/01
Beeld	1998/01/15
Rapport	1998/01/18
Beeld	1998/01/19
The Citizen	1998/01/21
Sunday Times	1998/01/25
Beeld	1998/01/26
Rapport	1998/02/01
Rapport	1998/02/08
Rapport	1998/02/22
Beeld	1998/02/23
Rapport	1998/03/01
Die Burger	1998/03/04
Rapport	1998/03/22
Rapport	1998/04/05
Die Burger	1998/05/20
Rapport	1998/05/24
Rapport	1998/05/31
Rapport	1998/05/31
Volksblad	1998/06/13
The Independent on Saturday	1998/10/31
The Daily News	1998/11/13
Die Burger	1999/01/08
City Press	1999/02/07
Rapport	1999/03/07
Beeld	1999/03/29
Diverse Publikasies	1999/05
Die Volksblad	1999/06/21
City Press	1999/09/12
Die Burger	1999/09/21

Diverse Publikasies	1999/10
Die Burger	2000/05/19
Die Burger	2000/06/01
Die Burger	2000/06/05
Beeld	2000/06/22
Beeld	2000/11/21
Star	2001/03/08
Beeld	2001/03/16
Pretoria News	2001/04/02
Beeld	2001/05/05
Beeld	2001/05/14
Beeld	2001/05/16
Die Burger	2001/05/25
Die Burger	2001/06/18
Die Burger	2001/06/27
IMPAK	2001/06/30
Die Burger	2001/09/07
Weekly Mail and Guardian	2001/09/20
IMPAK	2001/10/05
Beeld	2001/10/24
Rapport	2001/10/28
Volksblad	2001/12/04
Rapport	2001/12/23
City Press	2002/01/20
Die Burger	2002/01/31
Rapport	2002/02/17
Volksblad	2002/03/02
City Press	2002/03/03
City Press	2002/03/17
Rapport	2002/03/24
Die Burger	2002/06/07

Die Burger	2002/07/04
Die Burger	2002/07/12
Die Burger	2002/07/22
Rapport	2002/08/04
Die Burger	2002/08/07
City Press	2002/09/29
Rapport	2002/11/10
Die Burger	2002/12/06
Beeld	2003/01/21
Beeld	2003/01/23
Rapport	2003/02/09
Burger	2003/02/25
Frontnuus	2003/02/28
Natal Witness	2003/03/21
Natal Witness	2003/04/25
Die Burger	2003/06/02
City Press	2003/06/08
Die Burger	2003/06/10
Beeld	2003/06/21
Beeld	2003/06/26
Sunday Tribune	2003/07/20
Star	2003/07/24
Citizen	2003/07/24
The Star	2003/07/24
The Citizen	2003/07/24
Citizen	2003/07/24
Sunday Tribune	2003/07/27
Beeld	2003/09/02
Natal Witness	2003/09/12
Saturday Star	2003/11/08
Burger	2003/11/27

Citizen	2003/12/03
Pretoria News	2003/12/03
Pretoria News	2003/12/05
Rapport	2003/12/07
Beeld	2003/12/08
Volksblad	2003/12/09
Afrikaner	2003/12/11
Burger	2004/01/27
Beeld	2004/02/23
Daily News	2004/03/01
Rapport	2004/03/21
Rapport	2004/03/28
Sunday Times	2004/04/25
Weekly Mail and Guardian	2004/04/29
Mail and Guardian	2004/04/29
Frontnuus	2004/04/30
Cape Times	2004/05/06
Beeld	2004/05/11
Daily Dispatch	2004/05/13
Rapport	2004/05/16
Beeld	2004/05/29
City Press	2004/05/30
Beeld	2004/06/11
Die Burger	2004/06/19
Die Burger	2004/06/28
Beeld	2004/06/29
This Day	2004/07/02
Die Burger	2004/07/12
Business Day	2004/09/03
Beeld	2004/10/04
Beeld	2004/10/06

Die Burger	2004/10/23
Volksblad	2004/12/16
Beeld	2005/02/09
Volksblad	2005/02/10
Burger	2005/02/10
Rapport	2005/02/13
Beeld	2005/02/17
Rapport	2005/02/20
Rapport	2005/02/27
Natal Witness	2005/03/01
Volksblad	2005/03/02
Rapport	2005/03/06
Daily Dispatch	2005/03/08
The Herald	2005/03/11
Rapport	2005/03/27
Beeld	2005/04/05
Beeld	2005/05/05
Saturday Star	2005/05/07
Rapport	2005/05/15
Beeld	2005/05/17
Cape Times	2005/06/07
Pretoria News	2005/06/08
Die Burger	2005/06/12
Beeld	2005/07/15
Daily Dispatch	2005/10/04
Cape Argus	2005/10/13
Daily News	2005/10/20
Diamond Fields Advertiser	2005/11/04
Rapport	2005/11/06
Die Burger	2005/11/12
Beeld	2005/11/28

Business Day

2005/11/28

Insig

2005/11/30

OPSOMMING

Op 8 Mei 1996 het die Grondwetlike Vergadering van die Republiek van Suid-Afrika 'n nuwe demokratiese grondwet aanvaar. Die Grondwet maak voorsiening vir 'n redelike aantal klousules betreffende taalkwessies. Dit maak onder meer voorsiening vir elf amptelike tale wat die veeltalige en multikulturele aard van ons samelewing weerspieël. Die Nasionale Regering maak sy standpunt oor taal in die onderwys in die 1996 Suid-Afrikaanse Handves van Menseregte duidelik. Hieruit blyk dit duidelik dat die Departement van Onderwys die ontwikkeling van veeltaligheid binne die raamwerk van toevoegende tweetalige onderwys beklemtoon. Skole word byvoorbeeld sterk aanbeveel om ten minste twee tale van onderrig vanaf Graad 1 aan te bied, waarvan een van die twee tale die huistaal van die leerder moet wees.

Hierdie positiewe doelwitte ten spyte, blyk dit dat die teenoorgestelde in die praktyk gebeur. Al meer klagtes kom na vore, veral uit die geledere van die minderheidstale (Afrikaans en die Afrikatale) dat hul tale, as tale van onderrig, gemarginaliseer word. 'n Positiewe ontwikkeling is egter die steun vir moedertaalonderrig, veral ook uit gemeenskappe wat tradisioneel gesien was as sou hulle ten gunste van Engelsonderrig wees. Hierdie herwaardering van die rol van die moedertaal in onderrig kan toegeskryf word aan bepaalde taalaktivistiese inisiatiewe wat sedert 1994 van stapel gestuur is.

Hierdie studie ondersoek die rol wat taalaktiwisme by die terugkeer na moedertaalonderrig in Suid-Afrika na die vestiging van 'n demokratiese taalbestel in die land speel. Die siening dat gemeenskappe apaties staan teenoor taalregtekwessies in die onderwys wat deur politieke en ander drukgroepe teweeggebring word wat die *status quo* ten opsigte van die bevordering van Engels as onderrigmedium ten koste van die minderheidstale wil bevorder, is ondersoek. Dit is gedoen deur te bepaal: (a) hoe wydverspreid die verskynsel van taalaktiwisme in Suid-Afrika voorkom, (b) die vorme (indien enige) waarin taalaktiwisme onder die verskillende taalgemeenskappe figureer, (c) of daar inderdaad 'n herwaardering van moedertaalonderrig is, en (d) watter rol (indien enige) taalaktiwisme by die herwaardering van moedertaalonderrig speel. Hoofstuk 2

bied 'n uiteensetting van die teoretiese agtergrond waarteen die studie onderneem is. Dit bied 'n literatuuroorsig oor taalaktiwisme as verskynsel (en die rol daarvan binne die taalbeplanningsveld) en hoe dit in moedertaalstryde in die wêreld manifesteer, veral met betrekking tot die onderwys. Verskeie definisies van taalbeplanning as insluitende proses, en dus nie slegs as 'n aksie van bo-na-benede nie, is ondersoek. Die rol wat gemeenskappe in die beïnvloeding van taalbeleid speel, word aan die hand van verskeie definisies wat in die literatuur rakende taalregte-aktiwisme bestaan, ondersoek. Die aanwending van die instrumente van taalaktiwisme, soos ontwikkel deur Martel en later Lubbe en Du Plessis, word in hierdie situasies ondersoek. Aan die einde van die hoofstuk word tot die slotsom gekom dat wisselwerking tussen regerings- en gemeenskapsorganisasies 'n uiters belangrike rol in die behoud en ontwikkeling van die kulturele en linguïstiese erfenis van enige gemeenskap kan speel.

Hoofstuk 3 bied 'n oorsig van die kwalitatiewe navorsingsontwerp en -metodologie wat in die studie gevolg is. Vir die doel van hierdie ondersoek word 'n literatuur-, dokumente- en empiriese studie, wat die ontleding van mediaknipsels behels, uitgevoer. Dit verskaf 'n uiteensetting van die metodes wat gevolg is om inligting uit die literatuur (beide nasionaal en internasionaal), tersaaklike dokumente en mediarekords wat vir die doeleindes van die studie geselekteer is, te verkry. Dit gee ook 'n uiteensetting van die strategieë wat gevolg is ten einde geldigheid en betroubaarheid te verseker. Die studie word gedoen aan die hand van die tipologie van die instrumente van taalaktiwisme wat deur Martel (1999) bekendgestel en deur Lubbe *et al.* (2004) asook Du Plessis (2006) verder ontwikkel is. Die tipologie onderskei tussen die hoofinstrumente van taalaktiwisme wat deur taalaktiviste aangewend word en gee ook 'n waardering van watter instrumente meer sukses kan behaal. Die analise is aan die hand van die definisies van taalaktiwisme en die sosiale bewegingsteorie soos in Hoofstuk 2 behandel, gedoen.

Hoofstuk 4 bied 'n historiese agtergrond tot taalbeplanning en taalbeleidsontwikkeling in Suid-Afrika. Die hoofstuk belig die hoofmomente binne die politieke konteks van taalbeleidsontwikkeling. Hier word gepoog om, deur die studie van die tersaaklike literatuur, die rol van taalaktiwisme in Suid-Afrika aan te toon. Studies wat oor

taalaktiwisme en moedertaalonderrig handel, sowel as amptelike dokumente rakende taal in die onderwys word hier gebruik. Die tydperk 1652 (die begin van die Koloniale tydperk) tot na 1994 (die demokratiseringstydperk) word hier gedek.

In Hoofstuk 5 word die bevindinge wat na aanleiding van die media-analise vir die tydperk 1994 tot 2005 gemaak word, behandel. Daarna volg 'n kritiese analise en interpretasie van die bevindinge ten einde vas te stel watter rol taalaktiwisme by die herwaardering van moedertaalonderrig in Suid-Afrika gespeel het. Daar word tot die slotsom gekom dat taalaktiwisme wel binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap plaasgevind het. Ook dat die twee hooftradisies van taalaktiwisme steeds figureer, maar dat daar tekens is dat beide kante van die spektrum wel bereid is om inklusief saam te werk tot 'n groter demokratiese onderwysbestel.

In die laaste hoofstuk word 'n opsomming aangebied van die bevindinge in die verskillende hoofstukke. 'n Sintese van die bevindinge word aangebied na gelang van die probleemvrae soos in Hoofstuk 3 uiteengesit. Gevolgtrekkings word gemaak, gebaseer op die bevindinge, en aanbevelings word dan gemaak rakende ondersoek na verdere probleemareas en moontlike oplossings.

Sleutelwoorde

Demokratiese onderwysbestel, moedertaalonderrig, negatiewe taalbeplanning, positiewe taalbeplanning, taalaktiwisme, taalbeleid, taaldemokrasie, taal-in-onderwys, taalregte, taalregte-aktiwisme

SUMMARY

The Constitutional Assembly accepted a new democratic constitution for the Republic of South Africa on 8 May 1996. The Constitution makes provision for a fair amount of clauses regarding language issues. Among other it makes provision for eleven official languages that reflect the multicultural nature of our society. The National Government presents their position on language in education in the 1996 South African Bill of Rights. It seems clear that the Department of Education emphasises the development of multilingualism within the framework of additive bilingual education. Schools are strongly recommended to offer at least two languages of instruction as from Grade 1, one of which should be the home language of the learner.

Aside from these positive goals, the opposite seems to happen in practice. Even more complaints arise, especially from the ranks of minority languages (Afrikaans and African languages) that their languages are marginalised as languages of instruction. A positive development is that more voices are heard in support of language teaching, especially in communities that have traditionally been seen as being in favour of English teaching. This re-evaluation of the role of mother tongue teaching could be contributed to certain language activist initiatives since 1994.

This study investigates the role of language activism in the movement back to mother tongue education in South Africa after the establishment of a democratic language dispensation in the country. The perception is investigated that communities are apathetic towards language rights issues in education brought about by political and other pressure groups that want to retain the *status quo* regarding the promotion of English as medium of instruction at the expense of minority languages. This is done by determining: (a) how widespread the phenomenon of language activism in South Africa occurs, (b) the forms (if any) of language activism among the different language communities, (c) whether there is indeed a re-evaluation of mother tongue teaching and (d) what role (if any) language activism plays in the restoration of mother tongue education.

Chapter 2 provides an outline of the theoretical background of the study. It provides an overview of the literature on language activism as phenomenon (and its role within the field of language planning) and how it manifests in mother tongue struggles around the world, especially with regard to education. Various definitions of language planning as an inclusive process, and not only as a top-down action, are investigated. The role that communities play in influencing language policy is investigated on the basis of various definitions in the literature regarding language rights activism. Employing the tools of language activism, as developed by Martel and later Lubbe and Du Plessis are investigated. At the end of the chapter the conclusion is reached that interaction between governments and community organisations plays a vital role in preserving and developing the cultural and linguistic heritage of any community.

Chapter 3 provides an overview of the qualitative research design and methodology used in the study. For the purposes of this study a literature, documents and empirical study was done which involved analysing the press clippings. This provides an outline of the methods followed to obtain information from the literature (both nationally and internationally), relevant documents and media records selected for the purpose of the study. It also outlines the strategies followed in order to ensure the validity and reliability. The study is done on the basis of the typology of the instruments of language activism introduced by Martel (1999) and further developed by Lubbe *et al.* (2004) and Du Plessis (2006). The typology distinguishes between the main instruments of language activism used by language activists and presents an appreciation of which tools would be more successful. The analysis was done on the basis of the definitions of language activism and the social movement theory as discussed in Chapter 2.

Chapter 4 provides an historical background to language planning and language policy development in South Africa. The chapter highlights the main moments within the political context of language policy development. An attempt is made to present the role of language activism in South Africa by studying the relevant literature. Studies on language activism and mother tongue education as well as official documents on

language in education are used. The period 1652 (the beginning of the Colonial period) until 1994 (the democratisation period) is covered.

In Chapter 5 the findings regarding the media analysis for the period 1994 to 2005 are discussed. This is followed by a critical analysis and interpretation of the findings in order to determine the role language activism played in the re-evaluation of mother tongue education in South Africa. The conclusion is reached that language activism did take place within the South African community. Also that the two main traditions of language activism still figure, but there are signs from both sides of the spectrum that there is a willingness to cooperate inclusively to a greater democratic education system.

In the last chapter a summary is presented of the findings in the various chapters. A synthesis of the findings is presented with regard to the problem statements outlined in Chapter 3. Conclusions are made based on the findings and recommendations are then made regarding further investigations into problem areas and possible solutions.

Keywords

Democratic education dispensation, language activism, language democracy, language in education, language policy, language rights activism, language rights, mother tongue education, negative language planning, positive language planning